

**DIE ROL VAN DIE VERLIGTES IN DIE NASIONALE PARTY IN
DIE POLITIEKE ONTMAGTING VAN DIE
AFRIKANER, 1966-1994**

deur

ANNIE HELENA VAN WYK

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER HEREDITATIS CULTURAEQUE SCIENTIAE:

GEDOSEERD (GESKIEDENIS)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

2005

Leier: Mev. K. Sevenhuysen

Medeleier: Dr. J.E.H. Grobler

DANKBETUIGING

Ek gee alle eer en erkentlikheid aan God alleen wat dit moontlik gemaak het vir my om die studie suksesvol te kon voltooi.

Die miniverhandeling word opgedra aan my man, André, my twee seuns, André en Stefan en ook my ouers, Robert en Annie Steenkamp. Dankie vir julle liefde en ondersteuning. 'n Spesiale woord van dank aan my seun, Stefan wat met groot geduld my met rekenaarprobleme bygestaan het.

'n Spesiale woord van dank aan my studieleier Karina Sevenhuysen wat my deurentyd aangemoedig het. Ek het besondere waardering vir die bekwame en insiggewende wyse waarop sy leiding gebied het. 'n Woord van dank aan my mede-studieleier Jackie Grobler vir sy insiggewende bydra tot die studie. Aan die volgende persone: die personeel by SA-media en die Argief vir Eietydse Aangeleenthede by die Universiteit van die Vrystaat en ook Hamilton Phidi van die Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria, 'n woord van dank met die vriendelike hulp om bronnemateriaal te kon bekom.

INHOUD

BLADSY

INLEIDING	
...1	
I DIE VORSTER-ERA, 1966-1978: TOENEMENDE INVLOED VAN DIE VERLIGTE AFRIKANERS BINNE DIE NASIONALE PARTY	
30	
1 Inleiding	
. 30	
2 Die eerste skote in die verlig-verkrampstryd, 1966-1969 en Vorster se reaksie op Afrikanerverdeeldheid	
. 31	
3 Die aard en samestelling van die verligtes in die Nasionale Party sedert 1970	36
4 Politieke, ekonomiese en veiligheidsomstandighede wat tot versterking van die verligtes se oortuiging lei en hulle invloed verstewig	38
5 Slot	
.. .53	
II DIE P.W. BOTHA-ERA, 1978-1989: VAN AANVANKLIKE VERLIGTE AKKOMMODASIE TOT VERLIGTE FRUSTRASIE	
58	
1 Inleiding	58

2	Die Botha-regering bevorder aanvanklik verligte politiek, 1978-1984	59
3	Groeiende verdeeldheid in verligte NP-geledere, 1984-1986	72
4	Die opkoms van die “nuwe nattes” vergroot die breuk tussen P.W. Botha en die verligtes, 1986-1989	80
5	Slot	97
III	DIE F.W. DE KLERK-ERA, 1989-1994: DIE VERLIGTES SEËL DIE LOT VAN AFRIKANER POLITIEKE HEERSKAPPY.	100
1	Inleiding	100
2	De Klerk bedryf pragmatiese politiek en steek die grens na verligte politieke denke oor	101
3	Die verligtes se rol in die verskillende onderhandelingsfases	107
4	Die verligtes se sukses en mislukkings met die ooreengekome oorgangsgrondwet	130
5	Sekurokrate ondermyn die onderhandelingsposisie van die NP	132
6	Slot	133
	SAMEVATTING	137
	BYLAES	142
	BRONNE	145

OPSOMMING 156

SUMMARY
158

AFKORTINGS

AB	Afrikaner Broederbond
AHI	Afrikaanse Handelsinstituut
ANC	African National Congress
AWB	Afrikaner-Weerstandsbeweging
AZAPO	Azanian People's Organisation
BCM	Black Consciousness Movement
BPC	Black People's Convention
BSB	Burgerlike Samewerkingsburo
Cosag	Groep van Besorgde Suid-Afrikaners
COSATU	Congress of South African Trade Unions
DP	Demokratiese Party
EPG	Commonwealth Eminent Persons Group
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings
FNLA	National Front for the Liberation of Angola
Frelimo	Marxistiese Mozambique Liberation Front
GBS	Gesamentlike Bestuursentrums
HNP	Herstigte Nasionale Party
IDASA	Instituut vir Demokratiese Alternatiewe vir Suid-Afrika
IVP	Inkatha-Vryheidsparty

Kodesa	Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika
KP	Konserwatiewe Party
MPLA	Popular Movement for the Liberation of Angola
NECC	National Education Crisis Committee
NID	Nasionale Intelligensie Diens
NRP	Nuwe Republikeinse Party
NP	Nasionale Party
NSR	Nasionale Statutêre Raad
NUK	Nasionale Uitvoerende Komitee
NVBS	Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel
OAE	Organisasie van Afrika-Eenheid
PAC	Pan Africanist Congress
PFP	Progressiewe Federale Party
SAKP	Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party
SAP	Suid-Afrikaanse Polisie
SAW	Suid-Afrikaanse Weermag
SABRA	Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede
SADCC	South African Development Co-ordinating Council
SASM	South African Students Movement
SASO	South African Student's Organisation
SBB	Swart Bewussynsbeweging
SKK	Spesiale Kabinetskomitee
SVR	Staatveiligheidsraad
Swapo	South West African People's Organization
Renamo	Resistencia Nacional de Moçambiek
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
RNE	Regering van Nasionale Eenheid
UDF	United Democratic Front
Unita	National Union for the Total Independence of Angola
USSR	Unie van die Sosialistiese Sowjet-Republieke
VKR	Verteenwoordigende Kleurlingraad
VN	Verenigde Nasies
VP	Verenigde Party
VF	Vryheidsfront

VSA Verenigde State van Amerika
WVK Waarheid-en-Versoeningskommissie

BYLAES

Bladsy

BYLAE I:	Diagrammatiese voorstelling van die driekamerparlement, 1984	142
BYLAE II:	Buthelezi se streeksvoorstel vir KwaZulu-Natal, 1986	143
BYLAE III:	Funksionering van Kodesa en sy werkgroepe	144

INLEIDING

...Nelson Mandela and F.W. de Klerk, black victor, white subordinate, their roles reversed.....¹

Met dié woorde het Patti Waldmeir, van die Londense *Financial Times*, tydens die inhuldiging van Nelson Mandela as eerste swart president van 'n demokratiese Suid-Afrika op 10 Mei 1994, die politieke posisie van die Afrikaners opgesom.

Patty Waldmeir stel die vraag *Why did the Afrikaners hand over power?*² Hierdie stap was hoofsaaklik die gevolg van 'n reeks gebeurtenisse, wat oor vyf en veertig jaar heen gestrek het, waartydens sommige Afrikaners binne die Nasionale Party (NP) se denke verander het. In 1949, 'n jaar na die bewindsaanvaarding van die NP, het daar reeds 'n ongemaklikheid, twyfel en kritiek oor die moraliteit van apartheid in die geledere van die sogenaamde andersdenkende Afrikaners in die Party begin posvat. Dié andersdenkende Afrikaners was die voorlopers van die verligte Afrikaners wat in 1966 in die NP na vore getree het. Die verligtes het op hulle beurt die weg vir hervorming gebaan wat in 1994 tot die ontstaan van 'n demokratiese Suid-Afrika gelei het. Binne die nuwe politieke bestel het die Afrikaners deel van 'n demokratiese bedeling sonder politieke mag geword.

1 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 2.

2 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 2.

Dit is belangrik om enkele terminologie te verduidelik soos wat dit binne die konteks en omvang van hierdie studie verstaan en toegepas gaan word. Die term *Afrikaners* was sedert die middel van die twintigste eeu vir blanke Afrikaanssprekendes gereserveer en het op daardie stadium 'n eksklusiewe beeld gehad. Die term *Afrikaners* het gaandeweg sy eksklusiewe beeld verloor met die uitnodiging aan Engelssprekendes en ook gekleurde Afrikaanssprekendes tot Afrikanergeleedere en die term het sedert die tagtigerjare van die twintigste eeu rasinklusief geword.³ Vir die doel van dié studie gaan die term *Afrikaners* oorwegend verwys na blanke Afrikaanssprekendes, maar ook na ander taalgroepe en kultuurgemeenskappe wat hulle met die blanke Afrikaanssprekendes se politieke doel van blanke oppergesag vereenselwig het.

Die term *andersdenkendes* dui in die studie op die Afrikaners wat apartheid binne die NP ondersteun het, maar 'n ander sienswyse as dié van die NP-regering oor die uitvoering daarvan gehuldig het.

Met die term *verligtes* word die groep Afrikaners wat voorstanders van stadige en versigtige veranderinge van apartheid binne die raamwerk van blanke heerskappy was, bedoel. Die term *verligtes* het in die laat tagtigerjare en vroeë negentigerjare van die twintigste eeu 'n betekenisverandering ondergaan en dit het sedertdien op diegene wat snelle verandering van partybeleid voorgestaan het, gedui.

Vir die doel van die studie gaan daar na die onderskeie rasse-groepe in Suid-Afrika verwys word as *blankes*, *swartes*, *kleurlinge* en *Indiërs*. Die term *blankes* sluit die Afrikaans- sowel as die Engelssprekendes in. Die term *swart* of *swartes* word deurgaans in die studie gebruik om die Bantoesprekende gemeenskappe in Suid-Afrika aan te dui. Indien die term *Bantoe* of *Naturelle* in wetgewing voorgekom het, is daar by die oorspronklike terminologie gehou ten einde die tydsgees weer te gee en dit histories binne die bepaalde regeringsbeleidkonteks te plaas.

Teen 1949 het die andersdenkende Afrikaners in die NP meestal uit intellektueles bestaan, waarvan die Stellenbosche intellektueles die kern gevorm het.⁴

Beide die joernaliste Piet Cillié, redakteur van *Die Burger* (1954-1977) en Schalk Willem Pienaar,

3 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. xix.

4 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 497.

redakteur van *Rapport* (1965-1970) en *Beeld* (1974), het 'n belangrike rol in die vorming van verligte politieke denke van die andersdenkende Afrikaners in die NP gespeel. Hermann Giliomee, bekende historikus, politieke wetenskaplike en openbare kommentator het Cillie tesame met dr. H.F. Verwoerd (Eerste Minister, 1958-1966) as van die invloedrykste denkers in die Afrikaner nasionalistiese beweging gedurende die tydperk 1948 tot 1976 beskou. Hoewel Cillie en Pienaar deurgaans lojaal teenoor die NP was, het hulle deurentyd die Afrikaners in die NP tot selfondersoek gemaak oor die NP se behandeling van die swart meerderheid in die uitvoering van die apartheidsbeleid. Hulle het ook Afrikaners tot aanpassing in 'n moderne en veranderde wêreld, waarin die ou koloniale ryke besig was om ineen te stort, gemaak, indien hulle in Afrika wou oorleef. Hiermee het hulle na die opkoms van Afrikanasionalisme en dekolonisasie in die res van Afrika, wat na die Tweede Wêreldoorlog voorgekom het, verwys. Pienaar het na sy besoek in 1949 aan Afrika, waar hy swart nasionalisme van naderby ervaar het, gewaarsku dat dit spoedig na Suid-Afrika kon uitbrei.⁵

Die andersdenkende en ook later die verligte Afrikaners het gepoog om die apartheidstelsel van binne te hervorm deur lidmaatskap binne die NP te behou. Ondanks die NP se foute en tekortkominge het hulle geglo dat dit die enigste regering was wat die land na 'n beter politieke bedeling kon lei. Hierdie kerngroep Afrikaners het Afrikanernasionalisme deurgaans gekoester en gepropageer.⁶

Die ontstaan en ontwikkeling van Afrikanernasionalisme het oor drie eeue heen gestrek. Dit was die gevolg van die Afrikaners se stryd om voortbestaan en oorlewing en dit het op sy beurt die begeerte na selfhandhawing, selfbeveiliging en selfbeskikking gestimuleer. Die stryd om voortbestaan en oorlewing was in die eerste plek gemik teen Britse imperialisme en oorheersing wat gedurende die begin van die twintigste eeu afgeneem het. Tweedens was die stryd gemik teen die toenemende swart getalle-oormag in dorpe en stede. Oorsake vir swart verstedeliking was onder meer die ontdekking van diamante (1867) en goud (1886), asook die snelle ekonomiese groei in stede na die Tweede Wêreldoorlog. Waar die politieke brandpunt in Suid-Afrika eers tussen die blankes, d.w.s tussen Boer en Brit gewoed het, het dit sedert die begin van die twintigste eeu hoofsaaklik om kleur en ras of tussen swartes en blankes begin draai.⁷

5 F.A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, pp. 149 & 152 & 176; S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p. 35.

6 A. van Niekerk, Afrikanerskap: ten slotte, of opnuut? Nabetraging van Andre du Toit se "Die sondes van die vaders", *South African Journal of Philosophy* 4(19), 2000, <http://web12.epnet.com/citation.asp>, s.a. Access: 2002-08-12, p. 2.

7 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 11; F.A. van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid*, p. 2; H. Kennedy, *Power, pride and prejudice*, p. 23.

Vir die Afrikanernasionaliste was lojaliteit aan die Afrikanervolk of -kultuurgemeenskap⁸ sentraal en hulle het volkseenheid en volksverbondenheid as voorvereiste gestel vir die uitsluitlike doel om Afrikanerbelange te bevorder. Hulle was oortuig dat elke individu sy potensiaal die beste deur identifisering met, en diens aan, 'n spesifieke volk kon verwesenlik. Die nasionaliste het dit as hulle historiese reg beskou om Suid-Afrika as volksbesit op te eis. Vir hulle was soewereiniteit van uiterste belang om die voortbestaan en oorlewing van die Afrikanervolk in die land te verseker om sodoende die vrees vir verswelging, assimilasië, integrasie en oorheersing deur die “swart gevaar” hok te slaan.⁹

Met die bewindsoorname van die NP in 1948 het die Afrikaners die alleenheersers van die land geword en het hulle nasionalistiese politieke ideologie uitgekristalliseer in die beleid van apartheid as die enigste waarborg vir rassevrede. Apartheid was nie 'n doel op sigself nie, maar eerder 'n metode om die Suid-Afrikaanse politiek op so 'n wyse te struktureer dat dit Afrikanerhegemonie sou bedek en verskans. Apartheid was dus die instrument om Afrikanernasionalisme te bevorder en te verwesenlik. Daarom het die samelewing vir die Afrikanernasionaliste nie uit individue of rasse bestaan nie, maar eerder uit lede van etniese groepe, wie se hoogste trou by die betrokke groep gelê het. Die Afrikaners was van oortuiging dat hulle nie sonder die bevoorregte posisie van oorheerser as aparte volk kon oorleef nie en daarom kon hulle nie hulle bevoorregte posisie behou sonder om die verskillende rasse apart te beveilig nie. Die apartheidbeleid het in wese op die aparte ontwikkeling van swartes en blankes neergekom. Dit het aan elke rassegroep die geleentheid gebied om in hulle eie gebiede as selfversorgende volkseenhede onder voogdskap en heerskappy van die Afrikaners te ontwikkel.¹⁰

Die andersdenkende Afrikaners het die aanvanklike implementering van apartheid as NP-beleid entoesiasies aanvaar en teen kritiek verdedig. Heelparty van die intellektuele andersdenkendes, tesame met *Die Burger* en die Kaapse NP, was ten nouste betrokke by die vorming en samestelling van die apartheidbeleid. Hulle het kritiek wat apartheid as 'n rassistiese oortuiging of ouderwetse godsdienstige dogma beskryf het, verwerp. Vir hulle was die uitsluitlike doel om die heerskappy van Afrikaners as

8 Alhoewel die term “volk” tans eerder deur “groep” of “gemeenskap” aangedui word, word dit binne die konteks van die onderwerp en tydperk noodsaaklik geag om wel die term “volk” te gebruik. Die term “volk” kan omskryf word as 'n kultuurgemeenskap wat op 'n groep mense dui wat sekere kultuurkenmerke gemeenskaplik besit, soos dieselfde waardes, belange, taal, grondgebied, gewoontes, godsdiens, voorliefdes, griewe, vyande, geskiedenis, en geskiedenis- of politieke beskouing. Hulle dien ook gewoonlik in dieselfde instellings en organisasies.

9 H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, p. 77; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 8 & 9 & 11; D.J. Kotzé, *Positiewe nasionalisme*, pp. 7-10.

10 H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, pp. 41-44; H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, p. 89; H. Giliomee, *The growth of Afrikaner identity*, in H. Adam & H. Giliomee, *The rise and crisis of Afrikaner power*, p. 117.

minderheidsgroep te beveilig en was ras as sodanig nie die belangrikste oorweging nie. Die andersdenkendes het apartheid verdedig, nie as 'n uitdrukking van blanke heerskappy nie, maar vanuit politieke oortuiging dat dit 'n oplossing kon bied om konflik te verminder deurdat dit interrassige kontak sou laat afneem.¹¹

Die groep andersdenkende Afrikaners het mettertyd toenemend binne die NP krities begin word oor die onderdrukkende en negatiewe aspekte van apartheidswetgewing wat tot stand gekom het onder die NP-beleid van “voogdyskap” en “baasskap”, onderskeidelik onder premierskap van D.F. Malan (1948-1954) en J.G. Strijdom (1954-1958). Die andersdenkende Afrikaners het politieke integrasie met die swart meerderheid afgekeur. Dit sou volgens hulle die vernietiging van die blanke minderheidsgroep beteken. Tog is hulle geraak deur die gevolge van die praktiese toepassing van apartheidswette wat die gedwonge skeiding van swart, kleurling- en Indiërgemeenskappe op etniese en kulturele gebied tot gevolg gehad het. Die andersdenkendes is geraak deur die emosionele pyn en vernedering wat deur die apartheidswette op sosiale vlak veroorsaak is. Die wetgewing wat hier ter sprake is, het onder meer die volgende ingesluit: die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike* (Wet no. 55 van 1949) en die *Ontugwysigingswet* (Wet no. 21 van 1950) wat huwelike en seksuele omgang oor die kleurskeidslyn verbied het; die *Bevolkingsregistrasiewet* (Wet no. 30 van 1950) wat die Suid-Afrikaanse bevolking in vier rasse-groepe verdeel het, naamlik blankes, kleurlinge, swartes en Indiërs; die *Wet op Aparte Geriewe* (Wet no. 49 van 1953), bekend as ‘klein apartheid’, wat maatreëls ingebou het om blankes en swartes op alle samelewingsterreine van mekaar te skei; en die *Groepsgebiedewet* (Wet no. 41 van 1950) wat die basis gelê het vir aparte grondtoekenning en met gedwonge verskuiwings gepaard gegaan het. Andersdenkende Afrikaners het laasgenoemde wetgewing as 'n brutale vorm van diskriminasie beskou. Op ekonomiese gebied het die *Nywerheidsversoeningwet* (Wet no. 28 van 1956) die grondslag gevorm vir die beskerming van die blanke arbeidsmark deur swartes se toegang tot die “blanke” stede te reguleer. Die andersdenkende Afrikaners is deur die brutaliteit van die toepassing van die pasbeheerstelsel geraak. Die apartheidswette was vir hulle verteenwoordigend van ongeregtigheid en dit het daartoe aanleiding gegee dat hulle die moraliteit van apartheid bevraagteken het. Pienaar en Cillie kon nie glo dat dit dieselfde Afrikaners was wat onlangs 'n lang, bloedige stryd teen Britse imperialisme gevoer het en nou die swartes van hulle eer en vryheid beroof het nie.¹²

11 H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, p. 54; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 497 & 498; H. Giliomee, The making of the apartheid plan, *Journal of Southern African Studies* 29(2), June 2003, p. 391.

12 F.A. van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle*, p. 11; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 66 & 67; H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, p. 64; F.A. Mouton, ‘Reform

Die andersdenkende Afrikaners het wel die *Wet op Bantoe-owerhede* (Wet no. 68 van 1951) gesteun. Dit het die basis vir afsonderlike tuislande op grond van etniese gebondenheid aan spesifieke streke gevorm. Dit het die grondslag vir blanke politieke beheer en bevoorregting gelê, wat 'n algehele blanke parlement sou verseker. Nog 'n wet wat die beginsel bevorder het, maar nie deur alle andersdenkende Afrikaners gesteun is nie, was die *Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers* (Wet no. 46 van 1951) wat kleurlingkiesers¹³ op 'n aparte kieserslys geplaas het. Die NP, wat in 1948 net met 'n meerderheid van vyf setels aan bewind gekom het, het gevrees dat die Verenigde Party (VP)¹⁴ die kleurlingsteun sou probeer wen en sodoende met 'n getalle-oorwig die NP op die plattelandse gebiede in die Kaap kon oorwin. Dié wet was 'n poging om Afrikanermag te verskans. Die wet het teenstand uit alle oorde ontlok en is in 1952 deur die land se hoogste hof, die Appèlhof, ongeldig verklaar, op grond daarvan dat dit nie met 'n tweederdemeerderheid tydens 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat aangeneem is nie.¹⁵

Strijdom was ongeduldig met die Malan-bewind gewees, omdat Malan nie werk daarvan gemaak het om 'n tweederdemeerderheid vir die NP in die parlement te verkry nie. Hy het in 1955 op 'n ongeoorloofde wyse te werk gegaan om onbetwiste NP-soewereiniteit in die parlement te bewerkstellig. In die eerste plek het hy die kworum van die Appèlhof van ses tot elf regters vergroot. Daar is bepaal dat so 'n kworum 'n vereiste sou wees by sake wat die regsgeldigheid van 'n wet sou toets. Tweedens het hy die *Senaatwet* (Wet no. 53 van 1955) verander wat die samestelling van die Senaat beïnvloed het en die ledetal van die Senaat van 48 tot 89 vergroot het. Die herstruktuering van die Senaat het aan die NP 171 stemme in die parlement teenoor die 77 stemme van die gesamentlike opposisie besorg. Tydens 'n parlamentsitting in Maart 1956 het die NP met 'n tweederdemeerderheid daarin geslaag om die *Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers* (Wet no. 46 van 1951) geldig te verklaar deur die goedkeuring van die *Suid-Afrikaanse Wysigingswet* (Wet no. 9 van 1956). Op hierdie manier is 48 000 kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys verwyder en op 'n afsonderlike lys geplaas. Cillié het, hoewel hy nie saamgestem het oor die manier waarop dit gedoen is nie, die stap verwelkom. Hy het gevrees dat Afrikanereenheid in gevaar sou wees indien kleurlinge op die gesamentlike kieserslys

from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 152.

13 Die kleurlinge of bruinmense is 'n bevolkingsgroep wat sy ontstaan in Suid-Afrika gehad het. Hulle is afstammeling van blankes en swartes. Sommige lede van die groep verkies die term *bruinmense* bo *kleurlinge*.

14 Die NP en SAP (Suid-Afrikaanse Party) het in 1934 saamgesmelt en die VP gevorm met J.B.M. Hertzog as leier. In 1939 het geskille in die VP 'n hoogtepunt bereik oor die besluitneming of Suid-Afrika aan die kant van Brittanje tot die Tweede Wêreldoorlog moes toetree. Hertzog was teen deelname aan die Oorlog. Die VP het in twee geskeur. Genl. J.C. Smuts het die nuwe leier van die VP geword en Hertzog het die Volksparty gestig.

15 B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 327-335; J.P.C. Mostert, *Blanke politieke partye met parlementêre verteenwoordiging 1910-1985*, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, pp. 160-161.

teruggeplaas sou word. Hy was van mening dat kleurlingbetrokkenheid in blanke verkiesings tot rassspanning aanleiding sou gee.¹⁶

In 1955 het 'n groep andersdenkende Afrikanerintellektueles, wat as gerespekteerde nasionaliste bekend was, in die openbaar teen die verwydering van kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys geprotesteer. Hulle was onder andere B.B. Keet, teologiese professor aan die Universiteit van Stellenbosch (1920-1959); L.J. du Plessis, akademikus aan die Potchefstroomse Universiteit (1918-1946 en toe weer 1952-1968); en dertien akademici, verbonde aan die Universiteit van Pretoria. Laasgenoemde groep het 'n petisie teen die voorgestelde wet aangaande die herstrukturering van die Senaat onderteken en aan die pers oorhandig. Hulle het verklaar dat hulle protes teen die stap op konstitusionele en morele gronde gebaseer is. Dosente aan die universiteite van die Witwatersrand en Rhodes het hulle voorbeeld gevolg. Die NP-regering wat eendersdenkendheid vereis het, het onverdraagsaamheid teenoor die andersdenkendes in eie geledere geopenbaar. Die genoemde protesteers, wat in die openbaar kritiek teenoor die amptelike beleid en ideologie uitgespreek het, het hulle in smeerveldtogte van E.H. Louw (Minister van Buitelandse Sake, 1955-1963) in Afrikaanse dagblaie vasgeloop. Hulle het die uitsluiting van georganiseerde Afrikanergeledere teen hulle beleef. Die groep se geloofwaardigheid het meedoënloos onder skoot gekom en daar is gesuggerer dat hulle met volksverraad besig was. Die andersdenkende Afrikaners is as liberaalgesind bestempel en as opswepers teen die regering uitgekryt. Andersdenkende Afrikaners is deur die optrede van die regering duidelik laat verstaan dat kritiek en protes eerder binne eie geledere uitgespreek moes word en nie in die openbaar nie.¹⁷

N.P. van Wyk Louw, 'n akademikus¹⁸ en bekende Afrikaanse letterkundige wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot die bevordering van die Afrikaanse taal, het geweier om te aanvaar dat wetgewing nodig was vir die oorlewing van Afrikaners. Volgens hom het dit net 'n dieper wig tussen die kleurling- en

16 H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, p. 64; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 500; F.A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000 p. 153; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 6; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 340-343.

17 F.A. van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle*, p. 12; A. du Toit, *Die sondes van die vaders*, p. 14; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 4 van E.H. Louw, lêer 99: Prof. W.H. Van der Merwe – E.H. Louw, 1955-06-07; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 4 van E.H. Louw, lêer 99: E.H. Louw – W. van Heerden, 1955-06-07; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 4 van E.H. Louw, lêer 99: E.H. Louw – W. van Heerden, Mei 1955; *The Argus*, 1955-05-31 (Mr. Louw reaffirms his criticism of professors); *Cape Times*, 1955-05-15 (Pretoria professors' protest on Senate Bill).

18 Louw was 'n dosent in Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad (1939-1949), 'n professor in die taal, kultuur en geskiedenis van Suid-Afrika aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam en 'n professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand (1958-1970). Hy was ook sedert 1934 'n lid van die Afrikaner Broederbond (AB).

Afrikanergemeenskappe ingedryf. Hy het nie die beleid in die openbaar gekritiseer nie, maar daarop gereageer met gedagtes oor Afrikaneroorlewing, in 'n opstel getiteld “Kultuur en Krisis” wat in 'n populêre Afrikaanstalige tydskrif, *Die Huisgenoot* van Augustus 1952, gepubliseer is. Dié gedagtes sou by die Afrikaners oor die volgende vier dekades bly spook en telkens in debatte, veral in die kringe van andersdenkende Afrikaners, opgehaal word. Vir hom was Afrikaneroorlewing alleenlik moontlik op grond van morele waardes. Hy het gewaarsku teen die laaste versoeking waarvoor 'n volk te staan kan kom deur te glo dat blote voortbestaan verkieslik is bo die “voortbestaan in geregtigheid”¹⁹. Vir hom was blote voortbestaan iets haatlik en boos en het hy verkies om eerder onder te gaan as om in ongeregtigheid te bly voortbestaan.²⁰

Louw het met sy konsep van liberale nasionalisme die inspirasie en stukrag van die verligte stryd in die NP geword in 'n poging om outoritêre Afrikanernasionalisme te temper.²¹ In sy boek *Liberale Nasionalisme* (1958) verduidelik hy dat beide nasionalisme en liberalisme behoudende faktore van apartheid moes wees. Hy het *liberalisme*²² wat multi-nasionalisme as doelstelling vooropgestel het, verwerp en dit as ongeregtigheid beskou. Met nasionalisme het Louw bedoel dat die Afrikaners én die ander volke van die land elk sy eie identiteit moes behou en met liberalisme dat die Afrikaners een van die volkere van die land moes vorm met gelyke erkenning aan alle nasionale volke in Suid-Afrika. Dié denke het die ideologie van blanke oorheersing ondergrawe. Louw het geargumenteer dat as Afrikaners se stryd om oorlewing nie moreel gevoer kon word nie, dit van binne sou verkrummel. Dié betrokke boek het joernaliste beïnvloed om die politieke oortuiging van die Afrikanervolk te bevraagteken. Cillié en Pienaar, wat daarna gestreef het om die Afrikanerdom te hervorm en van binne te versterk, was beïndruk met Louw se siening dat 'n gemeenskap krities moet wees oor apartheid en konsepte soos “lojale weerstand”, “liberale nasionalisme” en “ope-dialoog” is in *Die Burger* gepubliseer. Met dié siening wou die redakteurs alle Afrikaners sagkens oortuig dat apartheid meer as aparte toilette, poskantore en goedkoop arbeid moes beteken. Hulle het gemeen dat Afrikaners se vryheid slegs verseker kon wees as die swartes se vryheid verseker was. Vir hulle het die antwoord in 'n kompromie tussen “baasskap” en 'n *gemeenskaplike gemeenskap* gelê. Met die term *gemeenskaplike gemeenskap*

19 N.P. van Wyk Louw, *Versamelde prosa I*, pp. 460-463, soos aangehaal in H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 473.

20 A. du Toit, *Die sondes van die vaders*, p. 59; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 427 & 473-474; A. van Niekerk, Afrikanerskap: ten slotte, of opnuut? Nabetraging van Andre du Toit se “Die sondes van die vaders”, *South African Journal of Philosophy* 4(19), 2000, <http://web12.epnet.com/citation.asp? s.a. Access: 2002-08-12>, p. 5; J. Steyn, N.P. Van Wyk Louw, in J.J. Human & T. Cameron et al. (reds.), *Hulle het ons eeu gevorm. Die invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu*, pp. 87-91.

21 P. Louw, Moderne liberale nasionalisme, <<http://www.praag.org/opstelle4.htm>>, s.a. Access: 2003-05-19, p. 7.

22 Die term *liberalisme* dui hier op 'n beskouing dat verskeie volke of kultuurgroepe as een volk of kultuurgroep die vryheid binne 'n land moet deel. Hiermee word die verskeie volks- of groepsidentiteite geïgnoreer.

is bedoel dat die blankes en swartes saam moes bestaan in Suid-Afrika as aparte volke of kultuurgroepe, elk met sy eie volks- of groepsidentiteit. Hierdie siening het die dagblad in direkte konflik met die destydse Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, gebring en moes weens die gesamentlike smeerveldtog van die behoudendes en die regering teen die dagblad gestaak word.²³

Binne die kring van andersdenkende Afrikaners het die teorie van radikale skeiding, d.w.s totale apartheid, vroeg reeds ontstaan. Die teorie het ten doel gehad om terselfdertyd negatiewe apartheid en ook die probleem van toenemende swart verstedeliking hok te slaan.²⁴ Die teorie is geformuleer deur akademië, soos Nic Olivier, en professionele mense wat in die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK)²⁵, die Afrikaner Broederbond (AB)²⁶ en die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA)²⁷ saamgetrek was. Dié groep Afrikaners het geglo dat Suid-Afrika as 'n blanke land politiek vernietig sou word indien daar toenemend ekonomiese afhanklikheid van swart arbeid sou wees. Hulle het geargumenteer dat gedeeltelike apartheid immoreel sou wees, aangesien dit mense van politieke regte ontnem het wat toenemend in die ekonomie en die gemeenskap geïntegreerd sou raak. Vir dié groep was vryheid 'n belangrike aspek van apartheid gewees en hulle het aparte ontwikkeling as 'n manier vir swartes om uiteindelik hulle vryheid te kry, gesien. Hulle het geredeneer dat indien swartes hulle vryheid binne dieselfde strukture as die blankes moes verkry, dit die einde van blanke vryheid sou beteken het, vanweë die groter swart getalle. Die teorie het neergekom op die skepping van nasionale tuislande en het die basis van die Tomlinson-kommissie gevorm. Die kommissie is in 1949 deur dr. E.G. Jansen (Minister van Naturellesake, 1948-1950) aangestel om die sosio-ekonomiese ontwikkelingsmoontlikhede van die reservate te ondersoek.²⁸ Die kommissie het onder voorsitterskap van prof. F.R. Tomlinson gestaan en in sy ondersoek is hy grootliks deur SABRA-lede bygestaan, soos prof. Nic Olivier en Jan Sadie, beide akademië en onderskeidelik van die Universiteite van Stellenbosch en Potchefstroom.²⁹

23 F.A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 153; H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, p. 56.

24 Teen 1948 was daar ongeveer twee miljoen swartes teenoor die 1.6 miljoen blankes in die stede gewees.

25 Die FAK is in 1929 tydens 'n AB-konferensie te Bloemfontein gestig. Die doel van die organisasie was om Afrikaans te bevorder. Bykans alle Afrikaanse kultuurverenigings is by die FAK geaffilieer.

26 Die AB is in 1918 gestig om Afrikanerbelange t.o.v taal, tradisie en godsdiens te bevorder. Die AB het in 1921 'n geheime organisasie geword met die allesoorheersende doel om Afrikanernasionalisme te bevorder. Lede is met sorg gewerf en was almal ondersteuners van die NP. Lede was verteenwoordigend van predikante van die NG-kerk, opleidingsinstansies op alle terreine, openbare dienste, die gewapende magte en die polisie. Die AB het uit 'n netwerk van selle bestaan wat dwarsdeur die land gekoppel was aan die NP en die politieke, ekonomiese en sosiale sektore beheer het.

27 SABRA het in 1948 onder die beskerming van Stellenbosch akademië ontstaan met die doel om 'n intensiewe studie van die rassessituasie in Suid-Afrika te maak.

28 Die finale verslag is in 1956 uitgebring en die inhoud daarvan sal later meer volledig bespreek word

29 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 400-401 & 483 & 515; G.H.L. le May, *The Afrikaners. An historical interpretation*, pp. 175-176.

Op daardie stadium was daar ernstige spanning in die kabinet oor die rigting van die toekomstige politieke beleid sigbaar. Malan het aparte groepsgebiede verkies en het ongemaklik gevoel oor SABRA se ondersteuning van selfregerende swart tuislande. Sowel die NP politieke leierskap, as die georganiseerde Afrikanerbesighede en landbousektore het radikale skeiding teengestaan. Hulle wou 'n snelle ekonomiese groei bewerkstellig met 'n toenemende, maar gedifferensieerde, samewerking met swartes in die arbeidsmark, al sou dit 'n toename van swartes in blanke gebiede meebring het. Die swartes sou deur middel van hulle politieke en industriële regte beheer word. Dié siening is geregverdig deur dit te vergelyk met lande soos Duitsland en Switserland waar groot getalle immigrante-arbeiders van Turkye, Algerië en Joego-Slawië gewerk het. Die arbeiders het hulle burgerlike regte in hulle land van oorsprong behou en nie burgerlike regte bekom waar hulle as immigrante gewerk het nie. Die verskillende state kon op dié manier hulle soewereiniteit behou, terwyl hulle ekonomies interafhanklik geword het. Verwoerd (as Minister van Naturellesake, 1950-1958) het laasgenoemde opvattinge verwerp deur te verklaar dat ekonomiese oorwegings nie die belangrikste was nie. Hy wou wetgewing instel om eerder swartes te verhoed om in groot getalle “blanke” stedelike gebiede, veral die Johannesburg-gebied, binne te gaan.³⁰

Verwoerd het ook 'n teësin in SABRA en die Tomlinson-kommissie ontwikkel weens hulle siening van radikale skeiding. Verwoerd was gegrief met die Tomlinson-kommissie, omdat hy gevoel het dat hulle op sy ministeriële terrein oortree het en dat hy en sy beamptes se kennis oor die probleme in die reservate voldoende was om besluite te neem. Vir hom was die aanstelling van die kommissie onnodig en hy het die Tomlinson-kommissie as sy voorganger, dr. E.G. Jansen, se kommissie beskou. Dié kommissie het sy bevindinge finaal in 1956 ter tafel gelê. Die bevindinge is hoofsaaklik op demografiese vooruitskattings gebaseer wat die bevolkingsgroei en toename van die swart bevolkingsgetalle in stede benadruk het. Die kommissielede het die swartes se eise op die land, op grond daarvan dat hulle voor die blankes in Suid-Afrika was, verwerp. Volgens hulle was die swartes, net soos die blankes, immigrante gewees. Die swartes het vanuit die noorde van Afrika en die blankes vanuit Europa hierheen geëmigreer. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die swartes geen reg op die blanke gebiede gehad het nie. Die kommissie het sewe etniese swart groepe onderskei en het daarom 'n tuisland vir elke groep bepleit. Om apartheid moreel te regverdig, moes die tuislande sosiaal-ekonomies welvarend en ontwikkel wees om immigrasie na blanke stede te voorkom. Dit sou vereis dat die regering £104 miljoen oor tien jaar moes bestee om die tuislande te ontwikkel en ekonomies onafhanklik te maak.

30 D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 156.

Verwoerd was op daardie stadium versigtig om in sy reaksie op die kommissieverslag nie die andersdenkendes te vervreem nie, in die lig van die pos van Eerste Minister wat moontlik weens premier J.G. Strijdom se swak gesondheid vakant kon word. Verwoerd het, met sy intellektuele skerpheid, daarin geslaag om die Tomlinson-kommissieverslag se aanbevelings op so 'n manier aan te pas sodat dit die andersdenkende Afrikaners se steun gewen het.³¹

Verwoerd het die ekonomiese aanbevelings van die kommissie vir die ontwikkeling van die tuislande geïgnoreer, maar terselfdetyd die politieke voorstelle en ideologiese argumente as basis gebruik om sy eie tuislandbeleid te vorm. Dié beleid het binne 'n jaar nadat hy in September 1958 die Eerste Minister geword het, sy beslag in die *Wet ter Bevordering van Bantoe Selfbestuur* (Wet no. 46 van 1959) gekry. Dié wet het vir die ontwikkeling en selfregering van agt (later tien) verskillende swart etniese groepe voorsiening gemaak het. Vir die andersdenkendes was die groeiende swart verstedeliking 'n bron van bekommernis en daarom het Verwoerd die demografiese kaart gespeel om hulle steun vir sy tuislandbeleid te versterk, deur dit as oplossing vir dié probleem voor te hou. Met sy uitspraak “wanneer die witman volle beheer oor sy gebiede sou kry, die swartman met verloop van tyd ook volle beheer oor sy eie gebiede sou kry”³², het hy dit laat blyk asof hy SABRA en dus die andersdenkendes se siening van onafhanklike tuislande ondersteun het.³³

Verwoerd het die morele besware van die andersdenkendes besweer deur die beginsel van “aparte nasies en aparte vryhede” voor te hou. Die tuislandbeleid is geregverdig deur te verkondig dat geen beperking op swart selfregering in tuislande geplaas sou word nie. Verwoerd het die andersdenkende Afrikaners oortuig dat daar aan die swart bevolking se reg op selfbeskikking en onafhanklikheid deur die tuislandbeleid erkenning gegee sou word. Dit het volgens hom aan swart nasionalisme voldoen wat op daardie stadium in die Afrikakontinent al hoe belangriker geword het. Die andersdenkendes het die tuislandbeleid as 'n “nuwe visie” omskryf, tot ergernis van Verwoerd wat nie die indruk van afwyking van die NP se beginsels wou skep nie. Vir die andersdenkendes het die tuislandbeleid “blanke-baasskap” met “afsonderlike ontwikkeling” vervang. Dit het volgens die groep aan apartheid 'n positiewer beeld verleen wat vir hulle 'n aanduiding van 'n wegbeweeg van die NP-beleid se kru rassisme en diskriminasie was. Inderwaarheid het Verwoerd met vernuf daarin geslaag om die tradisionele Afrikanerstandpunt

31 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 516 & 518; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 351-353; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, 1989, p. 130.

32 A.N. Pelzer (red.), *Verwoerd aan die woord*, p. 241.

33 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 517-518.

van apartheid, gebaseer op blanke oorheersing, met die nuwe visie te verbloem. Die tradisionele standpunt dat die grootste gedeelte van Suid-Afrika in Afrikanerbeheer sou bly, is bevestig, maar terselfdertyd sou aan ander rassegroepe oorlewing en volle ontwikkeling op politieke en ekonomiese gebied gegun word. In werklikheid het Verwoerd eers in 1965, nadat nasionale en internasionale druk op hom uitgeoefen is, tot die moontlikheid van onafhanklike tuislande ingewillig.³⁴

Met die instelling van die tuislandbeleid het die term *grand apartheid*, ook bekend as “groot apartheid”, sy beslag gekry. Waar “klein apartheid” maatreëls was om swart en blank op alle samelewingsterreine apart te hou, het “groot apartheid” ’n blanke meerderheid in Suid-Afrika verseker. Die tuislandbeleid, m.a.w “groot apartheid”, het dus die heelhartige steun van die andersdenkendes gehad, omdat hulle bedenkinge gekoester het oor die vroeë geloof dat “klein apartheid” die redding van die Afrikanerdom moes bewerkstellig. Die tuislandbeleid was vir dié groep Afrikaners ’n vervulling gewees van dit wat hulle in die vyftigerjare van die twintigste eeu volhardend verkondig het, naamlik dat geen etniese groep ’n ander groep permanent mag oorheers nie. Die opvatting is gegrond op hulle eie stamvaders se vryheidstryd vroeër jare teen Britse imperialisme. Hulle het nasionale vryheid op etniese basis as ’n heilige reg beskou. Die andersdenkendes was verheug gewees dat dié opvatting tot landsbeleid verhef is. Hulle het die tuislandbeleid as oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk aangegryp. Die hoop van die andersdenkendes dat “groot apartheid” geleidelik tot die verdwyning van diskriminerende regulasies sou lei, is egter beskaam. In werklikheid het die Verwoerd-bewind toenemend kleinlike regulasies ingestel, met die doel om elke aspek van die anderskleuriges se lewe te beheer. Verwoerd het gevolglik nie vir lank die steun van die andersdenkendes behou nie.³⁵

Na aanleiding van die Harold Macmillan-toespraak, Afrikanasionalisme en die Sharpeville-onluste, is die andersdenkende Afrikaners se denke na links gestimuleer wat hulle anders as Verwoerd na verwickelinge in die swart politiek laat kyk het. Dit was vir hulle noodsaaklik dat die Afrikaners tot ’n vergelyk moes kom met die kragte wat op die Afrikakontinent aan die werk was.³⁶

Die Harold Macmillan-toespraak (3 Februarie 1960) het die andersdenkendes laat besef dat Suid-Afrika

34 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 517-518; F.A. Mouton, ‘Reform from within’: Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 154; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 355-358.

35 P.J. Cillie, *Baanbrekers vir vryheid. Gedagtes oor Afrikaners se rol in Suid-Afrika*, pp. 102-103; D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 156; S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p. 38.

36 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: ’n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 21.

met die res van die wêreld uit pas was. Macmillan het die beleid van apartheid verwerp en gesuggereer dat Suid-Afrika nog nie die realiteite van die *winde van veranderinge*, wat besig was om oor Afrika en die wêreld te waai, besef het nie. Hiermee het hy verwys na die opkoms van Afrikanasionalisme op die Afrikakontinent wat die totstandkoming van onafhanklike Afrikastate tot gevolg gehad het. Die ineenstorting van blanke koloniale magte wat oral in Afrika sigbaar was en tot geweld in die Belgiese Kongo (1960) gelei het en die ineenstorting van die Federasie van Noord- en Suid-Rhodesië (1960) en Njassaland (1962) tot gevolg gehad het, het die andersdenkendes laat besef dat die ontwaking van swart nasionalisme in Afrika 'n ernstige saak was. Hulle het dit as 'n onstuitbare golf beskou. Pienaar het gewaarsku dat geen gewapende magte alleen sou keer dat swart nasionalisme ook in Suid-Afrika sou seëvier nie.³⁷

Die andersdenkendes se voorspellings is bewaarheid en Afrikanasionalisme het die swartes van Suid-Afrika beïnvloed en 'n realiteit met die uitbreek van die Sharpeville-onluste³⁸ op 21 Maart 1960 geword. Die onluste het die andersdenkendes laat besef dat alleen binne 'n stabiele Suid-Afrika aanpassings sou kon plaasvind. Daarom het die veiligheid van die staat voorrang geniet. Hulle het besef dat apartheid nie in sy huidige vorm kon voortgaan nie. Dit was duidelik dat die meerderheid nie meer teen sy sin geregeer kon word nie en vrae het ontstaan hoe die samewerking van veral stedelike swartes gewen kon word. Die internasionale protes wat oor die Sharpeville-onluste losgebars het, het die andersdenkendes tot groot kommer gestem, nie net vanweë die verswakte internasionale beeld van Suid-Afrika nie, maar ook die nasionale gevolge wat dit ingehou het. Die ekonomiese gevolge was dadelik sigbaar in die daling van die aandelemark, wat groot kapitale uitvloei tot gevolg gehad het. Hierdie gebeurtenisse het daartoe bygedra dat die andersdenkendes 'n versterking in eie geleedere beleef het, deurdat ook politici en ekonome hulle mening begin deel het en nie meer net die intelligentsia alleen nie. Die andersdenkendes het hulle protes, na aanleiding van dié gebeurtenisse, verbeeld in voorstelle aan Verwoerd om apartheid te omvorm.³⁹

Vanuit die politieke arena het selfs NP-leiers in die kabinet – P.O. Sauer, T.E. Dönges en B.J. Schoeman – hulle tot die andersdenkendes se geleedere gevoeg. Hulle was voorheen van die hooffigure wat by die vorming en grondlegging van die apartheidsbeleid betrokke was. P.O. Sauer, Minister van

37 S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, pp. 35 & 36 & 38.

38 Die Sharpeville-onluste het o.l.v. die PAC uit protes teen die paswetstelsel uitgebreek en tot landswye stakings uitgekring.

39 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 86; J.C. Steyn, *Penvegter. Piet Cillie van Die Burger*, pp. 128-134.

Bosbou en Openbare werke (1958-1964), was die voorsitter van die Sauer-kommissie (1947) wat die basis vir die apartheidsbeleid se rassewetgewing gelê het. T.E. Dönges, die senior NP-leier in die Kaap, was as Minister van Binnelandse Sake (1948-1958) en later Minister van Finansies (1958-1961)⁴⁰ verantwoordelik vir die deurvoering van die hoeksteenwette van apartheid, soos die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike*, die *Ontugwysigingswet*, die *Bevolkingsregistrasiewet* en die *Groepsgebiedewet*. B.J. Schoeman, Minister van Arbeid (1948-1954) en later Minister van Vervoer (1954-1974), was betrokke by die deurvoer van die diskriminerende *Wet op Naturellearbeid* (Wet no. 48 van 1953). Schoeman het hewige geskille met Verwoerd gehad: in 1955 toe Verwoerd die indiensneming van swartes op die spoorweg wou verhoed; in 1956 toe Verwoerd die kabinet wou oorhaal om totale gebiedskeiding te aanvaar, al was dit onprakties; en in 1957 toe Verwoerd sonder meer wetgewing uitgevaardig het om swartes te verbied om kerke buite hulle gebiede by te woon.⁴¹

Dié politici het verreikende veranderinge geëis en aanbeveel dat ernstige aandag gegee moes word aan die aftakeling van die paswetstelsel. Schoeman het dit as 'n noodsaaklikheid beskou dat daar 'n verteenwoordigende liggaam van swart leiers moes wees om swartes se belange by die regering te verteenwoordig.⁴² Verwoerd het die eise verergd en geïrriteerd van die hand gewys. Die land het op daardie stadium in 'n staat van noodtoestand verkeer weens landswye swart onluste wat tot spanning in die politiek aanleiding gegee het. Die andersdenkendes was verontrus gewees met die regering se optrede om onluste onder beheer te bring deur swartes sonder verhoor in gevangenis aan te hou en op 8 April 1960 die Pan-Africanist Congress (PAC) en African National Congress (ANC) te verban. Vir hulle was dié optrede 'n verontagsaming van burgerlike vryhede. Op 9 April is 'n sluipmoordaanslag op Verwoerd se lewe uitgevoer. Sauer het as Eerste Minister waargeneem, terwyl Verwoerd in die hospitaal aangesterk het. Gedurende dié tydperk het Sauer, tydens 'n openbare vergadering op 19 April 1960 in sy kiesafdeling te Humansdorp, verklaar dat Sharpeville as 'n insident wat die ou boek op Suid-Afrika se geskiedenis gesluit het, beskou moes word. Hy het op 'n nuwe benadering ten opsigte van rasseverhoudinge aangedring. Hy het aangedui dat daar samewerking tussen blankes en vreedsame stedelike swartes moes wees. Volgens hom moes daar aan sake soos hoër lone vir swartes, die wysiging van die *Drankwet* (Wet no. 30 van 1928), en 'n dinamiese ontwikkeling van die swart tuislande aandag gegee word. *Die Burger* het Sauer se versoeningsbenadering gesteun en 'n moontlike politieke herskikking voorgestel wat die behoeftes en aspirasies van stedelike swartes moes beliggaam. Verwoerd

40 Republiek van Suid-Afrika, *Parlementêre register 1910-1981*, p. 6.

41 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 522 & 523; D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, pp. 149-150 & 159-160.

42 B. Schoeman, *My lewe in die politiek*, p. 263.

het na sy ontslag uit die hospitaal Sauer geroskam en in 'n toespraak in die parlement op 20 Mei 1960 verklaar dat daar geen politieke verandering sou plaasvind nie. Sauer het homself nog verder ongewild gemaak toe hy, later in dieselfde jaar, op die vinnige ontwikkeling van die swart tuislande met hulp van buitelandse kapitaal en deskundiges aangedring het. Verwoerd het hom verkwalik vir die ondergraving van sy beleid dat blanke private inisiatief nie vir tuislandontwikkeling gebruik moes word nie. Sy mening was dat dit tot nadeel van die swart ondernemer sou wees, omdat hy nie finansiëel met die blankes sou kon meeding nie. Verwoerd wou ekonomiese integrasie of vennootskap wat noodwendig tot politieke integrasie of vennootskap kon lei, verhoed.⁴³

Vanuit die ekonomiese sfeer het Anton Rupert, 'n welgestelde Afrikanerentrepeneur van die Rembrandt-groep, aan Verwoerd voorgestel dat die beste waarborg vir stabiliteit was om eiendomsreg aan verstedelike swartes toe te staan wat hulle in staat te sou stel om huise teen lae koste te koop. Verwoerd het die voorstel verwerp, omdat dit die swartes sou laat voel dat hulle permanente eiendom in 'n blanke stedelike gebied sou kon besit. Verskeie besigheidsorganisasies, soos die Verenigde Kamers van Koophandel, die Gefedereerde Kamer van Nywerhede, die Suid-Afrikaanse Federasie van Staal- en Ingenieursbedrywe en die Transvaal en Oranje-Vrystaat se Kamers van Mynwese, insluitende die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI)⁴⁴, het 'n gesamentlike verklaring op 12 Mei 1960 aan Verwoerd gerig. Hulle het aangedring op die hervorming van paswette en instromingsbeheer om sodoende wrywing tussen die polisie en swartes te verminder. Dié besigheidsorganisasies het die afskaffing van die aandklokkeel en wysigings van die *Drankwet* geëis. Hulle het ook die beëindiging van onnodige inmenging in swart gesinne se lewens versoek. Verwoerd het die versoeke verwerp en die besigheidsorganisasies as verraaiers veroordeel wat volgens hom meer in profyt as in blanke oorlewing belanggestel het.⁴⁵

Vanuit intellektuele kringe het L.J. du Plessis in 'n brief aan Verwoerd 'n “intensiewe modernisering” en “bepalende demokrasie” van tuislande voorgestel, asook “volle republikeinse burgerskap” vir die swartes wat nie in tuislande gehuisves kon word nie. Verwoerd en Du Plessis het nie langs dieselfde vuur gesit nie vanweë hulle geskille oor die NP-rassebeleid. Dit was onbekend of Verwoerd op die brief gereageer het. Du Plessis se frustrasie met Verwoerd het 'n hoogtepunt bereik en hy het daarom in 1960

43 C.J. Beyers *et al.* (eds), *Dictionary of South African biography V*, pp. 205 & 678; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 522-523; D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, pp. 159-160.

44 Die AHI is in 1939 gestig om Afrikanerbesigheidsrade landswyd te vestig.

45 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 439 & 522.

uit die NP bedank en by die Progressiewe Party aangesluit,⁴⁶ met 'n waarskuwing teen die doodse gevaar van Verwoerdisme⁴⁷.

Die Harold Macmillan-toespraak, die Sharpeville-onluste en die geweld in die Belgiese Kongo het aan die joernaliste Cillie en Pienaar 'n geleentheid gebied om die negatiewe aspekte van apartheid aan die lig te bring. Hulle het met versigtige bewoording in die "Dawie-kolom" van *Die Burger* 'n veldtog teen "klein apartheid" geloods, omdat dit elke aspek van die swartes se lewe gereuleer het. Volgens hulle het "klein apartheid" aparte vryhede in "groot apartheid" ondermyn. Cillie het Sharpeville as 'n waterskeiding in die politiek beskou en verklaar dat die toekoms van Suid-Afrika sou afhang van die wyse waarop die probleem van verstedelike swartes in die daaropvolgende weke opgelos sou word. Die redakteurs het ook in die media verkondig dat die woord apartheid weens negatiewe konnotasies nasionaal en internasionaal misluk het, en het as alternatief die term "aparte vryheid" vir die beleid teenoor swartes voorgestel. Hulle het verklaar dat die buitelandse klimaat van afkeer van Suid-Afrika alleen verbeter kan word deur positiewe beleidsdade en gewaarsku dat indien dit nie omgekeer sou word nie, Suid-Afrika die permanente status van "die wêreld se muishond" sou kry. Cillie het Verwoerd, in 'n onderhoud op 7 April 1960, aangemoedig om met die swartes te praat, om sodoende verbeterde verhoudinge tussen blankes en swartes te bewerkstellig.⁴⁸

Die Harold Macmillan-toespraak, Afrikanasionalisme en die Sharpeville-onluste het die andersdenkendes nog meer daarvan oortuig dat regstreekse oorheersing oor ander groepe nie aanvaarbaar is nie. Hulle het besef dat diskriminasie op grond van kleur onherroeplik verby was en dat die swartes nie net alleen gelyk nie, maar ook vry van die blankes wou wees. Dit het daartoe bygedra dat die groep andersdenkendes die tuislandbeleid, wat volgens hulle vryheid aan swartes verleen het, sterker gepropageer het. Hulle het dit as 'n gemeenskaplike beleid beskou wat beide swartes en blankes sou kon akkommodeer, omdat onafhanklike swartes en onafhanklike blankes in Suid-Afrika, hoewel polities apart, tog vreedsaam en saamwerkend kon saambestaan. Volgens hulle was die Afrikaners op daardie stadium die verdrukkers en kolonialiste gewees en het hulle daarom druk op Verwoerd om die onafhanklikheidsproses van tuislande te versnel, uitgeoefen.⁴⁹

46 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 523.

47 Die term dui op 'n slaafse navolging van Verwoerd se beleid deur die Afrikaners.

48 F.A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, pp. 154-155. J.C. Steyn, *Penvegter. Piet Cillie van Die Burger*, p. 134; L. Pretorius, The head of government and organised business, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 216.

49 S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p. 38.

Na die Sharpeville-onluste het daar opnuut weer onder die NP-lede 'n geskil oor die politieke posisie van die kleurlinge ontstaan. Die Afrikanernasionaliste het hulle waardering uitgespreek vir die kleurlinge, omdat hulle nie aan die Sharpeville-onluste deelgeneem het nie. SABRA was op daardie stadium die enigste nasionalistiese beweging waarin die verligte Afrikaners menings oor apartheid kon uitspreek. SABRA het 'n komitee onder voorsitterskap van S.P. Cilliers, van die Sosiologie Departement aan die Universiteit van Stellenbosch, benoem om die posisie van die kleurlinge te ondersoek. Die komitee het bevind dat die kleurlinge tot die blanke gemeenskap behoort en verteenwoordiging in die parlement moes kry. Sterk steun vir dié siening het in die Kaap onder die andersdenkendes en sommige stoere nasionaliste posgevat. Verwoerd het in 'n verklaring, op 24 November 1960, die gedagte van kleurlingverteenwoordiging in die parlement verdoem as 'n stap na volkome en uiteindelik biologiese integrasie. Die kleurlingkwessie het 'n hewige debat onder die nasionaliste ontketen. Baie nasionaliste was ten gunste van kleurlingverteenwoordiging in die parlement en het hulle ongelukkigheid en teleurstelling met Verwoerd se verklaring te kenne gegee.⁵⁰

Verwoerd het besluit om die AB as 'n instrument te omskep om die kleurlingkwessie in sy guns te besleg en terselfdertyd die linkse invloed van SABRA te vernietig. Die AB het op daardie stadium sesduisend lede gehad wat in vierhonderd takke verdeel is. Verwoerd het die steun van die nuutgekoose voorsitter, Piet Meyer (1960-1972), geniet. Met Meyer as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (1959-1972) is die radio gebruik om die nasionale regering te ondersteun. Die AB het tot op daardie stadium geen noemenswaardige rol in die besluitneming van die NP-regering gespeel nie. Die rede hiervoor was dat die organisasie vroeër verswak is weens verdeeldheid onder die lede oor deelname aan die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945). Die AB se aansien is ook aangetas deur sy onvermoë om 'n apartheidsplan in die veertigerjare op te lewer. Gedurende die vroeë vyftigerjare was die AB rigtingloos en doelloos en daarom het Strijdom die AB in 1954 versoek om uit die politiek te bly. Ná 1960 sou die AB egter 'n belangriker rol in die NP vervul. Met die jaarlikse byeenkoms van SABRA in September 1961, waartydens die kleurlingvraagstuk bespreek sou word, het die AB verseker dat deelnemers hulle ten gunste van Verwoerd se siening sou uitspreek. Dit was ook dié lede wat tot Uitvoerende Raadslede tydens die kongres verkies is. Andersdenkendes, soos Nic Olivier, wat ook lid van die AB was en die skakel tussen SABRA en die AB in die verlede gevorm het, is vervang. Dit het tot Olivier se bedanking uit die NP gelei. SABRA het oornag 'n ondersteuner van Verwoerd se onbuigsame benadering tot apartheid geword. Die AB het SABRA finansiëel befonds, wat dus die kaping van die organisasie

50 J.C. Steyn, *Penvegter. Piet Cillie van Die Burger*, pp. 143-159.

moontlik gemaak het. Die AB het die funksies van SABRA oorgeneem deur veertien taakgroepe, wat later tot negentien uitgebrei is, vir die regering aan te wys. Die taakgroepe het bestaan uit politieke leiers, burgerlikes en akademici wat die politieke, ekonomiese en sosiale terreine gedek het. Die AB was dus 'n kanaal waardeur die regering mag en invloed op alle terreine uitgeoefen het. Dié organisasie het verstaan dat die regering nie wou hê dat die AB beleid moes vorm nie, maar eerder moes poog om ondersteuning vir die regering se beleid te wen.⁵¹

Die andersdenkende Afrikanerintellektueles het van toe af hulle beskouinge binne die nasionalistiese *establishment* geartikuleer en nog belangriker, dit op so 'n wyse gedoen dat hulle bande met die binnekring nie verbreek is nie.⁵²

Verwoerd het met sy onversetlikheid, vasbeslotenheid en buitengewone intellektuele vermoëns daarin geslaag om apartheid te verstewig. Dit het sy teenstanders binne die party se pogings tot pragmatiese aanpassings en vrystellings gefnuik. Sy beleid was gekoppel aan onbuigsame kragdadigheid en konsekwentheid wat teenkating binne die NP onverbiddelik uitgeroei het. Verwoerd het teenstand binne sy eie geledere as vyandskap beskou. Soos Verwoerd se mag gegroei het, was hy al hoe minder ontvanklik om voorstelle rakende veranderinge in die apartheidbeleid te aanvaar. Hy het homself as die Afrikaners se leier beskou en die alleen-arbiter in alle besluite aangaande die Afrikanervolk. Verwoerd het met sy sterk persoonlikheid die kabinet totaal oorheers. Wat baie belangrik was, was dat hy daarin geslaag het om Afrikanerhegemonie te bewerkstellig. Dit blyk duidelik uit die algemene verkiesing van 1966 waartydens die NP 'n oorwinning van 126 setels uit die 170 in die parlement en 58 persent van die stemme behaal het. Die redes hiervoor was dat hy die Afrikanernasionaliste se republikeinse ideaal verwesenlik het. Hierdeur is die Afrikaners se oorheersende posisie in Suid-Afrika gevestig. Die Afrikaners is gesus met die gedagte dat die NP-regering die swart politieke opstande in die kiem gesmoor het. Dit het ook in sy guns getel dat Suid-Afrika, ten spyte van die daling in die aandelebeurs en groot kapitale uitvloeï na die Sharpeville-onluste, 'n ekonomiese opbloeï met 'n groeiakoers van 6% en 'n inflasiekoers van 2% beleef het. Tussen 1961-1966 het die Bruto Nasionale Produk boonop met 30% gestyg.⁵³

51 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 525 & 529; F.A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 155; H. Giliomee, The leader and the citizenry, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 106; S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, pp. 50-60.

52 A. du Toit, *Die sondes van die vaders*, p. 16.

53 A. du Toit, *Die sondes van die vaders*, p. 15; H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, pp. 54-55; A. Sparks, *The mind of South Africa*, p. 192; H. Pienaar, Hendrik Verwoerd, in J.J. Human & T. Cameron et al. (reds.), *Hulle het ons eeu gevorm. Die invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu*, pp. 22-26.

Verwoerd het die invloed van die andersdenkende Afrikanerintellektueles met die AB se vergrote invloed op SABRA gestriem. Dit het nie verhoed dat die saad van ontevredenheid teenoor die apartheidsideologie, wat in Verwoerd se tydperk gesaai is, tydens die Vorster-era (1966-1978) tot ontkieming gekom het. Vorster se politieke uitkyk dat die NP-beleid aangepas moes word om by veranderde omstandighede in die land aan te pas, het die klimaat geskep vir ideologiese verandering by politici ten opsigte van apartheid. Waar die stryd van die andersdenkendes voorheen hoofsaaklik deur die intellektueles gedryf is, het die Afrikanerpolitici in die NP van toe af aan 'n groter rol gespeel. Dit het momentum en krag aan die stryd verleen. Die andersdenkende Afrikanerpolitici was meer uitgesproke in die NP vanweë Vorster se verdraagsaamheid wat groter vryheid tydens kabinetsdebatte toegelaat het. Hulle het vrylik hulle menings gelig oor aspekte van apartheid wat hulle as diskriminerend, ongeregig en immoreel beskou het. Die toenemende problematiek rondom die rassekwessie en die botsende standpunte onder Afrikanernasionaliste het in 1966 tot die ontstaan van die “verlig-verkrampstryd” aanleiding gegee.⁵⁴

Die verligtes het hervorming van die apartheidsideologie voorgestaan wat groter kontak oor taal-, lands- en kleurgrense heen sou bewerkstellig. Dié groep Afrikaners het hulle tot veelvolkige ontwikkeling verbind. Hulle het kritiek uitgespreek teen sake rakende “klein apartheid”, taalhandhawing, en die posisie van die kleurlinge en stedelike swartes. Die verkrampes daarenteen het alle hervormings heftig teengestaan en wou die bestaande politieke orde behou. Die verkrampes wou Afrikaner eksklusiwiteit beklemtoon en het apartheid as strategie beskou om blanke oorlewing te verseker. Beide die verligtes en verkrampes het Afrikaner oorheersing as belangrik beskou. Die verwydering en stryd tussen hulle het die klasdifferensiasie tussen die verligtes en verkrampes beklemtoon. Die verligtes was meer geletterd en welgestel wat hulle dus minder afhanklik van die staat as die verkrampes gemaak het. Die verligtes het hulleself nie net as Afrikaners beskou nie, maar ook as deel van die blanke groep en daarom het hulle aanvaar dat die staat stadig maar seker veelrassig sou word wat ook Engelssprekendes en later ook anderskleuriges sou kon insluit. Die verkrampes het die staat as 'n Afrikanerstaat gesien en apartheid as die beliggaming daarvan.⁵⁵

Die verligtes het samewerking en saambestaan voorgestaan en daarom Vorster se “uitwaartse beleid” en hervormings ondersteun. Die beleid het die spanning tussen die verligtes en verkrampes verhoog.

54 D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, pp. 94 & 167.

55 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 549.

Dit was juis Vorster se hervormings op sportgebied wat die stryd tussen die verligtes en verkrampes op die spits gedryf het en tot 'n skeuring in die NP gelei het. Die meer ekstreme verkrampes het hulle eie party, die Herstigte Nasionale Party (HNP), in 1969 gestig. Dit was die eerste verkrummeling in Afrikanereenheid sedert 1948. Die skeuring was nie dramaties nie, want die NP kon daarin slaag om nie groot getalle aan die HNP af te staan nie.⁵⁶ Die oorblywende, meer gemagtigde, verkrampes in die NP, soos Piet Meyer (voorsitter van die AB, 1962-1972) en Andries Treurnicht (adjunk-Minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, 1976-1978), het voorts regdeur die dekade vir 'n hernude opbou van spanning in die party gesorg. Sodoende is die eenheid in Afrikanergeleedere binne die NP ondermyn. Die NP het voortaan as verdeelde party in die vorm van verligtes versus verkrampes gefunksioneer. Die verkrampes in die NP het enige stappe in die rigting van hervorming skerp teengestaan.⁵⁷ Na die Soweto-onluste debakel (1976) het Vorster se verdediging van Treurnicht verwydering tussen die verligtes en verkrampes in NP-geleedere vergroot. Die verligtes het die NP daarvan beskuldig dat hy wydsbeen loop deur beide aksente van verlig en verkramp te verdra. Die uitgesprokenheid van die verligtes in die kabinet het die spanning verhoog. Die verligtes moes ook telkens die vernederende beledigings van verkrampes sluk weens Vorster se politieke rigtingloosheid.⁵⁸

Weens die politieke en ekonomiese toestande in die land gedurende die laat sestigerjare van die twintigste eeu, het apartheid as ideologie en die beleid van afsonderlike ontwikkeling sy houvas op veral die verligte Afrikanernasionaliste verloor. Dit was ook die rede vir die verminderde invloed van die AB as beleidmaker en as politieke kanaal vir die regering. Piet Meyer, AB-voorsitter, was heeltemal uit voeling met verloop van sake, naamlik dat daar weens die uitbreiding van Afrikaanse ekonomiese mag 'n toenemende gemeenskaplikheid onder die Afrikaans- en Engelssprekende entrepreneurs en besighede ontstaan het. Daar was ook 'n geleidelike toename in die Vorster-regering se geneentheid teenoor Engelssprekendes en hulle besigheidsbelange. Vorster was ten gunste van blanke eenheid geskoei op 'n beleid van versoening tussen die Engels- en die Afrikaanssprekendes in die land. Meyer was op daardie stadium, ten spyte van die houdingsveranderinge, 'n voorstander van 'n blanke homogene gemeenskap wat moontlik gemaak moes word deur die verafrikaansing van die Engelsprekendes. Die ideologiese konflik in die AB en Meyer se wanopvattinge het bygedra tot die geleidelike fragmentasie van die AB. Die AB sou voortaan gebuk gaan onder verdeeldheid weens lede wat óf die behoudende

56 J.A. du Pisani, B.J. Voster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat lei tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 9(2), 1984, pp. 35-74; J. van Rooyen, *Hard Right. The new white power in South Africa*, p. 15; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 556.

57 J. van Rooyen, *Hard Right. The new white power in South Africa*, pp. 19-22.

58 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, pp. 121-125.

óf die verligte politiek ondersteun het. Die voorsitters van die AB het die wig laat swaai. Piet Meyer se behoudende politieke siening is deur A.P. Treurnicht, wat hom as voorsitter (1972-1974) opgevolg het, voortgesit. Sedert 1974 het die AB grootliks die verligte politiek gesteun en gepropageer weens verligte voorsitters soos Gerrit Viljoen (1974-1980) en Pieter de Lange (1983-1993). Die Vorster- en Botha-regerings het gevolglik die AB ingespan om hulle magsbasis te verbreed en om aanvaarding by die Afrikaners vir hervorming van die apartheidsbeleid te verkry.⁵⁹

Met die verkiesing van P.W. Botha (Eerste Minister 1978-1984 en Staatspresident, 1984-1989) het die verligte faksie in die NP stukrag beleef. Botha het die oortuiginge van die verligtes gedeel, naamlik dat apartheid aangepas moes word weens die veranderde omstandighede in die land. Beide was van mening dat blanke oorlewing slegs deur blanke oorheersing verseker kon word. Op daardie stadium het die NP reeds as eksklusiewe blanke Afrikanerparty ophou bestaan deurdat meer en meer Engelssprekendes sedert die laat sestigerjare aangemoedig is om by die party aan te sluit.⁶⁰

Die verligtes het aangedring op medeseggenkap in die regering en het daarom die instelling van die driekamerparlement as eerste daadwerklike konstitusionele verandering en as 'n poging tot magsdeling verwelkom.⁶¹

Met die term *magsdeling* word in dié studie bedoel dat die mag binne die grense van een land gedeel sou word met ander groepe wat dit nie tevore gehad het nie. Die groepe kry dus medeseggenkap en medeverantwoordelikheid in die sentrale regering.⁶² Binne historiese konteks was die instelling van die driekamerparlement in die vroeë tagtigerjare van die twintigste eeu die eerste poging tot *magsdeling* deur die NP gewees, wat as 'n beperkte *magsdeling* beskou kon word. Dit was geskoei op die beginsel van outonomie oor eie sake en gesamentlike besluitneming oor gemeenskaplike sake. Met die insluiting van die ander groepe by die blankes is slegs die kleurlinge en Indiërs bedoel. Vanaf die vroeë negentigerjare van die twintigste eeu het *magsdeling* die swartes ook ingesluit as een van die groepe en het *magsdeling* ook die beskerming van groepsregte ten doel gehad.

59 H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, p. 92; H. Giliomee, The leader and the citizenry, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, pp. 111-112 & 121 & 124; L. Pretorius, The head of government and organised business, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 215.

60 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 117 & 119.

61 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, pp. 14 & 125.

62 *Beeld*, 1982-03-15 (Mag deel en verdeel), p. 7.

Die afwyking van tradisionele regeringsbeleid het dramatiese gevolge vir Suid-Afrika ingehou. Dit was die direkte oorsaak van die diepste en mees betekenisvolle skeuring in Afrikanereenheid sedert 1948. Die binnebotsing tussen die verligtes en verkrampes het ryp geword. Die verligte Afrikaners het op 'n skeuring en uitdrywing aangedring. Die verkrampes, wat Botha se beleidskoers betwyfel het, het hulle eie party, die Konserwatiewe Party (KP), in 1982 onder leiding van Treurnicht gestig.⁶³

Vir die doel van die studie is dit belangrik om daarop te wys dat die terme *verkramp* en *verkrampes* sedert die 1982-Afrikanerskeuring in die omgangstaal uitgediend geraak het en met die terme *konserwatief* en *konserwatiewes* vervang is.⁶⁴

Die nuwe grondwet was ook die direkte oorsaak van die uitbreek van uitgebreide nasionale swart opstand. Dit het aanleiding gegee het tot verdere ondersteuning van die verligtes se oortuiging dat snelle politieke verandering noodsaaklik was. Teen die einde van 1986 het politieke sentimente binne die verligte NP-kring, weens ekonomiese regressie en die verslegtende veiligheidsituasie in die land, sodanig verander dat die NP-kabinetslede in drie groepe verdeel is. Die eerste groep wat die konserwatiewes verteenwoordig het, het as die “nuwe-konserwatiewes” of die anti-reformiste bekend gestaan. Die groep het nie groot steun in die kabinet geniet nie. Die middelgroep, wat nou die breë hoofstroom van die NP gevorm het en wat voorheen as die verligtes bestempel is, het ook as die reformiste bekend gestaan. Die derde groep, wat sowat 22% van die NP-kabinet gevorm het, was bekend as die “nuwe nattes” en die ultra-reformiste.⁶⁵

Vir die doeleindes van dié studie is dit belangrik om die terme *nuwe nasionaliste*, ook bekend as die *ultra-reformiste*, teenoor die *anti-reformiste* of *nuwe konserwatiewes* wat in die tagtigerjare van die twintigste eeu in die NP kop uitgesteek het, te verstaan. Eersgenoemde groep het 'n houding van snelle politieke verandering wat hervorming van partybeleid ingesluit het, geopenbaar, terwyl laasgenoemde groep weerstand teen verandering gebied het.⁶⁶

F.W. de Klerk (President van Suid-Afrika, 1989-1994) het in die beginjare van sy bewind in die breër

63 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, pp. 14 & 125.

64 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 24.

65 G.H.L. le May, *The Afrikaners. An historical interpretation*, pp. 243-244; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 147; *The Sunday Star*, 1986-04-13 (If Nats do have nine lives have they used eight?), p. 17.

66 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n Historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 24.

hoofstroom van die NP as verligte of reformis gefunksioneer. Hy was egter 'n pragmaties en het weens druk, as gevolg van nasionale en internasionale omstandighede, meer na die linkse groep in die NP geneig. Dit het 'n ideologiese samesmelting van die verligtes of reformiste en “nuwe nattes” meegebring. Die groep het voortaan met die doelstellings van die “nuwe nattes” as die “verligtes” bekend gestaan. Die verligtes het onder dryfkrag van F.W. de Klerk met hulle hervormingsinisiatiewe voortbeweeg.⁶⁷ Die NP is in 1990 tot 'n nie-rassige party omvorm. Op 2 Februarie 1990 het F.W. de Klerk met die opening van die parlement Suid-Afrika onherroeplik op die pad van hervorming geplaas. Opspraakwekkende aankondigings, soos die vrylating van Nelson Mandela, is gemaak. Dit het skokgolwe en verrassings nasionaal en internasionaal veroorsaak. Daar is dadelik met voorbereidings begin om die proses van grondwetlike demokratiese onderhandelinge met die African National Congress (ANC) aan die gang te kry. De Klerk en die verligtes het daarin geslaag om die meerderheid Afrikanersteun vir hulle onderhandelinge te wen. Gedurende die 1992-referendum is Afrikanervrese met die belofte van magsdeling – en nie swart magsoorname nie – besweer. De Klerk het die Afrikaners gerusgestel dat die nuwe grondwetlike demokratiese politieke bedeling die beskerming van minderhede, d.w.s. die beskerming van groepsregte, sou insluit.⁶⁸

Deur die inisiatief en heelwat werk agter die skerms deur De Klerk en die verligtes het die formele onderhandelinge met die stigting van die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika, bekend as KODESA 1, in Desember 1991 en KODESA 2 op 15 Mei 1992 in aanvang geneem. Die onderhandelinge het uitgeloop op die aanneming van die oorgangsgrondwet en 'n meerderheidsregering met die ANC as die regeerders van die nuwe demokratiese Suid-Afrika.⁶⁹

Hoewel die verligte stryd sedert die sestigerjare van die twintigste eeu hoofsaaklik deur die politici gevoer is, is die verligte intellektueles deur die politici gebruik om agter die skerms samesprekings met die ANC te voer. Die politici het hulle ook gebruik as meningsvormers om die Afrikaners se denke te beïnvloed deur die propagering van verligte politiek. Die verligte intelligentsia was onder andere Willie Esterhuyse, Sampie Terreblanche (beide akademici aan die Universiteit van Stellenbosch), Willem de Klerk (akademikus aan die Universiteit van Potchefstroom en later die redakteur van *Die Transvaler* en *Rapport*) en Gerrit Viljoen (voor hy die politiek betree het, was hy rektor aan die Randse Afrikaanse Universiteit). Die AB het sedert 1974 deel van die verligte beweging gevorm. Dit het veral later as

67 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 227.

68 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 180-184; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, p. 525.

69 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 192 & 252 & 274.

dryfkrag gedien om die Afrikaners tot aanvaarding van die De Klerk-regering se politieke hervormings te oortuig.⁷⁰

Dié verligte denkpatroon, om die klem van apartheid na samewerking en saambestaan te verskuif, is stap vir stap uitgebou en kan as 'n besliste progressielyn waargeneem word. Die medeverantwoordelikheid van alle groepe is met die 1983-grondwet gepropageer. Om die proses moontlik te maak, het die verligtes die konsepte bevorder en die NP-regering beweeg tot medebesluitneming, tot medesegenskap, tot magsdeling, tot demokrasie wat die meerderheidsbeginsel erken en beskerming van minderhede geëis het.⁷¹

Die invloed van die verligte beweging op die verloop van die Suid-Afrikaanse politiek was dinamies en dramaties gewees. Aanvanklik het die verligtes in die NP die Afrikaners geleidelik ryp gemaak vir hervormings en was hulle hoofsaaklik die wegbereiders vir die wegbeweeg van apartheid na samewerking en saambestaan.⁷² Dit was eers teen die laat tagtigerjare van die twintigste eeu dat hulle rol verander het tot dié van primêre dryfkrag en besluitnemers van die nuwe politieke rigting. Die beweging het hulle rieme styfgeloopt met die onderhandelinge, omdat hulle ongestruktueerd, sonder strategie en uitgestippelde riglyne te werk gegaan het. Dit het meegebring dat hulle onder druk politieke beheer verloor het en moes toegee aan swart meerderheidsoorheersing. Die gevolg was 'n politieke bedeling sonder die waarborge van minderheids- of groepsregte, terwyl magsdeling De Klerk se uitsluitlike doel was.⁷³

Gedurende die tydperk van 1949 tot in die laat tagtigerjare van die twintigste eeu was dit kenmerkend van die verligtes gewees dat hulle in elke nuwe tree vooruit op die hervormingspad die gerusstelling gegee het dat die nuwe politieke sieninge en optredes nog in die raamwerk van die oue ingepas het. Daarna het hulle eers groot spronge geneem toe die aanvaarding van 'n onafwendbare swart meerderheidsregering sonder noodwendige rampspoedigheid posgevat het.⁷⁴

Ten einde die rol van die verligtes in die politieke omstandighede waarin die Afrikaners hulle sedert 1994 bevind het, binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks vas te stel, is verskeie bronne bestudeer. Die

70 C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes*, p. 13.

71 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 131.

72 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 118.

73 Z.B. du Toit, *Die nuwe toekoms. 'n Perspektief op die Afrikaner by die eeuwisseling*, p. 83.

74 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, pp. 128-129.

bronne oor die breë spektrum van die Afrikaners se politieke posisie in Suid-Afrika gedurende die tydperk onder bespreking is omvangryk en grotendeels onuitputlik. In die lig hiervan en met die beperkte omvang van hierdie studie in gedagte, is gepoog om deur verantwoordelike seleksie die mees gesaghebbende bronne te raadpleeg. Vanselfsprekend sal leemtes in hierdie seleksie voorkom en daarom word dié miniverhandeling as 'n studie en nie dié studie oor die onderwerp beskou.

Die mees waardevolle, gesaghebbende en verklarende sekondêre bron oor die algemene gekiedenis van die Afrikaners is in die eerste plek die uitstaande werk van Giliomee⁷⁵. In sy poging om blanke Afrikanerhelde te identifiseer, het hy wel na die rol van die verligtes verwys. Sy fokuspunt was eerder om etniese oorlewing, d.w.s groepsidentiteit, as die belangrikste rede vir Afrikaneroorheersing uit te wys, terwyl ander aspekte soos ras, klas, nasionalisme, godsdiens en ekonomiese welvaart 'n belangrike bydraende rol gespeel het. Kenney⁷⁶ beklemtoon op sy beurt nasionalisme as dryfveer vir Afrikaneroorheersing. Dié bron, asook die werk van Liebenberg en Spies⁷⁷ dek nie die volle tydperk van dié studie nie.

Die noue verbintenis tussen die apartheidsideologie en Afrikanernasionalisme, wat deurentyd die fondament vir die verligtes gevorm het, is duidelik en logies in die werk van Giliomee en Adam uiteengesit.⁷⁸

Die werke van Mouton⁷⁹ verdien vermelding weens sy navorsing oor Cillié en Pienaar waaruit inligting verkry kon word oor geskiltipunte wat die andersdenkende Afrikaners in die NP met die apartheidsideologie ondervind het. Waardevolle inligting in dié verband is ook verkry uit die werke van Du Toit, Louw, Pienaar en Steyn.⁸⁰

Giliomee, Du Bruyn, Müller, Munro, Mouton, Le May, Sparks, Slabbert, Van Rooyen en Wessels se werke, waaruit inligting oor die ontstaan van die verligtes en hulle toenemende rol in die politiek tot aan

75 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people* (Cape Town, 2003) en die Afrikaanse vertaling *Die Afrikaners. 'n Biografie* (Kaapstad, 2004).

76 H. Kenney, *Power, pride and prejudice* (Cape Town, 1991).

77 B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century* (Pretoria, 1993).

78 H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms* (Stellenbosch, 1981).

79 F.A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid (*Historia* 45(1), May 2000); F.A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar* (Kaapstad, 2002).

80 A. du Toit, *Die sondes van die vaders* (Kaapstad, 1983); Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 4 van E.H. Louw, lêers 99 & 156, 1955; S. Pienaar, *Getuie van groot tye* (Kaapstad, 1979); J.C. Steyn, *Penvegter. Piet Cillié van Die Burger* (Kaapstad, 2002).

die einde van P.W. Botha se regeringstyd verkry is, is met vrug gebruik.⁸¹

Om die rol van die verligtes in die politieke ontmagtiging van die Afrikaners van 1989 to 1994 te verklaar, was die werke van Chhaba, Du Toit, F.W. en W.A. de Klerk, Sparks, Slabbert, en Waldmeir van groot nut.⁸²

Teen die agtergrond van die navorsing wat reeds oor Afrikanerpolitiek in Suid-Afrika gedoen is, is dit noodsaaklik om die doel, plek en relevansie van hierdie studie te verantwoord. In hierdie studie word die politieke posisie en ontwikkeling van die Afrikaners belig deur op die rol en invloed van die verligte Afrikaners in die NP en die gevolge van hulle optrede gedurende die tydperk 1966-1994 te fokus. Die verligte beweging, wat binne die nasionale *establishment* versigtig kritiek teenoor beleidsformulering en beleidstoepassing geopper het en tot beleidsomvorming en uiteindelik tot die politieke ontmagtiging van die Afrikaners gelei het, sal in diepte bespreek word. In die bestudering van 'n wye verskeidenheid sekondêre bronne, sommige hierbo genoem, is gevind dat 'n volledige uiteensetting van die rol van die verligtes in Afrikanerpolitiek grootliks ontbreek. Die verskillende aspekte van die verligtes se rol in Afrikanerpolitiek – die andersdenkendes as voorlopers, hulle rol in Afrikanernasionalisme, die opkoms van die verligtes en hulle toenemende rol in die politiek, die verligtes in beheer van die Afrikanerpolitiek, en hulle rol in die ontmagtiging van die Afrikaners – word nie in een van die bronne in diepte behandel nie. Hierdie miniverhandeling vul dus 'n geïdentifiseerde leemte aan 'n verwysings- en naslaanbron en daarom kan hierdie navorsing as relevant en toepaslik beskou word.

Die relevansie van navorsing oor die rol van die verligtes blyk verder duidelik wanneer die Afrikaners se politieke posisie aan die einde van die twintigste eeu in oënskou geneem word. Afrikaners verteenwoordig een van die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Die groep het na 1994 politieke

81 H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building* (Cape Town, 1993); H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994); A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993); W.A. Munro, Revisiting tradition, reconstructing identity? Afrikaner nationalism and political transition in South Africa (*Politikon* 22(2), Desember 1995); F.A. Mouton, P.W. Botha – Reformer or 'Groot Krokodil'? (*Kleio* XXVIII, 1996); G.H.L. le May, *The Afrikaners. An historical interpretation* (London, 1995); A.H. Sparks, *The mind of South Africa* (London, 1990); F. van Zyl Slabbert, *The last white parliament* (Cape Town, 1985); J. van Rooyen, *Hard Right. The new white power in South Africa* (London, 1994); L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner* (Kaapstad, 1994).

82 H.S. Chhaba, *New South Africa. Problems of democratic transition* (New Delhi, 1994); P. du Toit, *South Africa's brittle peace. The problem of post-settlement violence* (New York, 2001); F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin* (Kaapstad, 1998); W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd* (Kaapstad, 1991); A. Sparks, *Tomorrow is another country. The inside story of South Africa's negotiated revolution* (Cape Town, 1994); F. van Zyl Slabbert, *The last white parliament* (Johannesburg, 1985); P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa* (New York, 1997).

verwarring beleef. Sodra een van die bevolkingsgroepe van 'n land nie behoorlike politieke verteenwoordiging en invloed beleef nie, ontstaan daar 'n politieke wanbalans in die land met negatiewe ekonomiese, sosiale en internasionale gevolge. Vir die groep om weer sy staanplek in die politiek te vind, is dit belangrik om te weet waarom hy homself in dié posisie bevind. Die studie is dus 'n poging om 'n moontlike verduideliking en perspektief vir die Afrikaners se politieke posisie na 1994 te verskaf.

Die afbakening van die studieterrrein, naamlik 1966-1994, moet ook verantwoord word. Die verligtes se ontstaan en funksionering in die tydperk van 1966 tot 1994 het nie toevallig saamgeval met dramatiese en dinamiese veranderinge in die politiek van Suid-Afrika nie. In die lig hiervan kan die afleiding gemaak word dat 'n nuwe historiese-politieke fase in 1966 'n aanvang geneem het as direkte uitvloeisel van die optrede van verligtes. Die verligtes se invloed, onderhandelings en besluite gedurende dié tydperk was verantwoordelik vir die aard en omvang van die demokratiese politieke bestel wat sedert 1994 in Suid-Afrika geld, naamlik 'n swart meerderheidsregering sonder waarborge vir minderheidsgroepe.

Die bestaande leemte in die navorsing oor die rol van die verligte Afrikanerbeweging in die Suid-Afrikaanse politiek word deur W.A. de Klerk beklemtoon. Hy beskou dit as 'n geregverdigde terrein vir uitgebreide historiese studie, omdat dit 'n kontinue krag vorm, wat stap vir stap binne oorsaak en gevolg ontplooi het.⁸³

Alhoewel die studie nie 'n vergelykende studie is nie en bloot op die rol van die verligtes in die NP fokus, is daar wel na die behoudende faktor as teenpool verwys, soos geïdentifiseer vanuit die perspektief van die verligte beweging en om vernuwing as kontrasterende optrede aan te dui.⁸⁴

In die aanbieding van die ingesamelde bronnemateriaal is gepoog om historiese gebeure nie net deur die opeenstapeling van feite in beskrywende vorm weer te gee nie, maar om historiese feite en hulle betekenis krities te analiseer en te interpreteer. Die uitgangspunt was om in die ontleding van die verlede die eiesoortige aard van geskiedenis van die spesifieke tydperk in ag te neem. Daar is gepoog om gebeure binne die spesifieke historiese agtergrond, tyd en plek te vertolk.⁸⁵

Hoewel chronologie die onderbou vorm in die analise van die studie as werkswyse, is dit gebalanseer

83 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 118.

84 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 118.

85 A. Marwick, *The nature of history*, pp. 146-151.

deur die spesifieke tema van die studie voor oë te hou en historiese ontwikkeling aan te dui.⁸⁶ Chronologie is dus soos volg aangewend met die doel om politieke ontwikkeling en verandering van die verligte denkpatroon uit te beeld wat tot omvorming van die NP-beleid gelei het. In die vroeër vyftigerjare het apartheid rassisme en diskriminasie geïmpliseer. Dit het die verligte denkstroom gestimuleer om op die vryheid van swartes aan te dring, omdat vryheid ook vroeër deel van die Afrikanerstryd was. Dit het uitgekristalliseer in die verligte denke van aparte ontwikkeling en saambestaan. Verwoerd het dié denke omskep tot tuislandbeleid. Apartheid het sodoende gedurende die sestigerjare 'n positiewer inslag gekry en die klem was nie meer op rasse nie, maar op volke. Die swartes is nie meer as een ras bestempel nie, maar daar is van verskillende etniese volke of groepe gepraat. Met die Vorster-era het die verligte denkpatroon, weens ekonomiese en politieke omstandighede, samewerking en die oopstelling van geriewe beklemtoon wat in Vorster se “uitwaartse beleid” en hervormings van “klein apartheid” uitgekristalliseer het. Vanaf die sewentigerjare het die verligte denkpatroon ontwikkel tot medesegeenskap. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die konsep magsdeling, wat blanke politieke heerskappy binne 'n veelrassige samelewing ingesluit het. Botha het die denkpatroon tot NP-beleid omvorm deur die instelling van die driekamerparlement en gepaardgaande hervormings. Tuislande is gesien as etniese substate van die konfederasie van Suid-Afrika met 'n algemene burgerskap en geïntegreerde ekonomie. In die laat tagtigerjare het die “nuwe nattes” die denke van 'n swart meerderheidsregering as aanvaarbaar voorgestel. Hulle het De Klerk en die verligtes se denkpatroon in die vroeër negentigerjare beïnvloed tot aanvaarding van 'n demokratiese politieke bestel waarin die meerderheidsbeginsel erken sou word en minderhede beskerm sou word. Dié groep verligtes het Suid-Afrika as 'n federasie voorgestel. Die verligtes se denkpatroon het nie in die nuwe grondwetlike demokratiese politieke bestel gerealiseer nie. Suid-Afrika is van 1994 omskep tot 'n nie-rassige eenheidstaat met 'n swart meerderheidsregering, sonder magsdeling en beskerming van minderhede en gevolglik die totale politieke ontmagtiging van Afrikaners.⁸⁷

Die verligtes was vurige nasionaliste en het daarom binne die NP gebly, wat noodwendig verandering en ontwikkelinge nie net in die NP-beleid soos in die vorige paragraaf beskryf is nie, maar ook in leierskap en sy samestelling tot gevolg gehad het. Die NP-leierskap was deurgaans verskeurd tussen hulle verbintenis tot apartheid as 'n doel opsigself of apartheid as 'n metode om in beheer te bly. Van 1948 tot 1966 was die NP 'n Afrikanerbeweging wat streng gewaak het teen die ondermyning van die

86 A. Marwick, *The nature of history*, pp. 144-145.

87 H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, pp. 89-95; W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 131.

gesag van die Afrikanerleier en die party. Van 1966 tot 1989 het Vorster en Botha hulleself as Afrikanerleiers getransformeer tot leiers van die blankes in die algemeen. De Klerk het van 1989 homself as leier van alle minderhede in Suid-Afrika geprojekteer. Die NP was sedert 1966 nie meer verteenwoordigend van alle Afrikaners se belange nie, maar het hom grootliks op die professionele en besigheidsmense toegespits. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die NP aan die einde van 1966 reeds as eksklusiewe blanke Afrikanerparty ophou bestaan het weens die aanmoediging van Engelsprekendes om by die party aan te sluit en in 1990 is dit tot 'n nie-rassige party omvorm.⁸⁸

Die eietydse aard van die onderwerp het hom daartoe geleen om persoonlike onderhoude en privaatversamelings as primêre bronne te gebruik. Persoonlike onderhoude is met die voormalige verligte politikus, Roelf Meyer, en met 'n prokureur wat amnestiesake hanteer, Jan Wagenaar, gevoer. Die onderhoude het nie net as bevestiging van inligting in ander primêre en sekondêre bronne gedien nie, maar het ook lig gewerp op die invloed wat die verskillende verligte politici op die politiek uitgeoefen het. Inligting uit die privaatversamelings van Roelf Meyer, Leon Wessels en E.H. Louw is onder meer benut. Op dié wyse was die studie uiters interessant en kon waardevolle inligting verkry word wat nie elders beskikbaar was nie. Koerante en die internet (veral e-posgespreksgroepe) is ook met vrug gebruik om inligting te bekom vanweë die eietydse aard van die onderwerp.

Omdat die tema van die miniverhandeling 'n omstrede en eietydse politieke vraagstuk behandel ná 'n betreklike kort tydverloop, kan die nodige tydsperspektief moontlik ontbreek. In die lig hiervan is die miniverhandeling nie die finale woord oor die tema nie, maar 'n perspektief om die redes vir die Afrikaners se politieke ontmagtiging vas te stel en te verduidelik.

88 H. Giliomee, The leader and the citizenry, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, pp. 103 & 105.

I DIE VORSTER-ERA, 1966-1978: TOENEMENDE INVLOED VAN DIE VERLIGTE AFRIKANERS BINNE DIE NASIONALE PARTY

1 Inleiding

Met die verkiesing van B.J. Vorster as die sewende Eerste Minister van Suid-Afrika (1966-1978) het daar 'n nuwe era in die geskiedenis van die Afrikaners aangebreek. Dat daar vernuwing op pad was, was alreeds in sy eerste radioboodskap aan die volk duidelik gewees. Sy verklaring dat die regering alles sou doen om die veiligheid van die Staat te verseker en dat hy in afsonderlike ontwikkeling glo, was nie nuut nie. Wat wel nuut was, was dat hy bekend gemaak het dat hy in die eenheid van Engels- en Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika en in samewerking met ander lande geglo het.¹ Hiermee het Vorster verbeterde rasseverhoudinge ten doel gehad en om Suid-Afrika se internasionale isolasie te verbreek. Dié klemverskuiwing sou deur hervormings van die apartheidsbeleid onder aansporing van die verligtes teweeggebring word, wat die Afrikaners en ook die ander gemeenskappe in Suid-Afrika ten diepste geraak het.

Vorster het met sy meer gemaklike en minder oorheersende en afsydige houding as dié van sy voorganger, Verwoerd, die klimaat vir oop gesprekke en verandering moontlik gemaak. Anders as Verwoerd, wat die apartheidsideologie as doel in die plek van Afrikanernasionalisme verhef het, het Vorster apartheid slegs as 'n middel tot 'n doel beskou en die doel was die behoud van Afrikaneridentiteit binne 'n blanke soewereine staat. Die houding van Vorster het dit moontlik gemaak dat daar kritiek teen apartheid as ideologie uitgespreek kon word, mits daardie kritiek nie die magposisie van die Afrikaners verswak het nie. Hy het die Afrikaners se historiese reg tot Suid-Afrika beklemtoon. Vorster het nie Afrikaneroorheersing op biologiese en kulturele terme soos Verwoerd geregverdig nie, maar het dit volgens groepse histories gewettig. Hy het die tuislandbeleid as

1 J. D'Oliveira, *Vorster – die mens*, p. 187.

hoeksteen van apartheid beskou en die onafhanklikheidswording van tuislande belangrik geag.²

Vorster se verligte beleidsrigting kan verstaan word as daar in gedagte gehou word dat hy oorspronklik van die Kaap afkomstig was, die verligtes se vesting waar die politieke denke minder konserwatief as in die Noorde was. Sy verligtheid is versterk deur sy politieke mentor P.O. Sauer (voormalige Minister van Bosbou en Openbare werke, 1958-1964), wat gedurende die Verwoerd-era die andersdenkende apartheidsideologie begin volg het. Vorster se vorige posisie as Minister van Justisie (1961-1966), waartydens hy die veiligheidsbedreiging van die land moes bekamp het, het ook bygedra om sy politieke denke te beïnvloed. Hy het 'n meer pragmatiese aanvoeling oor wat belangrik vir die oorlewing van die krimpende blanke minderheid was, ontwikkel. Apartheid was vir hom 'n instrument in diens van die land se veiligheid en sekuriteit gewees.³

Dié politieke denke van Vorster was 'n weerspieëling van die politieke denke van die andersdenkendes gewees. Die andersdenkende Afrikaners was gefrustreerd gewees met Verwoerd se onderdrukkende regeringstyl. Verwoerd het dié groep Afrikaners as sy vyande beskou. Hy was meer simpatiek met die behoudende elemente in die Nasionale Party (NP) en het hulle toegelaat om die andersdenkendes as gevaarlike liberaliste binne die NP uit te kryt. Die andersdenkendes het die verligte beleidsrigting van Vorster verwelkom en aangemoedig. Die andersdenkendes en hulle ideologiese denke het tydens die Vorster-era as “verligtes” politieke beslag in die NP verkry. Vorster se regeringstyl en aanvanklike verligte beleidsrigting, tesame met die politieke, ekonomiese en veiligheidsomstandighede in die land, het die klimaat geskep vir die beslaglegging en toenemende invloed van die verligtes op die Suid-Afrikaanse politiek. Toe Vorster egter ná 1970 sy hervormingsinisiatiewe ter wille van Afrikanereenheid ter syde gestel het, het die verligtes steeds toenemend op die noodsaaklikheid van hervorming aangedring en groot invloed uitgeoefen om die hervormingsproses aan die gang te sit.

2 Die eerste skote in die verlig-verkrampstryd, 1966-1969 en Vorster se reaksie op Afrikanerverdeeldheid

2 H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, pp. 91-92; F.A. van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid*, p. 16; D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 175; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 551.

3 H. Adam, Survival politics: in search of a new ideology, in H. Adam & H. Giliomee, *The rise and crisis of Afrikaner power*, p. 132; J. D'Oliveira, *Vorster – die mens*, p. 140; L. Pretorius, The head of government and organised business, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 121; J.A. du Pisani, B.J. Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: 'n oorsig en evaluering van die verlig-verkrampstryd, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, p. 17.

Selfs nie Verwoerd se onaantasbare regeringstyl van agt jaar kon daarin slaag om die ideologies-veranderde denke van die andersdenkendes te vernietig nie. Die ideologiese verskille wat gedurende Verwoerd se regeringstydperk tussen die behoudende elemente en die andersdenkendes wortel geskiet het, is tydens die Vorster-era voortgesit. Dit het in die vorm van die “verlig-verkrampstryd” die politieke toneel gedurende die laat sestigerjare oorheers. Die terme “verlig” en “verkramp” het politieke beslag gekry op 6 Oktober 1966 tydens ’n SABRA-jeugkongres toe Willem de Klerk, destydse rektor van die Universiteit van Potchefstroom, na die opkoms van die verskillende groepe Afrikaners in die NP verwys het. Hy het die verkrampes beskryf as Afrikaners wat in die verlede vasgesteek het en alle verandering as vyandig beskou het. Die verligtes is as oppervlakkige radikales beskou wat liberalistiese tendense onder Afrikaners gepropageer het. Die derde groep is as positiewe Afrikaners getipeer wat getrou aan hulle tradisies was en nog steeds by verandering aangepas het. Die media het net op die eerste twee groepe gekonsentreer sodat die laaste term verdwyn het en die positiewe groep Afrikaners ook as die verligtes bekend geword het.⁴ Anders as die andersdenkendes, wat hoofsaaklik as intellektueles invloed uitgeoefen het, was dit belangrik dat die verligtes nou ook as politici hulle invloed regstreeks in die kabinet en op politieke gebied laat geld het.

Die situasie waar behoudendheid voorheen onder Afrikaners ’n positiewe en verligtheid ’n negatiewe betekenis gehad het, het verander. ’n Nuwe, meer verligte geslag Afrikanersakemanne, -skrywers, -joernaliste, -akademici en -politici het geleidelik sedert republiekwording die inisiatief in Afrikanergeledere oorgeneem. Volgens F.A. van Jaarsveld, bekende Afrikanergeskiedskrywer en -akademiër, was die ideologiese verskille ’n simptome van die snelle verstedeliking van die Afrikaners gewees. In die stede was die Afrikaners meer onafhanklik en minder ideologies gebonde gewees. Die republiek was die laaste groot ideaal wat die Afrikaners na 1961 moes bereik het en daar was geen politieke ideaal wat meer as bindingsmag gedien het nie. Afrikaners in die stede was finansiële meer voorspoedig en blootgestel aan kosmopolitiese invloede gewees en het regeringsbeskerming in ’n minder mate nodig gehad. Hulle het nie in die selfbehepte Afrikanerskap van die verkrampes belanggestel nie. Teen die helfte van die sestigerjare van die twintigste eeu het die verligtes die oorhand begin verkry. Die groep Afrikaners het ideale van aparte vryhede en Suid-Afrikaanse nasieskap gekoester. Daarom het hulle Vorster se beleid van eenheid tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes in die land, sy sportbeleid, en laastens sy uitwaartse beleid wat die verbetering van betrekkinge met Afrikastate, Europa en die res van die wêreld ten doel gehad het, verwelkom. Dié uitwaartse beleid het die geleidelike oopstelling van

4 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 208; J.A. du Pisani, B.J. Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: ’n oorsig en evaluering van die verlig-verkrampstryd, *Joernaal vir Eitydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, p. 2.

blanke geriewe tot gevolg gehad wat tot die verslapping van klein apartheid gelei het.⁵

Die verligte beleidsrigting van Vorster en die verslapping van klein apartheid het konflik tussen die verkramptes en verligtes verskerp. Die verkramptes het dit as “verliberalisering” van apartheid beskou wat ’n bedreiging vir Afrikanernasionalisme, die aftakeling van die Afrikanernasie, en die afwatering van wit heerskappy ingehou het.⁶

Broedertwis tussen verligtes en verkramptes in die NP was die oorheersende kenmerk van die Suid-Afrikaanse politieke toneel gedurende die eerste vier jaar van Vorster se bewind gewees. Dit was Schalk Willem Pienaar, redakteur van *Rapport* (1965-1970) en *Beeld* (1974), wat Vorster tydens ’n persoonlike gesprek, kort na sy aanstelling as Eerste Minister, op die ondermynende bedrywighede van die oorwegende verkrampte NP in die Transvaal gewys het. Dié verkramptes was besig om landswyd ondersteuning van besigheidslui, kerke en kultuurorganisasies vir hulle saak te werf. Die verkramptes was versigtig gewees om nie die Eerste Minister of sy beleid regstreeks aan te val nie. Hulle het slim skote op die verligtes afgeskiet en Vorster indirek getref. *Die Burger* en *Beeld* het die verkramptes se kritiek op die verligtes in *Die Vaderland*, *Hoofstad* en *South African Observer* as bedekte kritiek op Vorster se beleid ontmasker.⁷

Die twisgeskryf het in die koerante voortgeduur. Vorster het aanvanklik ’n neutrale posisie in die woelinge binne Afrikanergeledere gehandhaaf en gepoog om die tweedrag in die NP te temper. Hy het, nadat hy oortuig was van die dislojaliteit binne die NP, hom sedert die tweede helfte van 1967 openlik by die verligte groep begin skaar. Tydens ’n toespraak te Koffiefontein het hy die verkramptes se jag op verligtes in Afrikanergeledere afgekeur en die verkrampte S.E.D. Brown, redakteur van die *South African Observer*, juis daarvoor gerepudieer. Vorster was nie seker van die sterkte van die verkramptes in die NP nie en het dit wys geag om hulle op daardie stadium nie verder te vervreem nie. Daarom het Vorster, weens die hewige teenkating van die verkramptes teen sy voorgestelde veelrassige sportbeleid, daarop aangedring dat Basil D’Oliveira, ’n Suid-Afrikaansgebore kleurling wat in die krieketspan van Engeland vir ’n toer na Suid-Afrika in 1968 ingesluit is, uit die Britse span gelaat moes word. Dié besluit van Vorster was vir die verligtes ’n groot teleurstelling. Die verkramptes het voortgegaan met

5 J.A. du Pisani, B.J. Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: ’n oorsig en evaluering van die verlig-verkrampstryd, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, pp. 4 & 10 & 17; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 218.

6 J. van Rooyen, *Hard Right. The new white power in South Africa*, p. 15; J.A. du Pisani, B.J. Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: ’n oorsig en evaluering van die verlig-verkrampstryd, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, pp. 4-6 & 10.

7 S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, pp. 74-75; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: ’n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 92.

hulle veldtog teen hervorming deur twee smeerbriewe teen Vorster se beleid te versprei. Dié insidente het Vorster tot kragtige optrede aangespoor. Nege verkramptes is uit die NP geskop en Albert Hertzog is uit die kabinet ontslaan. In dié proses is die posisie van die verligtes in die kabinet versterk. Vorster het as bewaker teen die aftakeling van die NP en die ondermyning van partyleiding opgetree. Hy het 'n obsessie gehad dat partylede in tye van konflik nie die NP skade moes berokken nie. Dislojaliteit teenoor die NP was 'n onvergeeflike politieke sonde en daarom het Vorster besluit om die verkramptes uit die NP te dwing om die breuk in Afrikanereenheid klein te hou.⁸

Hewige ideologiese konflik tussen die verligtes en verkramptes het oor sake soos samewerking met Engelssprekendes, immigrante, swart diplomate, die buitelandse “uitwaartse” beleid, en die tuislandbeleid gewoed. Die konflik is met Vorster se veelrassige sportbeleid op die spits gedryf, omdat dit inderdaad die enigste hervorming was wat werklik van NP-beginsels⁹ afgewyk het. Vorster het die Afrikaner Broederbond (AB) in Oktober 1968 tot ondersteuning van sy beleid oorgehaal sodat die organisasie later in 1971 vir die formulering van die veelrassige sportbeleid verantwoordelik was. Die AB is ingespan om die verkrampte ondersteuners uit die AB te dryf en sodoende te sorg dat hulle in die NP geïsoleer sou word. Op dié manier is daarin geslaag om die groep se steun te verminder met die doel om die skeuring binne die NP te beperk. Die verkramptes het na hulle skorsing in 1969 hulle eie party, naamlik die Herstigte Nasionale Party (HNP), onder leiding van Albert Hertzog gestig.¹⁰

Met die uitdruwing van die verkramptes uit die AB het Vorster seker gemaak dat die HNP geen politieke bedreiging vir die NP sou inhou nie. Dit was duidelik gewees met die vervroegde algemene verkiesing in 1970 toe die NP 54,86% stemme op hom verenig het teenoor die HNP se 3,59% stemme. Die oorblywende verkramptes in die NP, soos Piet Meyer (voorsitter van die AB, 1962-1972) en Andries Treurnicht (voorsitter van die AB, 1972-1974 en adjunk-Minister van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling, 1976-1978) het die verkrampte politiek binne die NP voortgesit. Geen afwyking van die apartheidsbeleid is verdra nie. Hulle het geteer op Verwoerd se stelling van die sogenaamde “dun-ent-van-die-wig”-argument, naamlik dat een toegewing tot die volgende sou lei wat uiteindelik swart oorheersing tot gevolg sou hê. Die verkramptes in die NP was voorts toenemend vir spanning en

8 J. D'Oliveira, *Vorster – die mens*, p. 218; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 92; S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, pp. 100-102.

9 Artikel 13 van die NP se Program van Beginsels het skeiding in die algemeen tussen blankes en nie-blankes vereis.

10 J.A. du Pisani, B.J. Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: 'n oorsig en evaluering van die verlig-verkramptstryd, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, pp. 20-21 & 26; I. Wilkins & H. Strydom, *The super-Afrikaners inside the Afrikaner Broederbond*, pp. 184-189.

ondermyning in die NP verantwoordelik gewees. Die NP is toenemend deur 'n verkrampte en verligte ideologiese verdeeldheid geteister.¹¹

Vorster se aanvanklike hervormings het dit laat blyk dat hy groter steun en simpatie met die verligte vleuel in die NP gehad het. Tot frustrasie van die verligtes het Vorster in die jare 1970 tot 1974, toe Suid-Afrika politieke stabiliteit beleef het, sy hervormingsinisiatiewe verloor en slegs water getrap. 'n Groot rede hiervoor is dat Vorster 'n vurige voorstaander van Afrikanereenheid was en verdere skeuring van die Afrikanervolkseenheid weens die voorgesette “verlig-verkramptstryd” in die NP-kamp gevrees het. Hy het daarom sy oog op sy kiesersbasis gevestig gehou en nie van die tradisionele NP-beleid afgewyk nie. Sy verduideliking vir die optrede is dat hy nie vinniger kon beweeg as wat sy kiesersbasis bereid was om te beweeg nie. Dit het tot gevolg gehad dat Vorster geen duidelikheid getoon het oor die rigting en doelstelling waarheen die regering beweeg nie, behalwe om die bestaande politieke orde te handhaaf. Vorster het verdragingstaktiek toegepas sodra dit geblyk het dat Afrikanereenheid in gevaar was. Dié houding het verwydering en antagonisme tussen Vorster en die verligtes teweeggebring. Vorster het die verligtes, solank hulle nie buite die lyne van die NP-beleid beweeg het nie, verdra. Hy het geweier dat die verligte R.F. (Pik) Botha (Minister van Buitelandse Sake, 1977-1994) in 1977 'n toespraak in die parlement lewer waarin hy 'n pleidooi vir die opstel van 'n wet oor menseregte vir Suid-Afrika wou rig. Die verligtes het nie 'n samehorige drukgroep gevorm nie en was op daardie stadium die minderheid in die kabinet.¹²

Vorster het sy kabinet soos 'n voorsitter van 'n direksie eerder as 'n dinamiese besturende direkteur bestuur. Volgens dié bestuurstyl kon besluite net op grond van konsensus geneem word wat interne debattering bevorder het en sodoende aan die verligtes die geleentheid gebied het om besware teen apartheid te lig en op verandering aan te dring. Verkramptheid is uitgewys en daar is deurentyd aangedui waar die NP wydsbeen loop om die verligte sowel as die verkrampte aksente binne die NP te verdra. Dié verligte uitgesprokenheid en beskuldigings het baie spanning in die NP tot gevolg gehad. Genoemde beskuldigings is beklemtoon toe Vorster die verkrampte Treurnicht in 1976 in die kabinet

11 J.G. Chandinha, *Magsdeling en magsverdeling. 'n Vergelykende studie van beginselprogramme van blanke politieke partye in Suid-Afrika sedert 1948*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984, pp. 155-162; J. D'Oliveira, *Vorster – die mens*, pp. 225-226; J. van Rooyen, *Hard Right. The new white power in South Africa*, p. 20; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 99.

12 D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 176; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 569; A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 170; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 202.

ingesluit het. Vorster se beweegrede vir die besluit was om skeuring in Afrikanereenheid te verhoed, maar terselfdertyd het die aanstelling tot die verwydering tussen hom en die verligtes bygedra.¹³

Die verligtes het die Soweto-onluste gebruik om die regering se dubbelslagtige beleid uit te wys en die verkrampe bedrywighede in die NP te identifiseer. Die Soweto-onluste het op 16 Junie 1976 uitgebreek toe duisende skoolkinders in opstand teen die besluit van die Departement van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling dat die helfte van die skoolvakke, veral Wiskunde en Wetenskap, in swart skole in Afrikaans onderrig moes word, gekom het. Opstande het na studente en arbeiders dwarsoor die land uitgebrei. Die verligtes het die skuld vir die oorsaak van die Soweto-onluste voor die deur van Treurnicht gelê. Treurnicht het die vooraf bekendmaking van ontvredenheid en waarskuwings deur verskillende swart skoolrade, ouers en skoolkinders, asook dié van Desmond Tutu (Biskop van die Anglikaanse Kerk in Johannesburg), oor die taalbesluit van die Departement van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling geïgnoreer. Die groep verligtes was toe alreeds keelvol vir Treurnicht se traagheid waar hervorming van NP-beleid ter sprake was. Hy was bekend vir sy dubbelslagtige uitspraak in die openbaar met die doel om die verkramptes se saak te benadruk. Treurnicht is belaglik gemaak in 'n spotprent in *Die Transvaler* van 19 November 1976 waarin hy agterstevoor op 'n perd sit met die stert in sy hand. Dit het groot beroering in regeringskringe veroorsaak en Vorster, wat Afrikanerskeuring ten alle koste wou verhoed, het verantwoordings van Willem de Klerk, toe redakteur van *Die Transvaler*, vir dié optrede geëis. Willem de Klerk het dié optrede verduidelik deur die uitwysing van Treurnicht se verkrampte stellings in koerante wat die beleid van die regering oor sake soos die oopstelling van sport, teaters, kerke, hotelle en openbare geriewe verdag gemaak en ondermyn het. Vorster se reaksie op die debakel, naamlik dat Treurnicht se uitspraak met die NP-beleid gestrook het en dat hy sy goeie trou aanvaar, het die verwydering tussen hom en die verligtes vergroot.¹⁴

3 Die aard en samestelling van die verligtes in die Nasionale Party sedert 1970

Die verligtes het in die sewentigerjare van die twintigste eeu substansiële groei getoon weens die opkoms van 'n nuwe geslag Afrikaners wat meer geleerd en ekonomies vooruitstrewend was. Dié groep het deel

13 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 202; W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 120.

14 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 116; W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 124; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 462-463; D. Richard, *Moedswillige die uwe. Perspersoonlikhede in die noorde*, pp. 164-165.

van die Afrikanermiddelklas wat oorwegend kapitalisties en intellektueel was, uitgemaak. Hulle het uit politici, besigheidslui, akademici en joernaliste bestaan.¹⁵

Die opkoms van die verligtes was simptome van die groeiende diversiteit van die Afrikanerdom, wat gegrond was op materiële en ideologiese verskille en dus meer as 'n blote interne klasdifferensiasie omvat het. Die Afrikanerklassestruktuur het van 'n relatiewe homogene groep in 'n groter heterogene groep verander. Die tradisionele lede van die NP, naamlik die boere en die “bloukraag”- arbeiders, se invloed op die nasionalistiese politici het afgeneem, terwyl 'n nuwe professionele klas Afrikanerakademici en -besigheidslui, naamlik die “witkraag”- arbeiders, wat materieel en ekonomies meer vooruitstrewend was, 'n prominente posisie in die NP begin beklee het. Die laaste groep het oorwegend die verligtes verteenwoordig. Die verligte groep se materiële en ideologiese oortuiging het Engelsprekendes aangetrek en meer Engelsprekendes het hulle by die NP gevoeg. Dié Afrikanerklassestruktuurverandering het gedurende die vroeë sewentigerjare van die twintigste eeu tot 'n koersverandering in die NP-beleid, bekend as neo-apartheid, aanleiding gegee. Vir Henry Kenney, akademikus aan die Universiteit van die Witwatersrand, was die kern van neo-apartheid, die najaging van ekonomiese groei binne die raamwerk van blanke beheer wat vir blanke oorlewing belangrik was. Dié siening is eensydig en laat belangrike redes vir die opkoms van die verligtes buite rekening, soos toenemende internasionale isolasie, groeiende swart onrus, die besef dat apartheid misluk het, dat apartheid nie meer moreel regverdigbaar was nie, en dat swartes, Indiërs en kleurlinge binne die blanke politieke bestel geakkommodeer moes word. Blanke beheer was wel vir die groep verligtes belangrik gewees, omdat dit vir hulle noodsaaklik vir blanke oorlewing was.¹⁶

Die ekonomies-vooruitstrewende Afrikaners het die verligte politieke ideologie meer aanneemlik gevind. Met die instelling van die apartheidsbeleid was die meerderheid Afrikaners onsekere “bloukraag”- arbeiders en marginale of sukkelende boere, wat afhanklik van die staat was om hulle lewensstandaard en bevoorregting in stand te hou. Teen die helfte van die sewentigerjare van die twintigste eeu het ten minste 70% Afrikaners tot die gevestigde relatiewe veilige middelklasgroep of tot die “witkraag”-klas behoort. Dié Afrikaners, anders as hulle voorgeslagte, was meer gevestig in en verseker van hulle identiteit gewees. Hulle het hulleself as 'n politieke heersersklas met gevestigde belange, wat veral beheer oor die staat gehad het, beskou. Apartheid as ideologie het sy houvas op hulle verloor en het nie

15 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 580.

16 D. Welsh, *The executive and the African population: 1948 to the present*, in R. Schrire, *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 167; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, pp. 269-271.

meer vir hulle as 'n regverdiging vir die politieke stelsel gedien nie. Hulle kon nie meer die feit ontken dat die beleid op blanke mag, bevoorregting en welvaart neergekom het nie. Daar was vir hulle geen regverdiging vir die weerhouding van politieke regte aan swartes in die sogenaamde blanke Suid-Afrika nie. Die verligte Afrikanermiddelklas het dit toenemend moeiliker gevind om hulleself met die blatante rassisme en diskriminasie van apartheid aan die een kant en hulle nuwe professionele normes en waardes aan die ander kant, te vereenselwig. Hulle het hulleself as een van die verskeie volke van Suid-Afrika gesien. Eerder as om die NP te verlaat, het die verligte Afrikanermiddelklas op 'n minder blatante vorm van apartheid by die regering aangedring.¹⁷

'n Groep aggressiewe, onafhanklike Afrikanerkapitaliste, wat ook die verligte politieke ideologie verkies het, het in die kommersiële en finansiële sektore navore getree. Groot Afrikanerbesigheidsgroepe, soos Sanlam en Rembrandt, het magtige posisies in die koöperatiewe wêreld begin beklee. Vir dié groepe was die doeltreffendheid van ekonomiese groei en deelname aan die internasionale ekonomie belangriker as hulle nasionale identiteit. Sommige van hulle het die monolitiese groepsidentiteit met minder entoesiasme beskou en vir hulle het Afrikanervryheid, -soewereiniteit en -tradisies nie meer so swaar geweeë nie. Vir beide die nuwe Afrikanermiddelklas en -besigheidslui het die gedagte en karakter van die ou volksbeweging nie meer gewig gedra nie. Dié Afrikanerbesigheidslui het dus betrokke geraak by die verligte Afrikaners se pogings om 'n groter mate van vryheid en sosiale regverdiging in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel teweeg te bring.¹⁸

4 Politieke, ekonomiese en veiligheidsomstandighede wat tot versterking van die verligtes se oortuiging lei en hulle invloed verstewig

Al het die verligtes ander idees as die regering oor sekere aspekte rakende die toepassing van groot apartheid, met ander woorde die tuislandbeleid, gehuldig, het hulle dié beleid ondersteun. Hulle was egter bewus van die toename in stedelike swartes en die gepaardgaande gevaar wat dit vir die blankes ingehou het. Daarom het hulle druk op die regering uitgeoefen vir die oopstelling van openbare geriewe en op beter behandeling van swartes aangedring. Die verligtes se waarskuwings het nie die uitbreek van die Soweto-onluste verhoed nie. Die Soweto-onluste, sy nadraai, en die gepaardgaande verslegtende

17 H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, p. 120; H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, pp. 91-92.

18 W.A. Munro, Revisiting tradition, reconstructing identity? Afrikanernationalism and political transition in South Africa, *Politikon* 2(22), December 1995, p. 11.

nasionale en internasionale veiligheidsituasie het tot versterking van die verligtes se oortuiginge gelei dat die apartheidsbeleid aangepas moes word.

Verligtes het die oopstelling van geriewe deur middel van openbare debatvoering, wat dan veral in koerante gereflekteer is, gepropageer. Hulle het sterk uitsprake teen rassediskriminasie gemaak en dit as onverdedigbaar voor God gesien. Klein apartheid het volgens die verligtes die edele ideale van aparte vryhede binne groot apartheid ondermyn. Hulle het die regering onder druk geplaas om hervormings uit te voer. Swart diplomate van Afrika en van die tuislande is toegelaat om in blanke woongebiede te woon en openbare fasiliteite, soos swembaddens en teaters, te gebruik. Die instelling van internasionale hotelle en restaurante het die oopstelling van fasiliteite vir swartes versnel. In die sewentigerjare van die twintigste eeu het daar 'n geleidelike verdwyning van die mees aanstootlike apartheidskenmerke plaasgevind. Pik Botha het hom teen klein apartheid uitgespreek en verklaar dat hy nie bereid was om vir diskriminerende tekens op 'n hysbak te sterf nie. Afsonderlike gebruik deur blankes en swartes van ingange, hysbakke, wagkamers, toilette, en bankies in parke het verdwyn. Veelrassige woongebiede in die groot stede, waar daar nie van die blankes teenkating was nie, is deur die regering verdra. Veelrassige sportdeelname is sedert 1974 tot op klubvlak uitgebrei.¹⁹

Die verligtes het 'n belangrike invloed op die regering se hantering en besluite aangaande veral die stedelike swartes uitgeoefen. Die sewentigerjare van die twintigste eeu is deur studente-²⁰ (1972) en werkerstakinge (1973) gekenmerk. Tussen Januarie en Maart 1973 het meer as 60 000 swartes by 160 geleenthede gestaak. Swart onrus is in die land deur die Swart Bewussynsbeweging (SBB), wat in die vroeër sewentigerjare van die twintigste eeu met Steve Biko as leier tot stand gekom het, geïnisieer. Dié beweging was gegrond op die idee van 'n sterk swart bewussyn wat tot die gedagte van swart mag uitgespruit het. Hulle het alle bande met blankes teengestaan. Die SBB se invloed het uitgebrei en het aanleiding gegee tot die ontstaan van die South African Student's Organisation (SASO), die Black People's Convention (BPC) en South African Students Movement (SASM). Die polisie het die opstande en stakinge kragdadig onderdruk deur aanhoudings, gevangenisstrawwe en deur Biko en ander leiers onder huisarres te plaas. Die verligtes het protes teen die polisiehantering van studente en stakers

19 H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, pp. 123 & 124; A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 167; H. Giliomee, The leader and the citizenry, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 106; S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p. 49; A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, pp. 110 & 111; D. Richard, *Moedswillige die uwe. Perspersoonlikhede in die noorde*, p. 161.

20 Studente het onder meer aan die Universiteit van die Wes-Kaap ter ondersteuning van studentegriewe aan die Universiteit van die Noorde gestaak.

aangeteken.²¹

Schalk Pienaar het die mening van baie verligtes in *Beeld* geartikuleer. Daar is voorgestel dat daar met meer verdraagsaamheid met die stakers en studente onderhandel moes word en dat daar na hulle frustrasies geluister moes word. Pienaar het die gebruik van die veiligheidspolisie op studentekampusse gekritiseer, omdat dié situasie volgens hom niks met die landsveiligheid te make gehad het nie. Blankes is gemaan om swartes met medemenslikheid te behandel. Pienaar het verklaar dat apartheid slegs kon slaag indien dit die ondersteuning van die swartes kon wen, wat nie bereik sou word deur afstootlike houdings en optredes van blankes teenoor swartes nie. Die verligte Pienaar het gewaarsku dat die vernietiging van die swartes se trots deur swak behandeling van blankes juis ondersteuners vir 'n swart gewapende opstand sou werf. Mede-Afrikaners is daarop bedag gemaak dat militêre mag of veiligheidswetgewing nie alleen hulle toekoms kon verseker nie. Die regering is tereg daarop gewys dat die groot Durbanse nywerheidstaking gedurende Junie 1973, wat na die Oos-Kaap uitgebrei het, nie die gevolg van radikale opstoking was soos in regeringskringe geglo is nie. Hy het aangedui dat daar baie redes vir die swart ontevredenheid was waaraan die regering aandag moes gee. Die pleidooie en waarskuwings van die verligtes het aanklank gevind en is in Vorster se reaksies hierop weerspieël. Vorster het werkgewers versoek om arbeiders “ ‘not as labor units, but as human beings with souls’ ”²² te behandel en om die loongaping tussen blankes en swartes te verklein.²³

Die verligtes het die onbillike en vernederende segregasiewette, soos die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike*, die *Ontugwysigingswet* en die *Groepsgebiedewet* verafsku en selfs die regering daarteen gewaarsku dat dié wette spanning kommerwekkend onder die stedelike swartes laat toeneem het. Klein apartheid is, soos reeds genoem, met meer geesdrif veroordeel en as verwerplik, diskriminerend en dwaas teen die agtergrond van 'n groeiende politieke krisis in die land beskou. Pienaar het tereg in Junie 1974 die vraag geopper of van jong Suid-Afrikaanse dienspligtiges wat op die grense van Suid-Afrika geveg het, verwag moes word om op die grens te sterf vir die instandhouding van 'n beleid wat diskriminerend en onregverdigbaar was.²⁴ Dienspligtiges het Suid-Afrika teen ANC-terreur, wat vanuit ANC-kampe in Afrika geloods is, en ook teen ANC-terroriste, wat die land veral vanuit Angola en Mosambiek ingesypel het, beskerm. Pienaar en die verligtes het ook gevrees dat die

21 B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 460-461; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 244.

22 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 599.

23 A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 171; A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, p. 132.

24 A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, pp. 131-135.

ineenstorting van die Portugese koloniale stelsel in Angola en Mosambiek (1974-1976), tesame met ANC-agitasie vanuit hulle kampe op die landsgrense, die reeds gespanne stedelike swartes tot binnelandse verset teen apartheid kon aanspoor. Pienaar en die verligtes se vrees is bewaarheid, toe die SBB, geïnspireer deur die Angolese en Mosambiekse burgeroorloë, wel tot die aanstigting van die Soweto-onluste bygedra het.²⁵

Die Soweto-onluste het die apartheidstelsel tot in sy fundamente geruk en kan as 'n waterskeidingsgebeurtenis in die geskiedenis van apartheid beskou word. Suid-Afrika het op daardie stadium reeds televisie gehad en die televisiebeelde wat uitgesaai is, het min twyfel oor die swart haat vir blanke politieke oorheersing gelaat. Internasionale isolasie en die afwaartse ekonomiese groei is deur die Soweto-onluste beklemtoon. Die verligtes het besef dat die tuislandbeleid onsuksesvol was en dat daar 'n ander politieke bestel gevind moes word om samewerking tussen die verskillende etniese groepe van Suid-Afrika te bewerkstellig. Daarom het die verligte Afrikaners veral na die Soweto-onluste 'n daadwerklike stryd vir vinniger en doeltreffender hervormings op hiërdie gebiede gevoer. Hulle vermoedens in verband met die oorsake vir die Soweto-onluste is met die bevindinge van regter P.M. Cillie se eenmankommissie wat in Februarie 1980 bekend gemaak is, bevestig. Regter Cillie het in sy ondersoek aangaande die oorsake vir die Soweto-onluste bevind dat werkloosheid, armoede, die swak stand van swart onderwys, paswette, en die onsekerheid wat die tuislandbeleid veroorsaak het, tot die uitbreek van die Soweto-onluste bygedra het. Die Soweto-onluste het voorts die realiteite van die kommunistiese bedreiging sterk op die voorgrond laat tree wat 'n aanpassing in die toepassing van veiligheidsmaatreëls teweeggebring het.²⁶

Die Soweto-onluste het die verligtes se oortuiging dat blanke oorlewing slegs deur aanpassings van die apartheidsbeleid verseker kon word, versterk. Hulle het nog steeds geglo dat aanpassings slegs moontlik kon wees binne 'n stabiele Suid-Afrika, maar getwyfel of apartheid wel die beste beleid was om stabiliteit in die land te bewerkstellig. Die Soweto-onluste was vir hulle 'n duidelike teken van hoe wydverspreid die swart verset in die land teen die apartheidsbeleid was. Hulle het toenemend die voortsetting en wenslikheid van 'n beleid wat in wese misluk het, betwyfel. Die vertwyfeling is deur die verslegtende swart-blank verhoudinge, die groeiende binnelandse swart weerstand teen die blanke bewind, tesame met

25 B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, p. 461; A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, p. 132.

26 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 129; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 579 & 580.

die golf van internasionale veroordeling en protes teen apartheid na die Soweto-onluste en met die dood van Steve Biko in 1977, versterk. Die Soweto-onluste se bydrae tot Suid-Afrika se toenemende internasionale isolasie was vir die verligtes 'n groot bron van kommer. Suid-Afrika is veral op internasionale sportgebied gemarginaliseer. Protesoptogte het wêreldwyd toegeneem, tesame met die druk op lande om sanksies teen Suid-Afrika vanweë sy apartheidsbeleid toe te pas. Die Verenigde Nasies (VN) het ook in 1973 tydens 'n internasionale konferensie apartheid as 'n misdadad teen die mensdom verklaar. Hoewel die Westerse lande nie deel uitgemaak het van die sewentig lande wat die verklaring onderteken het nie, het hulle toenemend hulle misnoeë met die apartheidsbeleid te kenne gegee. Dit alles tesame, het die verligtes tot nuwe denke oor die rassevraagstuk gestimuleer. Hulle het op 'n beleidsverandering aangedring.²⁷

Na die Soweto-onluste was daar 'n kentering in veral die intellektuele verligtes se denke rakende die tuislandbeleid as kern van die NP-beleid gewees. Die intellektuele verligtes, anders as die verligte besigheidslui vir wie stabiele ekonomiese groei die grootste prioriteit was, was aanvanklik net soos Vorster sterk voorstanders van die tuislandbeleid gewees. Hulle het wel botsende idees met die regering oor die verwerkliking daarvan gehad. Die intellektuele verligtes was inderwaarheid ook die grondleggers van die tuislandbeleid weens hulle groot bydrae tot die voorstelle van die Tomlinson-kommissie wat tot die instelling van die tuislandbeleid gelei het. Ten spyte daarvan dat Verwoerd baie van die Tomlinson-kommissievoorstelle verwerp en sommige verdraai en aangepas het, het dié voorstelle tot op daardie stadium nog baie gewig vir die intellektuele verligtes gedra. Hulle het gereken dat die tuislandbeleid vreedsame saambestaan tussen swart en blank in Suid-Afrika kon bewerkstellig. Die intellektuele verligtes het egter sterk klem op onbeperkte selfbestuur vir tuislande gelê wat die onafhanklikheid daarvan genoodsaak het. Vir dié groep, anders as vir die regering, was die noodwendige uitvloeisel van die tuislandbeleid die ontwikkeling van lewensvatbare tuislande, die blanke bevryding van swart arbeid, die afskaffing van irriterende klein apartheidsmaatreëls, en die akkommodering van Indiërs en kleurlinge in die blanke politieke bestel gewees. Die intellektuele verligtes het daarom deurentyd druk op die regering uitgeoefen om bogenoemde gevolge van die tuislandbeleid te verwesenlik.²⁸

27 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 112 & 114; R. Ross, *A concise history of South Africa*, p. 165; H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, pp. 92-93.

28 P.J. Cillie, *Baanbrekers vir vryheid. Gedagtes oor Afrikaners se rol in Suid-Afrika*, p. 61; J.A. du Pisani, B.J. Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: 'n oorsig en evaluering van die verlig-verkrampstryd, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, p. 3.

Vir die intellektuele verligte Afrikaners het aparte vryhede vir swartes in hulle afsonderlike tuislande die kern van die NP-beleid gevorm. Daarom het hulle die ontwikkeling en lewensvatbaarheid daarvan belangrik geag. Om dié doel te bereik het hulle druk op die regering uitgeoefen. Verwoerd se vooruitskattings, gegrond op Tomlinson se berekening van die swart bevolkingsgroei is met ongeveer tien miljoen onderskat. Die tuislande kon nie die groeiende swart bevolking akkommodeer of onderhou nie. Daarom het die verligtes Vorster versoek om die tuislande se grondoppervlakte te vergroot. Vorster het geweier en by die oppervlakte grond (13.7% van die totale grondoppervlakte van Suid-Afrika) wat volgens die *Naturellen Grond Wet* (Wet no. 27 van 1913) en die *Naturelle Trust en Grond Wet* (Wet no. 18 van 1936) toegeken is, vasgesteek. Die intellektuele verligtes was bekommerd gewees oor die gefragmenteerde tuislande en het druk op die regering uitgeoefen om grond te konsolideer. Die regering het die konsolidasieplanne weens die afwaartse groei van die ekonomie op daardie stadium ter syde gestel.²⁹

Die verligte intellektueles, anders as die verligte besigheidslui, het geglo dat aparte ontwikkeling van blankes en swartes in die tuislande net kon slaag as die blankes van swart arbeid bevry kon word. Daarom was hulle bekommerd gewees oor die werkverskaffingsproses in die tuislande. Volgens die Tomlinson-kommissie was dit nodig om 50 000 werksgeleenthede in die tuislande per jaar vir die volgende vyf en twintig jaar te skep, terwyl daar in werklikheid net 85,544 werksgeleenthede tussen 1960 en 1972 geskep is. Die intellektuele verligtes het geglo dat private beleggers 'n groot bydrae kon lewer tot ekonomiese groei van en werkverskaffing in die tuislande, omdat die regering nie alleen in die verlangde befondsing kon voorsien nie. Die regering het daarom, op aandrang van die verligtes, in 1974 sy besluit oor die verbanning van private beleggers in die tuislande herroep.³⁰

Die intellektuele verligtes het besef dat die tuislandbeleid 'n groot bydrae tot die uitbreek van die Soweto-onluste gelewer het. Dit het die verligtes se illusie dat swartes die tuislandbeleid en onafhanklikheid van swart tuislande as oplossing vir Suid-Afrika se rasseprobleem in 'n mate aanvaar het, toe beëindig. Teen dié tyd was die mislukking van die tuislande weens 'n verskeidenheid van redes alreeds duidelik sigbaar.³¹

Ekonomiese en politieke ontwikkeling van die tuislande kon weens onvoldoende befondsing van die

29 D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 168; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 561 & 596.

30 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 561.

31 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 579.

regering en die fragmentering van die tuislande nie van die grond af kom nie. Die direkte gevolge in die tuislande was swak gesondheidstoestande, hoë sterftesyfers, tekort aan mediese geriewe, werkloosheid, armoede, oorbevolking, en voedselskaarstes weens swak landboupraktyke. Onafhanklikheidswording het ook teen 'n té stadig tempo plaasgevind en net vier van die tien tuislande was teen die laat sewentigerjare van die twintigste eeu bereid om onafhanklikheid te aanvaar. Die ander ses tuislande se onwilligheid tot onafhanklikheid kan toegeskryf word aan 'n bepaling wat deur Vorster ingestel is, naamlik dat die swartes alle politieke regte en burgerskap in Suid-Afrika met onafhanklikheidswording sou verloor. Die Transkei was die eerste tuisland wat eers in 1976 sy onafhanklikheid verkry het en daarna het Bophuthatswana in 1977, Venda in 1979, en die Ciskei in 1981 gevolg. Die buiteland het nie die onafhanklike tuislande erken nie en daarom kon hulle nie op buitelandse befondsing staatmaak nie. Die tuislande het ekonomies en polities afhanklik van Suid-Afrika gebly en daarom het hulle 'n swaar ekonomiese las vir die regering geword.³²

Die swak toestande in die tuislande het veroorsaak dat swartes na die stede gestroom het. Die permanensie van stedelike swartes kon nie meer ontken word nie. Vorster het gepoog om die swart instroming na stede te keer deur in 1969 'n verbod op die verdere oprigting van swart stedelike behuisings te plaas. Dit het die reeds swak behuisingstoestand in stede vererger wat verdere politieke implikasies gehad het. Die intellektuele verligtes het besef dat Verwoerd se verklaring aangaande die verwesenliking van swartes se uittog uit "blanke" stede na tuislande teen 1978, 'n totale wanopvatting was. Teen 1970 het daar alreeds vyf miljoen swartes, teenoor die minder as vier miljoen blankes, in dorpe en stede gewoon. Instromingsbeheer is deur Vorster verskerp en die polisie se streng vervolging van paswetoortredings het van 1950 met 'n gemiddeld van 318 700 oortredings per jaar tot 'n gemiddeld van 541 500 per jaar gedurende 1970-1975 gestyg. Gedwonge verskuiwings is deur die toepassing van polisiemag teweeggebring. Gesinne is van mekaar verwyder en geskei. Die nuwe gebiede waar hulle geplaas is, was sonder ekonomiese en sosiale dienste en infrastruktuur waarvan laasgenoemde dan veral vervoerprobleme tot gevolg gehad het. Die gevolge van die tuislandbeleid was onmenslik in die oë van die verligtes gewees en het saam met instromingsbeheer se bittere instrumente, soos klopjagte, opsluitings, gedwonge verskuiwings en repatriasies, asook die opruiming van plakkerskampe wat weer verrys het, die verligtes finaal oortuig dat 'n ander weg ingeslaan moes word.³³

Die swak ekonomiese toestande in die land is nog verder deur die Soweto-onluste vererger. Dit het

32 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 561; D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 175.

33 P.J. Cillie, *Baanbrekers vir vryheid. Gedagtes oor Afrikaners se rol in Suid-Afrika*, p. 72; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 506 & 596; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 230.

daartoe bygedra dat die nuwe Afrikanermiddelklas en besigheidslui druk op die regering vermeerder het om die apartheidsbeleid te verander. Die welgestelde, professionele en besigheids-Afrikaners wou veral hê dat die apartheidsbeleid moes verander om hulle spesifieke materiële belange te bevorder. Die ekonomie het alreeds teen die helfte van die sewentigerjare van die twintigste eeu afwaartse groei getoon. Die inkomste *per capita* het vanaf die dertiger- tot in die sewentigerjare van die twintigste eeu met 25% gedaal. Die jaarlikse groei het in dieselfde tydperk met 'n gemiddeld van 4.5% tot 1.65% gedaal. Die apartheidsbeleid was volgens die verligtes verantwoordelik vir die afname in ekonomiese groei. Redes vir hierdie afname was onder meer die verminderde betrokkenheid van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote; blanke werkreservering wat die tekort aan arbeiders wat nodig was vir 'n groeiende ekonomie vererger het; die swak swart onderwysstelsel wat ook nie in die vraag na goedopgeleide arbeiders kon voorsien nie; en werkloosheid wat swart armoede laat toeneem het tot nadeel van ekonomiese groei. Die stygende oliepryse, swakker buitelandse pryse vir goud en ander uitvoerkommoditeite, en hoër invoerpryse was omstandighede buite beheer van die regering wat ook op daardie stadium tot die verslegtende ekonomiese toestand bygedra het. Die Soweto-onluste het kapitale uitvloei, inkorting van buitelandse finansiering, en toenemende buitelandse druk vir ekonomiese handelsanksies tot gevolg gehad.³⁴

Die Soweto-onluste het die hoop, by veral die intellektuele verligtes, dat die blankes alleen die arbeidsaristokrasie kon vorm, laat verdwyn. Ekonomiese groei is as die vernaamste mikpunt gesien om politieke stabiliteit te bewerkstellig. Werkloosheid het met armoede gepaard gegaan en was daarom 'n sekuriteitsrisiko. Hierdie aanname is deur die ondersoek na die oorsake van die Soweto-onluste bevestig. 'n Snelle groeikoers was nodig om die stygende werkloosheid te bekamp. Om 'n ekonomiese groeikoers van 5% te handhaaf, het die land 'n behoefte aan 'n meer buigsame arbeidsmark en salarisbeperkinge gehad. Dit sou die ekonomiese sektore in staat stel om soveel moontlik arbeiders in diens te neem wat nodig was om ekonomiese groei te verhoog. Blanke mans se jaarlikse toetrede tot die arbeidsmark het skerp gedaal van 41 000 in 1976 tot 25 000 in 1978 en hierdie groep kon dus nie meer in die arbeidsvraag voorsien nie. Demografiese tendense het duidelik getoon dat die blanke bevolking in 'n meerdere mate 'n negatiewe groei teenoor die positiewe groei van swartes getoon het. Die blanke bevolking het van 20% in 1960 tot 17% in 1976 verminder teenoor die swart bevolking se groei in die ooreenstemmende tydperk van 69% tot 70,3%. Tussen 1965 en 1980 het die blanke

34 W.A. Munro, Revisiting tradition, reconstructing identity? Afrikanernationalism and political transition in South Africa, *Politikon* 2(22), Desember 1995, p. 10; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 597; <http://husky1.smu.ca/~wmills/course322/18End_Apartheid.html>, s.a. Access: 2004-03-04.

middelklasmannekrag van 82% tot 65% gedaal, en daarom het die ekonomie swart en kleurlingarbeiders in die vervaardigingssektore, asook in die openbare administrasie benodig.³⁵

Die groep Afrikanerkapitaliste binne die dampkring van die verligte faksie het die skepping van 'n gematigde kapitalistiese swart middelklas as noodsaaklike teenvoeter vir 'n moontlike swart anti-kapitalistiese rewolusie beskou. Die skepping van 'n swart middelklas was alleenlik moontlik deur die koöptering van swartes in die vryemarkstelsel. Dit kon uiteraard slegs bewerkstellig word deur blanke arbeiders se rasgebaseerde voorregte te ontnem. Die verligte besigheidslui het die regering oortuig dat ekonomiese groei belangriker as die instandhouding van apartheid was om politieke stabiliteit in die land daar te stel en te verseker. Dit het in 1977 aanleiding gegee tot die aanstelling van die Riekert-kommissie wat die benutting van mannekrag en die Wichahn-kommissie wat arbeidswetgewing moes ondersoek. In 1979 is die kommissies se aanbevelings grootliks deur die regering aanvaar. Die kommissies se aanbevelings het die verligte besigheidslui se beskouinge gereflekteer en kon dus as 'n oorwinning vir die verligtes beskou word.³⁶

Die gedagte van die skepping van 'n swart middelklas is ook met die instelling van die nege-en-negentigjaarhuurpagstelsel in 1977 bevorder. Die nege-en-negentigjaarhuurpagstelsel het in die praktyk aan swartes die reg verleen om hulle eie huise in stedelike gebiede te koop en verkoop of te verhuur sonder dat hulle die grond besit het. Daarmee is swartes se stedelike permanensie inderwaarheid erken. Die stelsel het terselfdertyd verseker dat arbeiders binne bereik van werkgewers geplaas is.³⁷

Die Soweto-onluste het nie net bygedra om die akkommodering van die kleurlinge en Indiërs in die blanke politieke bestel te benadruk nie, maar ook die probleem van die insluiting van die swartes in die politieke bestel beklemtoon.

Omdat die akkommodering van Indiërs en kleurlinge in die blanke politieke bestel vir die intellektuele verligtes 'n belangrike uitvloeisel van die tuislandbeleid was, het hulle in dié verband druk op die regering uitgeoefen. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Indiërs wat in 1968 ingestel is, het voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n raadgewende, regeringsbenoemde liggaam wat na Indiërsake in drie

35 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 257; H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, p. 93; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 598-599.

36 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 126-127; H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, p. 94.

37 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 561.

provinsies, naamlik die Kaap, Transvaal en Natal, moes omsien. Dit het nie aan die politieke aspirasies van die Indiërs voldoen nie, omdat hulle nog steeds nie self verteenwoordiging in die regering gehad het nie.³⁸

Die verligte politici, joernaliste en akademici se ontevredenheid met Vorster se kleurlingbeleid het 'n strydpunt geword, en Vorster se poging om wrywing te verwyder deur die erkenning van die voortbestaansreg van verskillende nasies en kleurgroepe, is nie as voldoende beskou nie. Vorster het apartheid tot sy uiterste gevoer, onder groot protes van die teleurgestelde verligtes, toe hy in 1968 kleurlingverteenvoording in die Volksraad, Senaat en Kaapse Provinsiale Raad beëindig het. Om daarvoor te vergoed, is die Verteenwoordigende Kleurlingraad (VKR), wat in 1964 deur Verwoerd ingestel is, se wetgewende en uitvoerende magte vergroot. Die VKR het uit veertig verkose lede en vyftien genomineerde lede bestaan, met vyf lede as die uitvoerende gesag. Die voorsitter van die uitvoerende gesag sou deur die regering aangewys word. Die VKR kon wetgewing vir die kleurlinge slegs aangaande vyf sake instel, naamlik onderwys, landbou, maatskaplike dienste, eie woongebiede en plaaslike regering. Alle voorgestelde wetgewing moes aan die Minister van Kleurlingsake voorgelê word voordat dit by die VKR ingedien kon word. Die VKR het dus wel verteenwoordiging aan kleurlinge verleen in die blanke politieke bestel, maar geen politieke magte nie. Die VKR het nie aan die politieke aspirasies van die kleurlinge voldoen nie en was dus daarom van die begin af tot mislukking gedoem. Vorster het ook, onder protes van die verligtes, die *Wet op Verbod van Politieke Inmenging* (Wet no. 51 van 1968), wat veelrassige politieke partye verhoed het, ingestel. In 1971 is alle kleurlingkiesers van die munisipale kieserslyste verwyder en van 1972 is kleurlinglede van munisipale rade se dienstermyn in Kaapstad en ander dorpe van die Kaapprovinsie, beëindig.³⁹

Die verligtes het die idee van saambestaan, wat die vryheid van elke etniese groep ingesluit het om oor homself te heers, binne die apartheidstelsel gepropageer. Dié Afrikaners het hulle ontevredenheid oor die kleurlinge se politieke posisie, naamlik dat die kleurlinge geen tuisland en verteenwoordiging in die parlement gehad het nie, duidelik laat blyk. Die verligtes het in 'n polemiekie oor die wesenlikheid van 'n tuisland vir die kleurlinge betrokke geraak. Om die ongemaklikheid in regeringskringe te stil, het Vorster die Erika Theron-kommissie in 1973 aangestel om die kleurlingkwessie te ondersoek. Dié kommissie het in sy bevindinge apartheid nie verwerp nie, maar juis apartheidsbeginsels, soos residensiële

38 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 557.

39 B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 437-438; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 558.

apartheid, onderskryf. Tog het sommige van die kommissiebevindinge op verwoestende kritiek teen die regering se agterloosigheid ten opsigte van die kleurlinge in sake soos armoedebestryding, diskriminasie op arbeidsgebied, swak verblyfomstandighede, en 'n hoë sterftesyfer neergekom. Die Kommissie het die verligtes se idee van regstreekse verteenwoordiging van kleurlinge op verskillende vlakke van die regering in sy aanbevelings gereflekteer.⁴⁰

Die feit dat die Kommissie sy verslag op 18 Junie 1976 ten tye van die Soweto-onluste by die Volksraad ingedien het, het daartoe bygedra dat waarskuwings en oproepe van die Kommissie in regeringskringe ter harte geneem is. Die gewelddadige klimaat in die land het tot gevolg gehad dat daar 'n mate van konsensus oor die meeste aanbevelings bereik is. Die regering het die voorstel van regstreekse kleurlingverteenvoording in politieke strukture aanvaar, maar terselfdertyd verklaar dat die beginsel van blanke selfbeskikking die belangrikste was. Die kommissievoorstelle het die interpretasie gelaat dat aparte ontwikkeling nuwe metodes van implementering vereis het, wat deur die verligtes tot nou toe gepropageer is. Die regering se reaksie op die Theron-kommissie was inderwaarheid 'n erkenning van die onwerkbaarheid van die bestaande apartheidsbeleid. Die regering se oorhoofse reaksie op die kommissievoorstelle was egter lomp en beledigend toe hy in 'n verklaring geweier het om die *Ontugwet* en die *Wet op Gemengde Huwelike* af te skaf en om Distrik Ses aan die kleurlinge terug te gee. Die reaksie van die regering het daartoe aanleiding gegee dat die kleurlinge in groot getalle in die daaropvolgende jaar aan die onluste, voortspruitend uit die Soweto-onluste, deelgeneem het.⁴¹

Verligtes vanuit die intellektuele en politieke groepering het ook van hulle kant af ná die Soweto-onluste met voorstelle en oplossings vir die politieke situasie vorendag gekom. Dit het op samewerking tussen die verskillende etniese groepe in Suid-Afrika neergekom. Hulle wou ook die steun van die gematigde swartes verkry wat hulle met die ideale van die breë blanke bevolking kon vereenselwig. Dié groep swartes moes ook terselfdertyd as teenvoeter vir swart radikalisme dien. Daar is geglo dat blanke oorlewing op die duur alleen deur koaliesievorming oor kleurgrense heen verseker kon word. Die groep verligte nasionaliste het nie kleur nie, maar politieke sentimente en ideologie as die verdelingslyn beskou. Dit was dan die verligte joernalis, Piet Cillié wat met 'n oplossing vorendag gekom het. Hy het verklaar dat indien die klassieke apartheidsformule van aparte vryhede vir blankes en swartes nie langer toepaslik was nie, die alternatief van vryheid vir almal in 'n gemeenskaplike gemeenskap of plurale samelewing,

40 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 278; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 558.

41 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 558; J.C. Steyn, *Penvegter. Piet Cillié van Die Burger*, p. 285; A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 167.

gegrond op groepsbelange, aanvaar moes word. Vir hom was dié gemeenskaplike doelstelling vir alle Suid-Afrikaners onmoontlik indien dit nie die vooruitsig van gelyke burgerskap vir al die verskillende etniese groepe sou insluit nie.⁴²

Die nuwe verligte denke het uiting gevind in die voorstelle van 'n spesiale aangewysde kabinetskomitee in Augustus 1976 onder leiding van P.W. Botha (Minister van Verdediging, 1966-1980). Die Erika Theron-kommissie het aanbeveel dat daar so 'n komitee aangewys moes word om die regstreekse politieke verteenwoordiging van kleurlinge op alle regeringsvlakke te ondersoek. Na aanleiding van die Soweto-onluste het die kabinet besluit om aan die aanbeveling gehoor te gee. Die kabinetskomitee moes met politieke oplossings vorendag kom wat blanke belange sou beskerm, en terselfdertyd die kleurlinge, Indiërs en swartes binne een of ander aanvaarde politieke bestel sou kon akkommodeer.⁴³

In November 1977 is die komitee se politieke oplossing, naamlik plurale demokrasie, in die vorm van 'n konsepgrondwet deur die NP-koukus aanvaar. Dit het neergekom op die demokratiese beginsel van een-mens-een-stem op plurale of meerderheidsgrondslag binne groepsverband. Daar is dus nie met die tuislandbeleid weggedoen nie. Elke swart “volk” sou sy eie tuisland en sy eie parlement besit wat volgens die beginsel van een-mens-een-stem bedryf sou word. Die stedelike swartes moes dan ook hulle politieke regte in hulle eie tuislande uitoefen. Ten opsigte van die kleurlinge en die Indiërs is, op die aanbeveling van die Theron-kommissie, op 'n soort “kanton”-stelsel van konsosiatiewe demokrasie, wat as die ideale regeringstyl beskou is om groepskonflik te reguleer, besluit. Hiervolgens moes drie verskillende parlements ingestel word waarin die kleurlinge, Indiërs en blankes onderskeidelik besluite oor eie sake sou neem. Besluite oor algemene sake sou onder leiding van 'n uitvoerende staatspresident, 'n Raad van Kabinette, en Presidentsraad geneem word.⁴⁴

Hoewel die aanvaarding van dié voorstelle die permanensie van die stedelike swartes erken het, is geen voorsiening vir die uitoefening van hulle politieke regte gemaak nie. Die *Wet op Gemeenskapsrade* (Wet no. 125 van 1977) is wel geskep, wat op 'n afgewaterde vorm van plaaslike outonomie vir swartes neergekom het.⁴⁵

42 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 120; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 285; CEPTSA (samestellers), *Nuwerwetse politieke woordeboek. Terme, begrippe en gebruike in die politiek en politieke wetenskappe*, p. 385.

43 F. van Zyl Slabbert, *The last white parliament*, p. 64.

44 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 120; CEPTSA (samestellers), *Nuwerwetse politieke woordeboek. Terme, begrippe en gebruike in die politiek en politieke wetenskappe*, p. 330.

45 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 120.

Die konsepsgrondwet van 1977 was die voorloper van die 1983-grondwet wat vir die totstandkoming van die driekamerparlement verantwoordelik was en die einde van 'n blanke parlement tot gevolg gehad. Die verligtes was dus die wegbereiders vir die totstandkoming van die nuwe politieke bestel in 1983 gewees. Dit was hulle wat druk op die regering uitgeoefen het, wat tot die aanstelling van die Erika Theron-kommissie gelei het, waaruit die P.W. Botha- en Schlebusch-komitees gespruit het, en dit was hulle beginsels wat in die komitees se aanbevelings weerspieël is.⁴⁶

Die hervormingsgesinde militêres het in die sewentigerjare die verligtes in die veiligheidsafdeling van die land verteenwoordig. Hulle het die regeringstandpunt dat die kommunistiese gevaar die grootste bedreiging vir Suid-Afrika se veiligheid ingehou het en ten alle koste beveg en uitgeroei moes word, ondersteun. In die lig hiervan het hulle 'n prominente rol in Suid-Afrika se politiek begin speel wat vanweë die Soweto-onluste toegeneem het. Hulle invloed in dié verband was duidelik waarneembaar deur Suid-Afrika se deelname aan die burgeroorlog in Angola, die skepping van die “totale nasionale strategie”, en die toenemende militarisering van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Met die ineenstorting van die Portugese beheer in Angola en Mosambiek (1974-1976) en die burgeroorlog in Rhodesië (1974-1980) is die internasionale kommunistiese gevaar tot op die landsgrense gebring.⁴⁷ Die verligte P.W. Botha (Minister van Verdediging, 1966-1980) het vanweë sy oortuiging oor die kommunistiese gevaar, Vorster oorgehaal om in Julie 1975 by die oorlog in Angola betrokke te raak. Botha se toesprake het in daardie stadium die kommunistiese bedreiging beklemtoon. Hy het verklaar dat die Weste deur die Unie van die Sosialistiese Sowjet-Republieke (USSR) se imperialisme bedreig is en dat Suid-Afrika, wat deel van die Weste gevorm het, 'n sentrale rol sou speel in die USSR se strategie om Europa van belangrike mineralebronne en van die Kaapse seeroete af te sny. Botha het geglo dat die Weste, sonder Suid-Afrika, die stryd teen kommunistiese tirannie sou verloor. Botha het daarom vir Vorster oortuig dat Suid-Afrika, om te verhoed dat die Kubaanse-gesteunde kommunistiese Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) die vakuum sou vul wat deur die Portugese gelaat is, in Angola moes inbeweeg. Dit was ook die vrees van die Verenigde State van Amerika (VSA), wat daarom aan Suid-Afrika finansiële ondersteuning beloof het om in Angola aan die kant van die nie-Marxistiese bewegings National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) en die National Front for the Liberation of Angola (FNLA) betrokke te raak. Met Kuba se toenemende betrokkenheid

46 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 120.

47 J.C. Steyn, *Penvegter. Piet Cillie van Die Burger*, pp. 283-284.

by die oorlog, toe sowat 3000 Kubaanse soldate na Angola gestuur is om die MPLA by te staan, het die VSA egter weens nasionale politieke druk sy hulp onttrek. Hierdie optrede het direk tot Suid-Afrika se mislukkings en neerlae in die oorlog gelei. Met die Organisasie van Afrika-Eenheid (OAE)-vergadering wat in Mei 1976 belê is om die Angola-kwessie te besleg, het die VSA geen poging aangewend om Suid-Afrika se optrede te verdedig en te ondersteun nie. Die MPLA is gevolglik as die wettige regeerder in Angola aangewys. Dit was 'n groot oorwinning vir die USSR gewees.⁴⁸

Suid-Afrika het met vernedering uit die oorlog in Angola getree. Die verligtes was saam met die res van die nasionaliste verontwaardig oor die VSA se optrede. Pienaar het ligtelik na die voorval as 'n "ligte mistyk" verwys. Die voorval was 'n direkte rede vir die beëindiging van Suid-Afrika se uitwaartse beleid. Die uitwaartse beleid het misluk, aangesien die Afrikalande onder druk van die OAE geweier het om met Suid-Afrika onderhandelinge te voer. Die Afrikalande het geargumenteer dat Suid-Afrika eers dialoog met hulle eie swartes moes voer en die besluit moes neem om van apartheid af te sien. Suid-Afrika se betrokkenheid by die Angolese burgeroorlog het die land se beeld in die buiteland geweldig geskaad en tot gevolg gehad dat die land sedertdien as 'n sogenaamde verwerpe staat geïsoleerd in die wêreld gestaan het. Vorster se obsessie met die kommunistiese gevaar het na die Angola-insident toegeneem.⁴⁹

Die verligte P.W. Botha het daarin geslaag om die mag van die veiligheidspolisie na die militêres te verskuif. Dit het tot baie spanning op kabinetsvlak tussen dié betrokke departemente gelei. Vorster het sy politieke magsbasis op die polisieburokrasie gebou met die instelling van die Buro vir Staatsveiligheid in 1969, met genl. Hendrik van den Bergh aan die hoof daarvan. Van den Bergh het as Vorster se veiligheidsraadgewer die veiligheidswerk van die polisie en weermag gekoördineer. Weens konflik tussen die Buro vir Staatsveiligheid en ander veiligheidsafdelings is die Staatveiligheidsraad (SVR) in 1972 gestig, wat beleid aangaande veiligheidsake moes formuleer en implementeer. Die betreklik verkrampde Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) en die Buro vir Staatveiligheid moes plek maak vir die relatiewe progressiewe hervormingsgesinde militêres. Botha het daarin geslaag dat militêre oorwegings, weens die verslegtende veiligheidsituasie op die subkontinent (burgeroorloë in Angola, Mosambiek en

48 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 571-574; A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, p. 156; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 281; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 98 & 105; H. Hamman, *Days of the generals*, p. 50.

49 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 571-574; A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, p. 156; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 281; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 98 & 105.

Rhodesië), wat op sy beurt bygedra het tot die kommerwekkende veiligheidsituasie in die land (Soweto-onluste), 'n meer deurslaggewende rol in die Suid-Afrikaanse politiek sedert die vroeë sewentigerjare van die twintigste eeu begin speel het. Die rede hiervoor was dat die militêres se professionele opleiding meer gesofistikeerd as dié van die veiligheidspolisie was en dat meer gegradueerdes deel van hulle geledere uitgemaak het. Op burokratiese vlak het die mag van die polisieburokrasie na die militêres verskuif. Op veiligheidsvlak het Militêre Intelligensie grootliks die prominente plek van Van den Bergh in staatsveiligheid oorgeneem. In die landsadministrasie het die militêres hulle invloed in die Staatsveiligheidsraad laat geld deurdat die sekretaris 'n weermagoffisier was. Die militêres het dus belangrike invloed in besluite aangaande strategie, sekuriteitsprioriteite, en koördinerings van die landsbeleid uitgeoefen.⁵⁰

'n Klemverskuiwing is teweeggebring deurdat die militêres op regeringsbeleid wat op morele en militêre gronde verdedigbaar moes wees, aangedring het in teenstelling met die SAP se tradisionele metode van onderdrukking van enige uitdaging van staatsgesag. Die SAP het die Suid-Afrikaanse bedreiging grootliks in terme van kommunistiese sameswerende swart agitators gesien, terwyl die verligte militêres die kommunistiese gevaar as 'n oorhoofse gevaar – 'n “totale aanslag” wat Suid-Afrika op elke gebied bedreig het – beskou het. Die Soweto-onluste, die toenemende onrus onder die swart bevolking, en die bedreiging op die landsgrense, het die geloof dat, in die lig van die Koue Oorlog, die aanslag vanuit die USSR geloods is om Suid-Afrika in sy mag te kry, versterk. Die binnelandse aanslag was gebaseer op 'n nuwe vorm van rewolusionêre oorlogvoering waar rewolusionêre magte 'n regering omver kon werp deur massamobilisering; deur die land onregeerbaar te maak; deur stakings tot die uiterste te voer; deur kerke, vakbonde en burgerlike gemeenskap by hulle veldtogte te betrek; deur propaganda te gebruik om die regering te ondergrawe; deur terrorisme en intimidasie te gebruik om teenstand uit te wis; en deur voortdurende guerilla-aanvalle teen die vyand te loods. Die verligte militêres het die bedreiging die hoof gebied deurdat die Departement van Verdediging in 1977 'n witskrif gepubliseer het. Daarin is die ontwikkeling van 'n “totale nasionale strategie” verduidelik ten einde die “totale aanslag” die hoof te bied en die land op alle gebiede te beveilig. Dit was gebaseer op veiligheidsmaatreëls wat kragdadigheid ingesluit het om onluste te onderdruk, tesame met beperkte hervormings. Laasgenoemde hervormings het nie-militêre metodes van teeninsurgensie wat verbeterde sosio-ekonomiese omstandighede van swartes, die sogenaamde “winning of hearts and minds”⁵¹, behels het, ingesluit. Die doel van dié metode

50 H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, pp. 70-71 & 196-198; I. Sarakinsky, The impulse to reform; the South African state from Vorster to Botha, *Journal for Contemporary History* 17(1), June 1992, pp. 4 & 5.

51 H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, p. 70.

was om griewe te verwyder wat deur die rewolusionêres uitgebuit kon word en om die verspreiding van kommunisme in swart woonbuurtes te keer. Dié militêre beleid het meer mannekrag, waarin die blanke mannekrag nie alleen in staat was om te voorsien nie, benodig. P.W. Botha was dus verantwoordelik vir die toenemende indiensneming van swart mannekrag in die SAW en met die betaling van dieselfde lone is diskriminasie tussen blankes, swartes en kleurlinge in die SAW uitgeskakel.⁵²

Die mate waartoe die verligte militêre establishment die regeringbeleid beïnvloed het, blyk veral in die toenemende militarisering van die Suid-Afrikaanse samelewing. Verpligte militêre dienspilig, strenger grensbeheer, en spesiale verdedigingseenhede is ingestel; die verdedigingsbegroting is vergroot; die wapenindustrie is uitgebrei; en die kommandostelsel en burgermagede is ook opgegradeer. Op dié manier is die verligte P.W. Botha se posisie in die NP versterk.⁵³

5 Slot

Die rigtinglose bestuurstyl van Vorster wat die verligtes enersyds gefrustreer het en andersyds aan hulle geleentheid gebied het om beswaar teen apartheid aan te teken, het van Vorster 'n slagoffer gemaak en uiteindelik tot sy val gelei. Weens Vorster se besluiteloosheid is baie mag aan die ministers verleen om besluite te neem. Beleidsbesluite is binne óf 'n verkramppte óf 'n verligte raamwerk geneem. Die implikasies van besluite vir die landsadministrasie of groepsverhoudinge en veiligheid in die algemeen is nie in ag geneem nie. Dit is hierdie bestuurstyl wat tot die uitbreek van die Soweto-onluste met dramatiese gevolge vir apartheid en Vorster gelei het. Dié bestuurstyl het dit vir die Departement van Inligting moontlik gemaak om op korrupte, geheimsinnige en kriminele wyse apartheid internasionaal te bemark. Die Inligtingskandaal het inderwaarheid die beeld van korrupsie, wanbestuur, en politieke koersloosheid van die regering gereflekteer. Die Vorster-era het onverwags tot 'n einde gekom toe Vorster weens die Inligtingskandaal gedwing is om in 1978 as Eerste Minister te bedank.⁵⁴

Ten spyte van Vorster se weiering om van die basiese apartheidsorde af te wyk, het sekere belangrike

52 H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, pp. 70-71 & 196-197; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 588; J. Cock & L. Nathan (eds), *War and society. The militarization of South Africa*, p. 2; H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 101-102; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 132-133.

53 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 101; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 78.

54 G.H.L. le May, *The Afrikaners. An historical interpretation*, p. 236; H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*, p. 175; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 553.

prosesse in sy era begin weens druk van die verligtes wat beslissende en gewigtige gevolge vir apartheid gehad het. Die proses wat ideologiese en materiële veranderinge ingesluit het, het daartoe aanleiding gegee dat die vertrouwe in Verwoerd se navolgers, naamlik die verkramptes, ondermyn is.⁵⁵

Die ideologiese verandering is teweeggebring deurdat die verligtes apartheid toenemend, veral in die waterskeidingsperiode van 1974-1976, nie as 'n doel nie, maar eerder as 'n instrument gesien het om Afrikanernasionalisme te bevorder. Daarom het die verligtes verandering voorgestel wat op die ekonomiese en sosiale hoekstene van apartheid gemik was, soos die vernietiging van die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike*, die *Groepsgebiedewet*, die *Ontugwysigingswet* en die *Nywerheidsversoeningswet*. Om hulle middelklasbelange te beskerm, is hulle weens die toenemende internasionale isolasie, afwaartse ekonomiese groei, en die toenemende binnelandse swart onrus, gedwing om die politieke realiteit van onafwendbare verandering in die gesig te staar. Die verligtes het geglo dat etniese groepe die basis van 'n nuwe politieke bedeling moes vorm om hulle middelklasbelange te beskerm.⁵⁶

Die verligtes het lojaal teenoor die NP gebly omdat hulle geglo dat die NP die enigste party was wat verandering in die politiek kon teweegbring. Dit was vir hulle belangrik gewees om die Afrikanerdom vanuit die *establishment* te verander.⁵⁷ Die onbillike en vernederende segregasiewette, soos die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike*, die *Ontugwysigingswet* en die *Groepsgebiedewet*, is deur die verligte Afrikaners verafsku en hulle het die regering gewaarsku dat die wette spanning kommerwekkend onder die swartes laat toeneem het. Hulle was egter daarvan oortuig dat dit slegs deur 'n hervormingsproses teen 'n realistiese tempo reggestel kon word. Daarom is volle steun aan die NP-regering in die 1974-verkieping, toe die tuislandbeleid as verkiesingspropaganda gebruik is, verleen. In die verligte koerante is mense aangemoedig en beïnvloed om vir die NP te stem. Propaganda is gemaak dat 'n stem vir die NP 'n stem vir 'n pragmatiese Suid-Afrika sou wees, waar politieke regte afsonderlik uitgeoefen kon word teenoor die Verenigde Party (VP) wat vir 'n veelrassige staat gestaan het en wat die einde van blanke selfbeskikking sou beteken het. Die NP het met 122 setels gewen teenoor die VP se 41 en die Progressiewe Federale Party (PFP) se sewe setels.⁵⁸ Dieselfde verligte loyaliteit teenoor die NP het met die 1977-verkieping gegeld. Die verligtes het hulle misnoeë met die

55 D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire, *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 167; B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, p. 7.

56 H. Giliomee, Afrikaner politics: How the system works, in H. Adam & H. Giliomee, *The rise and crisis of Afrikaner power*, p. 218.

57 A. Mouton, 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 172.

58 A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, p. 131.

swart politieke onrus in die land eenkant toe geskuif. Die aandag is eerder op anti-Amerikaanse propaganda weens die Angola-episode toegespits. As gevolg van die verligtes se invloed in die politiek, het die NP op daardie stadium 30% Engelssprekende steun gewen. Die NP het 'n groot oorwinning behaal toe 134 van die 154 setels verower is.⁵⁹

Die verligtes was nie 'n samehorige groep gewees nie en het dus nie gesamentlik nie, maar eerder as afsonderlike groeperinge druk op die regering vir politieke verandering uitgeoefen. Daar was selfs verskille onder die verligtes oor die strategie en metodes waarvolgens politieke oorlewing van die Afrikaners verwesenlik moes word. Die verligte intelligentsia het sterk klem op die ontwikkeling en konsolidasie van die tuislande gelê, terwyl die verligte besigheidslui op meer swartes in die stede vir arbeidsdoeleindes aangedring het.⁶⁰ Dié twee groepe het wel na die Soweto-onluste dieselfde mening gehuldig, naamlik dat die tuislandbeleid misluk het en 'n ander politieke bestel gevind moes word.

Die Soweto-onluste het bygedra dat die verligtes in oortuiging versterk is, wat tot gevolg gehad het dat dié groep substansiële groei beleef het en sodoende druk op alle vlakke van die regering vergroot het ten gunste van vinniger en doeltreffender hervorming van die apartheidsbeleid.⁶¹

Vorster se aanvanklike verligte beleid het aan die verligtes 'n betekenisvolle simboliese vasstrapplek teen die verkrampptes verskaf. Laasgenoemde het tereg verandering gesien as die skepping van 'n presedent vir nog verdere en voortgesette verandering.⁶²

Die akademikus Henrey Kenney en John D'Oliveira, 'n verslaggewer, het beweer dat die verligtes se invloed in die Vorster-era oppervlakkig was, omdat die pilare van aparte ontwikkeling, naamlik die tuislandbeleid, die sleutelwette van apartheid (*Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike, Ontugwysigingswet, Bevolkingsregistrasiewet, Groepsgebiedewet*), en die beginsel van ongelykheid, nie aangeraak is nie. Wat die verligtes se invloed wel betekenisvol gemaak het, was die oopstelling van sekere openbare geriewe, die verdwyning van diskriminasie deur die afskaffing van klein apartheidsmaatreëls, die erkenning van stedelike swartes, en veral die aanstelling van kommissies wat

59 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 283.

60 D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 175; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 177.

61 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 129.

62 D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 175; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 175.

die weg vir verdere hervorming voorberei het. Die Erika Theron-kommissie het die grondslag gelê vir magsdeling wat in 1983 sou plaasvind met die instelling van die driekamerparlement. Die Wiehahn- en Riekert-kommissies het bygedra om die sosio-ekonomiese omstandighede van die swartes in die stede te verbeter, wat aparte ontwikkeling versag het. Laasgenoemde twee kommissies het aanleiding tot die *Wet op Swart Plaaslike Owerhede* (Wet no. 102 van 1982), die *Wet op Swart Gemeenskaps Ontwikkeling* (Wet no. 4 van 1984) en die herroeping van die *Wet op Instromingsbeheer* (Wet no. 68 van 1986), gegee.⁶³

Geldige kritiek op die verligtes is dat hoewel hulle gewaarsku het teen die misbruik van mag deur die veiligheidsmagte, hulle aanvaar het dat nasionale veiligheid, uitgebreide magte aan die polisie genoodsaak het. Die verligtes was onwillig en versigtig gewees om bedenkinge en ongemak oor veiligheidswetgewing te verwoord of om beswaar oor die optrede teenoor politieke aangehoudendes aan te teken. Vorster het die veiligheid van die staat as die belangrikste prioriteit beskou. Dié prioriteit het reeds in sy vorige amp, as Minister van Justisie, duidelik geblyk. Hy het toe genoodsaak gevoel tot die instelling van wetgewing om kommunisme kragdadig uit te roei as gevolg van die toenemende sigbaarheid daarvan aan die hand van swart agitatie en sabotasiepleginge. Met die verbanning van die ANC en PAC het Umkontho we Sizwe⁶⁴ en Poqo⁶⁵ tot stand gekom, wat die regering die gewapende stryd aangesê het. Die veiligheidswetgewing is uitgebrei met die instelling van artikel 21 van die *Algemene Regswysigingswet* (Wet no. 76 van 1962). Ingevolge dié wetgewing is sabotasie gelyk aan hoogverraad gestel en die doodstraf of ’n minimumvonnis van vyf jaar gevangenisstraf kon opgelê word. Die wetgewing het die Staatpresident se mag uitgebrei sodat ondermynende organisasies verbied kon word. Die omstredenheid van dié wetgewing is verhoog met die verlening van bevoegdheid aan die Minister van Justisie om persone wat as ’n bedreiging vir staatsveiligheid beskou is, vir twaalf dae in huisarres aan te hou, en om persone te verbied om opruiende vergaderings by te woon.⁶⁶

Weens voortslepende geweld in die land en Poqo se bydrae daartoe is die periode van huisarres na negentig dae in 1963 verleng. Die rede was hoofsaaklik omdat die regering Robert Sobukwe, voorsitter van die verbode PAC, wie se gevangenisstraf sou verstryk het, se voortgesette aanhouding in belang van staatsveiligheid beskou het. Die Rivonia-verhoor, voortdurende sabotasie-aanslae, en die kragtige

63 A. Seegers, The head of government and the executive, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 57.

64 Die organisasie is in 1961 gestig om die gewapende stryd van die verbanne ANC ondergonds voort te sit.

65 Poqo het as die gewapende vleuel van die verbanne PAC ondergonds geopereer.

66 J. D’Oliveira, *Vorster – die mens*, p. 119; A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, p. 90.

Johannesburg-stasiebom het veroorsaak dat die periode van huisarres in 1965 na 180 dae verleng is. Die Minister van Justisie se mag is verder uitgebrei deurdat hy publikasies kon verbied wat na sy mening die kommunistiese doelstellings verdedig of aangemoedig het. Vorster het die Soweto-onluste deur die toepassing van wetgewing, wat uitgebreide polisiemag gewettig het, met kragdadige optrede onderdruk. Agtien organisasies, asook die swart koerant, *The World* en Beyers Naudé se Christelike Instituut, is verban. Baie swart agitators is in aanhouding geplaas waarvan sommige van hulle verhoor is. Steve Biko het weens beserings wat deur die polisie toegedien is, in die tronk beswyk. Ten spyte van gereelde beskuldigings, veral van die liberaliste teen polisiemarteling, is nooit enige ondersoeke na die voorvalle geloods nie. Gedurende die periode van 1963 tot 1983 het ten minste 68 politieke gevangenes in aanhouding gesterf.⁶⁷

Swart politieke ontevredenheid, tesame met opstande en onluste, is telkens kenmerkend met kragdadige optrede beantwoord. Hewige reaksie deur die VN, die internasionale gemeenskap en plaaslike liberaliste het op gereelde basis na die aanvaarding van die sabotasiewetgewing en ook na kragdadige optredes tydens onluste gevolg. Die verligtes se apatiese houding oor dié spesifieke aangeleentheid kan verduidelik word aan die hand daarvan dat Vorster die veiligheid van die land as die belangrikste prioriteit beskou het. Daarom was hy onversetlik oor veiligheidsaangeleenthede en het hy geen inmenging of kritiek oor dié sake geduld het nie. Die verligtes wou nie hulle eie posisie in die NP ondermyn nie, omdat hulle geglo het dat hulle verandering kon bewerkstellig deur binne die laer van Afrikanerdom te bly. Die verligtes het Beyers Naudé, wat die laer van Afrikanerdom verlaat het, as voorbeeld voorgelê. Naudé was ’n vurige Afrikanernasionalis en Broederbond, wat weens sy kritiek teen apartheid uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Afrikanerdom gedryf is. Daarna het hy irrelevant vir die Afrikanerdom geword en is sy kritiek as “betekenislose speldeprikkels” beskou.⁶⁸

II DIE P.W. BOTHA-ERA, 1978-1989: VAN AANVANKLIKE VERLIGTE AKKOMMODASIE TOT VERLIGTE FRUSTRASIE

67 J. D’Oliveira, *Vorster – die mens*, pp. 129-155; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 551 & 580.

68 A. Mouton, ‘Reform from within’: Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid, *Historia* 45(1), May 2000, p. 172; A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*, p. 91.

1 Inleiding

Suid-Afrika het aan die einde van die Vorster-era in 'n wankelrige politieke situasie verkeer. Die Namibiese kwessie was op daardie stadium 'n groot probleem wat onsekerheid in Nasionale Party (NP)-beleid in die hand gewerk het. Die Vorster-regering het hom in 1978 tot die onafhanklikheid van Namibië verbind, deur die ondertekening van Resolusie 435 van die Verenigde Nasies (VN), waarvolgens Suid-Afrika sy beheer in April 1979 in die land sou beëindig. Daarna sou 'n verkiesing gehou word om 'n regering aan bewind te stel wat Namibië tot onafhanklikheid sou lei. Die strydvraag van die Namibiese kwessie was eerstens polities en het veral gegaan oor wat van die 75 000 blankes, waarvan die groot meerderheid Afrikaners was, sou word. Tweedens het dit 'n veiligheidsrisiko ingehou, omdat die South West African People's Organization (Swapo), onder leiding van Sam Nujomo, wat as 'n Afro-Marxistiese regering gevaar vir Suid-Afrika voorspel het, sou oorneem. Nog vyandige naburige Afro-Marxistiese state wat bygedra het tot dié kommer was Zimbabwe, Mosambiek en Angola. Die groot gevaar van die genoemde Afro-Marxistiese state was dat hulle as vastrapplek vir die African National Congress (ANC) kon dien om Suid-Afrika te destabiliseer. Internasionale druk, boikotte en sanksies het ook steeds weens apartheid toegeneem. Die geloof in blanke politieke heerskappy is deur die Soweto-onluste in 1976 geskud. Intussen was daar groeiende binnelandse druk van swartes vir 'n demokratiese politieke bestel. Vertroue in die NP-ideologie het skerp afgeneem en daar is besef dat apartheid nie meer die wonderkuur vir Suid-Afrika se rasseprobleme was nie. Boonop was die NP op daardie stadium sielkundig gedreineer weens die Inligtingskandaal, wat tot die verdieping van die “verlig-verkrampsryd” gelei het.¹

Die felle leierskapstryd om by Vorster oor te neem, het inderdaad dan ook op 'n bittere stryd tussen die verligtes en die verkramptes uitgeloop. Bewerings is op daardie stadium gemaak dat die verligte Botha, met sy faksie ondersteuners in die kabinet, die Inligtingskandaal aangewend het om sy gewilde en verkrampte teenstander, Connie Mulder, uit te skakel.²

Botha het al reeds in die sestigerjare van die twintigste eeu, as kabinetslid onder Verwoerd, as iemand met 'n verligte houding na vore getree. Hy het graag in private geselskappe sy verligtheid met die

1 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, p. 7; F.A. Mouton, P.W. Botha – Reformer or “Groot Krokodil”, *Kleio XXVII*, 1996, p. 190; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 589.

2 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 12-14.

woorde “ ‘ek praat regs sodat ek links kan doen’ ”³, beklemtoon. As Minister van Kleurlingsake (1961-1966) het die kleurlinggemeenskap voordeel, in die vorm van groter besteding aan onderwys en maatskaplike sake, uit sy verligtheid getrek. As Minister van Verdediging (1966-1980) het hy die weermag gemoderniseer en ook die beginsel van gelyke betaling en geleentheid in die weermag, ongeag van ras, ingebou. Botha het ook die regeringskommissie in Augustus 1976 gelei wat plurale demokrasie tot ’n konsepgrondwet in 1977 verhef het. Dié besluite het die basis vir die driekamerparlement van 1983 gevorm wat die einde van ’n blanke parlement tot gevolg gehad het.⁴ Tog was daar duidelike perke aan sy “verligtheid” en gevolglike hervormingsinisiatiewe. Vir Botha was blanke oppergesag steeds ononderhandelbaar en dit sou hom toenemend ná 1986 in konflik met die sogenaamde ware verligtes in die NP bring. Die uiteinde van die konflik was vervreemding tussen Botha en die verligtes wat tot sy gedwonge bedanking as Staatspresident in 1989 aanleiding gegee het.

2 Die Botha-regering bevorder aanvanklik verligte politiek, 1978-1984

Met die verkiesing van P.W. Botha as die agtste Eerste Minister van Suid-Afrika op 28 September 1978, het die verligtes in die NP ’n oorwinning en versterking beleef. Vir die verligtes was dit belangrik dat die volgende Eerste Minister Suid-Afrika se internasionale isolasie moes beredder en veral ook met die swartes kon saamwerk. Verligtes het geglo dat Pik Botha (Minister van Buitelandse Sake, 1977-1994), die man was wat die hervormingspolitiek onverskrokke sou kon deurvoer. Twee-en-twintig verligtes het dus vir Pik Botha gestem. Connie Mulder, Minister van Inligting, en P.W. Botha het heelwat meer stemme as Pik Botha in die eerste rondte getrek en dié verligtes was verplig om hulle tweede keuse aan te dui. Twintig van hulle het vir P.W. Botha as tweede keuse gestem. Botha se leierskapstrydoorwinning het hom daarvan oortuig dat daar ’n strategiese behoefte aan ’n nuwe rigting vir die ideologiese en institusionele basis van die Suid-Afrikaanse politiek, om die internasionale en nasionale politieke druk te verlig, bestaan het.⁵

Botha het daarom in die beginjare van sy bewind die erns van die verligtes gedeel dat hervormings uiters noodsaaklik was om die uitbreek van ’n swart rewolusie in die land te verhoed. Op daardie stadium het die verligtes Botha se politieke sentiment gedeel dat die Afrikaners met die NP as instrument die

3 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 295.

4 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 295; F. van Zyl Slabbert, *The last white parliament*, p. 64.

5 W.A. Munro, Revisiting tradition, reconstructing identity? Afrikanernationalism and political transition in South Africa, *Politikon* 2(22), December 1995, p. 12; L. Wessels, *Die einde van ’n era. Bevryding van ’n Afrikaner*, pp. 16-20 .

middelpunt van die politieke sfeer moes wees. Apartheid is nie as doel nie, maar eerder as instrument beskou. Hy het geglo dat daar te min positiewe apartheid en te veel negatiewe apartheid deurgevoer is. Apartheidswette is nie as heilige koeie beskou nie en daarom het hy die vernietiging van pynlike diskriminasie verkondig. Botha het reeds in die eerste jaar van sy premierskap 'n onuitwisbare stempel van verligte politieke hervorming op die land afgedruk.⁶

Tydens 'n NP-saamtrek te Upington op 28 Julie 1979 het hy sy bekende “pas aan of sterf”-toespraak gelewer. Botha het besef dat die Afrikaners in die NP oortuig moes word van 'n houdingsverandering en daarom daarop gewys dat politieke hervormings noodsaaklik was. 'n Pleidooi is vir rasseverdraagsaamheid en -aanpasbaarheid gerig. Hy het verklaar dat “ ‘apartheid 'n resep vir permanente konflik is en dat ons in 'n veranderde wêreld in beweeg en daarom moes aanpas of sterf’ ”⁷ Hy het ook die blankes gewaarsku om 'n vermindering in hulle voorregte te verwag as gevolg van die noodsaaklike toekomstige sosio-ekonomiese ontwikkeling van die swart bevolking. Botha se persoonlike besoeke aan die tuislande, en dan veral ook aan Soweto, het aan die wêreld en Suid-Afrika getoon dat 'n nuwe era in die geskiedenis van Suid-Afrika 'n aanvang geneem het, omdat nog geen blanke Eerste Minister voorheen soveel welwillendheid getoon het nie.⁸

Botha het die verligte hervormingsbeleid tydens die Natalse Kongres van die NP in Augustus 1979 met die bekendmaking van sy Twaalfpuntplan voortgesit. Dié beleid het verdeling van mag tussen blankes, kleurlinge en Indiërs met 'n stelsel van konsultasie oor gesamentlike belange ingesluit. Die regering het hom tot die beëindiging van rassediskriminasie verbind. Suid-Afrika is as 'n veelvolkige samelewing wat uit minderheidsgroepe bestaan het, beskou. Die konsep van 'n “Konstellasie van Suider-Afrikaanse state” sou as nuwe vertrekpunt in regeringsbeleid dien deurdat die onafhanklike tuislande die boublokke van 'n federasie sou vorm, wat polities verenig sou wees. 'n Ekonomiese streekstrategie is aangekondig wat ekonomiese samewerking oor die grense van die republiek en tuislande ingesluit het. Die regering het onderneem om 'n vrye ondernemingstelsel as grondslag van sy ekonomiese en finansiële beleid te handhaaf. Die regering het die volgende eise vir onderhandelinge oor 'n nuwe politieke bedeling gestel: die groepsaard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap moes as 'n vertrekpunt dien; geen groep mag deur

6 B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, p. 468; D. Welsh, The executive and the African population: 1948 to the present, in R. Schrire, *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 179; J.P. Brits, An Afrikaner History of all times? Hermann Giliomee's *The Afrikaners: Biography of a people*, *Kleio* 36, 2004, p. 70.

7 A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 36.

8 F.A. Mouton, P.W. Botha – Reformeer or “Groot Krokodil”, *Kleio XXV111*, 1996, p. 192; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 36.

'n ander groep oorheers word nie; selfbeskikking van elke groep oor sy eie belange is in die vooruitsig gestel; sake van algemene belang sou sentrale besluitneming insluit; en die beginsel, dat groepe mekaar se regte moes erken deur die aanvaarding van eie woongebiede en eie skole, sou geld.⁹

Die hervormingspolitiek van die NP is wyd deur die verligtes verkondig en bevorder. Dr. Piet Koornhof, Minister van Samewerking en Ontwikkeling, het in 1979 tydens 'n besoek aan die Verenigde State van Amerika (VSA) verklaar dat apartheid besig is om in Suid-Afrika te sterf en dat daar met hervormings gepoog word om diskriminasie af te skaf. Dié ingesteldheid is bevestig toe Marais Steyn, Minister van Gemeenskapsontwikkeling, nog in dieselfde jaar in Oktober 1979, aangekondig het dat alle restaurante voortaan vir alle rasse oopgestel kon word, sonder dat dit nodig sou wees om vir permitte aansoek te doen.¹⁰

Botha het besef dat indien hy hervormingspolitiek wou vestig, hy sy eie posisie en ook dié van die wankelrige NP-regering moes konsolideer. Sy eie posisie is deur die verkramptes in die kabinet bedreig. Die NP-regering se beeld het skade gely weens die Inligtingskandaal wat veroorsaak het dat die regering met korrupsie, wanbestuur, en politieke koersloosheid geassosieer is. Botha het sy posisie en dié van die NP gekonsolideer deur deeglike bestuur te vestig wat deur administratiewe hervormings en rasionalisering van die regeringsmasjinerie bereik is. 'n Effektiewe, beheerbare staatsdiens was noodsaaklik sodat hervormings sonder burokratiese rondslomp deurgevoer kon word. Daarom is die 39 bestaande staatsdepartemente tot 22 verminder. 'n Permanente Kabinetsekretariaat is ingestel en Vorster se twintig kabinetskomitees is na vyf verminder, naamlik die Staatveiligheidsraad, en komitees vir Ekonomiese, Sosiale, Interne en Finansiële Sake. Dié komitees is in 1981 met die samesmelting van die komitees vir Finansiële en Ekonomiese Sake tot vier verminder. Die komitees het uitgebreide uitvoerende magte besit waar hulle voorheen slegs raadgewend van aard was. Botha het aan hulle spesifieke opdragte verskaf, hy het seker gemaak dat die komitees gereeld ontmoet, en dat hulle gekoördineer en gereguleer word deurdat sekere prosedures gevolg is.¹¹

Botha het sy posisie en die basis vir hervorming verder versterk deur van dislojale elemente in die regering ontslae te raak wat 'n struikelblok vir hervorming was. So het hy van Vorster, wat intussen tot

9 H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, p. 130; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot PW Botha*, p. 584; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 37.

10 A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 39 & 41.

11 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 17 & 40-41.

staatspresident verkies is, ontslae geraak. Vorster het nog heelwat aanhang in die NP gehad en het Botha se hervormingspolitiek voortdurend gekritiseer. Die Erasmus-kommissie wat aangestel is om die Inligtingskandaal te ondersoek, het Vorster aanvanklik in die eerste verslag wat in Desember 1978 bekend gemaak is, vrygeskeld van enige voorafkennisname van onreëlmatighede wat deur die Departement van Inligting gepleeg is. In Mei 1979 is 'n aanvullende verslag deur die Erasmus-kommissie vrygestel waarin presies die teenoorgestelde bekend gemaak is en waarvolgens Vorster wel sedert Augustus 1977 kennis van die Departement van Inligting se projekte gedra het. Hoewel die aanvullende getuienis waarop die kommissie sy hersiene gevolgtrekkings gebaseer het, nie onomstootlik was nie, het Botha dit aanvaar en Vorster se onmiddellike bedanking geëis. Hy het Vorster se versoek vir 'n uitgestelde bedanking, sodat dit nie as skulderkenning gesien moes word nie, geweier. Vorster het op 4 Junie 1979 bedank en is deur Marais Viljoen vervang. Botha het ook 'n afkeer van genl. Hendrik van den Bergh, hoof van die Buro vir Staatsveiligheid gehad. Weens Van den Bergh se inkriminerende bedrywighede tydens die Inligtingskandaal, soos deur die Erasmus-kommissie bekend gemaak is, moes hy ook sy amp neerlê. Botha het ook op 'n taktiese manier van die verkrampte Jimmy Kruger, Minister van Polisie, ontslae geraak. Kruger het na aanleiding van die dood van Steve Biko met sy uitlating “ ‘sy dood laat my koud’ ”¹², Suid-Afrika se beeld onmeetlike skade in die buiteland berokken.¹³

Botha het hom met toegewyde verligtes omring wie se lojaliteit hoofsaaklik aan hom was en nie aan die NP as sodanig nie. Hy het dit gedoen om die klimaat vir hervorming te bevorder en dan terselfdertyd sy eie posisie en dié van die NP-regering te verstewig. J.R. Roux, 'n voormalige kommissaris van die Suid-Afrikaanse Gevangensidiens, is as die Sekretaris-Generaal in die Eerste Minister se kantoor aangestel. Neil Barnard is in 1982 as die direkteur-generaal van die Nasionale Intelligensidiens (NID) aangestel. In die kabinet kon Botha op die steun van verligte ministers, soos Piet Koornhof (Minister van Samewerking en Ontwikkeling, 1979), Pik Botha (Minister van Buitelandse Sake), Chris Heunis (Minister van Konstitusionele Sake, 1982) en Fanie Botha (Minister van Mannekrag, 1981) wat hervorming ondersteun en bepleit het, staatmaak. Om die NP meer na sy beeld te verander, het Botha verligte tegnokrate soos Gerrit Viljoen as Minister van Onderwys en Magnus Malan as Minister van Verdediging op 7 Oktober 1980 in die kabinet ingehuldig. Verskeie jong verligte adjunk-ministers is in die kabinet ingesluit; onder andere Barend du Plessis (adjunk-Minister van Buitelandse Sake en Inligting, 1982-1983, Minister van Onderwys, 1983-1984 en Minister van Finansies, 1984-1992); Sam de Beer

12 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, p. 47.

13 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 81-84; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, pp. 292-293 & 298; B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 46-48.

(adjunk-Minister van Samewerking en Opleiding, 1984-1989 en Minister van Openbare Dienste, 1989-1994); Louis Nel (adjunk-Minister van Ontwikkeling en Grondsake, adjunk-Minister van Buitelandse Sake en adjunk-Minister van Inligting); en Stoffel van der Merwe (adjunk-Minister van Inligting, 1986-1988, Minister van Inligting, Uitsaaidienste en die Filmbedryf, 1988-1989, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulpbronne, 1989-1990 en Minister van Onderwys en Opleiding, 1990-1992).¹⁴

In die beginjare van sy bewind was Botha onstuitbaar in sy hervormingsplanne en het hy nie gehuiwer om teen die verkrampes in die NP, wat struikelblokke in sy hervormingspad geplaas het, op te tree nie. Botha het in 'n openbare verklaring, in teenstelling met sy beleid om partygeskille in die binnekamer te besleg, Treurnicht in Maart 1980 oor sy negatiewe uitsprake oor kleurlingdeelname aan die rugby Cravenweek vir skoolseuns, tereggewys. Botha wat op daardie stadium midde in pogings was om beter gesindhede tussen blankes en kleurlinge daar te stel, het verklaar dat hy hom nie met openbare uitlatings of gedrag wat spanning tussen blankes en kleurlinge kon veroorsaak, vereenselwig het nie.¹⁵

Botha het veral die verligte besigheidslui verbly met sy beleid van gelyke betaling en -geleentheid vir alle rassegroepe. Die beleid het in 1979 in werking getree deurdat die voorstelle van die Rieker- en Wiehahn-kommissies aanvaar en geïmplementeer is. Die regering het sy tradisionele beskerming aan blanke werkers onttrek. Diskriminasie in arbeidswetgewing is verwyder, gelyke salarisse vir blankes en swartes is vasgestel, opleidingsgeriewe vir swartes sou aandag kry, werkreservering is afgeskaf, en swart vakbonde is toegelaat. Die positiewe gevolg was dat swart inkomste in die vervaardigingssektor en boubedryf tussen 1970 en 1982 met 60% teenoor die 18% van blankes gestyg het. Op die myne het swartes se inkomste verdriedubbel teenoor die 3% styging in blanke lone. Blankes se inkomste in die algemeen het van 70% na 60% verminder, terwyl swart inkomste van 19% na 29% gestyg het. Swart onderwysbesteding tussen 1977 en 1982 is met 200% verhoog. Geskoolde swartes het op sekondêre geskooldeheidsvlak sedert 1960 van 54, 598 tot 1,192,932 in 1985, en op universiteitsvlak gedurende dieselfde tydperk van 1,871 tot 49,164 toegeneem. In die vroeë tagtigerjare van die twintigste eeu het blankes slegs een derde van die twee miljoen staatsamptenare (die tuislandregerings ingesluit) gevorm.¹⁶

14 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 39 & 47 & 62; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 303; Anonym, National Party. Strange of Stoffel, *Financial Mail* 126(7), 1992-11-13, p. 42; Anonym, The cabinet. Office of diminishing returns, *Financial Mail* 124(5), 1992-05-01, p. 35.

15 E. de Villiers & J. de Villiers, *PW*, pp. 173-174; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 311.

16 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 126-127; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 541-544.

Botha se erns om deur ekonomiese hervormings die toenemende maatskaplike krisis, teweeggebring deur die bevolkingsontploffing in swart gemeenskappe, die ekonomiese insinking, en toenemende swart werkloosheid, die hoof te bied, het duidelik uit 'n ontmoeting met private sakemanne tydens 'n konferensie in November 1979 by die Carlton Hotel in Johannesburg geblyk. Dit was die eerste keer dat besigheidslui en die privaatsektor op hierdie wyse deur die regering in aanmerking geneem is. Die betekenisvolheid van die ontmoeting is verhoog deur die regering se voorstel dat 'n vennootskap met die sakemanne en die privaatsektor gesluit moes word om 'n vooruitstrewende ekonomie te ontwikkel. 'n "Konstellasie van Suider-Afrikaanse state" is ook op ekonomiese terrein voorgestel. Die state sou uit Suid-Afrika, die tuislande en die onafhanklike Afrikastate in Suidelike Afrika bestaan. Die noue samewerking het ten doel gehad om armoede, deur die bevordering van die ekonomie en werkskepping, uit te roei. Dié konferensie het die regering se gretigheid beklemtoon, om sakemanne en die privaatsektor by die land se ernstigste probleme te betrek. Tydens die konferensie is die grondslag vir verdere samewerking tussen die regering en die privaatsektor gelê. Soortgelyke berade met die privaatsektor sou volg om groter deelname in die ekonomie te stimuleer. Dit was 'n poging om die privaatsektor se menings oor ekonomiese aangeleenthede te toets en aan hulle inspraak te gee in besluite wat die landse ekonomie sou raak. Dié samewerking tussen die regering en die privaatsektor het aanleiding gegee tot die deregulering en privatisering van die ekonomie.¹⁷

Botha en die verligtes het dieselfde bekommernis oor die mislukking van die tuislande gedeel en hy was gretig om die gedagte van 'n "Konstellasie van Suider-Afrikaanse state" verder te voer. Hy het dit betreur dat die voorstelle van die verligtes, soos uiteengesit in die Tomlinson-kommissie, nie geïmplementeer is nie, so ook Verwoerd se weiering om blanke kapitaal in die tuislande toe te laat om industrieë te ontwikkel. Botha het die kommer van die verligtes oor die uiterste fragmentasie van die tuislande gedeel. Vir beide was dit juis dié aspek wat die geloofwaardigheid van die tuislandbeleid aangetas het. Kort na sy termyn 'n aanvang geneem het, het hy die Kommissie vir Konsolidasie geherstruktureer. Dié kommissie moes die proses van konsolidasie van die tuislande versnel deur "blanke" grond deur middel van onderhandelinge aan te koop om tuislandgrond te vergroot. Vier streekskomitees is aangewys om die konsolidasiekwessie te bestudeer. Botha moes oplaas, tydens 'n toespraak voor die Genootskapsraad van Handel in Oktober 1980, erken dat dié proses onbekostigbaar sou word en dat geografiese konsolidering van tuislande nie lewensvatbare tuislande sou skep nie. Botha

17 A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 37-38; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 602.

het op 12 November 1981 besigheidsluiers met die meeste nasionale invloed in Kaapstad ontmoet met die doel om die regering se nuwe industriële desentraliseringsplanne bekend te stel. Dit was 'n poging van regeringskant gewees om die besigheidslui aan te spoor om industrieë na landelike gebiede uit te brei. Die meerderheid van die besigheidslui het dit nie as 'n ekonomiese voordeel vir hulle of vir werkskepping beskou nie. Botha het hom van toe af toegespits op die onafhanklikheidsproses van die tuislande. Venda het in September 1979 en Ciskei in 1981 onafhanklik geword.¹⁸

Die sosio-ekonomiese hervormings het die ideologiese tweestryd in die NP verdiep. Die regering het gepoog om die herverdeling van inkomste te verwesenlik deur meer staatsgeld na die swartes, Indiërs en kleurlinge af te wentel. Op hierdie wyse kon hulle salarisse, welsyndienste, huisvesting, gesondheid en onderwys verbeter word, maar dit het die belasting van die blanke middelklas, drievoudig laat toeneem. Hierdie ekonomiese gevolg het die verkrampste steun onder die Afrikaners versterk. Ten spyte daarvan, het die NP met die algemene verkiesing van 1981 tog daarin geslaag om 55% van die stempersentasie op hom te verenig. Die verligtes het na die verkiesing 'n sterker magsbasis in die regering gehad en die skrif was aan die muur dat die hervormingsproses versnel moes word.¹⁹

Botha en die verligtes het hervorming op konstitusionele gebied as belangrik en as 'n noodsaaklike teenvoeter vir 'n toekomstige swart rewolusie in die land beskou. Daarom is daar van die konsepgrondwet van 1977 se voorgestelde konstitusionele veranderinge werk gemaak. Die regering het in Julie 1979 'n kommissie, onder leiding van Alwyn Schlebusch, Minister van Justisie en van Binnelandse Sake, aangestel om die voorgestelde konstitusionele veranderinge verder te ondersoek. Intussen het regter P.M. Cillie se eenmanskommissee sy verslag oor die redes vir die 1976 Soweto-onluste in Februarie 1980 bekend gemaak. Dié verslag het 'n beslissende invloed op die beleidsrigting van die NP gehad. Botha en die verligtes is aangespoor om politieke beleidswysigings deur te voer om 'n soortgelyke situasie in die toekoms te voorkom. Onder hierdie omstandighede is die bevindinge van die Schlebusch-kommissie in Mei 1980 bekend gemaak en met groter ontvanklikheid begroet.²⁰

Die Schlebusch-kommissie het bevind dat die Westminster-stelsel uitgedien was en het voorgestel dat die Senaat aan die einde van 1980 deur 'n Presidentsraad vervang moes word. Die Presidentsraad het

18 D. Welsh, *The executive and the African population: 1948 to the present*, in R. Schrire, *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 179; B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 115-118.

19 A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 86; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 555.

20 A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 44-47.

op 12 Junie 1980 'n werklikheid geword en het uit sestig lede bestaan waarvan vyftien lede uit die kleurling- en Indiërgemeenskap afkomstig was. Die Presidentsraad was adviserend van aard en sy hoofsaak was om 'n nuwe konstitusionele bestel vir Suid-Afrika te vind. Die instelling van die Presidentsraad was 'n deurbraak vir die verligtes wat nog altyd geglo het dat daar met die ander bevolkingsgroepe van die land gepraat moes word. Vir die eerste keer tydens die NP-bewind het blankes, kleurlinge en Indiërs die geleentheid gehad om in 'n staatsliggaam met mekaar oor die toekoms te beraadslaag. Met die Presidentsraad is op beperkte wyse aan medeverantwoordelikheid en medeseëgenskap institusionele beslag gegee. Die komitee se voorstel dat daar 'n Raad van swart Suid-Afrikaanse burgers naas die Presidentsraad in die lewe geroep moes word, met oorlegpleging tussen die twee rade, is weens teenkanting van veral die liberaliste laat vaar. Hulle het geëis dat swartes ook in die Presidentsraad moes dien.²¹

Verligtes wat wel bedenkinge oor die weglating van die swartes uit die Presidentsraad gehad het, is deur Botha daarvan verseker dat daar wel strukture geskep sou word waardeur die swartes politieke beheer oor hulle eie sake sou kon uitoefen. Hy het hulle verseker dat die ondersoek na die proses om die swartes in die politieke bestel in te sluit, sou voortgaan. Koornhof het uitvoering aan die Riekert-kommissie se aanbevelings gegee, deur Gemeenskapsrade in die plek van stedelike swart rade in te stel. Met die implementering van die *Wet op Swart Plaaslike Owerhede* (Wet no. 102 van 1982) is daar vir die eerste keer 'n groot mate van outonomie aan swart plaaslike besture verleen. Hierdie wet het aan hulle dieselfde magte as blanke munisipaliteite verleen.²²

Die verligtes het magsdeling op daardie stadium as die enigste politieke oplossing beskou. Dawie de Villiers, op daardie stadium Suid-Afrika se ambassadeur in Londen, het in 1979 die onafwendbaarheid van magsdeling soos volg aan Leon Wessels, toe LP vir Krugersdorp, verwoord: “ ‘magsdeling in Suid-Afrika is soos dood in die familie. Almal weet van die onvermydelikheid daarvan, maar niemand praat daaroor nie’ ”²³. Die verligte Afrikanermeningsvormer, akademikus en politieke analis, Willie Esterhuyse, het in sy boek *Die pad van hervorming* wat in 1981 verskyn het, Afrikaners ook daarop gewys dat ‘n vorm van magsdeling tussen blankes, kleurlinge en Indiërs strategies onafwendbaar en moreel noodwendig was. Dit het volgens hom medeseëgenskap en medeverantwoordelikheid uitgebou, gebaseer op samewerking en gemeenskaplikheid. Hy het ook klem op tuislande vir die swartes gelê en dit as die

21 A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 50-54; W.P. Esterhuyse, *Die pad van hervorming*, p. 112.

22 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 119-120.

23 L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, p. 131.

begin van 'n proses van magdesentralisasie en magsdevolusie beskou. Hy het die moontlikheid van 'n konfederale bedeling vir die toekoms voorgelê, waarin alle tuislande en Suid-Afrika met mekaar sou kon assosieer. Esterhuyse het teen swart stedelike politieke aspirasies gewaarsku en het ekonomiese en sosiale opheffing as slegs 'n korttermynoplossing om swart frustrasies aan bande te lê, beskou. Afrikaners is aangemoedig om te aanvaar dat hervorming belangriker as Afrikanereenheid is. Volgens hom is Afrikanereenheid op daardie stadium ideologies kunsmatig aan die lewe gehou en was daar groot strydpunte oor afsonderlike ontwikkeling gewees. Leon Wessels het sy mening oor Afrikanereenheid op daardie stadium soos volg skerp verwoord: "Afrikanereenheid is 'n mors van tyd. Ons moet liever brûe bou na swart mense...Afrikanereenheid behoort vanselfsprekend te volg as dit enigsins lewensvatbaar is"²⁴. Die aanmoediging tot magsdeling het die kunsmatigheid van Afrikanereenheid blootgelê.²⁵

Magsdeling is in 'n artikel in die NP se propagandablads, *Nat 80's*, deur die redakteur, Jan Grobler, beklemtoon. Volgens hom was daar nie plek vir 'n eksklusief-blanke, soewereine Parlement nie en hy het verduidelik dat daar net een Parlement en een regering oor 'n bepaalde grondgebied kon wees. Die gedagte van magsdeling het hewige ontevredenheid in die verkrampde vleuel van die NP laat ontbrand. Botha het hierop reageer deur 'n kabinetsvergadering op 22 Februarie 1982 te belê waartydens hy magsdeling vir die eerste keer openlik as partybeleid verdedig het. Botha het magsdeling as medeverantwoordelikheid beskryf. Hy het verklaar dat daar net een sentrale regering in die land kon wees, wat uit 'n uitvoerende Staatspresident en 'n gesamentlike Raad van Kabinette moes bestaan. Botha het die kabinet daarop gewys dat hierdie aspekte in die 1977-konsepsgrondwet beliggaam is wat alreeds deur die parlement aanvaar en goedgekeur is. Die verkrampde faksie in die NP, wat al vir baie jare ontevrede was met die hervormingsinisiatiewe, wou nie magsdeling as partybeleid ondersteun nie. Die verkrampde faksie het van die NP weggebreek en hulle eie party, die Konserwatiewe Party (KP), op 20 Maart 1982, met A.P. Treurnicht as leier gestig. Die NP sou voortaan aan twee fronte veg, na links (liberale partye) en na regs (konserwatiewe partye). Laasgenoemdes sou die NP se sterkste opposisie word wat deurgaans alle hervormingspogings van die NP sterk sou teenstaan.²⁶

Die NP het mettertyd 40% Afrikanersteun aan die KP verloor. Dit het die klasseverskil onder die Afrikaners vergroot. Die NP het sy ondersteuningsbasis op grondvlak onder die Afrikaners verloor, wat

24 L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, p. 22.

25 W.P. Esterhuyse, *Die pad van hervorming*, pp. 53, 107, 112-115.

26 E. de Villiers & J. de Villiers, *PW*, pp. 189-192.

grootliks die plaasboere en werkersklas ingesluit het, en daarmee het die NP sy beeld as volksparty afgeskud. Die elitegroep Afrikaners, waarvan die meeste verligtes was, het nou grootliks die NP se ondersteuningsbasis gevorm.²⁷

Alhoewel die NP-skeuring bitter en dramaties vir Afrikanereenheid was, was dit terselfdertyd vir die verligtes 'n oorwinning en 'n groot rede tot blydskap gewees. Hulle het gevoel dat daar té lank gepoog is om onversoembare elemente in die party bymekaar te hou. Die verkrampes in die NP is as struikelblokke in die weg van hervorming beskou. Die verligtes was van mening dat hulle en die verkrampes die toekoms pad vir die NP nie meer dieselfde bejeën het nie. Die blydskap van die verligtes het 'n onderstroom van verligting ingehou, want hulle het voorheen gevrees dat die verkrampes hulle uit die koukus sou dryf. Daar het 'n nuwe gees binne die NP vaardig geword. Die verligtes het op daardie stadium met verwagting daarna uitgesien om, saam met Botha en sy hervormingspolitiek, uit die beknopte wêreld van blanke politiek te breek. Vir hulle het die skeuring nou die geleentheid geskep om verder ongestoord NP-beleid te ontwikkel.²⁸

Die Afrikaner Broederbond (AB) het met die KP se wegbreek uit die NP-regering en die bedanking van die konserwatiewe Carel Boshoff as AB-voorsitter, ook 'n suiwering van die meeste konserwatiewe elemente beleef. Pieter de Lange het as voorsitter (1983-1993) oorgeneem, en het van toe af die AB as instrument ingespan om die verligte politiek te verkondig en te bevorder.²⁹

Willem De Klerk, akademikus en 'n vooraanstaande verligte Afrikanermeningvormer, het in sy boek *Die tweede (r)evolusie* wat in 1984 verskyn het, die Afrikaners aangemoedig om weg te breek van die oorspronklike apartheidsideologie wat skeiding benadruk het, en eerder op gemeenskaplikheid te konsentreer. Hy het 'n kompromiepolitiek verkondig wat 'n ewewigtige balans tussen eiesegenskap en medesegenskap vir al Suid-Afrika se mense op verskillende terreine en regeringsvlakke beoog het.³⁰

Botha het in 'n groot mate die grondwetlike aanpassingsproses in die hande van die verligte Chris Heunis gelaat. As 'n senior lid van die regering, het Heunis Suid-Afrikaners begin voorberei op die Presidentsraad se ingrypende aanbevelings oor 'n nuwe grondwetlike bedeling. Hy het homself beywer

27 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 157.

28 L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, pp. 5-6.

29 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 52-53.

30 W. de Klerk, *Die tweede (r)evolusie*, p.79.

tot die skepping van 'n gunstige klimaat vir onderhandelinge om verdere hervorming moontlik te maak. Daarom, as kampvegter vir staatkundige hervorming, het hy as die vader van hervorming bekend geword. Heunis het in Mei 1982 die Presidentsraad se voorstelle by die Volksraad ingedien. Die aanbevelings was gegrond op die 1977-konsepsgrondwet. Die verskil was dat daar drie kamers in een parlement moet wees in plaas van die aanvanklike voorstel van drie parlemente. Die drie kamers sou bestaan het uit die Volksraad vir blankes, die Huis van Verteenwoordigers vir die Kleurlinge, en 'n Huis van Afgevaardigdes vir die Indiërs, verkies volgens afsonderlike kieserslyste in 'n 4:2:1-verhouding in ooreenstemming met die onderskeie bevolkingsgetalle. Die NP het die grondwet as gesonde magsdeling aangebied, waarin die party nie uitgestem kon word deur 'n koalisie in die onderskeie kamers van die blankes, kleurlinge en Indiërs nie. Die gekombineerde kamers sou verantwoordelik wees vir die verkiesing van die uitvoerende staatspresident, wat die eerste minister en seremoniële staatspresident van die ou bedeling vervang het. Die verkiesingsformule was so ontwerp dat dit nie vir die Indiër- en kleurlingmeerderheidspartye moontlik sou wees om die NP se presidentskeuse te belemmer nie. Elke kamer het sy eie begroting gehad waarmee hy moes omsien na eie gemeenskapsake soos onderwys, maatskaplike dienste, en huisvesting. Die algemene sake het handel oor verdediging, veiligheid, en ekonomiese beleid. Wetsontwerpe is afsonderlik deur elke kamer bespreek en die bepaling was dat al drie kamers 'n wetsontwerp moes goedkeur om deurgevoer te kon word.³¹ (Kyk Bylae I op p. 142 vir 'n diagrammatiese voorstelling van die driekamerparlement.)

Die verligtes wat aanvanklik bekommerd en ontevrede was oor die uitsluiting van die swartes uit die nuwe politieke bestel, is deur Botha se verduideliking daarvan oortuig gewees dat die simboliek van 'n blanke eksklusiewe heerskappy in die Parlement eers afgebreek moes word en dat die insluiting van die swartes moes wag totdat die kiesers daaraan gewoond geraak het. Botha het herhaaldelik verklaar dat hoewel die swartes nie by die politieke stelsel ingesluit is nie, dit nie sou beteken dat hulle van toekomstige grondwetlike ontwikkeling uitgesluit sou word nie. Hulle politieke aspirasies sou met die instelling van die nuwe vorm van plaaslike bestuur geakkommodeer word en intussen moes hulle ook hulle politieke regte in die tuislande laat geld. Hy het verklaar dat die swartes se insluiting in die regering binnekort sou volg. Met die 1983-referendum, waartydens slegs blankes gestem het, het 66% kiesers 'n ja-stem vir die nuwe konstitusionele bedeling uitgebring. Die verkiesingsuitslag was 'n bewys daarvan dat Botha nie meer slegs op Afrikanersteun moes staatmaak om sy partypolitiek van hervorming te steun

31 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 112; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 88-92; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 558-559; J.A. du Pisani, (ed.), *Divided or united power*, pp. XV-XXIV.

nie. Sy steun het uitgebrei na die breër blanke bevolking, wat die Engelstalige gemeenskap ingesluit het. Hulle het toenemende steun aan die NP verleen, vanweë sy meer verligte politieke beleid. Die instelling van die driekamerparlement was 'n vervulling van die verligtes se jarelange veldtog om die Indiërs, en dan veral ook die kleurlinge, in die blanke politieke bestel te akkommodeer.³²

Na die driekamerparlementreferendum was die verligtes nog meer vasbeslote om die volle pad van hervorming te loop en ruimte te skep om die swartes in die politiek te akkommodeer. Die verligtes was onder die indruk dat hulle, met die verkramptes uit die NP, en die grondwetlike voorsiening aan die Indiërs en kleurlinge, hulle van toe af op die problematiese politieke posisie van die verstedelike swartes sou kon toespits. Die verligtes het hulle voorberei om saam met Botha op die hervormingsbeleid voort te bou.³³

Groot was die verligtes en Botha se skok toe die instelling van die driekamerparlement in September 1983 die lont was wat die swartes se ontevredenheid laat ontplof het en tot die uitbreek van landswye geweld, boikotte, en onluste in September 1984 gelei het. Bydraende redes tot die ontevredenheid was die instelling van plaaslike swart owerhede, tesame met die groeiende ekonomiese resessie. Die swart verzet was anders as al die ander wat vantevore in Suid-Afrika uitgebreek het. Dit is landswyd deur die United Democratic Front (UDF), wat uit sowat 700 organisasies bestaan het, gekoördineer. Die koste van die verwoesting was baie meer as tevore en die onluste het ook oor 'n langer tydperk geduur, van 1984 tot 1988, en in 'n mindere mate tot in 1990. Baie meer swart lewens is gedurende dié onluste geëis, onder meer ook weens die swart-op-swart-geweld, en sterftes het na raming tussen 3500 en 5000 beloop.³⁴

Die vraag kan met alle redelikheid gevra word hoe dit moontlik was dat die verligtes die politieke omstandighede in die land so verkeerd kon interpreteer in die lig van soveel verdoemende aanduidings van ontevredenheid oor die nuwe politieke bestel? Die skrif was tog aan die muur en die verzet teen die driekamerparlement was duidelik. Dit het reeds kop uitgesteek met die kleurlinge se verwerping van die driekamerparlementvoorstelle. Heunis het egter daarin geslaag om die Arbeidersparty, wat die kleurlinggemeenskap verteenwoordig het, te oorreed om met dié stelsel saam te werk. Die swartes het

32 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 558-559; G.H.L. le May, *The Afrikaners. An historical interpretation*, pp. 131-133.

33 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 117; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 498 & 494; L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, p. 39.

34 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 117; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 498 & 494.

die verteenwoordiging van kleurlinge en Indiërs in die driekamerparlement as ‘n verwerping van hulle eis om gemeenskaplike burgerskap beskou. Hulle ontevredenheid is vererger deurdat die regering die tuislande en die instelling van swart plaaslike owerhede as regverdiging vir hulle uitsluiting uit die Parlement voorgehou het. Die swartes se ontevredenheid met swart plaaslike owerhede was duidelik gewees weens die lae stempersentasies landswyd tydens die verkiesing van swart stadsrade. Swart plaaslike owerhede was onsuksesvol, omdat die stelsel nie deur die swartes aanvaar is nie, daar ‘n tekort aan fondse was om ontwikkeling in gebiede teweeg te bring, en gebrekkige burokratiese ondervinding bestaan het. Baie swart inwoners het opgehou om hulle huurgeld en water- en elektrisiteitsrekening te betaal. Ontevredenheid het toegeneem toe swart stadsrade, wat self geld moes genereer, huurgeld en tariewe verhoog het. Die swartes se ontevredenheid het tot die stigting van die UDF op 20 Augustus 1983 gelei. Allan Boesak, president van die Wêreld se Bondgenootskap van Gereformeerde Kerke, wat hard gewerk het om die UDF tot stand te bring, het die doel daarvan duidelik aangedui met die woorde “ ‘the politics of refusal needs a united front’ ”³⁵. Mangosuthu Buthelezi, hoofminister van KwaZulu en leier van die Inkatha, wat die enigste potensiële swart bondgenoot van die regering was, en wat ook in 1979 die ANC die rug gekeer het weens afkeuring van sy gewapende stryd en sanksieveldtogte, het ook die grondwet teengestaan. Leon Wessels werp lig op die verligtes en die NP se reaksie met die verduideliking dat hulle nie die gevoel van verwerping en uitsluiting wat by die swartes gewek is, gesnap het nie. Hy verklaar dat die NP-nasionaliste die swart versetpolitiek wat op die instelling van die nuwe politieke bedeling gevolg het, nie begryp het nie, omdat dit vir die NP die **eerste stappe** in die rigting van ‘n fundamentele grondwetlike hervormings**proses**, en ‘n geweldige ingrype in die tradisionele blanke politieke beleid was. Die swartes se geduld was egter op en hulle het nie in die **proses** belanggestel nie, maar op die onafwendbare uiteinde van die proses aangedring, naamlik ‘n ware demokratiese politieke bestel.³⁶

Die politieke toestande in die land het daartoe bygedra dat die NP se verligte ideologiese samehorigheid, wat na die stigting van die KP en die gevolglike uitwerping van die behoudendes ontstaan het, begin verbrokkel het.³⁷

3 Groeiende verdeeldheid in verligte NP-geledere, 1984-1986

35 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 343.

36 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 558-559 & 566; L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, p. 39.

37 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 574.

Reeds teen die einde van 1984 het politieke sentimente in verligte NP-geledere begin verander. 'n Groep, wat weens die ekonomiese resessie en die voortdurende verslegtende veiligheidsituasie in die land reaksionêre sentimente begin toon het, het as die anti-reformiste of neo-konserwatiste bekend gestaan. Dié groep het nie meer kans gesien vir die gevolge van sogenaamde demokrasie nie. Die ander groep, die reformiste of verligtes, is deur dieselfde binnelandse toestande tot groter doelgerigtheid en spoed om hervormings deur te voer, aangespoor. Die verligte reformiste was van mening dat hervormings teen 'n té stadige pas plaasgevind het. Hierdie veranderde verligte reformistiese denke het ook geleidelik by die Afrikanerpubliek inslag gevind. Dit is bevestig deur die uitslag van 'n deurlopende landswye opname in 1984 wat deur die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) geloods is. Daarvolgens was daar 'n geraamde 26% Afrikaners met 'n hoë bewustheid van die politieke krisis in die land en ook hulle het die stadige pas van hervorming bevraagteken.³⁸

Botha het toenemend 'n geneigdheid tot die eerste groep getoon wat tot gevolg gehad het dat daar 'n groeiende verwydering tussen Botha en die verligte reformiste plaasgevind het. Botha, wat verantwoordelik was vir die deurvoering van talle dinamiese hervormings, het sedert die middel tagtigerjare van die twintigste eeu onsekerheid getoon oor die politieke rigting wat gevolg moes word, en die hervormingspolitiek het tot stilstand gekom.³⁹

Die veranderde houding van Botha kan toegeskryf word aan sy vrees vir 'n regse aanslag op die NP wat daartoe sou lei dat die party verder sou skeur. Die alreeds groeiende uitvloeï van kiesers uit die NP het ongetwyfeld hierdie gedagte by Botha versterk. Hierdie tendens is bevestig deur die KP se goeie vertoning in die landswye tussenverkiesings wat in Oktober 1985 plaasgevind het. Botha is ook deur die sekurokrate tot dié houding aangespoor. Die toenemende invloed van die sekurokrate het in 'n groot mate bygedra tot die verwydering tussen Botha en die anti-reformiste aan die een kant, en die verligte reformiste aan die ander kant.⁴⁰

Dit het die verligte reformiste gefrustreer en magteloos gelaat dat alle mag in die hande van Botha en die sekurokrate gesentraliseer was deurdat die Staatveiligheidsraad (SVR) tot sleutelorganisasie verhef is.

38 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 112.

39 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 147; A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd. Die dramas rondom die uittrede van president P.W. Botha*, p. 11.

40 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 147-148.

Alle veiligheids- en nasionale strategiese besluite is deur die SVR geneem, sonder inagneming van die kabinet. Die verligte reformiste het na die sentralisering van mag in die SVR as 'n binne-kabinet of geheimsinnige superkabinet verwys. Botha het as voorsitter van die SVR, tesame met die sekurokrate se prominente rolspelers, Magnus Malan, Minister van Verdediging, Adriaan Vlok, Minister van Wet en Orde, en die hoofde van veiligheids- en veiligheidsverwante departemente, oor die formulering en toepassing van veiligheidstrategieë besluit. Die Ministers van Justisie, Buitelandse Sake, Finansies en Staatkundige Ontwikkeling, en ook ministers wat belangrike leierskapsposisies in die NP beklee het, is ook by die SVR ingesluit. Onder dié laaste groep was daar heelwat verligte reformiste. Dié groep is nie oor alle sake ingelig nie en het ook nie in alle besluitneming gedeel nie. Die SVR het deur middel van die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel (NVBS), wat uit Gesamentlike Bestuursentrums (GBS) op nasionale, metropolitaanse en dorpsvlak bestaan het, die “totale nasionale strategie” gekoördineer en geïmplementeer. Die NVBS het in al die staatsdepartemente se sake ingemeng om te verseker dat alle afdelings van die regering op 'n gekoördineerde wyse op die rewolusionêre gevaar reageer. Die GBS het inligting oor veiligheidsaspekte verskaf, politieke wrywing uitgewys, en burokratiese rompslomp, wat hervormings bemoeilik het, geïdentifiseer.⁴¹

Die verligte reformistiese kabinetslede se ongemaklikheid is vergroot wanneer hulle in die buiteland met televisiebeelde gekonfronteer is wat hulle oningeligtheid oor die aanvang van onluste in hulle eie land en die gewelddadige optredes deur veiligheidsmagte duidelik laat blyk het. Dit het hulle ook laat beseef dat hulle blanke landgenote in Suid-Afrika weens mediaregulasies wat hulle blootstelling daaraan verhoed het, nie van die omvang en onbeheersheid van die swart geweld bewus was nie,⁴²

Die sekurokrate het Botha met hulle skeptiese houding oor 'n moontlike skikking met die ANC- en UDF-leiers beïnvloed. Hulle het geglo dat hervorming slegs in stabiliteit kon groei en dat die weermag 'n groot rol te speel gehad het in die skepping van stabiliteit. Dus is die militêre perspektief ten koste van die verligtes in die weermag geregverdig. Die sekurokrate, onder beheer van Magnus Malan, het die buitelandse beleid oorheers met die absolute geloof in die militêre krag van Suid-Afrika as 'n arbiter van dispute, en 'n teenvoeter vir die bedreiging van kommunistiese ondermyning, met 'n gevolglike diepe agterdog teenoor Westerse deelname aan gesprekke.⁴³

41 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 133-137; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 602.

42 L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, p. 43.

43 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 371-372; S. Johnson (ed.), *South Africa: no turning back*, p. 248.

Suid-Afrika se buurstate het nie in Botha se “Konstellasie van Suider-Afrikaanse state” belanggestel nie. In April 1980 het Zambië, Botswana, Lesotho, Zimbabwe, Tanzanië, Malawië en Angola die South African Development Co-ordinating Council (SADCC) geloods, wat daarop gemik was om hulle ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika te verminder. Die sekurokrate het dié organisasie as ’n veiligheidsbedreiging beskou. Botha en die militêre strategiese beplanners het gevoel dat die diplomatieke periode om die buurstate se goedgesindheid te wen verby was en dat die tyd vir offensiewe optrede aangebreek het. Die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het met ’n proses begin om vyandige buurstate te ontwig en te destabiliseer deur militêre aanvalle te loods in ’n poging om hulle af te skrik om die ANC te huisves. Met dié militêre optredes het burgerlikes en kinders onder skoot gekom. Die omstrede militêre maneuvers wat in die naam van die totale strategie uitgevoer is, is skerp deur die buiteland veroordeel, en het tot groot ongemaklikheid in verligte reformistiese kringe gelei. Dié groep Afrikaners was van mening dat Botha hom in ’n groot mate deur sy militêre raadgewers aan die neus laat rondlei het, meer as wat pragmatiese politiek genoodsaak het.⁴⁴

Die sekurokrate se oorheersing en inmenging in Suid-Afrika se buitelandse beleid met hulle geloof in militêre krag as oplossing, het onderhandelinge met Namibië, Angola en Mosambiek in die wiele gery. Botha en die sekurokrate het nie met Vorster se instemming tot die VN-veiligheidsraad se Resolusie 435 oor Namibië saamgestem nie en het uit die VN-plan onttrek. Hulle het geglo dat die SAW daartoe in staat was om Swapo tot onderwerping te dwing en ’n gematigde politieke blok as teenvoeter vir die guerrillastryders op te bou. In ’n poging om Swapo in die naburige Angola te verswak en druk op Kuba uit te oefen wat grootskaalse hulp aan Swapo verskaf het, het die SAW militêre steun aan die National Union for the Total Independence of Angola (Unita) verleen. Die SAW het ook militêre bystand aan Resistencia Nacional de Moçambiek (Renamo) in Mosambiek verleen. Die rede hiervoor was om Samora Machel, president van Mosambiek, en sy Marxistiese Mozambique Liberation Front (Frelimo) te destabiliseer in ’n poging om hulle te verhoed om die ANC te huisves, omdat Mosambiek die vernaamste roete van ANC-insypelaars na Suid-Afrika was.⁴⁵

Intussen het die verligte Minister van Buitelandse Sake Pik Botha gepoog om deur diplomatieke onderhandelinge, ANC-insypeling en die gebruik van Kubaanse magte in die buurstate aan bande te lê. Dit het tot die sluiting van ooreenkomste met Angola deur middel van die Lusaka-ooreenkoms in

44 H.J. du Bruyn, *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: ’n historiese ontleding*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 14; B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 213 & 329 & 373-375.

45 H. Giliomee, *Die Afrikaners. ’n Biografie*, p. 549.

Februarie 1984, en met Mosambiek, deur middel van die Nkomati-Akkoord op 16 Maart 1984, gelei. Die sekurokrate het nie veel geloof in dié ooreenkomste gehad nie en het sonder die medewete van Pik Botha beide ooreenkomste verbreek deur met hulpverlening aan Unita en Renamo voort te gaan. Dit het tot die vernietiging van die ooreenkomste gelei en baie kritiek in die buiteland ontlok. Die sekurokrate se geslaagde militêre optredes om die kommunistiese indringing in Angola te stuit, die groot finansiële uitgawes van die oorlog, en lewensverliese van jong soldate het die Suid-Afrikaanse regering tot die besluit laat kom om oorlog op sy grense te beëindig deur in 1988 'n ooreenkoms oor Namibië te sluit. Hulle het tot Resolusie 435 van die VN ingestem, waarvolgens 'n verkiesing in 1989 sou volg. Die verkiesing het egter eers vroeg in 1990 plaasgevind. Ten spyte van Suid-Afrika se jarelange pogings om Swapo deur oorlog en bloedvergieting te verswak, het Swapo daarin geslaag om dié verkiesing te wen.⁴⁶

Tesame met die invloed van die sekurokrate het ook Botha se oorheersende, outokratiese en aggressiewe bestuurstyl, wat hom die bynaam “Groot Krokodil” laat kry het, bygedra tot die groeiende verwydering tussen die verligte reformiste en Botha. Dié bestuurstyl het veral na sy inhuldiging as eerste uitvoerende staatspresident en instelling van die driekamerparlement in 1984 toegeneem. Botha het aan hervorming van bo geglo en daarom alle mag in sy hande as uitvoerende staatspresident én in die hande van die SVR gesentraliseer. In dié proses is die kabinet, parlement en party in beleidmaking oor die hoof gesien. Botha het die NP met 'n ystervuis regeer en die beleid dikteer. Hy het partykongresse gebruik as 'n “rubberstempel” vir sy besluite. Botha het met sy baasspelerige manier en plofbare humeur lede van die kabinet en koukus fisies geïntimideer. Ministers wat Botha teengegaan het of van hom verskil het, het met vernederende skrobberings daarvan afgekom. Later van tyd was ministers minder bereid om hom teen te gaan.⁴⁷

Botha se Rubicon-toespraak het die verwydering tussen hom en die verligte reformiste in so 'n mate vergroot dat dit eintlik die begin van die finale breuk met Botha was. Bydraende faktore tot die breuk was Botha se outoritêre, vergeldende humeur, die invloed van die sekurokrate op NP-beleid, die dramatiese gevolge van toenemende buitelandse vyandigheid, en 'n ekonomiese insinking.

Die Rubicon-toespraak sou die hoogtepunt gewees het van twee jaar se harde werk deur die Spesiale Kabinetskomitee (SKK). Die SKK het in Februarie 1983 onder voorsitterskap van die verligte minister

46 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 375-377; H. Hamman, *Days of the generals*, pp. 77-78 & 105-106; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 551.

47 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 86; A. Sparks, *The mind of South Africa*, p. 322; F.A. Mouton, P.W. Botha – Reformer or “Groot Krokodil”, *Kleio XXV111*, 1996, pp. 192-193.

Heunis in werking getree. Die SKK moes oplossings soek vir politieke deelname van swartes wat nie in tuislande gewoon het nie, maar wel in die sogenaamde “blanke” gebiede. Die SKK moes ook maniere bewerkstellig om multilaterale samewerking tussen die Suid-Afrikaanse regering en ander regerings van die bestaande onafhanklike en selfbesturende swart state te bevorder. Die voorstelle van die SKK het in Februarie 1985 tydens Botha se openingsrede in die eerste volwaardige sitting van die veelrassige driekamerparlement aan die lig gekom: die permanensie van die swartes in blanke gebiede is erken; die noodsaaklikheid is beklemtoon om die politieke implikasies van hierdie werklikheid te aanvaar; die ses oorblywende tuislande sou nie gedwing kon word om onafhanklik te word nie; daar sou nouer met dié tuislande saamgewerk word oor sake van algemene belang; en Botha het ook onderneem om Nelson Mandela vry te laat indien die ANC bereid sou wees om geweld af te sweer. Mandela het later die aanbod op grond van die voorwaarde daarvoor, geweier. Dié voorstelle wat tydens die openingsrede aangevoer is, is aan die begin van Augustus 1985 aan die kabinet vir goedkeuring voorgelê. Tydens dié kabinetsvergadering is daar besluit dat Botha by die NP se Natalse Kongres, wat op 15 Augustus 1985 sou plaasvind, die nuwe grondwetlike riglyne sou aankondig. Dit was ’n poging om swart vernet wat op daardie stadium hoogty gevier het, aan bande te lê.⁴⁸

President Botha het die kabinet gevra om met voorstelle vorendag te kom wat hy in die Rubicon-toespraak kon gebruik. In die kabinetvoorstelle wat breedvoerig deur Heunis saamgevat is, is onder meer laat blyk dat die kabinet erken het dat geen ooreenkoms of onderhandelinge sonder die ANC sou kon plaasvind nie. Die reformiste was opgewonde en entoesiasies oor die aankondigings wat by die komende Natalse Kongres van die NP gemaak sou word. Hulle het besef dat dié inisiatiewe Suid-Afrika se swak beeld in die buiteland kon verbeter. Só ’n verwikkeling was belangrik, omdat buitelandse betrekkinge vir ekonomiese groei en ook vir sport en ander sake noodsaaklik was. Pik Botha het Weenen toe gevlieg vir ’n ontmoeting met afgevaardigdes van die VSA, Brittanje en Wes Duitsland, waartydens hy die nuwe rigtings wat Botha na verwagting sou aankondig, bekend gemaak het. Die media het van die inisiatief te hore gekom, en dit het tot wilde bespiegeling en onrealistiese verwagtinge gelei, onder meer dat Nelson Mandela se vrylating aangekondig sou word; magsdeling wat swartes sou insluit, sou volg; tuislande geskrap sou word; al die bevolkingsgroepe gemeenskaplike burgerskap sou ontvang; en swartes na ’n nasionale konvensie genooi sou word om ’n nuwe grondwet te skryf. Dié gissings het president Botha woedend gemaak en hy het gevoel dat hy ’n slagoffer van ’n sameswering teen hom was wat hom verder wou stoot as waarvoor hy werklik kans gesien het. Hy het gevoel dat

48 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – ’n nuwe begin*, pp. 117-120.

indien hy aan dié gissings sou toegee, hy hom dan as 'n swakkeling sou ontbloot wat kwesbaar was vir druk. Hy het die kabinet die dag voordat die kongres sou plaasvind, bymekaar geroep en hulle in kennis gestel dat hy nie hulle voorstelle vir die toespraak gaan gebruik nie. Hy het die toespraak wat hy self geformuleer het aan hulle voorgelees. Weens Botha se plofbare humeur het selfs die reformiste hom nie durf teengaan in dié besluit nie. Kobie Coetzee, Minister van Justisie, het die atmosfeer wat op daardie dag in die kabinet geheers het as “ ‘there was definitely war in the air’ ”⁴⁹, beskryf.⁵⁰

Die inhoud en aanbieding van Botha se Rubicon-toespraak, wat 'n uitdagende, trotse blank oorheerser uitgebeeld het, was vir die verligte reformiste 'n verleentheid gewees. Weens sy aggressiewe toon het 'n moonlike historiese geleentheid en boodskap, wat grondverskuiwings in apartheid sou meebring, verlore gegaan. In sy boodskap het Botha erken dat swartes en blankes 'n gemeenskaplike burgerskap deel en dat politieke instellings wat vir geregverdigde politieke aspirasies van die swart meerderheid in die sogenaamde “blanke” gebiede sou voorsiening maak, beding moes word. Botha het ook in die toespraak die noodsaaklikheid aanvaar dat daar met swart leiers onderhandel moes word om dié politieke instellings te beding. Verskeie aggressiewe verklarings het egter Botha se boodskap oorskadu. Botha het die konsep van een-mens-een-stem verwerp, en hy het ook die verbanne ANC en UDF snedig as kommunistiese oproermakers verwerp. Hy het verklaar dat hy hom nie deur internasionale druk sal laat beïnvloed nie en dat hy nie bereid was om blanke Suid-Afrikaners en ander minderheidsgroepe op die weg na abdikasie en selfmoord te lei nie, maar dat daar wel met hervormings voortgegaan sou word. Die wêreld was teleurgesteld oor dit wat Botha ongesê gelaat het, en dit het hulle vyandigheid laat opvlam. Hulle het ten minste die vrylating van Mandela verwag.⁵¹

Die Rubicon-toespraak in sy oorspronklike bedoelde vorm, gegrond op die kabinetvoorstelle, was inderwaarheid ook 'n desperate poging van die reformiste gewees om hulle posisie teenoor die sekurokrate te verstewig. Verligte reformiste in Botha se kabinet, gelei deur Heunis en Pik Botha, het gehoop dat die herroeping van die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike* en die *Ontugwysigingswet* in April 1985 die ontevredenheid onder die swartes sou laat vermurwe het, omdat dié wette die hoekstene van apartheid gevorm het. Hulle het ook gehoop dat kleurling- en Indiër-LP's erkenning en wettige aansien sou begin ontvang het om sodoende steun weg van die radikale bewegings te trek. Dié hervormings het nie die gewenste uitwerking op die swartes gehad nie en swart verzet het hewiger

49 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 55.

50 A. Sparks, *The mind of South Africa*, pp. 349-350; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 121.

51 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 123.

voortgewoed. Die swart verset het die sekurokrate wat Botha se NVBS beheer het, weerspanning en ongeduldig gemaak en die herstel van wet en orde het vir hulle swaarder as die hervormingsprogram gewoed. Botha het onder druk van die sekurokrate op 21 Julie 1985 geswig en 'n gedeeltelike noodtoestand afgekondig wat in 36 landdrosdistrikte landswyd van krag sou word. Dit het die totale strategie tot volle ontplooiing onder leiding van die SVR laat kom en aan die veiligheidsmagte uitgebreide magte vir kragdadige optrede verskaf. Dié houding het die hervormingsprogram in gevaar gestel en daarom was dit vir die reformiste belangrik dat Botha in 'n duidelike verklaring die hervormingsprogram bo alle twyfel moes verhef. Botha het met sy Rubicon-toespraak voor die druk van die sekurokrate en anti-reformiste geswig. Die buiteland het die toespraak as 'n verwerping van hervorming beskou wat die regering se geloofwaardigheid en verbintenis tot opregte onderhandelinge ondermyn het.⁵²

Die verligte reformiste was oor die negatiewe gevolge van dié toespraak bekommerd. Dit het Suid-Afrika se beeld finaal in die buiteland geskaad met ramspoedige ekonomiese gevolge. Dié toespraak, tesame met die vreesaanjaende TV-dekking van toenemende onrus in Suid-Afrika, het die internasionale vertroue in Suid-Afrika om krisisse te bereedder die finale nekslag toegedien. Internasionale waarnemers het geglo dat Suid-Afrika reguit op 'n ontsaglike ramp afstuur. Die swart stryd is op dié manier geïnternasionaliseer. Ander buitelandse banke het die VSA, wat reeds aan die einde van Julie 1985 sy lenings aan Suid-Afrika opgeskort het, se voorbeeld gevolg en die onmiddellike terugbetaling van korttermynlenings, wat 67% van Suid-Afrika se buitelandse lenings uitgemaak het, geëis. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die vertroue van ander internasionale beleggers geskaad is en hulle het hulle Suid-Afrikaanse aandele verkoop. Tussen Junie 1985 en September 1985 het die waarde van die rand van R1.97 tot R2.48 teen die Amerikaanse dollar gedaal. Die terugbetaling van Suid-Afrikaanse lenings op so 'n kort kennisgewing het ekonomiese groei negatief beïnvloed. Sanksies deur die VSA en Brittanje, wat voorheen deur dié twee lande afgeweer is, het ook op daardie stadium in werking getree.⁵³

Dié finansiële krisis het die hand van die verligte reformiste versterk. Die sekurokrate het na die agtergrond verskuif, terwyl die reformiste 'n herlewing beleef het en gepoog het om die beeld van hervorming te laat herleef ten einde die goedkeuring van die goedgesinde Westerse lande – die VSA, Brittanje en Wes Duitsland – terug te wen. Botha het met die parlamentsopening op 31 Januarie 1986 'n hervormingstoespraak gehou. Hy het aangekondig dat instromingsbeheer herroep sou word; dat swartes vrylik eiendomsreg sou verkry; en dat swartes binne Suid-Afrika, wat hulle burgerskap verloor

52 A. Sparks, *The mind of South Africa*, p. 349.

53 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 115-124; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 509-510.

het weens die onafhanklikheidswording van tuislande, hulle Suid-Afrikaanse burgerskap sou herwin. Hy het voorgestel dat 'n Nasionale Statutêre Raad (NSR) as forum vir onderhandelinge met swart Suid-Afrikaners gestig word. Die NSR sou die eerste stap in die rigting van magsdeling op nasionale vlak tussen die regering en belangrike swart gemeenskappe wees. Die NSR, waarvan Botha die voorsitter sou wees, sou die regering oor alle sake van algemene belang adviseer, met inbegrip van wetgewing oor sodanige sake. Die NSR het egter nooit op dreef gekom nie. Die swart leiers was net bereid om aan die NSR deel te neem op voorwaarde dat die driekamerparlement geskrap word; die ANC kon deelneem; Nelson Mandela vrygelaat sou word; en die *Bevolkingsregistrasiewet* en die *Groepsgebiedewet* herroep sou word. Dit het daartoe gelei dat Heunis sonder welslae druk op Botha begin uitoefen het om Nelson Mandela vry te laat.⁵⁴

Aan die begin van 1986 was daar lewendige debatvoering in die SKK oor sake wat met die moontlikheid van volle swart deelname aan die politiek verband gehou het – sake soos 'n meerderheidsregering, beskerming van minderhede, en 'n swart staatspresident. Dié debatsonderwerpe het opsigself in die teken van 'n nuwe, meer verligte politieke siening van 'n groep Afrikaners in die kabinet gestaan. Na aanleiding van dié debatvoeringe het die verligte Pik Botha, tydens 'n perskonferensie vir buitelandse korrespondente op 7 Februarie 1986, bevestig dat hy bereid is om onder 'n swart president te dien. Dit het 'n opskudding veroorsaak, omdat dit die mees omstrede opmerking was wat 'n NP-politikus nog gemaak het. Dit het in 'n polemiëk ontaard wat baie van die reformiste én anti-reformiste ontevrede gestem het. President Botha se sterk repudiëring van Pik Botha in die parlement oor sy uitlating en verwerping daarvan as partybeleid, het Botha se steun aan die anti-reformiste bevestig. Gerugte het daarop gedui dat die anti-reformis, F.W. de Klerk (Minister van Nasionale Opvoeding, 1985-1989) veral ontevrede was oor Pik Botha se uitlatings en dat hy die verligte reformis, Chris Heunis, oorgehaal het om saam met hom druk op P.W. Botha uit te oefen om sterk daarop te reageer. Sommige verligte reformiste was teleurgesteld oor dié optrede, deurdat dit die goeie gesindhede met die swartes wat Botha met sy openingsrede geskep het, skade berokken het. Dit het 'n terugslag vir hulle vordering om swartes by regeringsstrukture te betrek, tot gevolg gehad. Mangosuthu Buthelezi het verklaar dat die Staatspresident met die openbaring van dié negatiewe houding dit baie moeilik vir die swart leiers maak om aan die voorgestelde NSR deel te neem. Die gebeurtenis was 'n simptoom en aanduiding van 'n

54 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 126-127; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 175-176; *Die Afrikaner*, 1986-04-16 (Du Plessis 'n "nuwe nat". Sanlam-baas betrokke by linkse woelinge in NP), p. 2.

groeïende verdeeldheid in die NP.⁵⁵

4 Die opkoms van die “nuwe nattes” vergroot die breuk tussen P.W. Botha en die verligtes, 1986-1989

Die regering se traë pas van hervorming, mislukte pogings van die NSR om swartes in die politieke bestel te akkommodeer, die voortslepende swart verset in die land, en die toenemende buitelandse vyandigheid, het vroeg in 1986 tot ontbloting van ’n broeiende linkse groep in die NP gelei. Dit het tot uitgebreide besprekings en bespiegeling in die verskillende Suid-Afrikaanse dagblaaie aanleiding gegee. Dries van Heerden, politieke korrespondent vir *Die Vaderland*, het die linkse groep in die NP bekendgestel en hulle politieke beginsels duidelik uitgespel. Van Heerden het aangedui dat die NP op daardie stadium uit ’n koalisie van drie groepe bestaan het. Die konserwatiewe vleuel van die NP, ook bekend as die anti-reformiste, het steeds die tuislande binne ’n federale⁵⁶ struktuur as basis vir ’n toekomstige konstitusionele stelsel beskou. Die middelgroep, wat die verligtes van ouds verteenwoordig het en ook as die reformiste bekend gestaan het, het nou die hoofstroom van die party geword. Alhoewel hulle in ’n onverdeelde Suid-Afrika geglo het, wou hulle die hele proses self beheer, en self besluit wie die politieke deelnemers mag wees. Hulle het dus ’n politieke plan geskoei op ’n federale-konfederale⁵⁷ lees, ondersteun. Ministers soos Chris Heunis, Barend du Plessis en Louis Nel, het onder andere tot hierdie groep behoort. Die linkervleuel, die ultra-reformiste van die NP, is as die “nuwe nattes” omskryf. ’n Lys name van die nuwe nattes is bekend gemaak, waarop die name van ministers Pik Botha en Dawie de Villiers en adjunk-ministers Sam de Beer, Stoffel van der Merwe en Kent Durr, saam met sowat dertig, grootliks jong stedelike LP’s, verskyn het. Dié groep Afrikaners het op die instelling van streeksoplossings volgens Buthelezi⁵⁸ se voorstelle aangedring. Dié streke moes wetgewende en uitvoerende magte gehad het wat tot ’n geografiese federale stelsel kon ontwikkel. Sentrale regeringsinmenging in die verskillende federale streke moes deur konstitusionele beskerming verhoed

55 S. de Swart & L. Louw, Herskikking na die skudding, *Finansies & Tegniek* 38(6), 1986-02-14, p. 12; A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd. Die dramas rondom die optrede van president P.W. Botha*, p. 134.

56 ’n Federale staat is ’n enkele onafhanklike staat bestaande uit meerdere geografiese en/of etniese komponente waarin voorsiening vir selfbeskikking vir elke geografiese en/of etniese komponente gemaak word en vir ’n sentrale regering vir die behartiging van gemeenskaplike belange.

57 Hulle wou ’n federasie hê wat die blankes, kleurlinge en Indiërs sou insluit en terselfdertyd ’n konfederasie met die swartes vorm.

58 Buthelezi het ’n veelrassige federasie as alternatief vir apartheid voorgestel. In 1981 het hy ’n kommissie aangestel met die taak om voorstelle te maak wat tot die integrasie van Natal en KwaZulu sou lei. Daar is een wetgewende vergadering voorgestel wat op die grondslag van proporsionele verteenwoordiging verkies moes word. Daar is ook aanbeveel dat ’n veelrassige uitvoerende komitee saamgestel word wat besluite op die grondslag van magsdeling sou neem.

word.⁵⁹

Die nuwe nattes was veral ongelukkig oor die stadige tempo waarteen hervorming plaasgevind het. Hulle was ontevrede dat die verdeeldheid in blanke politieke geleedere (binne die NP) die regering verhoed het om met swart leiers, insluitende die ANC en Inkatha, te onderhandel. Die regering se eis dat die ANC geweld moes versak voor onderhandelinge kon plaasvind, is as skynheilig beskou. In hierdie verband het hulle na die Nkomati-Akoord verwys waarin die regering hom tot nie-aggressiewe optrede verbind het en tog daarna steeds militêre bystand aan Renamo verleen het. Hulle het Nelson Mandela se vrylating, die ontbanning van die ANC, en die onmiddellike onderhandelinge tussen die ANC en die regering geëis. Vir dié groep was 'n meerderheidsregering onvermydelik. Hulle het die herroeping van die *Groepsgebiedewet* en *Wet op Aparte Geriewe* en een onderwysdepartement geëis, asook die afskaffing van alle vorme van instromingsbeheer. Die nuwe nattes het die vryemarkstelsel van die NP as 'n mislukking beskou en het daarom 'n groter mate van sosiale demokrasie, omrykdom te herversprei, voorgestaan, omdat hulle geglo het dat die wortel van swart verset in die ongelyke inkomstes van blankes en swartes geleë was.⁶⁰

Volgens Van Heerden het die meeste van die nuwe nattes 'n stelsel wat minderheidsgroepe sou beskerm, teengestaan en geglo dat alle openbare fasiliteite vir alle groepe oopgestel moes word. Individuele regte moes bo die regte van enige etniese groep voorkeur kry. Dit moes deur die bevordering en beskerming van menseregte bewerkstellig word en waarborgs moes gegee word vir gelyke geleenthede in arbeid en gelyke toegang tot die regsweese. David Braun, 'n politieke korrespondent vir die dagblad *The Star*, het in onderhoude met verskeie nuwe nattes bevind dat die meerderheid in statutêre groeidentifikasie, soos eie skole, as die basis vir enige politieke stelsel, geglo het. Verder is geëis dat alle wetgewing wat oor etnisiteit gehandel het, waarvan die *Bevolkingsregistrasiewet* die belangrikste was, herroep moes word.⁶¹ Wye bespiegeling in die media dat die nuwe nattes die NP gaan verlaat om 'n nuwe politieke party saam met elemente van die Progresiewe Federale Party (PFP), die Nuwe Republikeinse Party (NRP) en individue soos Fred du Plessis, hoof van die Sanlamgroep, en Zack de Beer van Anglo-American, te stig, was van alle waarheid ontbloot. Die nuwe nattes het geglo dat hulle die regering van binne af moes

59 D. van Heerden, The new nats, *Frontline* 6(2), 1986-03-31, p. 35; *The Sunday Star*, 1986-04-13 (If Nats do have nine lives have they used eight?), p. 17; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 560.

60 D. van Heerden, The new nats, *Frontline* 6(2), 1986-03-31, p. 35; *The Sunday Star*, 1986-04-13 (If Nats do have nine lives have they used eight?), p. 17.

61 D. van Heerden, The new nats, *Frontline* 6(2), 1986-03-31, p. 35; *The Citizen*, 1986-04-12 (Focus on NP), p. 6; *Die Vaderland*, 1986-03-24 (Die NP se linkervleuel), p. 25; *The Star*, 1986-04-18 (The 'New Nats' – are they fact or fiction?), p. 11.

verander.⁶²

Vir Van Heerden was die NP-verdeeldheid nie meer tussen die ondersteuners van groot apartheid aan die een kant en neo-apartheid aan die ander kant nie, maar eerder tussen dié wat geglo het dat etnisiteit deur wetgewing voorgeskryf, bepaal en beskerm moes word, en dié wat in vrye assosiasie geglo het.⁶³

Hierdie verdeling was belangrik in die sin dat dit 'n nuwe fase in NP-politiek ingelui het. Dit was belangrik dat die nuwe nattes by name bekend was. Die feit dat dit jong, belowende, goed opgevoede en geleerde politici was, het hulle invloed op die Afrikaners laat geld. Vir die eerste keer is die griewe, kritiek en politieke beginsels van die ontevredenes binne die NP in die openbaar uitgespel. Dit is dáárná gereeld deur Afrikaners herhaal. Die te voorskyntreding van die nuwe nattes het uitgekring en tot gevolg gehad dat die regering in dié verband politieke druk op kulturele, ekonomiese, politieke en akademiese gebied, asook vanuit regeringsdepartemente, ondervind het.

Op kulturele gebied is die nuwe nattes se gedagtes deur De Lange se geheime AB-werksdokument getiteld, *Basiese staatkundige voorwaardes vir die voortbestaan van die Afrikaner*, herhaal en uitgebou. Dié dokument is aan die einde van 1986 binne die AB gesirkuleer. Waar die AB voorheen eksklusiewe blanke beheer ondersteun het, het dié dokument die uitsluiting van swart deelname in die politieke proses as 'n bedreiging vir blanke oorlewing beskou. Dit het die instandhouding van die *status quo* of 'n verdere konsolidering van mag in blanke hande verwerp. In die lig van dié standpunt, is die *status quo* (Westministerstelsel) terselfdertyd as gevaarlik beskou, omdat dit meerderheidsoorheersing bevoordeel het. Dié dokument het ook dieselfde mening as die nuwe nattes gehad dat 'n toekomstige regering moontlik 'n meerderheid van swartes kon hê en dat die Staatspresident swart kon wees. Die AB wou nie 'n Afrikanerabdikatie gehad het nie, maar ingeboude meganismes wat die meerderheidsregering moes beheer deur spesiale verteenwoordiging van alle rassegroepe, die beskerming van alle groepsregte deur verskillende moontlikhede, groeppvetoregte, en 'n skeiding tussen eie en algemene sake gebaseer op die *Groepegebiedewet*. De Lange het verklaar dat dié stap 'n berekende risiko ingehou het, maar dat die grootste risiko was om nie op daardie stadium 'n risiko te neem nie. Vir hom was “ ‘die wil om as Afrikaners voort te bestaan, ons daadkrag en geloof die sterkste waarborg’ ”⁶⁴ gewees. Dié dokument het dieselde gedagtes as die nuwe nattes oor onderhandelinge

62 D. van Heerden, The new nats, *Frontline* 6(2), 1986-03- 31, p. 35; *Die Afrikaner*, 1986-03-26 (Nat-joernalis onthul: NP-LP's praat van linkse politieke party), p. 5.

63 D. van Heerden, The new nats, *Frontline* 6(2), 1986-03-31, p. 35.

64 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 577.

gereflekteer waarby alle groepe, ook die ANC, betrokke moes wees om 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika te beding. Daar is bygevoeg dat die Afrikaners onderhandelde strukture totstand moes bring om die botsende kragte van die Suid-Afrikaanse volksverskeidenheid te akkommodeer. Die skraping van statutêre diskriminasie is ook net soos deur die nuwe nattes geëis, omdat dit volgens De Lange 'n voorwaarde vir die Afrikaners se voortbestaan was. Verder het die dokument die nuwe nattes se oortuiginge ten opsigte van vrye assosiasie gedeel. Hy het magsdeling tussen groepe voorgestel, gegrond op vrye assosiasie deurdat dié se verteenwoordigers konsensus deur koalisie van partye moes verkry. De Lange het as oplossing vir die ekonomiese probleem verklaar dat privaatbesit vir blankes gelyklopend met die sosialistiese stelsel vir swartes geïmplementeer moes word.⁶⁵

Uit die feit dat net 'n derde van die AB-lede na die bekendmaking van dié dokument bedank het, kan afgelei word dat die meerderheid Afrikaners in die AB die voorstelle daarin goedgekeur het en dus in botsing met die regering se huidige politieke beleid was. Dié Afrikaners was dus ontevrede omdat die NP nie 'n swart president aanvaar het nie, geweier het om met die ANC te onderhandel behalwe op eie terme, sosialisme afgekeur het, en min toegewings tot die beginsel van vrywillige assosiasie gemaak het.⁶⁶

Die NID, wat Botha se dinkskrum vir hervormings was, se leiers het ook 'n politieke houdingsverandering ondergaan. Niel Barnard, wat 'n vertroueling van Botha was, en Mike Louw, adjunk-direkteur van NID, het reeds in 1985, weens die ANC se veldtog om die regering onregeerbaar te maak, ook ongeduldig met Botha se slakkepas van hervorming geword. Barnard en Louw was van mening dat al was die swart vernet op daardie stadium nie buite beheer nie, die regering op politieke en morele gebied grond begin verloor het. Alle pogings om swartes se sosiale omstandighede te verbeter met die nasionale strategie van "winning of hearts and minds" het misluk. Die oprigting van kranes, skole, ensovoorts is verwerp, omdat die swartes eerder politieke vryheid wou hê en dit as pogings van die regering beskou het om dit te omseil. Daarom het die swartes dit eerder as 'n struikelblok in die pad van hulle vryheid beskou. Die NID was daarvan oortuig dat die swart vernet nie sou opklaar nie, omdat swart politieke bewustheid en intimidasie te sterk navore getree het. Hulle het voorspel dat die staat sonder 'n onderhandelde skikking steeds swakker sou word. Die swartes het op daardie stadium geweier om tot enige onderhandelinge in te stem, omrede hulle nie vry was nie en ook nie stemreg gehad het nie.

65 H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, pp. 621-622; *Sunday Times*, 1986-09-14 (Secret Broeder plans to change the face of SA), p. 1; Anonym, Blacks and the bond, *Financial Mail* 103(7), 1987-02-13, p. 58; *Die Afrikaner*, 1986-12-10 (PW moet nou sê oor swart SP), p. 16; *Evening Post*, 1986-09-15 (Broeders must come into open), p. 10.

66 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 52-53.

Die NID het reeds vroeg al onderhandelinge met Nelson Mandela gepropageer, omdat hulle geredeneer dat indien Mandela in die tronk sou sterf, alle 'hel' in Suid-Afrika sou losbars. Terwyl hulle aan maniere gedink het om onderhandelinge met Mandela aan te knoop, het hulle gepoog om gematigde swart leiers op te spoor en te betrek.⁶⁷

Die NID se politieke houdingsverandering het in so mate toegeneem dat dit binne die SVR ingedra is. Dit het veroorsaak dat daar verskille tussen die weermag en die polisie aan die een kant en die NID en die Departement van Konstitusionele Ontwikkeling en Bepanning aan die ander kant, ontstaan het. Eersgenoemdes wou leiers van die swart versetbeweging aanhou voordat swart griewe beredder word; sodoende wou hulle meer gematigde leiers betrek. Laasgenoemdes het geglo dat dit geen doel dien om die swart leiers aan te hou nie, omdat hulle dikwels deur nog méér radikale leiers vervang is. Dié groep het geglo dat bestaande leiers aanvaar moes word, onuitvoerbare wette afgeskaf, en die verbod op politieke organisasies opgehef moes word.⁶⁸

Die meerderheid van die besigheidslui en privaatsektor het ook die nuwe nattes se politieke sentimente gedeel en hulle het gevoel dat die koste van apartheid te veel begin word het. Dit het veroorsaak dat die verhouding tussen Botha en die besigheidslui in die privaatsektor toenemend begin taan het. Hulle het Botha daarvan beskuldig dat hy nie in staat is om die openbare sektore se uitgawes te beheer nie, dat hy buitensporige belasting aan besighede oplê, en dat sy hantering van die swart verset die buitelandse beleggers se vertroue geskok het. Botha het op sy beurt dié besigheidslui daarvan beskuldig dat hulle weens onvoldoende investering daarin gefaal het om die regering in sy ekonomiese doelstellings te ondersteun. Anton Rupert, 'n welgestelde Afrikanerentrepeneur van die Rembrandt-groep, het in Januarie 1986 in 'n private brief aan Botha die negatiewe gevolge van apartheid vir die ekonomie en ook vir die Afrikaners se voortbestaan uitgespel. Hy het aangedui dat die regering se buitelandse skuld van 1970 tot 1985 van R2,5 miljard tot R60 miljard toegeneem het. Sedert die sewentigerjare van die twintigste eeu het die regering se uitgawes elke vyf jaar verdubbel en inflasie was op daardie stadium die hoogste sedert die twintigerjare van die twintigste eeu. Dalende ekonomiese groei het werkloosheid die hoogte laat inskiet en sedert 1977 was daar geen toename in swartes wat werk gekry het nie. Rupert het na aanleiding van 'n opmerking van Botha dat hy eerder arm sal wees as om aan swartes oor te gee, gewaarsku dat met die dalende geldwaarde en die regering se swaar skuld, enige poging om aan

67 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 112; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 161; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 51.

68 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 581.

apartheid vas te klou, na 'n toekoms sou lei wat deur swartes én armoede oorheers sou word. Hy het die geloof dat apartheid die blanke man se voortbestaan sou waarborg, gekritiseer en dit as 'n mite beskryf wat inderwaarheid sy oorlewing bedreig het. Hy het 'n beroep op Botha gedoen om van apartheid af te sien. Hy het verklaar dat apartheid “ ‘ons kruisig, ons taal vernietig en 'n eens helde-volk verneder om die melaatses van die wêreld te word’ ”⁶⁹. Hy het Botha gewaarsku dat indien hy in sy taak sou misluk om apartheid te verwyder, Suid-Afrika sekerlik eendag met 'n Neurenberg sou eindig.⁷⁰

Die nuwe nattes het die regering gewaarsku dat, as hy sy geloofwaardigheid as instrument van verandering wou herwin, hy op die voorpunt van hervorming moes wees, anders het die meerderheid rede om te glo dat daar méér deur geweld bereik kon word. Volgens hulle moes onderhandeling die sleutelwoord wees. Hulle was van mening dat die dae van voorafgesprekke, in donker kamers tussen lede van die regering en gekose swart leiers, nie meer aanvaarbaar was nie.⁷¹

Die eis om onderhandelinge met die swartes om 'n nuwe politieke bedeling het al hoe sterker weerklink. Met 'n landswye mark- en meningsopnames wat in 1986 deur die RGN uitgevoer is, is daar bevind dat 48% van die Afrikaanssprekendes ten gunste van onderhandelinge met die ANC en vir die vrylating van Mandela was. In 'n opname, wat Willem de Klerk onder 350 verligte Afrikaners in die NP geloods het, het 89% saamgestem dat daar van groepe as indelingsbasis vir die politiek wegbeweeg moes word.⁷²

Dit was in die lig van dié houding dat die nuwe nattes die Kwazulu-Natal indaba, wat in April 1986 'n aanvang sou neem, verwelkom het. Al was dit hoofsaaklik 'n inisiatief tussen die PFP en Inkatha, het dié groep Afrikaners dit as 'n belangrike ontwikkeling beskou, omdat hulle streeksoplossing voorgestaan het en hierdie 'n poging was om 'n streeksalternatief vir apartheid te beding. In die lig van die regering se mislukte pogings om swart leiers by die NSR te betrek, was hierdie 'n manier om Buthelezi, wat as 'n gematigde swart leier beskou is, by die nasionale politiek te betrek. Hulle was van mening dat dit geleentheid aan sterk swart leiers kon bied om navore te kon tree weens die regering se afwesigheid. Die nuwe nattes het gevoel dat indien daarin geslaag kon word om 'n ooreenkoms op streeksvlak in Natal te bereik, dit as 'n model kon dien vir verdere onderhandelinge en ooreenkomste in Suid-Afrika. Hulle het dit ook as 'n geleentheid vir die regering beskou om weer beheer oor die hervormingsproses te neem.

69 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 578.

70 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, p. 355; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 578.

71 D. van Heerden, *The new nats*, *Frontline* 6(2), 1986-03-3 1, p. 35.

72 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 112.

Hulle het geglo dat dié inisiatief internasionale druk sou kon verlig en ook so kon verhoed dat die swartes hulle grootste steun aan die ANC gee. Dié indaba het agt maande later 'n veelrassige federasie (Kyk Bylae II, p. 143), gegrond op die Buthelezi-kommissie se 1981-voorstelle, voorgestel. President Botha het egter onder druk van sekurokrate en konserwatiewes in die NP, dié voorstelle verwerp, omdat dit volgens hulle nie aan gelyke magsdeling voldoen het nie. Hulle het geglo dat die Westminsterstelsel die meerderheidsparty weens een-mens-een-stem tot oorheersing sou lei. Die gevolge van die regering se afkeer van dié voorstelle was 'n teleurstelling vir die nuwe nattes en die gevolge daarvan het hulle bekommer, omdat dit verhoudinge met Buthelezi gespanne gemaak het. Buthelezi het hierop, in 1988, aan 'n groep studente by die Universiteit van Pretoria verklaar dat die Staatspresident se erns met hervorming betwyfel word en dat dit duidelik is dat die regering homself tot hervorming verbind het wat nie goed deurdink is nie.⁷³

Die verligtes of reformiste en die nuwe nattes het die gebaar van die Commonwealth Eminent Persons Group (EPG), naamlik 'n uitnodiging om dialoog tussen die regering en swart leiers te bewerkstellig, verwelkom. Albei die groepe het dit as 'n geleentheid beskou om die internasionale gemeenskap tot hulle beweegredes vir hervorming oor te wen en om die verbroke betrekkinge met die Weste, veral met die VSA, Brittanje en Wes Duitsland, te herstel. Die EPG-uitnodiging is ook beskou as 'n poging van Margaret Thatcher, premier van Brittanje, om sanksies teen Suid-Afrika te omseil. Die EPG wou die pad vir onderhandelinge voorberei en om dit moontlik te maak, is daar voorwaardes aan die regering en die ANC gestel. Die regering moes Mandela vrylaat, die ANC en PAC ontban, die weermag uit die swart woongebiede onttrek, en vrye byeenkomste en politieke aktiwiteite toelaat. Die ANC moes weer op sy beurt geweld staak. Met die EPG se finale besoek in Mei 1986 aan Suid-Afrika om die besluit van die regering en die ANC aan te hoor, het Suid-Afrika, op aanbeveling van die sekurokrate, daarop geantwoord deur ANC-kampe in Mosambiek, Zambië en Zimbabwe te bombadeer, wat die EPG-sending totaal in die wiele gery het.⁷⁴

Die sekurokrate het nie die onderhandelingsinisiatief ondersteun nie. Die sekurokrate was skepties oor Mandela se gewilligheid tot onderhandelinge. Die ANC se gewilligheid tot onderhandelinge het die sekurokrate laat besef dat dit tot daadwerklike onderhandelinge kon lei wat ingrypende politieke

73 *The Natal Mercury*, 1986-10-31 (Worrall sees Natal Indaba as 'very important'), p. 3; *Die Vaderland*, 1986-12-01 (PFP boos ná NP-besluit oor indaba), p. 2; *Beeld*, 1986-12-01 (G'n gelyke magsdeling in Natal se plan), p. 2; *The Citizen*, 1986-12-01 (Natal NP leader rejects plan), p. 1; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people*, p. 605; B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 408 & 411; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 383; D.J. van Vuuren et al. (eds), *South African election 1987*, p. 2; H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 383.

74 A. Sparks, *The mind of South Africa*, pp. 351-354.

verandering tot gevolg kon hê. Hulle het die oënskynlike versoenende houding van die ANC as 'n Leninistiese taktiek⁷⁵ beskou om die ANC se eerste fase vir 'n kommunistiese oorwinning in werking te stel. Die verligte ministers Chris Heunis en Barend du Plessis, en die nuwe nat-ministers Kobie Coetzee en Pik Botha, wat nie van die aanvalle in kennisgestel is nie, was ontsteld daaroor. Weereens was die sekurokrate daarvoor verantwoordelik dat die verwydering tussen Botha en sy sekurokrate aan die een kant, en die verligtes en nuwe nattes aan die ander kant, vergroot het. Hulle het weereens gesorg dat militêre krag hervorming fnuik. Botha se arrogante en outokratiese persoonlikheid het ook 'n rol gespeel, want met dié optrede wou hy aan die buiteland wys dat hy hom nie deur hulle sal laat voorskryf hoe om hervorming teweeg te bring nie. Hy wou nie deur verdere toegewings die indruk van swaakheid wek nie.⁷⁶

Die EPG-verslag het die regering se aanvalle op ANC-kampe skerp gekritiseer. Hulle het bevind dat dié irrasionele optrede die gevolg was van Botha se toenemende bitterheid en sensitiwiteit oor die internasionale en nasionale gebrek aan erkenning van sy moeilike taak en waagstukke wat hy moes onderneem. Uit dié verslag blyk dit dat die regering nie gereed was vir fundamentele verandering nie, nie demokratiese strukture wou oprig nie, en ook nie blanke mag in die nabye toekoms wou beëindig nie. Volgens hulle het die regering met sy hervormingsprogram nie gepoog om apartheid te beëindig nie, maar eerder om dit meer mensliker te maak. Hulle het verklaar dat die regering magsdeling nagejaag het sonder om blanke beheer oor te gee. Die EPG het indringende sanksies teen Suid-Afrika bepleit. Die premier van Brittanje, Margaret Thatcher, en president Ronald Reagan van die VSA het geweldige druk vanweë versterkte sanksieveldtogte beleef en was verplig om sanksies teen Suid-Afrika in te stel. Die Amerikaanse Kongres het president Reagan geveto en die VSA het die ergste sanksies ooit teen Suid-Afrika ingestel. Alhoewel die sanksies slegs 'n 5%-vermindering in Suid-Afrikaanse uitvoere tot gevolg gehad het, is die ekonomie erg weens disinvestering benadeel wat tot die onttrekking van Amerikaanse maatskappye gelei het. Die waarde van Amerikaanse beleggings het in die tydperk van 1982 tot 1987 van \$2,4 biljoen tot \$1 biljoen afgeneem. Suid-Afrikaanse vliegtuie is ook landingsregte op Amerikaanse lughawens ontnem.⁷⁷

75 Die Leninistiese taktiek vir oorwinning het uit twee fases bestaan. In die eerste fase sou die ANC 'n nasionale en burgerlike oorwinning loods wat in die tweede fase deur 'n kommunistiese oornamse gevolg sou word.

76 A. Sparks, *The mind of South Africa*, pp. 351-354; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 97; B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 329 & 330 & 331-332; D. Welsh, *The executive and the African population: 1948 to the present*, in R. Schrire (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*, p. 189.

77 B.J. Liebenberg, & S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, pp. 512-513.

Die mislukte EPG-sending was vir die sekurokrate 'n oorwinning. Daarna was hulle in beheer en is die hervormingsprogram eenkant toe geskuif. Die sekurokrate het Botha aangehits om buitelandse druk te ignoreer en strenger op te tree om orde en gesag nasionaal te herstel. Die regering het onder druk van die sekurokrate geswig en strenger optrede teen swart verset gemagtig. Hulle het die regering oortuig om 'n tweede noodtoestand, wat nasionaal sou geld, op 12 Junie 1986 af te kondig om die beplande massabetogings en wanorde ter viering van die tiende herdenking van die Soweto-onluste die hoof te bied. Weens die druk van die sekurokrate op die regering was daar 'n verskuiwing in benadering, van 'n halwe versoenende houding tot een van beslissende genadeloosheid. Dié noodtoestand was kragdadiger as die vorige een. Buitengewone magte is aan veiligheidsmagte verleen, sowat 20 000 swartes is aangehou sonder verhoor, en omvattende mediaregulasies is uitgevaardig. Ten spyte van die regering se geslaagde poging om die swart verset grootliks onder beheer te bring, kon hulle nie daarin slaag om die swartes tot hulle hervormingsprogram oor te haal nie. Dit was duidelik dat die swart verset teen die regering nie vernietig is nie en swart leiers het nog steeds geweier om met die regering te onderhandel, tensy daar aan hulle vereistes (soos reeds genoem) gehoor gegee word.⁷⁸

Die nuwe nattes het gevoel dat daar geen ander uitweg as onderhandeling was nie en het begin om gesprekke en samesprekings met swartes te voer om hulle menings oor onderhandelinge te toets, en om demokratiese alternatiewe vir Suid-Afrika te verken. Die regering was nie van al die samesprekings bewus nie. Samesprekings was op daardie stadium in direkte konflik met die beleid van die Suid-Afrikaanse regering, wat kontak met die ANC nasionalistiese beweging verbied het totdat hulle geweld afgesweer het.⁷⁹

Anton Rupert en 'n groep besigheidlui het in 1985 samesprekings met Oliver Tambo, president van die ANC, in Zambië gevoer. Pieter de Lange het in Junie 1986 met ANC-uitgewekenes, soos Seretse Choabe, Thabo Mbeki en Mac Maharaj, in New York ontmoet en Kobie Coetzee het begin om met Nelson Mandela samesprekings te voer. Die regering en die sekurokrate het die samesprekings sterk afgekeur, wat daartoe aanleiding gegee het dat daar soms met geweld ingegryp is. Sam de Beer kan hiervan getuig toe Matthew Goniwe, magtige Oos-Kaapse UDF-leier, kort na hulle gesprekvoering in 1985 vermoor is. De Beer het die sekurokrate as elemente wat onderhandelinge in die regering

78 A. Sparks, *The mind of South Africa*, pp. 354 & 358; A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd. Die dramas rondom die optrede van president P.W. Botha*, p. 64; B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, p. 328.

79 Anoniem, Die African National Congress, *Maandorsig van nuusgebeuresentrum vir die ondersoek na rewolusionêre bedrywighede*, 1987, p. 22.

teengestaan het, bestempel en hulle vir Goniwe se dood verantwoordelik gehou.⁸⁰

Op 9 Julie 1987 het die grootste groep Afrikaners nog, 'n groep van 65, met sewentien ANC-afgevaardigdes in Dakar, Senegal samesprekings gevoer. Dié samesprekings is deur die Instituut vir Demokratiese Alternatiewe vir Suid-Afrika (IDASA) gereël en het onder leierskap van Frederik van Zyl Slabbert en Alex Borraïne plaasgevind. Die meerderheid van die Afrikaners was nuwe nattes, wat prominente posisies as besigheidsmanne, joernaliste, kunstenaars, en akademici in die samelewing beklee het. Dié Afrikaners se doel was om 'n demokratiese alternatief vir Suid-Afrika te verken deur met die grootste bevrydingsbeweging in die land gesprek te voer. Die samesprekings het tot irritasie van Botha, en die sekurokrate, grootskaalse internasionale mediadekking en aangemoediging geniet. Tydens dié samesprekings het die ANC dit duidelik gestel dat die debat rondom apartheid verby was en dat die enigste tema sentrale politieke mag sou moes wees. Beide deelnemers het onderhandelinge as oplossing vir Suid-Afrika se probleem gesien. Daar is besef dat die houding van die Suid-Afrikaanse regering die hoofhindernis in die weg van onderhandelinge was. Onvoorwaardelike vrylating van alle politieke leiers en gevangenes en die ontbanning van organisasies, is as voorvereiste vir onderhandelinge aanvaar. Die ANC wou egter nie sy gewapende stryd staak nie en dit het veroorsaak dat meeste Suid-Afrikaners, insluitende die liberaliste, die Dakar-byeenkoms gekritiseer en as 'n mislukking beskou het. Dit is as 'n vertraging van die Suid-Afrikaanse probleemoplossing beskou. Botha het na die afgevaardigdes as “naïewe nuttige idioote”⁸¹ verwys, wat volgens die Leninstiese stelsel gebruik kon word om die doelwit van die eerste-fase-rewolusie te bevorder. Die regering het streng stappe ingestel om 'n herhaling van soortgelyke optredes te verhoed en om buite-parlementêre bedrywighede teen te werk. Van Zyl Slabbert het ná dié samesprekings verklaar dat alhoewel hulle van die ANC oor sekere punte verskil het, dit belangrik is om te besef dat geen oplossing sonder die ANC se betrokkenheid moontlik kon wees nie.⁸²

Niel Barnard en Mike Louw het besef dat die tyd ryp was om met Nelson Mandela in die tronk in gesprek te tree om voorspraak vir onderhandelinge te maak. So was één van Botha se sleutelorganisasies, wat geskep is om Afrikaneroorheersing te beskerm en te bevorder, bereid gewees om alles op die spel te plaas en 'n nuwe soort veiligheid te soek. Die NID het Willie Esterhuysen in 1987 genader om as tussenganger

80 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 63-64 & 71-72.

81 Anoniem, Dakar-safari verdrag oplossings, *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 1987-08-21, p. 3.

82 J.A. Coetzer, Die Dakar-byeenkoms, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 104-112; Anoniem, Die African National Congress, *Maandoorsig van nuusgebeuresentrum vir die ondersoek na rewolusionêre bedrywighede*, 1987, pp. 22-26; *The Cape Times*, 1987-07-08 (Some tough issues on the ANC-Dakar agenda), p. 8; Anoniem, Dakar-safari verdrag oplossings, *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 1987-08-21, p. 3.

met Thabo Mbeki in gesprek te tree. Esterhuysen was reeds met die ANC in geheime gesprekvoering. Hierdie gesprekvoering is deur die Britse mynhuis, Consolidated Goldfields, onder leiding van die kommunikasiedirekteur Michael Young gefasiliteer. Dié maatskappy het ook alle kostes van deelnemers betaal. Dié geheime gesprekke het tot in 1990 voortgeduur. Ontmoetings waaraan die nuwe nattes Attie du Plessis, Willem de Klerk, Mof Terreblanche en Louis Kriel ook deelgeneem het, het met Mbeki en ander belangrike ANC-lede in Londen plaasgevind. Dit het as die *Mells Park talks* bekend gestaan. Esterhuysen het met dié gesprekke besef dat die jarelange geloof dat Suid-Afrika se toekoms alleen van die Afrikaners afhanklik was, onwaar was. Dus het die nuwe nattes nie meer geglo dat die Afrikaners die middelpunt van die politieke sfeer was nie. In 1988 het Botha tot samesprekings met Mandela in die Pollsmoor-tronk ingestem. Die regering het ook 'n komitee aangewys wat onder leiding van Kobie Coetzee, saam met twee senior offisiere en Neil Barnard, 'n reeks samesprekings met Mandela gevoer het. Die nuwe nattes en die NID was oortuig dat onderhandelinge om 'n vredesooreenkoms tussen die regering en die ANC te bereik die enigste oplossing vir Suid-Afrika se probleem was. Hulle het besef dat 'n vredeooreenkoms slegs bereik kon word indien die ANC 'n gemeenskaplike onderhandelingsstrategie gehad het sodat enige ooreenkoms wat met Mandela bereik sou word nie deur uitgewekene ANC-lede omver gegooi sou word nie. Daarom was die Esterhuysen-Mbeki-gesprekke en die gesprekke tussen Mandela en die regering van uiterste belang in die proses gewees. Dit het 'n kommunikasiëkanaal tussen Mandela en Mbeki en Oliver Tambo, president van die ANC, in Lusaka geskep. Barnard het aan Esterhuysen Mandela se boodskap oorgedra wat hy dan weer aan Mbeki en Tambo oorgedra het. Esterhuysen het op sy beurt weer aan Barnard Mbeki en Tambo se boodskap oorgedra wat hy dan weer aan Mandela oorgedra het. Botha self het nie onderhandelinge met enige swartes gevoer nie. Hy het Mandela wel in Julie 1989 ontmoet, maar geen noemenswaardige sake is bespreek nie.⁸³

In die lig van die voortslepende geweld, die verswakte ekonomie, en toenemende buitelandse druk, het die verligtes en die nuwe nattes besef dat hulle politieke inisiatiewe tot dusver misluk het. Uit vrees vir 'n swart rewolusie wat die NP-regering omver kon werp, het hulle die formulering van 'n nuwe beleidsraamwerk, wat 'n algehele beleidsverandering weg van apartheid as 'n voorvereiste vir sinvolle onderhandeling beskou het, voorgestel. Die voorgestelde raamwerk het die volgende grondbeginsels beliggaam, naamlik een verenigde Suid-Afrika, een-mens-een-stem, die uitwissing van alle vorms van rassediskriminasie, en die doeltreffende beskerming van minderhede teen oorheersing. Dit was 'n poging

83 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 50-51 & 78-80 & 98-100; R. Harvey, *The fall of apartheid. The inside story from Smuts to Mbeki*, pp. 228-229.

om 'n ewewig tussen nasieskap aan die een kant, en kultuurverskille aan die ander kant, te vind. Die nuwe beleidsraamwerk is in Augustus 1986 deur die Federale Kongres van die NP in Durban aanvaar. Die verligtes en nuwe nattes het dus daarin geslaag om die tuislandbeleid, wat sedert die Verwoerd-era die hoofbeleidsbeginsel van die NP was, te vernietig. Die betekenisvolheid hiervan was dat die NP-beleid 'n ander politieke rigting, weg van afsonderlike ontwikkeling, sou volg. Tydens dié kongres het F.W. de Klerk, as leier van die NP in Transvaal, vir 'n mandaat vir die ontwikkeling van 'n nuwe bestel gevra. Dié bestel moes aan twee vereistes voldoen, naamlik samewerking, gesamentlike besluitneming en magsdeling tussen al die bevolkingsgroepe van Suid Afrika aan die een kant, en die beskerming van gemeenskappe sonder vrees van oorheersing deur 'n ander groep aan die ander kant. Die NP het die fyner detail oor hoe die nuwe beleidsraamwerk deurgevoer gaan word, nagelaat met die verskoning dat dit nog met die ander partye onderhandel moes word. Dit was dan ook die NP se doel om met die 1987-verkiesing 'n mandaat by die kiesers oor dié twee sake te kry.⁸⁴

Die ontevredenheid binne die NP oor die regering se onvermoë en traagheid om tot politieke oplossings vir die swartes te kom en om onderhandelinge aan die gang te kry, het met die 1987-verkiesingsveldtog duidelik geblyk met Wynand Malan, NP-parlementslid vir Randburg, en Denis Worrall, Suid-Afrika se ambassadeur in Brittanje, se bedanking uit die NP.⁸⁵

Malan se griewe was niks nuuts nie en was 'n bevestiging van die nuwe nattes se griewe gewees. Hy het verklaar dat hy nie meer met 'n goeie gewete in die NP kon dien nie, omdat sy oortuiginge nie meer versoenbaar met belangrike aspekte van die regering se beleid was nie.⁸⁶ Die betekenisvolheid van die Malan- en Worrall-bedankings was dat die griewe in die openbaar en nasionaal beklemtoon is en onomwonde teenoor die NP in dagblaaië uitgespel is.

Malan het ook die regering skerp gekritiseer oor die voortdurende gebruik van noodtoestande om die situasie in die land op te los, eerder as om te erken dat dié toestande die gevolg van 'n mislukte politieke stelsel was. Vir hom het die voortdurende gebruik van noodtoestande eerder die regering se mislukking as sy sukses beklemtoon. Volgens Malan moes veiligheidsbestuur met 'n oorkoepelende strategie van een Suid-Afrika, met gelyke regte aan almal, toegepas word. Veiligheidsmagte, hervormings en

84 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 127-128.

85 *The Sunday Star*, 1987-02-01 (Witch hunt for "new nats"), p. 1; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 199.

86 *Sunday Times*, 1987-01-25 (Children of protest), p. 33; *The Argus*, 1987-01-27 (Wynand Malan, MP rebel with a cause), p. 14; *Weekend Argus*, 1987-01-24 (Rebel nat lashes Botha government), p. 1.

onderhandelinge moes op 'n gebalanseerde wyse gebruik word.⁸⁷

Die ontevredenheid en teleurstelling onder die nuwe nattes oor die regering se gebrek aan erns met hervorming is met P.W. Botha se parlamentsopeningtoespraak, teen die einde van Januarie 1987, versterk. Die staatspresident het geen beleidsriglyne of hervormingsprogramme aangekondig nie. Hy het slegs aangedui dat interne veiligheid en buitelandse inmenging as platform vir die NP se verkiesing sou dien. Sampie Terreblanche, ekonoom van die Universiteit van Stellenbosch en politieke ontleder, het dié toespraak, wat as rigtingwyser van die regering se verkiesingsbeleid moes dien, as “ideeloos” beskryf. Volgens Terreblanche is die Afrikaners sedert 1977 gereed gemaak vir groot hervormingsidees. Hy is van mening dat sowat 30% Afrikaners die idee van versnelde magsdeling met geesdrif aanvaar het en wou hê dat dit so gou moontlik konkrete gestalte moes kry. Hy het aangedui dat daar in Mei 1986 'n besliste verandering in die regering se beleidsverklarings waarneembaar was en dat die hervormingsretoriek begin opdroog het wat die nuwe nattes se ontevredenheid versterk het.⁸⁸

Martinus van Schalkwyk, op daardie stadium voorsitter van Jeugkrag, 'n organisasie vir hervormingsgesinde jongmense oor grense heen, het gevoel dat die regering gepoog het om 'n komplekse toestand na een dimensie te herlei, naamlik veiligheid eerder as om sy toekomsvisie uit te spel. Hy het verklaar dat die regering oor mag wat gedeel moes word, gepraat het, maar nie gesê het hoe dit gedoen moes word nie. Volgens Van Schalkwyk het die regering die kiesers in die war gelaat deur sekere hoeksteenwette van apartheid af te skaf, soos die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike* en die *Ontugwysigingswet*, terwyl ander soos die *Wet op Aparte Geriewe*, die *Groepsgebiedewet* en die *Bevolkingsregistrasiewet* steeds op die wetboek gelaat is.⁸⁹

Albert Wessels, as voorsitter van Wesco, het verklaar dat nie eens met die verkiesing op voorhande, die reg aan Botha en die NP gegee is om hervormings te verbloem of te ontduik nie. Vir hom was daar net één relevante punt en dit was 'n grondwet waarin swartes effektiewe magsdeling moes hê. Hy het verklaar dat dit die regering se verantwoordelikheid was om die swartes se samewerking te kry om oorlegpleging en gesamentlike beplanning te bewerkstellig.⁹⁰

87 *Sunday Times*, 1987-01-25 (Children of protest), p. 33; *The Argus*, 1987-01-26 (Wynand Malan's stand), p. 14.

88 Anoniem, Die politieke dilemma van die Afrikaner, *Finansies en Tegniek* 39(5), 1987-02-06, p. 12; *The Argus*, 1987-02-02 (The great nat divide), p. 10.

89 Anoniem, Die politieke dilemma van die Afrikaner, *Finansies en Tegniek* 39(5), 1987-02-06, p. 12.

90 Anoniem, Die politieke dilemma van die Afrikaner, *Finansies en Tegniek* 39(5), 1987-02-06, p. 12.

Die nuwe nattes het Wynand Malan se standpunt gedeel dat dit Botha se uitbouing van sy outoritêre bestuurstyl was wat hulle van hom vervreem het. Malan en die nuwe nattes het gevoel dat die president hom saam met sy sekurokraatraadgewers geïsoleer het en so kontak met die NP-koukuslede verloor het. Botha se bitsige reaksie op Malan se uittrede en op eerwaarde Allan Hendrickse, leier van die Arbeidersparty, wat openbare protes teen die *Wet op Afsonderlike Geriewe* aangeteken het deur by een van Port Elizabeth se blanke strande te swem, het skerp kritiek uitgelok. Beide dié insidente het bygedra dat die nuwe nattes se ontevredenheid met Botha en die NP-beleid toegeneem het.⁹¹

Malan het bekendgemaak dat daar op daardie stadium 'n alliansie tussen twee groepe in die NP bestaan het. Hy het hulle beskryf as die een groep wat dieselfde oortuigings as hy het wat ook as die nuwe nattes bekend was, en die ander groep wat die dogmatiese oortuiginge van die NP gedeel het. Hy het verklaar dat sy wegbreek van die NP 'n poging was om die alliansie te breek, omdat hy geglo het dat die voortbestaan van die alliansie die kanse vir 'n vreedsame toekoms deur onderhandelinge onmoontlik gemaak het. Worrall, wat 'n deurslaggewende rol in die opstel van die Grondwet wat tot die inwerkingstelling van die driekamerparlement gelei het, gespeel het, het Malan se oortuiginge gedeel. Hy was van mening dat die NP die nuwe gees om 'n demokratiese Suid-Afrika oor politieke, ras- en kultuurgrense heen tot stand te bring, onderskat het. Malan en Worrall het daartoe bygedra dat heelwat ware hervormingsgesindes die NP verlaat het.⁹²

Die bedanking van Malan en Worrall uit die NP het die ontevredenheid van die Stellenbosch akademici, wat ook as nuwe nattes identifiseerbaar was, tot uitbarsting laat kom. Daar is na dié uitbarsting in die media as 'n akademiese opstand verwys. Die akademiese ontevredenheid het 'n lang aanloop gehad en het reeds direk na die Rubicon-toespraak te voorskyn getree. Dié groep besorgde akademici was veral bekommerd oor die negatiewe gevolge van die Rubicon-toespraak en het in reaksie hierop, in Oktober 1985, die sogenaamde *Besprekingsgroep 85* gevorm. Dié akademici het nie eintlik 'n probleem met die inhoud van die Rubicon-toespraak gehad nie, maar hoofsaaklik met die outoritêre oordrag daarvan. Hulle het reeds in Januarie 1986 'n memorandum aan Chris Heunis oorhandig waarin hulle 'n gesprek met die staatspresident aangevra het. Botha het dié groep in Augustus 1986 te woord gestaan, met die belofte dat hy al die beswaardes by 'n latere geleentheid sou toespreek. Die groep se ontevredenheid met die stadige tempo waarteen hervorming plaasgevind het, is deur die regering se skokkende hantering met die EPG-onderhandelingsuitnodiging aangevuur. Hulle het ook ontevrede gevoel oor die

91 Anonim, Die politieke dilemma van die Afrikaner, *Finansies en Tegniek* 39(5), 1987-02-06, p. 12.

92 *Sunday Tribune*, 1987-01-25 (The nats must split for peace – Malan), p. 1.

veiligheidstoestande in die land en die daling in die rand se waarde. Die verlaging in die lewenstandaard as gevolg van die hoë inflasiekoers was ook een van hulle bekommernisse gewees. Vroeg in Februarie 1987 het Sampie Terreblanche en ander akademici verklaar dat hulle Worrall, wat as onafhanklike kandidaat teenoor Chris Heunis in die Helderberg-kiesafdeling gestaan het, gaan ondersteun.⁹³

Weens dié uitspraak was daar 'n gespanne atmosfeer toe Botha op 20 Februarie 1987 'n gesprek aan die akademici toegestaan het om hulle besorgdheid aangaande die hervormingsproses aan te hoor. Die akademici het dieselfde politieke eise as die nuwe nattes aan die regering gestel. Botha het, nadat die ses segsmanne hulle saak gestel het, hulle geantwoord en onder meer hulle ontevredenheid aangaande 'n alleenlike blanke verkiesing probeer opklaar deur te verduidelik dat die kleurlinge en Indiërs wel geraadpleeg is en uit vrye wil nie aan die verkiesing wou deelneem nie. Na 90 minute het Botha verklaar dat die tyd verstreke is en die vergadering daarmee afgehandel is. Die akademici wat nog vrae wou vra, het hulle teen Botha se plofbare humeur vasgeloop. Botha het volgens Terreblanche duidelik getoon dat hy nie bereid was om met werklike fundamentele hervorming voort te gaan nie. Terreblanche het in 'n verklaring aan die media gesê dat die regering weier om te erken dat die kern van die groeiende politieke krisis in Suid-Afrika in die morele onhoudbaarheid van apartheid geleë was. Die meeste van die akademici het Terreblanche en Esterhuysen se voorbeeld gevolg en uit die NP bedank, omdat die NP-beleid nie meer as moreel geregverdig beskou is nie. Esther Lategan, dogter van Wynand Malan, wat 'n prominente besigheidsvrou in Stellenbosch was, het ook uit die NP bedank en as onafhanklike kandidaat vir die nasionale verkiesing in die Stellenbosch-kiesafdeling teenoor die NP kandidaat, Piet Marais, gestaan.⁹⁴

Net voor die verkiesing het 27 Stellenbosch akademici 'n verklaring onderteken waarin hulle die regering se benadering tot politieke en veiligheidsake veroordeel het. Hulle het die herroeping van die *Wet op Aparte Geriewe*, die *Groepsgebiedewet*, asook die statutêre definisie van groepe op die basis van ras geëis. Die driekamerparlement moes hersien word en ná onderhandelinge vervang word met 'n sentrale parlement waarin alle Suid-Afrikaners effektiewe verteenwoordig moes verkry. Hulle het ook aangedring op 'n verklaring waarin die regering ondubbelsinnig sy voorneme moes uitspreek om mag daadwerklik

93 *The Sunday Star*, 1987-02-08 (The rumblings of revolt – or the whimperings of discontent?), p. 14; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 207-208.

94 *The Cape Times*, 1987-02-23 (Rebellion in Cape), p. 1; *Weekend Argus*, 1987-02-28 (Nat revolt snowballs), p. 1; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 208; D. Prinsloo, *Stem uit die wilderness. 'n Biografie oor oud-pres. P.W. Botha*, p. 230.

met die swartes te deel. Die akademiese opstand was baie betekenisvol gewees, in die lig daarvan dat die Universiteit van Stellenbosch nog altyd as die tradisionele bakermat van Suid-Afrika se Afrikaanse intellektuele leiers beskou is. Met dié verklaring het die akademici Botha se basiese beleid, en inderdaad ook die NP as instrument om 'n vreedsame toekoms te skep, dus verwerp. Die akademiese opstand het na die res van die land uitgebrei. Intussen het nuwe nattes se politieke siening die land deursuur en baie Afrikaners beïnvloed. F.A. van Jaarsveld, die bekendste akademikus in die noorde van die land en eens konserwatiewe NP-ondersteuner, het vroeg in 1987 in 'n private gesprek aan Alex Mouton, tans akademikus aan Universiteit van Suid-Afrika, dit gestel dat hy nie vir die NP in die 1987-verkiesing sou stem nie.⁹⁵

Baie nuwe nattes was Wynand Malan simpatiek gesind gewees. Albert Notnagel, LP vir Innesdal, het in 'n artikel geskryf dat dit 'n mite was dat Suid-Afrika 'n langdurige politieke oplossing vir swart deelname kon kry sonder om die ANC te betrek en Nelson Mandela en ander politieke gevangenes vry te laat. Kobus Meiring, adjunk-Minister van Buitelandse Sake, het verskeie van Malan se standpunte gedeel, maar sy bedanking uit die NP betreur. Die 1987-verkiesingsuitslag het bewys dat die meeste nuwe nattes met Notnagel saamgestem het dat indien daar vinniger hervorming verlang word, hulle in die NP moes bly.⁹⁶

Alhoewel Malan sy kiesafdeling in Randburg gewen het en Worrall slegs 39 stemme kortgekom om Heunis in die Helderberg-kiesafdeling te klop, het die NP met 52% teenoor die KP se 26%, die PFP se 14% en die Herstigte Nasionale Party (HNP) se 3% gewen. Die NP het in die verkiesing duisende PFP-ondersteuners se steun gekry, weens die linkse neiging in die NP waartoe die nuwe nattes 'n groot bydrae gelewer het. Die PFP kon slegs 19 van sy 25 setels behou en die KP het die PFP as die amptelike opposisieparty vervang.⁹⁷

Botha het weer aan die sekurokrate, wat die herstel van wet en orde bo hervorming gestel het, toegegee met die afkondiging van 'n noodtoestand op 22 Februarie 1988. Sewentien organisasies, onder meer die

95 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, p. 401; A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 207; Persoonlike inligting: Dr. F.A. Mouton, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Desember 2004.

96 *The Sunday Star*, 1987-02-01 (Witch hunt for nats), p. 1; Anoniem, Die politieke dilemma van die Afrikaner, *Finansies en Tegniek* 39(5), 1987-02-06, p. 12.

97 A.J.G. Müller, *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, pp. 206 & 236-237; *The Cape Times*, 1987-02-23 (Rebellion in Cape grows), p. 1; *The Star*, 1987-05-25 (National Party victory actually reflects move to left), p. 10.

UDF en Congress of South African Trade Unions (COSATU), is verbied.⁹⁸

Nog nuwe nattes het die NP verlaat en by die Demokratiese Party (DP) aangesluit wat vroeg in 1989 gestig is. Hulle was duidelik keelvol vir die NP se verstarring in die laaste paar jaar van die P.W. Botha-bewind. Die DP was 'n konsolidering van die PFP, die Onafhanklike Party van Denis Worrall, en die Nasionale Demokratiese Beweging van Wynand Malan. Die NP het nuwe nattes en akademici soos Willem de Klerk, 'n vooraanstaande Afrikanermereningsvormer in die NP-bewind, aan die DP afgestaan, hoewel hy hom later weer aan die DP onttrek het.⁹⁹

Die breuk tussen Botha, die verligtes en sy hele kabinet weens sy plofbare humeur en outoritêre bestuurstyl het toegeneem en onherstelbaar geword weens 'n reeks voorvalle in die laaste jare van sy bewind. Die voorvalle het tussen Botha en Chris Ball, en Botha en Allen Hendrickse plaasgevind en was vir die verligtes en die kabinet 'n groot verleentheid. Met die Chris Ball-saak wat tot die aansluiting van Barclays Nasionale Bank by disinvestering gelei het, was dit duidelik dat Botha nie geskroom het om belangrike belangegroep te vervreem nie. Barclays Nasionale Bank het op daardie stadium baie krediet aan die konserwatiewe Afrikanerboeregemeenskap beskikbaar gestel. Chris Ball, die hoofbestuurder van Barclays Nasionale Bank, het egter weens sy betrokkenheid by gemeenskapsdienste en radikale aktiviste Botha se gramskap op die hals gehaal. Ball is deur die Munnik-kommissie op grond van weerlegbare bewyse skuldig bevind aan die beweringe dat daar met sy medewete deur die bank finansiële hulp aan ANC-advertensies verleen is. Ball het volgehou dat daar wel aan die ANC finansiële hulp verleen is, maar dat hy en die bank onbewus daarvan was dat dit vir advertensies gebruik sou word. Botha het egter die skuldigbevinding ondersteun en Ball in die openbaar verneder en aangeval. Hierdie optrede van Botha was ook 'n duidelike teken aan besigheidslui dat hy nie kritiek van hulle kant sou verduur nie. Botha het ook die versuurde verhouding tussen hom en die kleurlingleier Allan Hendrickse tot 'n hoogtepunt gevoer wat tot Hendrickse se bedanking gelei het. Hierdie houding van Botha het die nuwe nattes en verligtes tot kommer gestem, omdat dit die lewensvatbaarheid van die driekamerparlement, wat 'n belangrike deel van pogings was om 'n grondwetlike skikking te bereik, in gevaar gestel het.¹⁰⁰

Botha het 'n beroerteaanval op 18 Januarie 1989 gehad en het om gesondheidsredes besluit om as partyleier van die NP te bedank. Respek vir Botha as hervormer en politieke strateeg het teen die tyd

98 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, p. 388.

99 *Die Afrikaner*, 1989-02-22 (Weg van diskriminasie), p. 2; W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, pp. 111-113.

100 H. Kenney, *Power, pride and prejudice*, pp. 384-385; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 145; B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, pp. 355-357.

skerp afgeneem. Botha het nie beseft dat hy met sy bedanking as NP-leier sy magbasis verloor het nie en sy voortgesette outoritêre bestuurstyl het hom in botsing met die NP gebring. Die kabinet het aan Botha op 14 Augustus die keuse gestel om óf weens swak gesondheid sy staatspresidentskap neer te lê en na die 1989-verkieping te bedank, óf om onmiddelik te bedank. Botha het wrewelrig op laasgenoemde keuse besluit.¹⁰¹

5 Slot

P.W. Botha was verantwoordelik gewees vir die deurvoer van dinamiese en dramatiese hervormings wat apartheid verder verkrummel en die politieke rigting verander het. Dit was alleenlik moontlik met die steun van die verligtes en die nuwe nattes wat teen konserwatiewe elemente in die NP opgestaan het.¹⁰² 'n Bewys dat Botha se hervormings nie kosmeties was, was die instelling van die driekamerparlement wat 'n blanke parlement beëindiging het en so een van die sleutelbeginsels van die NP vernietig het. Hierdeur is Afrikanereenheid vernietig en het die KP tot stand gekom. Nog groot hervormings op politieke gebied was die instelling van swart gemeenskapsrade, swart plaaslike owerhede, en die vervanging van blanke provinsiale rade met veelrassige uitvoerende komitees. Die herroeping van die verbod op veelrassige partye en instromingsbeheer, tesame met die herstel van swartes se burgerskap en die vryheid van grondbesit in swart stedelike gebiede, het bygedra dat die hoekstene van apartheid verkrummel het. Hiermee het Botha teen 1986 erken dat die tuislandbeleid, wat die hoeksteen van sy beleid gevorm het, nie 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleem was nie. Op sosiale gebied is meer openbare geriewe oopgestel. Belangrike hervormings op dié gebied was die herroeping van *die Verbod op Gemengde Huwelike* en die *Ontugwysigingswet* in April 1985. Op ekonomiese gebied het die implementering van die Riekert- en Wiehahn-kommissies se voorstelle swartes se omstandighede verander.¹⁰³

Botha het daarop aangedring dat die hele proses van grondwetlike hervorming onder sy leiding en beheer staan. In Buthelezi se woorde was Botha die inisieerder van hervorming, die arbiter van alle konflikte oor verandering, en die skeidsregter by die bepaling van wat kon verander en wat nie. Sy outoritêre houding, gepaardgaande met sy plofbare humeur, het tot spanning en verwydering tussen Botha en die verligtes en dan ook die nuwe nattes, aanleiding gegee.¹⁰⁴

101 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 154-166.

102 B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*, p. 394.

103 F.A. Mouton, P.W. Botha – Reformer or “Groot Krokodil”, *Kleio XXVIII*, 1996, pp. 196-197.

104 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 557.

Botha se vernaamste tekortkoming was 'n duidelike visie en strategie om die swartes in die politieke stelsel in te skakel. Botha het gepoog om die regse invloed te verminder deur hom te wend tot 'n outokratiese bestuurstyl weens die toenemende invloed van die sekurokrate. Dit het tot gevolg gehad dat onderhandelinge met swartes misluk het, en noodtoestande tesame met die toenemende gebruik van kragdadige optrede ingestel is as oplossing vir swart verset, ten koste van hervormings. Die gevolg hiervan was 'n groeiende buitelandse vyandigheid wat ekonomiese groei deur sanksies en disinvestering benadeel het. Botha het sedert die middel tagtigerjare van die twintigste eeu weifelend oor die politieke rigting geword en teen 1986 het sy hervormingsbeleid begin stagneer. Botha het tot die einde toe geglo dat die Afrikaners die middelpunt van die politieke sfeer moes wees. Hy het daarop aangedring dat die hoekstene van apartheid – groepsgebiede, gesegregeerde onderwys, bevolkingsregistrasie en afsonderlike politieke verteenwoordiging en deelname – behoue moes bly. Al dié genoemde faktore het bygedra tot groeiende ontevredenheid by die verligte NP-kabinetslede, wat uiteindelik tot die ontstaan van die linkse groep, die nuwe nattes, aanleiding gegee het.¹⁰⁵

Die betekenisvolheid van die ontstaan van die nuwe nattes is in politieke kringe onderskat. Nelson Mandela, wat op daardie stadium in die gevangenis op Robbeneiland was, het 'n ander mening gehuldig. Vir hom was die sterk oproerige reaksie wat Louis Nel en Pik Botha tydens NP-openbare vergaderings op Brits en Pietersburg ontlok het, 'n teken dat die Afrikaners diep deur die linkse beweging in die NP geraak is, weens die ingrypende politieke sieninge wat hulle gehuldig het. Konserwatiewe Afrikaners se gemoedere het tydens beide dié NP-openbare vergaderings hoog geloop en polisieoptrede was noodsaaklik om orde te herstel. Dié gebeurtenisse, tesame met die onderwerpe wat in die kabinet gedebatteer is, was vir Mandela 'n aanduiding dat, ondanks die NP se volharding met sy beleid, dit 'n bewys was dat daar iets in die NP aan die gebeur was. Die PFP-lede, Tian van der Merwe, LP vir Groenpunt en Helen Suzman, LP vir Houghton, het aan Mandela te kenne gegee dat dit nie van betekenis was nie, omdat die NP nie sou kon verander nie. Dit was duidelik dat die PFP nie beseef het dat die linkse elemente in die NP juis die trekpleister sou word vir PFP-ondersteuners om die NP in die 1987-verkiesing te ondersteun nie.¹⁰⁶

Dit was juis die politieke voorstelle van die nuwe nattes, naamlik die verdwyning van 'n eie gemeenskapslewe, die ongekwalifiseerde gesprekvoering met die ANC, die vrylating van Mandela, en die aanvaarding van 'n swart meerderheidsregering en magsdeling, wat die riglyne en politieke aanwysers

105 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 556 & 584.

106 L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, p. 56.

tydens F.W. de Klerk se presidentskap sou word.¹⁰⁷

Die nuwe nattes het die fondament vir die onderhandelingsproses gelê, wat in 1990 'n aanvang geneem het. Dié voorafgaande samesprekings, wat agter die skerms plaasgevind het, het die eerste fase, bekend as die *the talks of the talks*, ingelyf. Dit was 'n verkennende proses wat die bepaling van houdings en strydpunte behels het. Volgens Hermann Giliomee, bekende historikus, politieke wetenskaplike en openbare kommentator, het die Weste gevoel dat die tyd vir die Afrikaners om die mag aan 'n swart regering oor te dra, aangebreek het. Hulle het geglo dat die Dakar-samesprekings die Afrikaners sielkundig daarvoor ryp gemaak het. Die Esterhuyse-Mbeki-gesprekke en die NID se gesprekke met Mandela was uiters betekenisvol, omdat dit as 'n eenheid gefunksioneer het wat as kommunikasiekanaal tussen Mandela en die ANC gedien het sodat die ANC tot 'n gemeenskaplike onderhandelingsstrategie kon ooreenkom. Dit het die omverwerping deur ander ANC-groepe van vredesooreenkomste wat met Mandela gesluit kon word, uitgekakel. Willem de Klerk, wat deel uitgemaak het van die Esterhuyse-gesprekke met die ANC in Lusaka, het F.W. de Klerk deeglik ingelig oor die ANC se denke en gevoelens oor sake soos watter stappe geneem moes word voordat die onderhandelingsproses kon begin, konstitusionele sake, en moonlike struikelblokke wat hulle in die onderhandelingsproses voorsien het. Dié inligting was uiters belangrik vir F.W. de Klerk toe hy later as Staatspresident die onderhandelingsproses met die ANC begin het.¹⁰⁸

Die verligtes het aanvanklik saam met Botha, en sedert die middel tagtigerjare van die twintigste eeu toe Botha se beleid koersloos ten opsigte van hervormings geword het, saam met die nuwe nattes die tafel vir die De Klerk-era voorberei, wat tot 'n nuwe politieke demokratiese bedeling vir Suid-Afrika sou lei.

III DIE F.W. DE KLERK-ERA, 1989-1994: DIE VERLIGTES SEËL DIE LOT VAN AFRIKANER POLITIEKE HEERSKAPPY

1 Inleiding

107 D. Prinsloo, *Stem uit die wilderness. 'n Biografie oor oud-pres. P.W. Botha*, p. 333.

108 Anoniem, *Die African National Congress, Maandoorsig van nuusgebeuresentrum vir die ondersoek na rewolusionêre bedrywighede*, 1987, pp. 25-26; *Die Burger*, 1997-08-04 (Het Afrikaanses nou "nuttelose idiote" vir ANC geword?), p. 11; R. Harvey, *The fall of apartheid. The inside story from Smuts to Mbeki*, pp. 159 & 228-229.

Met F.W. de Klerk se verkiesing as staatspresident op 14 September 1989 was hy vanweë sy konserwatiewe agtergrond van die konserwatiewe steun in die Nasionale Party (NP) verseker gewees. Die verligte reformiste en ultra-reformiste (die nuwe nattes) in die NP het hom met agterdog bejeën. Daar was onsekerheid oor sy verligtheid, wat versterk is toe hy op 'n vraag oor waar sy ondersteuning in die NP-koukus geleë was, “ ‘op die linkervleuel van die party se regtervleuel’ ”, geantwoord het.¹

De Klerk het voor sy presidentskap en ook die grootste deel van sy politieke loopbaan, die politieke sieninge van die konserwatiewe vleuel in die NP gehuldig. Hy het dikwels sterk standpunte teen die reformiste en ultra-reformiste in die NP ingeneem. De Klerk het sterk klem op “eie sake” gelê en het daarom in NP-debatte oor sake wat oor tuislande, hervormings, en swart deelname aan die politiek gehandel het, veral met Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling, gebots. Hy het ook met Pik Botha, Minister van Buitenlandse Sake, gebots oor sy uitlating dat hy ‘n swart president sou aanvaar, omdat hy eerder ‘n roterende presidentskap en gesamentlike leierskap voorgestaan het. Beskuldigings is teen hom gemaak dat hy bygedra het tot die Rubicon-fiasko in 1985, deurdat hy Botha teen die verligte reformiste se voorstelle beïnvloed het. Dié voorstelle het die vrylating van Mandela en onderhandelinge met die African National Congress (ANC) ingesluit. Hy het tot in die middel van die tagtigerjare van die twintigste eeu die inkonsekwentheid en ongeregthede van apartheid verdedig. Verligtes wat onderhandelinge met die ANC aangeknop het, is deur hom gekritiseer weens die organisasie se kommunistiese verbintenis. Hy het geglo dat die ANC sy gewapende stryd moes prysgee en alle bande met die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) moes verbreek, voordat enige onderhandelinge kon plaasvind.²

De Klerk was egter ook in wese 'n politieke pragmaties en het daarom sedert 1987 geleidelik weens die veranderde omstandighede in die land besef dat apartheid nie meer 'n toepaslike politieke bedeling was om vrede tussen Suid-Afrika se verskillende volke te bewerkstellig nie. Hierdie verandering was deel van 'n bewuswordingsproses en nie opmerklik nie. Dit was subtiel versteek in De Klerk se logiese beredenering en debatvoering en het dus nie die konserwatiewe vleuel van die NP bedreig laat voel nie. De Klerk het nooit deel uitgemaak van die faksievorming in die NP nie. Volgens Tony Leon, leier van die Demokratiese Party (DP), het De Klerk se strategiese konserwatisme hom in staat gestel om wonders met die Afrikaners te verrig. De Klerk se neutrale posisie in die party het hom in staat gestel om ook na

1 L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, pp. 126-127.

2 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 119 & 124-125; W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 22.

die ontevredenheid van die linkervleuel in die NP te luister.³ De Klerk se pragmatiese aanpasbaarheid het die politieke denke van die verligtes in die NP versterk en saam het hulle apartheid finaal afgetakel. Gevolglik het 'n nuwe demokratiese politieke bedeling vir Suid-Afrika in 1994 totstandgekom.

2 De Klerk bedryf pragmatiese politiek en steek die grens na verligte politieke denke oor

De Klerk het nie 'n politieke kentering ondergaan nie, maar hy was aanpasbaar genoeg om te beseft dat die skaal teen blanke oorheersing geswaai het. Die groeiende internasionale vyandigheid en die nasionale swart krisis was faktore wat bygedra het om De Klerk tot aanpasbaarheid oor te haal. Verligtes het ook dikwels dié faktore gebruik om druk op die regering uit te oefen om apartheid te hervorm. De Klerk kon nie die feite ignoreer dat dié genoemde faktore bydraend tot Suid-Afrika se ekonomiese krisis was nie. Apartheid het tot gevolg gehad dat internasionale sanksies ingestel is. Op daardie stadium is daar alreeds R30 biljoen aan uitvloeikapitaal verloor met skuldbetalings weens buitelandse skuldmonatoruims en as gevolg van onwettige kapitaal wat buite die land belê is. Suid-Afrika, wat invoere nodig gehad het om te groei, is gedwing om 'n uitvoerland te word om buitelandse skuld te betaal wat ekonomiese groei gesmoor het. Groot bedrae is bestee om strategiese industrieë op te rig, wat internasionale olie en wapens moes vervang. Die apartheidsbeleid het die ekonomiese groei ook nasionaal verswak weens onbeheerde uitgawes op tuislandregerings, groot burokrasieë as gevolg van die driekamerparlement, en die toenemende uitgawes om binnelandse swart verset te beheer. Bydraende faktore tot die ekonomiese resessie was erge droogtes en die fluktuering in die goudprys. De Klerk het beseft dat ekonomiese groei belangrik was om politieke stabiliteit in Suid-Afrika te bewerkstellig en dat dit slegs moontlik sou wees as daar van apartheid afgesien sou word.⁴

Die feit dat apartheid nie meer moreel geregverdig kon word nie, was 'n belangrike faktor wat De Klerk beïnvloed het. Apartheid het vir die Afrikanermiddelklas, wat die nuwe nattes en verligtes verteenwoordig het, 'n verleentheid geword. Westerse morele sanksies, wat NP-politici, sportlui en akademici toegang tot die Weste geweier het, was vir hulle 'n vernedering gewees, omdat hulle hulleself as deel van die Weste beskou het. De Klerk was gretig om Suid-Afrika se isolasie te verbreek en bande met die Weste te herbou.⁵

3 T. Leon, *Hope and fear. Reflection of a democrat*, p. 22.

4 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 133-134; F.W. de Klerk, *Die Laaste Trek - 'n nuwe begin*, pp. 180-184; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 595.

5 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 596.

Die nuwe nattes en die verligtes het dan ook veral druk op politieke gebied uitgeoefen, wat bygedra het om De Klerk te laat beseef dat omstandighede verander het en aanpassings nodig was. Druk deur die verligtes en nuwe nattes was waarneembaar in die 1987-verkiesingsuitslae toe die NP heelwat steun van die Progresiewe Federale Party (PFP) getrek het. De Klerk se verkiesing as hoofleier van die NP in Januarie 1989 was ook beeldend van dié druk toe hy 'n naelskraapoorwinning van agt stemme oor die verligte Barend du Plessis behaal het. Beide dié politieke gebeurtenisse het hom laat beseef hoe dringend die behoefte onder Suid-Afrikaners én binne die NP was om vinnig vordering met hervorming te maak. Die September 1989-verkiesingsuitslae het verder bygedra om dié gedagte te versterk. Tydens dié verkiesing het die NP 'n mandaat by die kiesers gevra vir die voortsetting van hervorming en om vir 'n nuwe konstitusionele bestel te onderhandel. Alhoewel die NP sewentien setels aan die Konserwatiewe Party (KP) afgestaan het, was dit die DP se vertoning, aan wie die NP twaalf setels afgestaan het, wat die aandag getrek het. Die afleiding is gemaak dat die NP se oorwinning van 48% van die uitgebragte stemme, tesame met die DP se 20%, kiesers verteenwoordig het wat haastig vir hervorming was, teenoor die 31% van die KP wat hervorming teengestaan het. Ook het verligte ministers soos Gerrit Viljoen, Pik Botha, Barend du Plessis en Dawie de Villiers hulle verligte stempel op De Klerk, sedert sy verkiesing as hoofleier van die NP, afgedruk.⁶

Met De Klerk se verkiesing tot staatspresident in Augustus 1989 het sy pragmatiese politiek prakties neerslag begin vind en het hy die brug na verligte politiek oorgesteek. In 1987 het hy nog geglo dat die blanke kiesers deur die stelsel van magsdeling klein risiko's moes aanvaar en selfs 'n meerderheid van swart steun moes verkry om 'n bastion teen die ANC te vorm. Na sy presidentskap het hy die ANC in die bastion ingesluit om saam met hulle 'n stelsel van magsdeling te beding. Hy was oortuig dat 'n nuwe konstitusionele bedeling saam met al die swartes van die land onderhandel moes word. Daarom het hy al sy krag begin inspan om die demokratiseringsproses moontlik te maak deur binne drie maande na sy presidentskap ingrypende hervormings deur te voer. 'n Nuwe beleid om protesoptogte toe te laat, is bekendgemaak en biskop Desmond Tutu van die Anglikaanse Kerk het toestemming ontvang om 'n United Democratic Front (UDF)-protesoptog op 13 September 1989 in Kaapstad te hou. Daar is voortgegaan om hoëprofielgevangenes vry te laat. Teen Oktober 1989 was al die Rivonia politieke gevangenes vrygelaat, insluitende Walter Sisulu, die ANC-leier, maar steeds nie Nelson Mandela nie.⁷

6 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 31; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 166; A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd. Die dramas rondom die uittrede van president P.W. Botha*, p. 256.

7 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 18; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 167 & 170-171 & 177; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 586.

De Klerk het die nuwe nattes en verligtes se afkeer van die magstrukture van die sekurokrate in die NP-regering gedeel en dit afgetakel. Hy was vasbeslote om nie veiligheidsmagte en militêre strategie as instrument in die hervormingsproses te gebruik nie. Met die uitfasering van die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel (NVBS) is die beginsel van kabinetsregering voor die einde van 1989 herstel, wat geheime binnekringbesluite beëindig het. In die begin van 1990 het De Klerk in toesprake, wat afsonderlik aan die polisie en weermag gerig is, die veiligheidsmagte gemaan om onpartydig te wees, geen politieke doelstellings te bevorder nie, en nie in politiek betrokke te raak nie, maar om eerder misdaad te bestry en hulle te beywer om alle Suid-Afrikaners se lewe en eiendom te beskerm. Hy het 'n ondersoek na alle geheime of kovertre optredes van die veiligheidsmagte gelas in 'n poging om beheer daarvoor te verkry. Dit het daartoe gelei dat heelwat kovertre operasies uitgefaseer is en dat fondse daarvoor aansienlik verminder is. Staatsuitgawes is verder drasties afgeskaal deur die personeel van die staatspresident van 500 tot 90 te verminder en die Staatspresidentenswag af te skaf.⁸

De Klerk het rassediskriminasie verwerp, en gelykheid en magdeling in algemene sake vir alle Suid-Afrikaners voorgestaan. Hy het sterk oortuigings gehuldig oor die konsep van "eie sake" wat op groepsekuriteit neergekom het, omdat dit volgens hom 'n groot mate van outonomie vir die onderskeie bevolkingsgroepe verseker het. Dit was ook volgens hom die beste manier om die gewelddadige konflikpotensiaal van Suid-Afrika se komplekse samelewing te ontloot. Met groepsekuriteit het hy bedoel dat elke gemeenskap die reg op eie woonbuurtes, eie skole, en eie instellings het om sodoende hulle eiesoortige karakter te bevorder. Hy het dié beginsel op 13 Desember 1989 in 'n persoonlike gesprek teenoor Nelson Mandela verdedig, wat dit as skuiwergat vir apartheid beskryf het. De Klerk het aan Mandela verduidelik dat groepsregte 'n meganisme is wat waarborge kon voorsien, sodat 'n swart meerderheidsregering nie die blanke minderheid sou oorheers nie.⁹

De Klerk het daarin geslaag om die faksievorming in die kabinet, wat tydens Botha se bewind aan die orde van die dag was, te verbreek en 'n eenheidsfront in die NP-kabinet en -koukus te vestig. Met die bosberaad in die D'Nyala-wildreservaat in Desember 1989 het De Klerk daarin geslaag om die hele kabinet, selfs die konserwatiewe lede, tot die politiek van die nuwe nattes of ultra-reformiste oor te haal.

8 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 18; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 167 & 170-171 & 177; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 586.

9 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 119 & 125 & 175; N. Mandela, *Long walk to freedom. The autobiography of Nelson Mandela*, p. 664.

Tydens die beraad was almal eenstemmig in die aanvaarding van al die logiese gevolge van magsdeling, mits daar redelike beskerming van minderheidsregte sou wees. Die hoofmoment vir die eenstemmigheid was toe die hele kabinet die besluit ondersteun het dat die ANC by die onderhandelinge betrek moes word. Hulle het besluit dat dit belangrik was om die inisiatief te neem. Daardeur sou hulle die *hoë morele voordeel*¹⁰ of gesagsposisie kon verkry en hulle teenstanders (die ANC) onverhoeds betrap. So wou hulle seker maak dat hulle deurgaans in beheer van die proses bly en goeie regering en wet en orde handhaaf.¹¹ De Klerk het op daardie stadium sterk oorgehel na die nuwe nattes se politieke beginsels en ook op nuwe nattes in sy kabinet staatgemaak om rigting in beleidmaking aan te dui. Dit het tot gevolg gehad dat die verligtes en nuwe nattes onbewustelik 'n ideologiese samesmelting beleef het en sedertdien saam as die verligte groep in die NP-kabinet bekendgestaan het.

Met De Klerk se toespraak tydens die opening van die parlement op 2 Februarie 1990, het dié verligte groep se politieke denke in werking getree. Die ontbaning van die ANC, Pan Africanist Congress (PAC) en SAKP, asook die vrylating van Nelson Mandela, is aangekondig. Hy het verklaar dat Mandela 'n belangrike rol in die onderhandelinge kon speel en dat kennis geneem is van Mandela se bereidwilligheid om 'n konstruktiewe bydrae tot die vreedsame politieke proses in Suid-Afrika te lewer. Die UDF, National Education Crisis Committee (NECC), Congress of South African Trade Unions (COSATU) en dertig ander verbanne organisasies is toegelaat om hulle aktiwiteite voort te sit, nog ANC politieke gevangenes is vrygelaat, en noodtoestandregulasies wat die onderwys en media geraak het, is opgehef. Die buiteland se rol in die verwesenliking van nasionale belange is erken. Die regering het menseregte erken wat individue beskerm, maar opdrag aan die Regskommissie gegee om dit met die regte van minderhede en nasionale entiteite te balanseer sodat dit 'n ewewigtige geheel kon vorm. Die herroeping van die *Wet op Aparte Geriewe* is ook aangekondig.¹² Dié radikale aankondigings het die apartheidsideologie laat verbrokkel en Suid-Afrika op 'n onomkeerbare pad van politieke verandering geplaas wat deur die verligtes gedikteer sou word.

Verligtes en nuwe nattes se gesprekke met die ANC agter die skerms het die basis vir dié radikale aankondigings gevorm. Hulle gesprekke het uitgeloop op die vrystelling van die ANC Harare-dokument op 21 Augustus 1989, wat die ANC se voorwaardes vir onderhandelinge bevat het. De Klerk, wat die

10 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 178. Die term is op daardie stadium deur die NP-kabinet geskep en gaan in die hoofstuk deurgaans gebruik word om die NP-regeringse morele gesagsposisie teenoor die ANC in die onderhandelinge aan te dui.

11 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 178-179.

12 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 18.

onderhandelingsproses aan die gang wou kry, het met behulp van die Harare-dokument struikelblokke in die pad van onderhandelinge geïdentifiseer en met die Februarie 1990-aankondigings gepoog om dit uit die weg te ruim.¹³

Internasionale verwickelinge het 'n belangrike uitwerking op die optredes en politieke gemoedstoestand van die land se Afrikanerregereerders en die verligtes gehad. Die besluit wat tot die radikale aankondigings op 2 Februarie 1990 aanleiding gegee het, is aangespoor deur die verbrokkeling van kommunisme op daardie stadium in die wêreld wat 'n hoogtepunt met die afbreek van die Berlynse muur in November 1989 bereik het. Die onafhanklikheidswording van Namibië in 1990 het bygedra om die permanente ondergang van die Unie van die Sosialistiese Sowjet-Republieke (USSR) in te lui. Dit het die einde van die USSR se invloed op die ANC en SAKP beteken, wat hulle bedingingsposisie verswak het as gevolg van 'n verlies aan finansiële en morele steun. Dit het die regering in staat gestel om vanuit 'n posisie van krag op te tree. Hulle vermoede is bevestig deur 'n toespraak gelewer deur Alfred Nzo, sekretaris-generaal van die ANC, waarin erken is dat die ANC nie meer oor die kapasiteit beskik het om die swart vernet te intensiveer nie. De Klerk en die verligtes het besef dat die ANC en NP-regering in 'n skaakmatposisie was, omdat die regering op sy beurt ook nie meer in staat was om swart vernet te onderdruk nie. Bowenal het die propagandawaarde van die ANC as 'n "kommunistiese bedreiging" ook verdwyn. In dié omstandighede was 'n rasseoorlog moontlik en daarom het versoening deur onderhandelinge swaar geweeg.¹⁴

Verligte Afrikaners wat graag bande met die Weste wou sluit, waar hulle geestelike en intellektuele wortels was, het die ineenstorting van kommunisme as 'n geleentheid beskou om van hulle internasionale beeld as uitgeworpenes ontslae te raak en deel van 'n wêreldwye demokratiseringsproses te word. Hulle het besef dat die noodwendige einde van 'n onverdedigbare blanke minderheidsregering aangebreek het. Vir die verligtes het die val van kommunisme 'n demokratiese bedeling vir Suid-Afrika verseker en is dié stelsel as 'n onuitdaagbare internasionale norm beskou wat 'n ekonomiese vryemarkstelsel sou bevorder. Die verligtes het deurentyd die boodskap oorgedra dat alle partye by die onderhandelingsproses tot die fundamentele uitgangspunt van demokrasie verbind moes wees.¹⁵

13 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 29; R. Harvey, *The fall of apartheid. The inside story from Smuts to Mbeki*, p. 186.

14 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 133-137.

15 Z.B. du Toit, *Die nuwe toekoms. 'n Perspektief op die Afrikaner by die eeuwisseling*, pp. 18-19; W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, pp. 28-29.

In De Klerk en die verligtes se besluit om onderhandelinge met die swartes aan te knoop, het die demografiese tendense swaar geweeg. Dit was belangrik om in die lig van die krimpende blanke bevolking teenoor die groeiende swart bevolking uit 'n posisie van krag, en nie met hulle rug teen die muur nie, te onderhandel. Sodoende het hulle geredeneer kon 'n redelike skikking bereik word, omdat hulle steeds oor die politieke mag beskik het al het die ANC die meerderheidsteun gehad. Hulle het ook geglo dat die kans op sukses in komende onderhandelinge verseker kon word deur te bewys dat hulle nie onder druk onderhandel nie, maar uit die krag van hulle oortuiging. Die regering se posisie van krag is op daardie stadium versterk weens die ANC se verwarring om hom van 'n versetbeweging tot 'n politieke organisasie om te skakel. Die ANC moes nou vir die eerste keer uitgewekenes, vrygelate politieke gevangenes, en plaaslike aktiviste in een party saambind. Hulle moes 'n ideologiese verandering van denke van 'n ondergrondse rewolusionêre beweging tot 'n politieke organisasie ondergaan. Met die stigting van landswye takke is administratiewe probleme ondervind. Tydens die ANC-kongres in Julie 1991 is Mandela tot president en Cyril Ramaphosa, die gewilde Nasionale Mynwerkersunieleier, tot sekretaris-generaal van die party verkies. Mandela moes met 'n Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) en sy werkerskomitees mag deel. Die NUK het uit 55 lede bestaan, waarvan die meeste lede van die UDF en die SAKP was wat aan die voormalige politieke gevangenes en uitgewekenes onbekend was.¹⁶

Die weg is gebaan vir die volgende fase van die hervormingsplan, naamlik om onderhandelinge met die verskillende volke van Suid-Afrika op dreef te kry ten einde 'n demokratiese politieke bedeling tot stand te bring.

3 Die verligtes se rol in die verskillende onderhandelingsfases

Die onderhandelingsproses kan in drie fases verdeel word. Die eerste fase, *the talks of the talks*, was die tentatiewe onderhandelinge, wat agter die skerms plaasgevind het. (Kyk hoofstuk 2). Die tweede fase het op 2 Februarie 1990 met De Klerk se verrassende aankondigings 'n aanvang geneem en was daarop gemik om die weg voor te berei vir finale onderhandelinge deur alle struikelblokke in die pad van onderhandelinge te verwyder. Dit sou bereik word deur bilaterale samesprekings tussen die hoofrolspelers, naamlik die ANC en die NP-regering, en ook ander partye. Die derde fase het die

16 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, p. 43; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 162-164; A. Sparks, *Tomorrow is another country*, pp. 124-125; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 588; Vrystaatse Argiefbewaarpark, Bloemfontein: Persoonlike versameling 883 van L. Wessels, lêer 1/V2/1, 1982-1990; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 178.

gestruktureerde en verteenwoordigende onderhandelinge ingelui met al die betrokke partye en het met die stigting van Kodesa 1 in Desember 1991 'n aanvang geneem. Die verligtes het reeds as die hoofrolspelers in fase een navore getree en sedert fase twee begin om die politieke terrein te beheer en die politieke rigting in die onderhandelinge aan te dui.¹⁷

Die verligtes, en voorheen ook die nuwe nattes, was die inisieerders van die onderhandelingsproses gewees. Hulle het die eerste fase van die onderhandelingsproses ingelyf deur met voorafsaamesprekings, agter die skerms, grondwetlike oplossings te soek. Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling, het die eerste fase geopen deur te poog om deur gesprekvoering beter verhoudinge met die nie-rewolusionêre swartes, kleurlinge en Indiërs te bewerkstellig. Verligtes en nuwe nattes het vanaf die middel van die tagtigerjare van die twintigste eeu begin om samesprekings met die ANC te voer. Die verkennende samesprekings het tot gevolg gehad dat bande gesmee en goeie gesindhede tussen die verskillende partye geskep is. Dit het die weg vir verkennende gesprekke tussen De Klerk en Nelson Mandela voorberei en na sy ontperking het fase twee van die onderhandelinge aangebreek.¹⁸

Geweld sou enduit 'n belangrike en bepalende rol in die bilaterale samesprekings en formele onderhandelinge speel. Onderhandelinge het in 'n krisisklimaat van geweld plaasgevind. Tussen 1984 en 1994 het 20 500 mense in politieke geweldpleging gesterf, waarvan 9 500 van die begin van 1990 tot April 1994 gesterf het. Ongeveer 60% van al die sterfgevälle het gespruit uit geweld tussen swart groeperinge. Die geweld wat na Mandela se vrylating toegeneem het, kan oorwegend toegeskryf word aan die magstryd wat tussen die ANC en Inkatha gewoed het. Dit was veral die geval toe Mangosuthu Buthelezi, hoofminister van KwaZulu en leier van Inkatha wat in Augustus 1990 in die Inkatha-Vryheidsparty (IVP) omskep is, besefhet dat die ANC die hoofdeelnemer sou wees met wie die regering samesprekings oor 'n nuwe grondwetlike bedeling sou voer. Beide die ANC en die regering het probleme gehad om die groepe in eie geledere te beheer, wat eerder in militêre ontplooiing as onderhandelinge vir 'n oorgangsregering geglo het. Die sekurokrate het onder dié groep getel. Hulle het toenemend van De Klerk vervreem geraak, omdat hulle uit die besluitnemingsposisie verwyder is. Sommige lede in die veiligheidsmagte het geglo dat die politici strategiese insig van die weermag kortkom en nie die ware gevaar van die ANC-SAKP-alliansie ingesien het nie. Daarom het hulle nie die opdrag om anti-ANC magte af te takel, uitgevoer nie. Hulle het ook besef dat hulle eie posisies in gevaar sou wees indien die onderhandelinge sou slaag. Aan die ANC-kant het Mandela probleme ondervind om

17 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 192.

18 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 190-192.

sy lede in 'n eenheid saam te bind en dissipline op grondvlak af te dwing weens gebrekkige kommunikasie en organisatoriese probleme. Die groep, veral die jong militantes, het agterdog jeens Mandela en die onderhandelinge gekoester. Hulle was bevrees dat ooreenkomste met die regering beteken het dat daar toenemend met die regering saamgewerk sou moes word ten koste van die vryheidstryd.¹⁹

Die onderhandelinge is gedurig ontspoor en deur die ANC opgeskort weens die geweld in die land en die ANC se eie massabetogings en stakings. Die ANC het die grootste moontlike politieke voordeel uit die situasie probeer trek om steun by sy ondersteuners te wen deur die oorsaak van geweld op die skouers van die regering te plaas. De Klerk het voortdurend vir bewyse gevra en ook daadwerklik opgetree om geweld te bekamp. Die regering het op sy beurt die ANC van die aanstigting van geweld beskuldig. Die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) het later bevind dat die veiligheidsdienste van die regering, die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP), die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), Umkhonto we Sizwe, die PAC en die UDF gesamentlik vir sterftes deur geweld verantwoordelik was. Die ANC het sy strategie in Junie 1991 verander. Geweld is aanvanklik gebruik om onderhandelinge te staak, maar voortaan sou dit ingespan word om druk uit te oefen om onderhandelinge te verhaas. In die lig hiervan sou De Klerk en die verligtes moes bontstaan om die onderhandelingsproses aan die gang te hou en ANC-druk te weerstaan.²⁰

Die tweede fase waartydens struikelblokke verwyder moes word voordat die formele onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika kon begin, het bykans twee jaar geduur. Dit het met die radikale aankondiging van De Klerk op 2 Februarie 1990 begin en met die aanvang van die formele onderhandelinge in Desember 1991 geëindig. Dié tydsverloop het die NP-posisie in die onderhandelinge negatief beïnvloed. Dit het aan die ANC geleentheid verskaf om homself te organiseer, en sy vertrouensposisie onder die swartes te verstewig. In dié proses het die magsbalans geneig om die ANC te bevoordeel deurdat hulle met politieke vernuf geweld aangewend het om die beeld en integriteit van die NP-regering onder die swartes in diskrediet te bring. Die NP het ook die helfte van sy Afrikanersteun aan die KP verloor. Daar is voortdurend gepoog om geweld hok te slaan, wat 'n groot struikelblok vir die ANC en NP-regering in die weg na onderhandelinge was. In dié fase het De Klerk en die verligtes wel met sukses al die hoofpilare van apartheid vernietig en deurentyd, weens hulle oortuiging dat onderhandelinge die enigste uitweg was, vasbeslote daarin geslaag om die weg na onderhandelinge te

19 Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 883 van L. Wessels, lêer 1/V2/1, 1982-1990; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 596 & 599.

20 Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 883 van L. Wessels, lêer 1/V2/1, 1982-1990; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 596; P. du Toit, *South Africa's brittle peace*, pp. 44-46.

baan.

De Klerk het met die tweede fase van die onderhandelinge die ondersteuning van die verligte politieke denkers benodig om die grondwetlike onderhandelinge te steun, te bestuur, en deur te voer. Die Departement van Staatkundige Ontwikkeling is vir dié doel omskep en met verligte ministers beman. Gerrit Viljoen wat as die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Nasionale Opvoeding aangestel is, sou die onderhandelinge lei. Roelf Meyer is as sy adjunk-Minister aangestel en sou in Mei 1992 Viljoen as hoofonderhandelaar van die NP opvolg. 'n Onderhandelingspan is saamgestel wat hoofsaaklik uit verligtes bestaan het, maar wat ook konserwatiewe NP-ministers ingesluit het op grond van hulle portefeuljies wat vir die onderhandelingsproses nodig was. Stoffel van der Merwe, Minister van Onderwys en Ontwikkelingsbystand, was verantwoordelikheid vir swart onderwys en die ses selfregerende swart state. Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake, is ingereken weens sy internasionale rol en sy verantwoordelikheid vir betrekkinge met die vier onafhanklike swart state – Transkei, Ciskei, Boputhatswana en Venda. Hernus Kriel, Minister van Bepanning en Provinsiale Sake, is ook ingesluit. Die drie veiligheidsministers, Kobie Coetzee (Minister van Justisie), Magnus Malan (Minister van Verdediging) en Adriaan Vlok (Minister van Wet en Orde) was verantwoordelik vir sake soos die vrylating van gevangenes wat misdade met politieke oogmerke gepleeg het, die terugkeer van uitgewekenes, die opheffing van noodtoestande, en die ANC se opskorting van sy gewapende stryd.²¹

Niel Barnard, direkteur-generaal van die Nasionale Intelligensie Diens (NID) het die eerste probleem tussen die ANC en NP-regering ontrafel toe hy De Klerk oorreed het om sy besware te laat vaar teen die insluiting van Joe Slovo, sekretaris-generaal van die SAKP, in die ANC se onderhandelingspan.²²

Ten spyte daarvan dat Mandela geweld as manipuleringsstrategie reeds met die aanvang van die eerste bilaterale samesprekings ingespan het, het die verligtes daarin geslaag om dit suksesvol deur te voer. Mandela het die eerste bilaterale samesprekings van 11 April 1990 eensydig gekanselleer weens die Sebokeng-skietvoorval op 26 Maart 1990. Agt swart protesteerders is, tydens 'n massa-optog van 50 000 swartes wat teen huurgelde en plaaslike rade betoog het, deur die polisie doodgeskiet. Hy het De Klerk blameer, en die polisie aangeval oor hulle hantering van die saak, en aangedring op die onttrekking van veiligheidsmagte aan swart woonbuurtes en die opheffing van noodtoestande. De Klerk het die situasie ontlont deur private samesprekings met Mandela te voer wat tot gevolg gehad het dat die eerste

21 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 192-193.

22 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 159.

bilaterale samesprekings wel gedurende 2-4 Mei 1990 gevoer kon word. Dit het tot die sluiting van die Groote Schuur-minuut gelei. Hoewel Mandela en De Klerk verskil het oor sake soos die opheffing van sanksies en minderheidsregte, kon daar 'n ooreenkoms bereik word oor die belangrikste aspekte wat in die weg van onderhandelinge gestaan het. Albei partye het hulle tot die beëindiging van die bestaande klimaat van geweld en intimidasie en tot stabiliteit en 'n vreedsame onderhandelingsproses verbind. Daar is ook ooreengekom dat doeltreffende kommunikasiekanale tussen die regering en die ANC geskep sou word om geweld en intimidasie in bedwang te hou. 'n Gesamentlike werksgroep is saamgestel om dringend aan die kwessie van die hantering van politieke gevangenes en uitgewekenes, en die toestaan van tydelike vrywaring, aandag te gee. Die beredding van hierdie sake was vir die ANC noodsaaklik om te kon onderhandel. Die res van die dokument het gehandel oor die opheffing van die noodtoestande en die wysiging van veiligheidswette. Die Groote Schuur-minuut het die indruk van 'n goeie samewerkingsverhouding tussen Mandela en De Klerk geskep wat vertrouwe by die blankes vir die onderhandelinge gewek het. Willie Esterhuysen, verligte Afrikaneremeningvormer, akademikus en politieke analis, het dit as 'n grootse gebeurtenis en historiese deurbraak beskou. De Klerk en Mandela het tydens 'n perskonferensie handgeskud wat 'n boodskap van optimisme die wêreld ingestuur het dat die eerste tree na 'n ooreengekome skikking met welslae geneem is.²³

Ten einde die momentum van die onderhandelingsproses aan die gang te hou en die weg vir die volgende rondte samesprekings te baan, het De Klerk op 7 Junie 1990 die noodtoestande oor die hele land, behalwe in Natal, opgehef. Hiermee is die gesag van die howe herstel en is menseregte gehandhaaf. Agt-en-veertig politieke gevangenes is vrygelaat en tydelike vrywaring is aan uitgewekenes verleen.²⁴

De Klerk en die verligtes was doelgerig om die bilaterale samesprekings voort te sit. Hulle was daarom nie bereid dat hulle ontevredenheid met 'n ANC-komplot, bekend as Operasie Vula, om die regering omver te werp, die volgende rondte samesprekings sou verongeluk nie. Vir dié ANC-komplot is agente soos Mac Maharaj en Sphiwe Nyanda in 1988 en Ronnie Kasrils in 1990 in die geheim die land ingebring om 'n ondergrondse netwerk te vestig. Hulle moes gereedmaak vir 'n rewolusie wat die regering met geweld omver sou werp. Operasie Vula is in die middel tagtigerjare deur Oliver Tambo gemagtig. Na 2 Februarie 1990 is daar deur ANC-radikales besluit om Vula as 'n "versekeringspolis" te behou ingeval grondwetlike onderhandelinge sou misluk. Mandela het ontken dat hy enige kennis daarvan gedra het.

23 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 160-162; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 199-200; *Rapport*, 1990-08-12 (Die Pretoria-minuut: Nuwe fase op pad na 'n skikking), p. 11.

24 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, pp. 28-29.

Operasie Vula is in Julie 1990 deur die regering oopgevelek en het 'n verbreking van die Groote Schuur-minuut veronderstel. Die tweede rondte samesprekings is op 6 en 7 September 1990 voortgesit. Die ANC het in 'n poging om die inisiatief van die regering weg te steel en die *hoë morele voordeel* te verkry, sy gewapende stryd eensydig opgeskort. Daar is ook teikendatums vasgestel om die struikelblokke in die weg van onderhandelinge op te los, soos die vrylating van gevangenes, amnestie vir politieke misdade, en die hersiening van veiligheidswette. Die ooreenkoms wat tussen die regering en die ANC bereik is, het as die Pretoria-minuut bekendgestaan. Verligtes het die gebeurtenis as verrassend beskou en aangeprys. Willie Esterhuise het dit as 'n historiese kompromis beskryf wat 'n nuwe fase in die onderhandelingsproses aangedui het, omdat hy geglo het dat die struikelblokke op daardie stadium uit die weg geruim is en die ware onderhandelinge kon begin. Hermann Giliomee, bekende historikus, politieke wetenskaplike en openbare kommentator, het verklaar dat daar met die Pretoria-minuut baie nader aan vrede gekom is as wat daar gehoop is en dat politieke leiers vir die eerste keer bereid was om risiko's te neem om vrede te verseker. Hennie Serfontein, van die koerant *Vrye Weekblad*, het die goeie persoonlike verhouding tussen De Klerk en Mandela as die deurslaggewende rede vir die ooreenkoms beskou. Die indruk is geskep dat die formele onderhandelinge kon begin.²⁵

De Klerk het sy internasionale besoeke aan Europa en die Verenigde Koningryk en ook die Verenigde State van Amerika (VSA), wat weens die Groote Schuur- en Pretoria-minuut moontlik gemaak is, aangegryp om die onderhandelingsproses te bevorder. Hy het geredeneer dat deelnemende partye in die onderhandelingsproses se welwillendheid om 'n aanvaarbare grondwetlike oplossing te beding, verkry kon word deur hulle materiële omstandighede te verbeter. Dit was slegs moontlik deur die ekonomie te verbeter wat deur goeie betrekkinge met die internasionale gemeenskap 'n werklikheid kon word. De Klerk het ook tydens sy besoeke gepoog om die internasionale leiers se steun vir die onderhandelingsproses te verkry deur te bewys dat die NP nou deel van die oplossing in Suid-Afrika was. Die lande het die ophef van sanksies belowe indien verdere hervormings sou volg. Sanksies was vir die ANC 'n troefkaart in onderhandelinge om hulle eise af te dwing en daarom het Mandela, wat ook op 'n uitgebreide toer na Europa en die VSA vertrek het, sanksies bepleit totdat 'n nuwe konstitusionele bedeling in Suid-Afrika beding is.²⁶

Die NP het hom verder op die onderhandelinge voorberei deur in Augustus 1990 'n nie-rassige party te

25 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, pp. 28-30; *Rapport*, 1990-08-12 (Die Pretoria-minuut: nuwe fase op pad na skikking), p. 11; *The Natal Witness*, 1990-08-15 (A singular occurrence), p. 8; *Vrye Weekblad*, 1990-08-10 (Ses geskiedkundige maande later.....en Pretoria-minuut span die kroon) p. 10.

26 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 201-202 & 206-207.

word. Die doel was om 'n doeltreffende teenwig vir die ANC en sy kommunistiese bondgenote te vorm deur gematigde Suid-Afrikaners te verwelkom.²⁷

Die Pretoria-minuut se euforie was gou iets van die verlede. Hoewel die Pretoria-minuut 'n groot mylpaal op pad na 'n ooreengekome oplossing was, was dit terselfdertyd ook die begin van 'n baie moeilike fase vir die NP-regering se samesprekings met die ANC. Verhoudinge tussen Mandela en De Klerk is hierna versuur weens die uitbreek van ongekende geweld wat van Natal na Transvaal (Gauteng) versprei het. In die drie maande tydperk na die sluiting van die Pretoria-minuut, het 'n geraamde 757 mense gesterf. Dit het 'n vertrouensbreuk tussen Mandela en De Klerk veroorsaak wat die onderhandelinge voortaan beïnvloed het. Mandela het De Klerk se motiewe betwyfel, asook die wysheid daarvan vir die ANC om die gewapende stryd op te skort. De Klerk se integriteit is in die openbaar bevraagteken deur Mandela se beweringe van 'n derde mag en De Klerk se betrokkenheid daarby. Mandela het 'n derde mag verdink as aanstigter van geweld en De Klerk daarvan beskuldig dat hy kennis van die derde mag gedra het, dat hy persoonlik by die geweldpleging deur die veiligheidsmagte betrokke was, en dat hy beheer oor die veiligheidsmagte verloor het. De Klerk is kwalik geneem vir die polisie se onvermoë om geweld te voorkom en die skuldiges op te spoor. Mandela het De Klerk daarvan beskuldig dat hy swart lewens vir politieke gewin opoffer. Hy het gedreig om samesprekings op te skort indien De Klerk nie die geweld onder bedwang bring nie. Die beskuldigings het De Klerk gekrenk en terselfdertyd woedend gemaak, omdat hy dit as onwaar bestempel het en die regering se opregtheid tot onderhandelinge beklemtoon het deur te poog om die geweld onder beheer te bring.²⁸

Volgens Giliomee het De Klerk die inisiatief teruggewen deur sy daadwerklike optrede om geweld te staak. Op 24 Augustus 1990 is noodtoestande oor 27 swart stedelike gebiede in die Vaaldriehoek afgekondig. Die Harms-kommissie is aangestel om die bedrywigheide van die sogenaamde derde mag en ook dié van Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) in die veiligheidsmagte te ondersoek. Stappe is gedoen om die BSB te ontbind. Die regering was van mening dat geweld slegs gestaak kon word indien die ANC ook beheer oor sy kaders kon uitoefen. Daar is daarin geslaag om onderhandelinge weer aan die gang te kry en die geweldsituasie te beheer deur 'n skikking met die ANC te bereik. Hierdie skikking het tot die sluiting van die D.F. Malan-akkoord op 12 Februarie 1991 gelei. Die ANC het ooreengekom dat daar onmiddelik 'n einde gemaak sou word aan aanvalle met wapentuig, vuurwapens, plofstowwe

27 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 208.

28 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, pp. 37-38 & 68; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 182 & 187; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 220-221.

of brandbomme; infiltrasie van manskappe en voortspruitende geweld; die skepping van ondergrondse strukture; verklarings wat geweld aanvuur; dreigemente; en gewapende optrede en militêre opleiding in Suid-Afrika. Daar is ooreengekom dat beide partye vreedsaam aan die demokratiese politieke proses sou deelneem en hulle menings deur vreedsame betogings sou weergee. Geen intimidasie en geweld sou plaasvind nie.²⁹

Geweldpleging het voortgeduur en die regering het die ANC ernstig gemaan om nie die D.F. Malan-akkoord se ooreenkoms te versuim nie. Die ANC moes beheer oor hulle lede wat vir die aanstigting van geweld verantwoordelik was, uitoefen. Mandela het op sy beurt die regering van medepligtigheid aan die geweld beskuldig. Weereens was die onderhandelingsproses in gevaar toe die ANC op 5 April 1991 'n ope brief aan die regering gerig het waarin gedreig is om grondwetlike onderhandelinge te staak indien die regering nie teen 7 Mei 1991 aan sewe van die gestelde eise voldoen het nie. Hulle het onder meer die bedanking van die Ministers van Wet en Orde en van Verdediging, die onwettigverklaring van tradisionele wapens, die aanstelling van 'n onafhanklike Kommissie van Ondersoek na veiligheidsmagte, en die uitfasering van IVP-hostelle in stadsgebiede geëis. Die regering het, in 'n poging om struikelblokke uit die weg te ruim, op die eise gereageer deur 'n konferensie oor geweld en intimidasie vir 24 en 25 Mei 1991 te belê. Alle partye en belanghebbende groepe is na die konferensie genooi. Die ANC het egter die vredesinisiatief geboikot deur te weier om dit by te woon. Hulle het die vredesinisiatief as sinloos bestempel, omdat hulle geglo het dat slegs die regering die geweld kon staak.³⁰

De Klerk en die verligtes het vasbeslote voortgegaan om die weg vir onderhandelinge waardeur 'n konstitusionele bedeling vir Suid-Afrika saam met alle swartes van die land beding kan word, voor te berei. Alle statutêre apartheidswette wat nog 'n struikelblok in die weg van onderhandelinge was, is herroep. In Junie 1991 is die *Wet op Grondbesit*, die *Groepsgebiedewet* en die *Bevolkingsregistrasiewet* herroep. In dieselfde maand is die *Interne Veiligheidswet* (Wet no. 74 van 1982) gewysig deur die instelling van die *Wysigingswet op Interne Veiligheid en Intimidasie* (Wet no. 138 van 1991) waarvolgens die magte van die Minister van Justisie ingekort is; die verbod op publikasies herroep is; die verbanning van persone deur huisarres en ontneming van vryheid opgehef is; en huisarres vir ondervraging van 'n persone wat van terrorisme verdink is tot 'n maksimum van tien dae beperk is. Met

29 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, pp. 37-38 & 68; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 182 & 187; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 220-221.

30 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 223.

die herroeping van dié wette het alle pilare wat apartheid nog in stand gehou het, getuimel.³¹

Die Inkathagate-skandaal, wat in Julie 1991 deur die Goldstone-kommissie oopgevelek is, het gedreig om die onderhandelinge skipbreuk te laat ly. Dit het die regering se geloofwaardigheid nasionaal en internasionaal gediskrediteer. Daar is onthul dat die regering by Inkatha-bedrywighede deur wapenverskaffing, opleiding, en finansiële bystand betrokke was. Mandela het geëis dat ministers Magnus Malan en Adriaan Vlok afgedank word; dat 'n onafhanklike regterlike kommissie van ondersoek aangestel word om veiligheidsmagte te ondersoek; en dat die spesiale teeninsurgensie-eenhede van die SAP en die SAW ontbind word. Mandela het De Klerk weereens daarvan beskuldig dat hy sy saak oor die lyke van Mandela se ondersteuners heen bevorder het. Hy het De Klerk se bedanking geëis en dat die beheer van veiligheidsmagte aan 'n oorgangsregering van nasionale eenheid oorgegee moes word. De Klerk en die verligtes was na alle waarskynlikheid nie bewus van die betrokkenheid van die sekurokrate by Inkatha nie, omdat opdrag aan die begin van De Klerk se bewind gegee is dat sulke projekte beëindig moes word. De Klerk het egter na 'n ondersoek bevind dat die bevinding die waarheid was en hy moes dit erken. Daarom is daar op drastiese, regstellende stappe besluit om die regering se geloofwaardigheid te herstel en die weg vir onderhandelinge voor te berei. 'n Omvattende kabinetskommeling is aangekondig. Adriaan Vlok is as Minister van Korrektiewe Dienste, Magnus Malan as Minister van Waterwese en Bosbou, Roelf Meyer as Minister van Verdediging, en Hernus Kriel as Minister van Wet en Orde aangestel. Die Kahn-komitee, wat deur 'n ministerskomitee bygestaan sou word, is aangestel om De Klerk oor die noodsaaklikheid van bestaande geheime projekte en die toereikendheid van beheermeganismes te adviseer. Die Goldstone-kommissie insake die voorkoming van openbare geweld en intimidasie, is aangestel om ondersoek in te stel na die beskuldigings aangaande die geweld wat die onderhandelinge ondermyn het. Die regering het gepoog om seker te maak dat daar in die toekoms gehoor aan die aanbevelings van die komitees gegee sou word.³²

Hoewel die regering daarin kon slaag om die Inkathagate-skandaal af te weer en die vredesinisiatiewe weer van nuuts af te loods, is die regering se integriteit onherstelbaar geskaad wat die skaal na die kant van die ANC laat swaai het. Die geweld voor die bekendmaking van die Inkathagate-skandaal het die ANC meer skade berokken as vir die regering, omdat sommige van die ANC-ondersteuners geglo het dat hulle leiers daarin misluk het om hulle te beskerm. Die geweld het by hulle vrese aangewakker van

31 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, pp. 29 & 41-43; Secretary-General, *Progress made in the implementation of the declaration on apartheid and its destructive consequences in South Africa*, Second report A45(1052), United Nations, 1991, pp. 25-26.

32 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 225-231.

hoe die lewe sonder apartheid sou wees. Hulle het begin glo dat daar onoorkomlike verskille tussen die verskillende etniese groepe was en dat apartheid die enigste oplossing was. Na die Inkathagete-skandaal is twyfel oor die derde mag as die aanstigters van geweld uit die weg geruim. Blankes het De Klerk ook begin blameer, omdat hy misluk het om die situasie in die land in bedwang te bring. Die swart gemeenskappe was nou oortuig dat De Klerk vir die aanstigting van geweld verantwoordelik was.³³

Die regering wou geweld onder beheer bring sodat onderhandelinge kon voortgaan en het daarom 'n nasionale vredesinisiatief geloods. De Klerk en sy regering was bekommerd gewees oor die ANC se versuim om die D.F. Malan-akkoord na te kom. Hy het daarom 'n persoonlike gesprek met Mandela op 11 September 1991 gevoer waartydens gewys is op gewapende aanvalle van die ANC op die IVP in Natal en ook op Chris Hani, hoof van Umkhonto we Sizwe, se aanstigting tot geweld. Mandela het die inligting dat die ANC mense skiet en doodmaak en mense ondergronds organiseer en oplei, bevraagteken. Hy het vir bewyse gevra en voorgestel dat die oortreders voor die hof gebring moes word. De Klerk het op sy beurt gemeen dat geregtelike stappe nie die oplossing was nie, maar dat die ANC hulle ooreenkomste gestand moes doen en 'n einde aan hulle volgelinge se geweldpleging moes maak. De Klerk het gedreig om die Vredeskonferensie wat op 14 September 1991 sou plaasvind, te laat skipbreuk ly as die ANC nie 'n einde maak aan hulle volgelinge se geweldaddige optrede nie. Die gesprek het op 'n versoenende noot geëindig, met Mandela se onderneming om die ernstige klagtes met sy senior raadgewers te bespreek. Die Nasionale Vredesakkoord het voortgegaan en is deur 29 partye, onder andere deur die regering, die ANC, die IVP, en die vakbonde, onderteken. Die ooreenkoms het voorsiening gemaak vir gedragskodes vir politieke organisasies en die polisie, die aanstelling van 'n Nasionale Vredesekretariaat, en die inwerkingstelling van 'n netwerk van plaaslike en streekvredeskomitees. Met die ondertekening van die verdrag is die tweede fase van die onderhandelinge afgehandel en is die tafel gedek vir die formele onderhandelinge om 'n demokratiese grondwetlike bedeling.³⁴

Die NP het na twee jaar van samesprekings, onderhandelinge en toegewings 'n belangrike deurbraak bewerkstellig toe daarin geslaag is om die formele, gestruktureerde grondwetlike onderhandelinge tot stand te bring met die inwerkingtreding van die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa 1) op 20 Desember 1991 in die Wêreldhandelsentrum te Kemptonpark. Tweehonderd agt en twintig

33 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 185.

34 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, pp. 79-80; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 233-234.

verteenwoordigers, wat negentien partye verteenwoordig het, was aanwesig. Die NP en die regering het op aandrang van die ANC as afsonderlike partye aan Kodesa deelgeneem. Die ANC was bevrees dat die regering en die NP saam 'n oormag in die onderhandelinge sou vorm. Daar is ooreengekom dat die NP aan onderhandelinge sou deelneem, terwyl die regering, wat slegs deur De Klerk verteenwoordig is, as waarnemer sou optree. Na onderhandelinge tussen die partye sou De Klerk en Mandela besluite bekragtig of teenstaan.³⁵

Die partye wat besluit het om nie aan Kodesa deel te neem nie, was drie blanke regse partye, naamlik die KP, die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB) en die Herstigte Nasionale Party (HNP) en drie radikale swart partye, naamlik die PAC, Azanian People's Organisation (AZAPO) en die Black Consciousness Movement (BCM). Kodesa 1 het met 'n diepe verdeeldheid tussen die drie grootste partye afgeskop. Die NP-regering was ten gunste van magsdeling, die ANC wou 'n meerderheidsregering hê, en die IVP het 'n federasie voorgestaan. Die verdeeldheid was gou duidelik toe agtien van die afgevaardigdes, die Deklarasie van Voorneme, waarin 'n onverdeelde Suid-Afrika met 'n enkele nasionaliteit en gemeenskaplike burgerskap erken is, onderteken het, terwyl die IVP en Bophuthatswana geweier het. Buthelezi het met sy wispelturigheid en onbuigsamheid mettertyd sy bedingingsposisie by Kodesa gemarginaliseer. Hy het oneindige probleme vir die verligtes en die NP-regering veroorsaak deur gedurig uit die Kodesa-onderhandelinge te loop en daar dan weer gepoog moes word om hom oor te haal om terug te keer sodat onderhandelinge voortgesit kon word. Nog 'n groot probleem was dat onderhandelinge teen die agtergrond van voortslepende geweld in die land plaasgevind het wat die onderhandelinge beïnvloed het. Kodesa 1 het vyf werksgroepe gestig om 'n oorgangsgrondwet te onderhandel en op te stel om sodoende gepaardgaande probleme tussen verskillende partye op te los.³⁶ (Kyk Bylae III, p. 144 vir die funksionering van Kodesa 1 en sy werkgroepe.)

Die rede vir die lang tydverloop voor die formele onderhandelinge plaasgevind het, was die uiteenlopende menings wat die ANC en die regering oor die wyse waarop die onderhandelinge moes plaasvind, gehuldig het. Die ANC was daarvan bewus dat hy 'n groot oorwinning by die stembus kon behaal en het daarom geëis dat die NP-regering die mag aan 'n nie-verkose tussentydse veelpartyregering oorhandig, terwyl 'n verkiesing vir 'n grondwetgewende vergadering wat 'n nuwe grondwet sou opstel, gehou word. 'n

35 A. Sparks, *Tomorrow is another country*, p. 130; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 238 & 242; J. Barber, *History of the Contemporary World. South Africa in the twentieth century*, p. 293.

36 A. Sparks, *Tomorrow is another country*, p. 130; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 238 & 242; J. Barber, *History of the Contemporary World. South Africa in the twentieth century*, p. 293; *Sowetan*, 1992-05-15 (Everything you ever wanted to know about Codesa but were afraid to ask), p. 9.

Verkiesing sou dan ingevolge so 'n nuwe grondwet vir 'n volle verteenwoordigende parlement en regering gehou word. Die NP het dié eise verwerp, omdat hulle nie ten gunste daarvan was dat 'n nie-verkose tussentydse veelpartyregering sonder 'n grondwet regeer nie. Die regering wou ook verhoed dat enige grondwet op hulle afgedwing word, omdat hulle terdeë van die ANC se moontlike groot oorwinning by die stembus bewus was, wat hom in staat sou stel om 'n grondwet op sy eie te skryf. Die NP-regering en ander belangrike partye, soos die IVP, het daarop aangedring dat die NP die land bly regeer, terwyl 'n konstitusionele veelpartykonvensie 'n nuwe grondwet moes opstel, waarvolgens die eerste demokratiese verkiesing vir 'n nuwe parlement gehou sou word.³⁷

Die regering se oorwinning met die ANC se instemming in Januarie 1991 tot 'n veelpartykonvensie, was nie sonder probleme nie. Die res van 1991 is, soos reeds bespreek, gekenmerk deur swart geweld wat onstuimige onderhandelinge en een krisis na die ander tot gevolg gehad. Dit was teen dié agtergrond wat dit al hoe moeiliker vir die regering geword het om die land te regeer. Dit het die NP laat beseef dat dit noodsaaklik was dat die ANC by 'n gesamentlike regering betrokke moes wees en daarom is in November 1991 tot 'n kritieke beleidsverandering ingestem. Die aankondiging van dié beleidsverandering deur die staatspresident by Kodesa 1 het as 'n verrassing gekom. Die doel was om die inisiatief vir onderhandelinge in die regering se hande terug te plaas, en om uit 'n posisie van kraggevestig op die verkryging van die *hoë morele voordeel*, wat met die Inkatagate-skandaal verloor is – te onderhandel.³⁸

Dit is voorgehou as die regering se bereidwilligheid om 'n kompromie tussen die ANC en die NP-regering se botsende standpunte oor die proses van die konstitusionele onderhandelinge te bereik. De Klerk het voorgestel dat die opstelling van die grondwet in twee fases moes geskied. In die eerste fase moes 'n oorgangsgrondwet deur Kodesa opgestel word en in 'n referendum goedgekeur word waarna dit deur die driekamerparlement aangeneem sou word. Hierna sou 'n verkiesing volg vir die eerste verteenwoordigende parlement wat as oorgangsregering volgens dié oorgangsgrondwet sou optree. De Klerk het in gedagte gehad dat die oorgangsregering tien jaar moes duur. In die tweede fase moes die oorgangsregering die Kodesa-grondwet hersien en aanpas. Die Kodesa-oorgangsgrondwet sou as breë riglyne dien waaraan die finale grondwet moes voldoen wat deur die oorgangsregering opgestel sou geword het. Hierdie historiese kompromie, wat ook 'n toegewing aan Mandela se voorstelle van 'n jaar tevore was, het die grootste struikelblok uit die weg geruim en die weg vir grondwetlike oplossings

37 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 233-234; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 589.

38 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 239; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 589.

gebaan. Dit was 'n wegbeweeg van die NP-regering se oorspronklike aandrang op aangewysde verteenwoordigers om die grondwet te skryf, omdat gekose verteenwoordigers noodwendig uit die bevolking wat die meerderheid gevorm het, sou bestaan. Die NP het dié besluit geneem op grond daarvan dat hulle gehoop het om die ANC se steun te neutraliseer deurdat die NP goed in die verkiesing behoort te vaar. Die hoop was gevestig op meningsopnames wat op daardie stadium gewys het dat die ANC minder as die helfte van die bevolking se steun gehad het. Die NP-regering het geglo dat om die inisiatief te behou en die beste politieke ooreenkoms te bereik, spoed hulle enigste wapen was. Sodoende was hulle van die internasionale gemeenskap se steun verseker en sou die regering se teenstanders onkant gevang word. Die NP was ook oortuig gewees dat verdragings met onderhandelinge in die NP se kiesersbasis kon invreet.³⁹

De Klerk het daarteen besluit om Kodesa 1 te kanselleer weens die groot struikelblok wat die ANC in die weg tot onderhandelinge geplaas het. Hierdie struikelblok, naamlik die feit dat die ANC hulle 1990-opskorting van die gewapende stryd (die Groote Schuur-minuut) nie gestand gedoen het nie en hulle gevolglik ook die Pretoria-minuut en die D.F. Malan-akkoord in dié verband verontagsaam het, is deur die regering as verdragingstaktiek beskou. ANC- en NP-afgevaardigdes het op die vooraand van Kodesa 1 tot laat oor die kwessie onderhandel en kon nie konsensus bereik nie. Vir die regering was dit 'n ernstige struikelblok in die pad van onderhandelinge en daarom is die ANC vooraf gewaarsku dat die saak by die opening van Kodesa geopper sou word. Die boodskap is nie aan Mandela oorgedra nie. Mandela het De Klerk se boodskap misverstaan. Hy was onder die wanindruk dat De Klerk hom sou help om 'n nuwe Suid-Afrika tot stand te bring. De Klerk wou op sy beurt nie swart beheer verhoed nie. Sy doel was om die blanke minderheid, wat 12 % van die bevolking gevorm het, 'n kans in die politieke stryd teen die swart meerderheid te bied deur hulle politieke mag te beskerm. Mandela het gevoel dat De Klerk hom bedrieg het deur 'n goedkoop skoot na die ANC se integriteit in so 'n hoë profiel forum te mik. Vir hom was dit 'n bevestiging van De Klerk se oneerlike bedoelinge. Mandela se gevolglike uitbarsting het onherstelbare skade aan die verhouding tussen Mandela en De Klerk veroorsaak.⁴⁰

Mandela se vernynige en bittere persoonlike aanval op De Klerk het die media en die wêreld met afkeer

39 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 239; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 589; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 192-196; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 912 van R. Meyer, lêer 1/1/5/2, 1991, pp. 130-133; P. Coetzer, Perspektief op Kodesa 1, *Bulletin NP. Inligtingsdiens van die Nasionale party* (1), 1992.

40 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 191-192; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 239-241.

gevol. Dié vernedering was 'n aanduiding dat die mag wat Afrikanerleiers tot nou toe uitgestraal het, besig was om te verdwyn. Alhoewel die balans van mag, wat sedert Februarie 1990 president De Klerk begunstig het, subtiel begin verkuif het, het De Klerk nog die oorhand gehad. Hy het nog steeds onbetwiste beheer oor die staat gehad. Die besigheidsgemeenskap het hom gesteun, omdat hulle die ANC se verwarrende sosialisme gevrees het, en hy is deur die internasionale gemeenskap vir sy politieke veranderinge aangeprys.⁴¹

Hoewel De Klerk op daardie stadium nie blanke beheer wou behou nie, was dit ook duidelik dat hy nie ten gunste van 'n meerderheidsregering was nie. Daarom het hy aangedring op 'n handves van menseregte om die burgerlike en eiendomsreg van die individu te beskerm; 'n onafhanklike regterlike mag om die staat se mag in beheer te hou; en op die skeiding tussen die wetgewende en uitvoerende magte, asook tussen die sentrale regering en die provinsies. De Klerk wou dus die politieke mag tussen die swart meerderheid en die blanke minderheid deur magsdeling balanseer. Daarom het die regering met die beleidsverandering sy hoop van groepsregte en federalisme na 'n regering waarin verskeie partye saamwerk, verskuif. Kabinetsposte sou volgens 'n proporsionele kiesstelsel toegedeel word, en alle partye wat ten minste 10% van die kiesersteun in elk van die nege provinsies behaal het, kon 'n gelyke getal van verteenwoordiging in die hoërhuis van die parlement verkry. Die regering was ook ten gunste daarvan dat 'n roterende presidentskap tussen die leiers van die verskillende partye gevolg moes word; dat besluite in die kabinet op grond van konsensus geneem moes word; en dat 'n stelsel wat aan elke party effektiewe vetoreg verleen het, ingestel moes word. Hulle het ook met verkiesings eerder 'n lys van kandidate wat die partye verteenwoordig het, voorgestaan. De Klerk het hom dus beywer vir 'n demokratiese bestel geskoei op magsdeling waarin elke groep min of meer gelyke mag sou hê. Hy het dit as 'n wen-wen-situasie as basis vir die onderhandelinge voorgestel.⁴²

Mandela het dié voorstelle as 'n "loser-takes-it-all"⁴³ beskou. Die ANC het hierteenoor 'n meerderheidsregering voorgestaan, wat slegs beperk kon word deur 'n handves van menseregte om individuele en minderhede te beskerm; 'n gesentraliseerde regering; en 'n ekonomie wat rykdom eweredig sou versprei. Sedert die aanvang van Kodesa 1 was die ANC en die NP inderwaarheid in 'n tweestryd

41 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 191 & 195.

42 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 193; R. Harvey, *The fall of apartheid. The inside story from Smuts to Mbeki*, p. 220; H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, p. 44; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 589.

43 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 193.

gewikkel gewees oor watter party bereid sou wees om mag op te gee en kompromieë aan te gaan.⁴⁴

Vir De Klerk het dit op daardie stadium gelyk asof die KP besig was om sy magsbasis onder hom weg te kalwe. Dié mening is bevestig deur die NP se pynlike nederlae met die tussenverkiesings in Virginia in 1991 en Potchefstroom in Februarie 1992. Die KP het daagliks propagandaveldtogte teen die regering geloods, onder meer deur onderhandelingsooreenkomste wat bereik is as toegewings aan druk en afwykings van die 1989-verkiesingsonderneming af te maak; en deur die voortslepende geweld en ongunstige ekonomiese toestande uit te buit om twyfel, vrees en agterdog by die kiesers te saai. De Klerk het gereken dat die NP se geloofwaardigheid in gedrang was en dat die NP nie meer 'n mandaat van die kiesers gehad het om belangrike beleidrigtings uit te voer nie. Daarom wou hy 'n referendum uitroep. Die verligtes en die meerderheid in die NP-koukus was hierteen gekant, omdat hulle dit as 'n oorhaastige en gewaagde stap beskou het. Giliomee het dié motivering van De Klerk vir die referendum bevraagteken, omdat die KP volgens hom op daardie stadium nie genoeg steun gehad het om die onderhandeling te vernietig nie.⁴⁵ Esterhuyse se beswaar was dat die referendumveldtog die onderhandeling by Kodesa stadiger laat verloop het. Hy was ook bevrees dat indien die Nee-stem sou wen, Kodesa se werksaamhede opgeskort sou word en die gewapende stryd in volle swang hervat sou word. De Klerk het voortgegaan en die referendumdatum van 17 Maart 1992 afgekondig. Die verligtes het geen keuse gehad as om die verkiesingsveldtog te steun en te propageer nie. Hulle kon hulle nie met die gevolge wat 'n oorwinning van die Nee-stem vir Suid-Afrika sou beteken, vereenselwig nie. Dit was ook belangrik vir die onderhandelingsproses dat die NP 'n verenigde front aan die kiesers voorgehou het om juis nie verdere steun aan die KP te verloor nie.⁴⁶

Die NP het sy verkiesingsveldtog hoofsaaklik op magsdeling sonder oorheersing gevoer. De Klerk het dit duidelik gestel dat die regering hom verbind om geen ooreenkomste te aanvaar nie, behalwe as dit vir die volgende sou voorsiening maak: die voorkoming van oorheersing en die doeltreffende beskerming van minderhede; die beskerming van eiendomsreg; loopbaansekureit vir die staatsdiens; 'n markgerigte ekonomie, sonder bedryfsbeperkings en met fiskale verantwoordelikheid; grondwetlike beskermdede devolusie van mag aan streeks- en plaaslike owerhede; en 'n vorm van magsdeling. Die oproep om steun was dus nie ongekwalfiseerd nie. De Klerk het telkemale in onderhoude met koerante hom sterk

44 A.R. Turton, *Statutory instruments of ethnic minority interest in a multi-cultural community*, p. 21; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 193.

45 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 591.

46 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 250; W. Esterhuyse, Kodesa en die referendum, *Finansies en Tegniek* 44(10), 1992-03-13, p. 18.

uitgespreek vir uitgebreide magsdeling en dat 'n meerderheidsregering ononderhandelbaar was. Die NP het na 'n oorweldigende suksesvolle verkiesingsveldtog daarin geslaag dat 69 % van die 87% blanke kiesers wat deelgeneem het, JA gestem het.⁴⁷

Die referendumuitslag het die wantroue oor De Klerk se hervormings onder konserwatiewe lede in die NP-koukus hokgeslaan, maar nie vernietig nie. Sommige van die NP-koukuslede, onder andere Hernus Kriel en Pik Botha, was nie tevrede met die regering se wyse van onderhandeling nie en wou eerder hê dat die regering alliansies met die IVP en tuislandleiers moes sluit om sy posisie in die onderhandelinge teen die ANC te versterk.

Dit was gou duidelik dat die referendum inderdaad oorhaastig en gewaagd was weens die verskillende afleidings wat daaruit gemaak is. Alhoewel die wêreld die NP geprys het oor die uitslag, het dit ook 'n boodskap aan hulle gestuur dat die blankes geen spesiale steun verlang het nie. Dié siening het daartoe aanleiding gegee dat Herman Cohen, die Amerikaanse adjunk-Minister van Buitelandse Sake gemoeid met Afrika, in Julie 1992 verklaar het dat alle partye die reg van die meerderheid om te regeer, erken het. Sampie Terreblanche, ekonoom aan die Universiteit van Stellenbosch en politieke ontleder, was van mening dat die referendum gehou is om De Klerk se beeld en status wat deur die Inkathagate-skandaal, sy botsing met Mandela by Kodesa 1, en die swak NP-tussenverkiesingsuitslae geskend is, te herbou. Volgens hom moes daar, vanuit 'n strategiese oogpunt, eerder aan die inhoudelike aspekte van hervorming aandag geskenk gewees het, as om De Klerk se beeld as hervormer te herstel en te verstewig. Sy voorspelling is bewaarheid, naamlik dat die verkiesingsuitslae De Klerk se selfvertroue versterk het en veroorsaak het dat hy met minder insiklikheid na die onderhandelingstafel teruggekeer het. Die ANC het terselfdertyd ook die uitslae van die referendum geïnterpreteer en tot hulle voordeel aangewend. Hulle afleiding was dat die blankes eerder bereid was om saam met hulle in vrede as in oorlog te leef. Die angel van die regse gevaar is ook vir hulle verwyder deurdat hulle besef het dat die regses nie werklik 'n bedreiging vir De Klerk se posisie was nie en dit daarom nie meer nodig was om die regses te paai nie. Dit het tot gevolg gehad dat ook hulle 'n hardvotiger houding in die onderhandelinge ingeneem het. Beide die ANC en NP se hardvotiger houding het daartoe bygedra dat onderhandelinge by Kodesa 2 skipbreuk gely het.⁴⁸

47 *Rapport*, 1992-02-23 (Eksklusief aan Rapport: F.W. oor die referendum), p. 2; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 250.

48 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 591 & 598; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 200; *Vrye Weekblad*, 28 Februarie tot 5 Maart 1992 (Almal wat ja stem, moenie as jabroers beskou word nie), p. 6.

Die NP het na die onderhandelingsstafel met 'n veranderde onderhandelingspan teruggekeer. Stoffel van der Merwe, 'n prominente verligte lid, het aan die einde van 1991 uit die kabinet bedank. Gerrit Viljoen, die hoofonderhandelaar, en ook Barend du Plessis, het weens die geweldige werkklas aan swak gesondheid begin lei het, en albei het op 1 Mei 1992 uit die kabinet bedank. Roelf Meyer sou voortaan die voortou as hoofonderhandelaar vir die NP neem. De Klerk het geen keuse gehad nie en moes adjunk-Minister Tertuis Delport, wat 'n konserwatiewe reputasie gehad, by onderhandelinge in Werkgroep 2 betrek. Delport was nie teen Cyril Ramaphosa, die hoofonderhandelaar van die ANC wat as sekretaris-generaal van die Nasionale Mynwerkersunie uitgebreide ondervinding in ingewikkelde onderhandelinge gehad het, opgewasse nie.⁴⁹

Die minder insiklike houding van beide die NP en die ANC het sy tol geëis. 'n Ooreenkoms kon nie in die werkgroep bereik word oor die persentasie van steun wat nodig sou wees om besluite in die grondwetgewende vergadering te neem nie. Die regering het op 'n meerderheid van 75% aangedring, terwyl die ANC 66% voorgestaan het. Die ANC was op daardie stadium volgens meningspeilings slegs van 45% van die bevolkingssteun verseker en het besef dat dit bykans onmoontlik sou wees om die oorgangsgrondwet te hersien. Die ANC het die voorstel om wigte en teenwigte in die stelsel in te bou om vir minderheidsbelange voorsiening te maak, beskou as pogings om aan die een of ander vorm van minderheidsvetoreg vas te klou. Ramaphosa wou die mense in Suid-Afrika wys dat hulle met 'n vyand te doen het, wat nie maklik kopgee nie en het 'n plan beraam om Kodesa 2 op 'n dooie punt te laat afstuur. Hy het voorgestel dat die finale grondwet met 70% en die Handves van Regte met 'n 75% goedgekeur kon word. Hy het bygevoeg dat indien die Nasionale Vergadering nie die finale grondwet na ses maande met die vereiste meerderheid kon goedkeur nie, dit dan in 'n nasionale referendum met 'n 50% meerderheid aangeneem kon word. Delport wat onderhandelingservaring gekort het, het nie die slenter erken nie. Hy moes ook kort-kort van die werkgroep wegbreek om met De Klerk per telefoon te beraadslaag. Op sy aanbeveling het Delport vasgestaan en Ramaphosa het aangekondig dat hulle uit Werkgroep 2 gaan onttrek. Gevolglik het Kodesa 2 op 15 Mei 1992 op 'n dooie punt geëindig. Ramaphosa het dit laat blyk dat die dooiepunt wat bereik is aan Delport te wyte was.⁵⁰

Dié besluit van De Klerk was nie in ooreenstemming met die verligtes van die NP-onderhandelingspan

49 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 244.

50 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 253-256; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 202.

se slagspreuk wat gelei het dat “jy moet vat wat jy kry” nie. Met dié besluit het De Klerk weens sy volhardende vasklouing aan magsdeling alle kanse op vetoreg verbeur. Die NP het weens die tydsverloop wat die besluit om onderhandelinge weer te hervat, voorafgegaan het, waardevolle tyd verloor wat tot gevolg gehad het dat die magsbalans na die kant van die ANC geswaai het.⁵¹

Die ANC is deur sy bondgenote onder druk geplaas om die grondwetlike onderhandelinge sou gou as moontlik af te handel, omdat hulle gevrees het dat die lang uitgerekte proses ANC-onderhandelaars tot té veel toegewings sou dwing. Hulle was gefrustreerd met die proses en het op ’n meer radikale veldtog aangedring om die land onregeerbaar te maak sodat die regering gedwing kon word om beheer oor te gee. Die ANC het aan dié eise toegegee om hulle steun te behou en het besluit om ’n vierfaseprogram van voortgesette massa-optrede van stapel te stuur deur die regering te dwing om onmiddelik ’n oorgangsregering in werking te stel. Die eerste fase sou op 16 Junie 1992 met die viering van Sowetodag ’n aanvang neem. Tot voordeel van die ANC het die Boipatong-voorval op 17 Junie 1992 plaasgevind en hulle het dit aangegryp om die regering finaal te diskrediteer en die magsbalans in hulle guns te swaai. Tydens dié voorval het 45 mense gesterf toe Inkathalede ’n ANC-hostel aangeval het. Mandela se oortuiging is sterk in die media aangebied en dit is taamlik algemeen aanvaar dat die polisie, die staat, en moontlik De Klerk self, die skuld vir die voorval moes dra. Die aantygings is later deur die Goldstone-kommissie se ondersoek na die voorval as onwaar bewys. Die ANC het homself weereens verontskuldig, maar die woordvoerder van die Minister van Wet en Orde se kantoor het dit duidelik gemaak dat die ANC self daarvoor te blameer was toe hy verklaar het dat “ ‘the political temperature had been pushed unacceptably high by the ANC campaign, which had created a climate making incidents such as these easier to happen’ ”⁵². Mandela het die NP met die Nazi’s in Duitsland vergelyk en dié voorval gebruik om aan die Kodesa-onderhandelinge te onttrek. Die ANC het ’n lys van veertien eise aan die regering oorhandig waaraan voldoen moes word voordat onderhandelinge hervat kon word. Die regering het dit verwerp.⁵³

Die regering en verligtes het te midde van die ANC se voortgesette massa-optredeprogram gepoog om onderhandelinge weer aan die gang te kry. Die ANC se voortgesette massa-optredeprogram het onder meer nasionale stakings en ’n opmars na die Uniegebou ingesluit. De Klerk het ’n memorandum aan Mandela gerig en hom uitgenooi om geskille deur onderhandelinge te besleg. Die ANC is ook na ’n

51 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 203.

52 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, p. 111.

53 H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, pp. 110-111.

tweedaagse samespreking, wat op 24 Junie 1992 sou begin, uitgenooi. Albei pogings was onsuksesvol. Die ANC is egter tot sy sinne geruk na sy mislukte staatgreep op Bisho (in Ciskei) op 7 September 1992, waartydens 28 van sy lede dood is. Die ANC het na die voorval besef dat daar geen ander uitweg was as om na die onderhandelinge terug te keer nie. Beide die ANC en die regering het druk vanuit die buiteland ondervind om die onderhandelinge te hervat. Albei was ook geskok oor die invloed wat die dooiepunt in die onderhandelinge op die ekonomie gehad het. Die jaarlikse ekonomiese groei wat weens sanksies en die swart verset van 26% in 1983 tot 16% in 1991 gedaal het, het gedurende 1992 nog 'n verdere daling beleef.⁵⁴

Alhoewel Roelf Meyer alreeds op 1 Mei 1992 as hoofonderhandelaar aangestel is, het hy eers met die Boipatong-voorval sterk beheer oor die rigting wat onderhandelinge voortaan sou inslaan, oorgeneem. Leon Wessels, die destydse Minister van Mannekrag, is daarvan oortuig dat die mislukking van Kodesa 2 en die wekelange massa-optredes verhoed kon gewees het indien Roelf Meyer al vroeër beheer oorgeneem het. Hy was van mening dat Meyer 'n uitweg sou kon gevind het om die dooiepunt te voorkom. Op daardie stadium het net Fanie Schoeman, Leon Wessels en Dawie de Villiers saam met Roelf Meyer die verligte groep gevorm en het De Klerk se steun dit vir hulle moontlik gemaak om groter invloed oor die rigting wat die onderhandelinge moes inslaan, uit te oefen.⁵⁵

In 'n persoonlike onderhoud het Roelf Meyer verklaar dat daar in die drie maande tydperk waartydens die ANC sy onderhandelinge gestaak het en sy massa-optredeprogram uitgevoer het, 'n paradigmaterskuiwing in die politieke denke van die verligte onderhandelingspan ontstaan het. Hulle het hulle self afge vra "Wat verlang hulle werklik van 'n nuwe grondwetlike bedeling?". Met dié vraag het hulle onbewustelik wegbeweeg van die vorige NP politieke denke wat daarop geskoei was om die mag wat hulle gehad het, te wou beskerm. Dié vorige politieke denke het wel 'n veelrassige regering ingesluit, maar op 'n wyse waarby die ANC slegs in 'n vergrote kabinet betrek sou word. Hulle het besluit dat dit belangrik was dat die nuwe grondwetlike bedeling gelyke regte vir almal moes beklemtoon, gebaseer op individuele regte eerder as groepsregte. Volgens Meyer het Francoi Venter, van die Departement Staatsleer aan die Potchefstroomse Universiteit, die nuwe politieke denke ingelei. Dié paradigmaterskuiwing het plaasgevind weens groot druk op die regering om onderhandelinge voort

54 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 208 & 212; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 260-264; H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition*, p. 111; H. Giliomee, Presidential address. Liberal and populist democracy in South Africa: challenges, new threats to liberalism, *South African Institute of Race Relations*, 1996, p. 4.

55 L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*, p. 133; Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 2004-12-22.

te sit. Die konserwatiewe NP-kabinetslede het nie die paradimaverskuiwing beleef nie en dit het die breuk tussen die twee groepe vergroot. Die konserwatiewe NP-koukuslede het die onderhandelingspan gevolglik met suspisie bejeën.⁵⁶

Roelf Meyer verklaar dat die dramatiese paradigmaskuif in hulle politieke denke nie net die voortsetting van grondwetlike onderhandelinge moontlik gemaak nie, maar ook 'n nuwe fase in die politieke onderhandelinge ingelei het, wat die NP se politieke rigting onomkeerbaar verander het. Meyer se politieke denke sou voortaan op die nuwe paradigma geskoei wees, wat die gedagte van 'n meerderheidsregering meer aanvaarbaar vir hom gemaak het. Meyer het geglo dat dit vernietigend was om te veg vir oorblyfsels van magsbehouding en daarom het hy die NP-kabinet aangespoor en daarop aangedring dat daar weg van die gedagte van minderheidsregte na dié van 'n meerderheidsregering beweeg moes word. Die gedagte het die breuk nog verder tussen die verligte onderhandelaars en die res van die kabinet vergroot. Meyer sou De Klerk eers 'n jaar later (in 1993) oorhaal om die meerderheidsregeringbeginsel te aanvaar. Vir Meyer het meerderheidsregering op die beginsel van “demokrasie of niks” neergekom.⁵⁷

Die ANC-onderhandelaars is ook ten tye van hulle massa-optredeprogram gedwing om die mislukking van die onderhandeling te ontleed. Dit was ook vir hulle noodsaaklik om die situasie te heroorweeg weens druk om 'n onderhandelde grondwetlike bedeling te bereik. Hulle het bevind dat die NP-regering rede daartoe gehad het waarom hy nie bereid was om 'n skikking te bereik nie. Die ANC het besef dat dit noodsaaklik was om die beginsel van 'n meerderheid politieke stelsel vir die regering meer aanvaarbaar te maak deur dit met beperkte magsdeling te versag.⁵⁸

Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa se informele gesprekvoering agter die skerms vanaf Junie tot September 1992 het 'n kanaal vir verdere onderhandelinge geopen. Mandela het De Klerk se uitnodiging, kort na die Bisho-voorval, om 'n weg te vind om tot onderhandelinge terug te keer, aangeneem. Mandela het die veertien aanvanklike eise, as voorwaarde vir verdere onderhandelinge, na drie verminder. Dit het die verbod op die dra van gevaarlike wapens en ook tradisionele wapens by openbare geleenthede, die omheining van hostelle, en die onmiddellike vrylating van ANC politieke gevangenes, behels. Die eerste twee eise sou die regering dwing om teen Inkatha op te tree wat nie net

56 Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 2004-12-22; C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes*, p. 274.

57 Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 2004-12-22; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 215.

58 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 212-213.

Inkatha se vyandigheid op die hals sou haal nie, maar ook die konserwatiewe vleuel in die NP, in besonder Hernus Kriel, op hulle agterpote sou plaas. Laasgenoemde eis was vir De Klerk en natuurlik vir Kobie Coetzee, wat hom aanvanklik in die verligte kamp bevind het toe hy gesprekke in 1985 met Mandela begin het, 'n probleem gewees. Dit sou beteken dat die *Vrywaringswet* (Wet no. 35 van 1990) wat die Norgraadse-beginsel, waarvolgens voorbedagte politieke moorde nie ongestraf moes bly nie, onderlê het en waarop met die Pretoria-minuut ooreengekom is, nie meer sou geld nie. Die bestaande wetgewing het ook nie die reg aan die Staatspresident verleen om vervolgings wat reeds 'n aanvang geneem het, by vrywaring in te sluit nie. De Klerk was gekant teen die vrylating van veral die Magoos Bar-moordenaar, Robert McBride, en ander halsnoermoordenaars. Kobie Coetzee wou nie 'n finale besluit neem nie om sodoende in staat te wees om die kwessie later as onderhandelingskaart te gebruik ten einde die ANC te dwing om die beginsel van 'n algemene amnestie te aanvaar.⁵⁹

Dié eise is tydens 'n spitsberaad, wat vanaf 24 tot 26 September 1992 plaasgevind het, tussen Mandela en De Klerk op die spits gedryf. Mandela was vasberade dat daar aan al dié eise voldoen moes word en het gedreig om onderhandelinge te staak indien nie daaraan gehoor gegee sou word nie. De Klerk het onder druk van sy verligte kollegas tot die eise ingestem, veral die laaste eis, wat hulle nie as 'n té hoë prys vir die hervatting van die onderhandelinge beskou het nie. Dié eis is deur die *Wet op Verdere Vrywaring* (Wet no. 151 van 1992) bekragtig. Die aanvaarding van die eise het gelei tot die ondertekening van die Notule van Verstandhouding op 26 September 1992. Die verligtes was verlig dat onderhandelinge weer op koers was.⁶⁰

Joe Slovo het die ANC oorreed om die sonsondergangsklausule by die Notule van Verstandhouding in November 1992 in te sluit. Hierin is staatsdiensposte vir vyf jaar gewaarborg en het hulle ook 'n Regering van Nasionale Eenheid (RNE) vir vyf jaar voorgestel. Hy het die ANC oortuig dat die NP nie 'n verslane vyand was nie, wat sou beteken dat indien die ANC aan bewind sou kom, hulle geen staatsdiens van hulle eie sou hê. Hulle sou ook daarom seker moes maak dat die blanke staatsdiens hulle nie saboteur nie. Slovo wou dus die goedgesindheid van die blanke staatsdiens met die klausule wen. De Klerk het die voorstelle verwelkom wat waarborge vir staatsdiensposte en -pensioene gebied het. Dit sou verseker dat hy die steun van die staatsdiens en veral die veiligheidsmagte kon behou totdat op 'n grondwet ooreengekom kon word. Hy het besef dat die aanbod van beperkte magsdeling deur 'n

59 Inligtingskomitee van die Nasionale Party van die Vrystaat, *Die Wet op Verdere Vrywaring, Inligtingstuk 4*, 1992, p. 24; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 265-271; A. Sparks, *Tomorrow is another country*, pp. 179-184; *Die Burger*, 1998-10-1998 (Amnestieskandaal: Hoe ANC deur NP se brouwerk bevoordeel is), p. 11.

60 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 265-271; A. Sparks, *Tomorrow is another country*, pp. 179-184.

koalisiekabinet in die vorm van die RNE 'n groot toegewing was van die kant van die ANC. Die feit dat die RNE net vyf jaar sou duur, was vir De Klerk 'n probleem, omdat hy eerder in langtermynmagsdeling belanggestel het. Dit was duidelik dat De Klerk homself op daardie stadium in die middel van die verligte en konserwatiewe NP-lede bevind het. De Klerk het nog nie heeltemal die paradigmaskuif van Meyer en sy verligte span gemaak nie. Hy het daarom die voorstelle as vertrekpunt aanvaar, met die gedagte om in toekomstige onderhandelinge een of ander vorm van magsdeling op uitvoerende vlak in die finale grondwet in te sluit.⁶¹

Die verligtes het nouliks daarin geslaag om die ANC terug by die onderhandelingstafel te kry toe Buthelezi en ander rolspelers onderhandelinge weer die rug gekeer het. Dié groep het bogenoemde bilaterale ooreenkoms as 'n poging van die regering en die ANC beskou om alleen oor die toekoms van die land te besluit. Buthelezi het op daardie stadium finaal sy alliansies met die regering verbreek. Hy het saam met Lucas Mangope van Bophuthatswana, brigadier Oupa Gqozo van Ciskei en blanke konserwatiewe partye, die Groep van Besorgde Suid-Afrikaners (Cosag) gestig. De Klerk en die verligtes kon eers na maande van bilaterale samesprekings met dié groep daarin slaag om die veelpartyonderhandelinge weer aan die gang te kry. Dit is in Maart 1993 deur 28 afgevaardigdes hervat en die naam Kodesa is na die Veelparty-onderhandelingsforum verander weens die negatiewe konnotasies wat weens die ineenstorting van Kodesa 2 daaraan geheg is.⁶²

Die verregse pogings om die onderhandelinge te vertraag en die vootslepende geweld en massa-optrede veldtogte, het inderwaarheid bygedra om onderhandelinge te versnel. Die verregse dade wat onder meer dié uitwerking gehad het, was die sluipmoord wat op 10 April 1993 deur Janusz Walus en Clive Derby-Lewis op Chris Hani, sekretaris-generaal van die SAKP, uitgevoer is en ook die inval van die AWB in die Wêreldhandelsentrum op 25 Junie 1993. Dié gebeurtenisse het die veelparty-onderhandelaars laat beseef dat dit belangrik was om so gou moontlik 'n verkose demokratiese regering tot stand te bring. Op 2 Julie 1993 het die oorgrote meerderheid van die partye 27 April 1994 as die datum vir die eerste demokratiese verkiesing onderskryf. Vyf van die partye, naamlik die IVP, die KP en verteenwoordigers van Ciskei, Bophuthatswana en KwaZulu, het nie met die verkiesingsdatum saamgestem nie en het weereens uit die onderhandelinge onttrek. Die IVP en die Vryheidsfront (VF) het met groot oorreding wel aan die verkiesing deelgeneem.⁶³

61 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 274.

62 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 273.

63 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 293-296.

Daar was net nege maande oor voor die verkiesing en die verligtes het onvermoeid en lang ure met hulle veelpartyteenstanders onderhandel om strydpunte op te los. Dit het redelike kompromieë aan alle kante tot gevolg gehad. Die verkiesing van 'n Uitvoerende Oorgangsraad in September 1993 was 'n bewys dat die proses van konstitusionele hervorming onomkeerbaar geword het. Dawie de Villiers, Minister van Openbare Sake, het dit as 'n aanduiding van die regering se bereidheid om sy mag te beperk sodat die verkiesing vry en regverdig kon plaasvind, beskou. Die driekamerparlement sou tot die verkiesing bly funksioneer, maar nie daadwerklike besluite sonder die Uitvoerende Oorgangsraad neem nie.⁶⁴

Daar was nog heelwat uitstaande kwessies waaroor daar op daardie stadium tot vergelyk tussen die partye gekom moes word. Die belangrikste kwessie was die persentasiestemme wat sou geld in die besluitnemingsproses in die RNE, wat ook die kwessie was waaroor die ANC sy voortgesette massa-optredeprogram in Junie 1992 van stapel gestuur het. De Klerk was nog weifelend om tot die paradigmaskuif van sy verligte onderhandelaars oor te gaan. Hulle het net een doel voor oë gehad het en dit was om 'n onderhandelde grondwet tot stand te bring. Meyer en Wessels was ten gunste van besluitneming gegrond op konsensus, eerder as voorgeskrewe konstitusionele besluitneming. Volgens hulle sou laasgenoemde verdeeldheid onder partye in die hand werk. Dié mening was gegrond op hulle onderhandelingservaring waartydens daar tot vergelyk gekom is deur konsensus, wat op wedersydse vertroue gebaseer was. Hulle was oortuig dat die ANC die NP en veral vir De Klerk nodig gehad het as gevolg van sy regeeringservaring en ook omdat die staatsdiens, veiligheidsmagte, en besighede nog steeds aan hom getrou was. Hulle wou ook wegbreek van die apartheidsgewoonte om hulle wil deur wetgewing af te dwing. De Klerk was nog steeds weifelend oor die kwessie op 17 November 1993 toe die politieke leiers byeengekom het om die nuwe oorgangsgrondwet te aanvaar. Mandela was nie bereid om enige toegewing oor 'n meederheidsregering te maak nie. Mandela het hom verseker dat hulle hom nodig gehad het in die regering en dat hy verseker 'n rol te speel het. De Klerk het daarop in die oggendure van 18 November 1993 ingestem dat besluite op grond van konsensus in die RNE geneem sou word en die oorgangsgrondwet is gevolglik aangeneem. Hiermee was die taak van die verligtes afgehandel gewees deurdat hulle 'n onderhandelde oorgangsgrondwet, wat vrede tussen al die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika kon verwesenlik, bewerkstellig het.⁶⁵

Die oorgangsgrondwet het die nuwe demokratiese Suid-Afrika moontlik gemaak wat met die 1994-verkiesing totstandgekom het. Die vreedsame verloop van die verkiesing het die Suid-Afrikaners en die

64 Anonym, Symbolic crossing of the Rubicon, *Finacial Mail* 129(13), 1993-07-24, p. 47.

65 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 229-231.

wêreld verwonderd gestem en daar is na dié verkiesing as 'n wonderwerk verwys. Stembriewe is volgens 'n lys van die partye opgestel. Die verkiesing het van 26 tot 28 April 1994 plaasgevind. Met die verkiesing kon die NP slegs daarin slaag om 20,6 % van die stemme te behaal teenoor die ANC se 62,2 %. Die IVP het 10,5%, die Vryheidsfront 2,2%, die DP 1,7%, die PAC 1,2%, en die African Christian Democratic Party 0,5 % van die stemme behaal. Nelson Mandela het die nuwe demokratiese Suid-Afrika se President geword. F.W. de Klerk is as die tweede en Thabo Mbeki as die eerste uitvoerende adjunk-President benoem. Die benoemings is gegrond op die oorgangsgrondwetbepalings waarvolgens elke party wat meer as 80 setels in die Nasionale Vergadering van 400 lede kan kry, daarop geregtig was om 'n uitvoerende adjunkpresident te benoem. Die ANC kon 21 ministers benoem, die NP ses en die IVP drie. Mangosuthu Buthelezi het verkies om lid van die sentrale regering te word en nie die premier van KwaZulu-Natal nie. Hy is as Minister van Binnelandse sake ingesweer.⁶⁶

4 Die verligtes se sukses en mislukkings met die ooreengekome oorgangsgrondwet

De Klerk het nie sy belofte aan die blankes gestand gedoen om die konsepgrondwet aan 'n referendum te onderwerp nie. Giliomee verduidelik dat die rede daarvoor waarskynlik was omdat dit groot geweld kon ontketen. De Klerk het in sy toespraak op 18 November 1993 verklaar dat die oorgangsgrondwet op kompromieë berus het en geen party volkome daarmee tevrede was nie. Die oorgangsgrondwet was wel vol gebreke en alhoewel die verligtes met die onderhandelinge nie magsdeling vir die blankes in die oorgangsgrondwet kon verseker nie, kon hulle die Afrikaners se taal, onderwys, en eiendom beskerm. Al elf tale is as amptelike tale erken, maar om Afrikaans se gevestigde belange te beskerm, is daar bygevoeg dat “ ‘regte in verband met taal en status van tale wanneer die grondwet in werking tree, nie ingekort sou word nie’ ”⁶⁷. Hiërdie bepaling is egter in die 1996-grondwet ter syde gestel. Minderheidsbelange ten opsigte van onderwys is ondervang in een van die artikels van die Handves van Regte wat in die grondwet vervat is, naamlik “ ‘elke persoon sal die reg hê om waar dit uitvoerbaar is, onderwysinstellings gebaseer op 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens tot stand te bring, met dien verstande dat daar geen diskriminasie op grond van ras mag wees nie’ ”⁶⁸. 'n Oorwinning is behaal toe

66 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 601 & 609; http://www.election.org.za/Elections2004_Static.asp, s.a. Access: 2005-02-29.

67 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 305.

68 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 305.

blanke eiendomreg beskerming verkry het en wettige onteiening onderworpe aan ooreengekome betalings sou wees. Hulle kon ook daarin slaag om 'n vryemark ekonomiese stelsel te beding.⁶⁹

Die onderhandelaars se grootste mislukking in hulle onderhandelinge vir die oorgangsgrondwet was die manier waarop hulle die amnestiekwessie hanteer het. Dié kwessie moes deur Kobie Coetzee in sy werkgroep behartig word. Aan die begin van onderhandelinge was dit 'n baie belangrike kwessie vir die ANC gewees om hulle kaders terug in die land te kry, te sorg dat hulle nie politieke gevangenes word nie, en om dié wat reeds gevang is, vry te kry. Hulle het sedert die Groote Schuur-minuut vir algemene amnestie beding. Dit is op daardie stadium deur Kobie Coetzee geweier, omdat hy gefokus was op wat dit vir die ANC sou beteken. Hy het hiermee die NP-ondersteuners se reaksie in ag geneem indien ANC-lede wat tereurdade gepleeg het, skotvry sou kom. Coetzee was klaarblyklik op daardie stadium onbewus van menseregteskendings wat deur die veiligheidsmagte gepleeg is. Hy het daarom gereken dat die regering en sy ondersteuners nie baat by algemene amnestie sou vind nie, wat later 'n groot fout blyk te gewees het. Coetzee se weiering van algemene amnestie het 'n groot strydpunt geword. Die ANC het druk op die regering uitgeoefen om sy kaders vry te laat, waarna die *Vrywaringswet* (Wet no. 35 van 1990) en die *Wet op Verdere Vrywaring* (Wet no. 151 van 1992) deurgevoer is. 'n Groot groep ANC-lede wat by menseregteskendings betrokke was, het op die wyse amnestie verkry.⁷⁰

Volgens Jan Wagenaar, prokureur van Pretoria wat amnestie-aansoeke voor die WVK verdedig, het die ANC namate hulle besef het dat hulle die magstryd sou wen, minder behoefte aan algemene amnestie gehad. Daarom het die ANC besluit dat persone wat nog amnestie benodig het, daarvoor voor 'n kommissie moes aansoek doen. Roelf Meyer en HERNUS KRIEL het gedurende 1992 en 1993 verskeie kere in die kabinet gevra dat die amnestiekwessie afgehandel moes word. Terwyl Coetzee, volgens Roelf Meyer met die medewete van De Klerk, onder die vals indruk verkeer het dat hy dit nog altyd as troefkaart kon gebruik, het die ANC hom herhaaldelik van 'n amnestie-ooreenkoms verseker. Die ANC het inderwaarheid op die wyse verdragingstaktiek toegepas. Giliomee reken dat Coetzee dit as troefkaart wou gebruik om moontlik kabinetsposte vir NP-ministers te bekom. Toe daar ter elder ure besef is dat daar geen amnestie-ooreenkoms bereik kon word nie, moes Roelf Meyer as hoofonderhandelaar ingryp. Die amnestie-ooreenkoms het in die vorm van 'n naskrif in die oorgangsgrondwet verskyn nadat dit inderhaas in beginsel deur die kabinet goedgekeur is. Dít het bepaal dat amnestie vir polites-

69 F.W. de Klerk, *Die laastetrek – 'n nuwe begin*, p. 305; Vrystaatse Argiefbewaarpark, Bloemfontein: Persoonlike versameling 883 van L. Wessels, Toesprake, lêer 4/1/6, 1991-1994; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 609.

70 *Die Burger*, 1998-10-12 (Amnestieskandaal: Hoe ANC deur NP se brouwerk bevoordeel is), p. 11; *Die Burger*, 1998-10-28 (Kobie 'hou kaarte oor amnestie toe'), p. 12; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 605.

gemotiveerde daad toegestaan sou word, maar met geen aanduiding van die wyse waarop dit sou geskied nie. Die amnestie-aansoekers sou later hulle aansoeke aan die omstrede WVK voorlê, wat met die aanneming van die *Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening* (Wet no. 34 van 1995) tot stand gekom het. Die ANC het as regerende party die samestelling en wyse daarvan bepaal, wat hom bevoordeel het. Die WVK het wel 'n terapeutiese rol vervul deur openbare erkenning te verleen aan mense wat weens apartheid gely het. Die verhore het in die openbaar plaasgevind en is op televisie gebeeldsend. Daar is 'n eensydig beeld geskep waarin die geweld en wreedheid van apartheid beklemtoon is, terwyl die gruweldade van die ANC en ander partye minder aandag verkry het. Dit het daartoe gelei dat Afrikaners verneder is en die NP se beeld finaal vernietig is.⁷¹

5 Sekurokrate ondermyn die onderhandelingsposisie van die NP

Die sekurokrate se bedrywighede, wat op 'n dramatiese wyse deur die Goldstone-kommissie op 16 November 1992 bekend gemaak is, het die NP se onderhandelingsposisie en morele reputasie voortdurend ondermyn. Die NP se onderhandelingsposisie was op daardie stadium, na die opskorting van Kodesa 2 ten tyde van die ANC massa-optredes wat die magsbalans in hulle guns kon swaai, baie kwesbaar. Die Goldstone-bekendmakings het daartoe bygedra om die ANC se magposisie te verstewig. De Klerk het met daadwerklike optrede gepoog om Mandela te oortuig dat hy geen onreëlmatighede in die veiligheidsmagte sou duld nie. Regter Goldstone het beslag op lêers van die Departement van Kovert Inligting, 'n geheime tak van Militêre Intelligensie, gelê. Getuienis van pogings om die ANC te ondermyn en wapens en geld aan die IVP te verskaf, is blootgelê. De Klerk het Pierre Steyn, die Stafhoof van die SAW aangewys om die beweringe te ondersoek. Hy het 'n mondelinge verslag, gebaseer op onbevestigde berigte, gelewer. Hy het beweer dat weermageenhede onwettige opslagplekke in Suid-Afrika en in die buiteland gehad het; dat die IVP van wapens en hulp voorsien is; dat hulle betrokke was by die aanstigting van geweldpleging en pleging van geweld; en dat hulle betrokke was by bedrywighede om die ANC te diskrediteer en die onderhandelingsproses te saboteer. Dit het daartoe gelei dat 23 militêre offisiere afgedank is. Dit blyk ook dat De Klerk tot dié dratiese optrede deur die

71 *Die Burger*, 1998-10-12 (Amnestieskandaal: Hoe ANC deur NP se brouwerk bevoordeel is), p. 11; *Die Burger*, 1998-10-28 (Kobie 'hou kaarte oor amnestie toe'), p. 12; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 605-606 & 611; Persoonlike inligting: J. Wagenaar, Pretoria, 2004-12-13.

VSA gedwing is as 'n gebaar om aan die ANC te wys dat hy ernstig met die onderhandelinge was. Mandela het dit oorweeg om onderhandelinge op te skort, omdat die verslag sy vermoede oor 'n derde mag ondersteun het en sy agterdog in De Klerk verstewig het.⁷²

Die verkiesingsveldtog van die ANC is bevoordeel toe regter Goldstone weer in Maart 1994 inligting bekendgemaak het waarvolgens die Vlakplaas-eenheid van die SAP verantwoordelik was vir ongeoorloofde en omstrede metodes om die ANC te destabiliseer. Hulle was by die aanstigting van geweld, verskaffing van wapens aan die IVP, en moordbendes betrokke gewees. Die Vlakplaas-eenheid is in 1989 ontbind nadat hulle bedrywighede op die lappe gekom het deur onthullings wat Dirk Coetzee, voormalige lid van die BSB, oor die BSB bekendgemaak het. Die eenheid se bedrywighede het egter voortgegaan en die eenheid het toe as C10 bekendgestaan. C10, wat na Februarie 1990 formeel ontbind het, se lede het uit die polisie getree, maar steeds binne die SAP geopereer en onder vals identiteite met hulle destabiliseringsprojekte voortgegaan. De Klerk het met daadwerklik optrede gepoog om die beeld van die NP te herstel. Hy het deur middel van 'n mediavystelling op 19 Desember 1992 aangekondig dat persone wat in die verslag geïmpliseer is, met inbegrip van die drie generaals Basie Smit, Krappies Engelbrecht en Johan le Roux, op onmiddellike verpligte verlof geplaas sou word, hangende verdere ondersoek en dat bepaalde sake na prokureurs-generaal verwys sou word vir verdere vervolging. Kolonel Eugene de Kock het in dié verband in 1997 vir 80 klagtes vonnisoplegging van 216 jaar ontvang.⁷³

6 Slot

F.W. de Klerk was met sy aankondigings op 2 Februarie 1990 tydens die parlamentsopening daarvoor verantwoordelik dat die land onherroeplik verander het. In 35 minute het De Klerk magte losgelaat wat binne vier jaar die ou Suid-Afrika sou verander en 'n nuwe Suid-Afrika met 'n nuwe konstitusionele bedeling, nuwe vlag, en nuwe volkslied tot stand sou laat kom. 'n Blanke beheerde Suid-Afrika is deur 'n swart beheerde Suid-Afrika vervang, en gevolglik is die Afrikaners polities magteloos gelaat.⁷⁴

Dit was nie die politieke bedeling wat De Klerk in gedagte gehad het nie. Hy wou magsdeling sonder

72 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 276-285; H. Hamann, *Days of the generals*, p. 192.

73 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 248; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 334-337; P. du Toit, *South Africa's brittle peace*, pp. 44-46.

74 A. Sparks, *Tomorrow is another country*, pp. 7 & 9.

oorheersing gehad het. Sedert 2 Februarie 1990 met die ontperking van Mandela en die ANC met sy alliansiegenote, het hy nie meer alleenbeheer oor die verloop van sake gehad nie. Met dié aankondigings is onomkeerbare en onkeerbare kragte losgelaat. Dit het 'n waterskeiding in die geskiedenis van die land en 'n finale breuk met apartheid beteken. De Klerk was 'n pragmatiese, gedwing tot verligte politieke denke weens toestande in die land, naamlik die dalende ekonomie; sanksies; disinvestering; druk van die buiteland; toenemende isolasie; en swart verset, wat alles as gevolg van die apartheidstelsel plaasgevind het. Die ANC, wat op die steun van die meerderheid van die bevolking kon reken, sou daarna die verloop van sake bepaal en later van tyd oorheers. Hulle sou voortdurend die sanksie- en gewelddroefkaart speel om onderhandelinge in hulle guns te besleg.

Die gevolge van die 2 Februarie 1990-toespraak het 'n politieke momentum opgebou wat deur niemand tot stilstand gebring kon word nie. Alhoewel sowel die verligtes as konserwatiewe NP-kabinetslede dié besluit goedgekeur het, het die politieke momentum daarvan 'n groot breuk tussen die twee kampe in die NP-kabinet meegebring. Met dié stap het die meeste van die verligte denkers na die konserwatiewe kant geswaai wat mettertyd die “ware” verligtes tot vier verminder het. De Klerk het 'n hervormingspad ingeslaan wat hom gedwing het om swaar op die verligtes te steun en sy steun het hulle toegelaat om die onderhandelinge te beheer en die rigting daarvan te bepaal om 'n onderhandelde grondwet tot stand te bring. Om dit te bereik, was dit belangrik om die weg na onderhandelinge oop te hou wat kompromieë en toegewings tot gevolg gehad het.

Konserwatiewe ministers wat by die onderhandelinge betrokke was, het die hand van die verligtes versterk. Hernus Kriel en Kobie Coetzee is die loef deur verligte ministers met die Notule van Verstandhouding afgesteek. De Klerk is openlik hieroor in sy outobiografie waar hy verwys na die teleurstellende vertoning van sommige van sy ministers. Roelf Meyer het bevestig dat kabinetslede onvoorbereid na die onderhandelingstafel gekom het en dikwels onderhandelinge oor sake rakende hulle portefeuljes aan hom oorgelaat het. Hernus Kriel, 'n sterk kritikus van Roelf Meyer, het hom veral hiëraan skuldig gemaak. Roelf Meyer was ook verplig om ter elder ure in die amnestiekwessie in te gryp weens Coetzee se onvermoë om 'n ooreenkoms in dié verband met die ANC te bereik.⁷⁵

Verligte pogings om 'n mate van magsdeling in die oorgangsgrondwet te verseker, is deur De Klerk met die hou van die 1992-referendum en sy gevolglike verharde houding by Kodesa 2 vernietig. Die

75 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 270; Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 2004-12-22; C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes*, pp. 274-275.

referendum het die regse gevaar vir die ANC geëlimineer en De Klerk verhard sodat die enigste kans op vetoreg by Kodesa 2 verloor is. Die onderhandelingsstaking het die verligtes tot 'n paradigmaskuif in politieke denke gedwing, wat De Klerk ten einde met geen ander keuse as konsensusbesluitneming en die aanvaarding van 'n meerderheidsregering gelaat het nie. Namate dit geblyk het dat die regering besig was om die magstryd by die onderhandelinge te verloor, het sy swart steun vininig verminder. Dit het vroeg in 1992 van 9% vir die NP en 14% vir De Klerk as leier, tot kort voor die verkiesing onderskeidelik na 3% en 4% gedaal.⁷⁶

Die NP-regering en die verligtes se pogings om sy morele voornemens tydens die onderhandelinge ten toon te stel, is deur die sekurokrate in die wiele gery en dit het die onderhandelingsposisie van die regering belemmer. Die sekurokrate het bygedra om die regering by die onderhandelinge te diskrediteer deur hulle ontoelaatbare veiligheidsoptredes. De Klerk het in sy biografie met agternabeskouing aangedui dat hy groter waaksaamheid in die SVR tydens die P.W. Botha-era aan die dag sou gelê het en dat hy met die aanvang van sy presidentskap meer hervormingsgesinde leierskap in die SAP en SAW sou aangestel het.⁷⁷ Dit was ook van die hoofredes vir die botsings tussen Mandela en De Klerk wat 'n vertrouensbreuk tot gevolg gehad het. Dit het ook aan Mandela 'n troefkaart gegee om De Klerk te diskrediteer en onderhandelinge te beheer.

Roelf Meyer erken dat die NP sedert 1990 weens groot druk verplig was om uit 'n swak posisie te onderhandel. Die stelling is teenstrydig met dit wat die regering aanvanklik verkondig het, naamlik dat hulle uit 'n posisie van krag onderhandel het. Die regering het die meerderheidsfaktor totaal onderskat, omdat die swartes reeds in die negentigerjare van die twintigste eeu 23 miljoen meer as die blankes getel het. Die regering en verligtes sou heel waarskynlik, indien die onderhandelinge vroeër 'n aanvang geneem het, beter in die onderhandelinge gevaar het. Roelf Meyer is oortuig dat hulle binne die omstandighede waartydens hulle onderhandel het, die beste gedoen het wat hulle kon.⁷⁸

Roelf Meyer verklaar dat hy nooit besluite sonder De Klerk of die NP-kabinet geneem het nie, maar dat hy wel druk op De Klerk uitgeoefen het om verder te gaan as wat hy bereid was, soos met die aanvaarding van die vrylatingsvoorwaardes met die ondertekening van die Notule van Verstandhouding en die aanvaarding van konsensusbesluitneming oor grondwetbesluite. Hy is egter die mening toegedaan

76 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 606.

77 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 405.

78 Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 2004-12-22; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 598.

dat die besluitneming op die ou einde by De Klerk berus het. Roelf Meyer en die klein groepie verligtes het in Junie 1991 'n paradigmaterskuiwing van groepsregte na individuele regte binne 'n meerderheidsregering gemaak. De Klerk het nooit die paradigmaterskuiwing gemaak nie, hy was slegs bereid om blanke alleenbeheer te beëindig, maar nie blanke mag nie. Dit is duidelik dat Roelf Meyer en De Klerk nie saamstem oor die uitkoms wat bereik is nie. De Klerk het in Januarie 1997 tydens 'n toespraak in Londen verklaar dat die onderhandelinge nie op 'n ewewigtige politieke skikking vir alle groepe, waarna die NP gestrewe het, uitgeloop het nie. Roelf Meyer reageer hierop deur te verklaar dat hy nie weet wat De Klerk bedoel nie. Volgens hom berus die politieke oplossing vir Suid-Afrika nie op etniese groepering nie. Hy is van mening dat daar eerder in die toekoms op Afrikanerskap binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap gestreef moet word. Hiermee bedoel hy dat Suid-Afrikaanskap beklemtoon moet word.⁷⁹

Dit is ook waar dat die ANC-onderhandelaars in die algemeen en dan veral Cyril Ramaphosa meer ervaring in onderhandelinge gehad het as Roelf Meyer en die ander NP-onderhandelaars. Hulle het geweet hoe om 'n saak te debatteer totdat die opponent sy geduld verloor het en op daardie wyse is sielkundige voordeel behaal om die balans van mag dan in hulle guns te besleg. In die toepassing van die strategie het Ramaphosa en Mandela nie gehuiwer om die rassitiese troefkaart te speel nie wat Meyer en De Klerk van hulle *hoë morele voordeel* en krag van oortuiging ontwapen het. Mandela het ook dikwels in die openbaar De Klerk se integriteit bevraagteken om die balans van mag tot sy voordeel te swaai.⁸⁰

Die grootste sukses van die onderhandelinge vir die verligtes was dat die oorgangsgrondwet 'n bloedige rewolusie verhoed het en 'n vreedsame verkiesing tot gevolg gehad het. Die oorgangsgrondwet is deur 86% van Suid-Afrika se bevolking wat aan die 1994-verkiesing deelgeneem het, erken en aanvaar. Dit het 'n inklusiewe demokrasie daargestel wat elke individu en groep in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n sinvolle bestaan behoort te bied.⁸¹

79 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 619; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 270-271; Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 2004-12-22.

80 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 192 & 210-212.

81 C. Nelson, 'n kritiese beskouing van die RSA se oorgangsgrondwet, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Junie 1996, p. 48.

SAMEVATTING

Chris Louw, voormalige joernalis wat ook verslag gelewer het oor die onderhandelinge, se bitter aantygings en woede spesifiek teen die verligtes se rol in die politiek van Suid-Afrika is nie heeltemal geregverdig nie. Die aantygings deur Louw is gemaak in 'n brief wat op 1 Mei 2000 in *Beeld* verskyn het en aan Willem de Klerk gerig was in reaksie op sy boek *Kroes, kras, kordaat*. Die brief het aanleiding gegee tot 'n massiewe nasionale debat bekend as die *Boetman-debat* in *Beeld*, wat maande geduur het. Hiérin het Afrikaners hulle woede oor hulle leiers en angste oor hulle identiteitskrisis uitgestort. Baie van dié Afrikaners het met Louw se beskuldigings saamgestem en ander het hom van rassisme en blinde naïwiteit beskuldig, omdat hy hom laat mislei het en nie self die onregverdigheid van apartheid geïdentifiseer het nie. Louw se beskuldigings dat Willem de Klerk en die verligtes in die voorste loopgrawe van apartheid was en dat hulle die jonger geslag Afrikaners mislei het deur geloofwaardigheid aan die apartheidsbestel te gee, is van alle waarheid ontbloot.¹

Die andersdenkendes het sedert 1949 en die verligtes, insluitende Willem de Klerk, het sedert 1966 gepoog om die apartheidsstelsel van binne die NP te transformeer. Op dié manier kon hulle kritiek binne

¹ C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes*, pp. 12-13; A. Sparks, *Beyond the miracle. Inside the New South Africa*, p. 139.

die nasionalistiese *establishment* artikuleer sodat die band met die binnekring nie verbreek is nie. Hulle het invloed uitgeoefen om Afrikaners tot verandering, hervorming en aanpassings in die politieke situasie aan te moedig, ryp te maak, en te beweeg. Die verligtes het ten spyte daarvan dat hulle ongeduldig was met die pas van verandering besef dat dit 'n proses was wat stap vir stap uitgebou moes word om sodoende die Afrikaners se politieke denke te verander. Invloedryke Afrikanerandersdenkendes, soos Beyers Naude en Nic Olivier, wat nie geduld met die proses beoefen het nie en wat die nasionalistiese *establishment* verlaat het, het hulle invloed op die Afrikaners verloor. Verligtes het op politieke en ekonomiese gebied druk op die regering uitgeoefen om sy beleid te verander en aan te pas. Hulle het ook deurentyd diskriminasie op politieke, ekonomiese en sosiale gebied uitgewys en gekritiseer en die opheffing van sodanige kwetswette wat diskriminasie in stand gehou het, bepleit.²

Die andersdenkendes en verligtes se politieke denke het ontwikkel en verander na gelang van omstandighede in die land. Die andersdenkendes en verligtes het deurentyd hulle kritiek teen apartheid geartikuleer. Alhoewel die andersdenkendes afsonderlike ontwikkeling ondersteun het, kon hulle nie die toepassing daarvan deur wetgewing moreel en intellektueel verdedig nie. Om hierdié rede het sommige andersdenkendes radikale skeiding voorgestaan. Dié gedagte het uitgegroeï tot die tuislandbeleid (groot apartheid), wat apartheid eerder as afsonderlike ontwikkeling voorgestel het. Hulle politieke denke wat stedelike swartes betref, het – weens swart verset, ekonomiese insinking, en buitelandse druk – van skeiding na saamwerkende saambestaan verander. Dáárom het hulle hulle vir die afskaffing van klein apartheid beywer, omdat klein apartheid aparte vryhede in groot apartheid ondermyn het. Die tuislandbeleid is op daardie stadium as 'n gemeenskaplike beleid beskou wat beide swartes en blankes sou kon akkommodeer, omdat onafhanklike swartes en onafhanklike blankes in Suid-Afrika – hoewel politiek apart – tog vreedsaam en saamwerkend kon saambestaan. Die verligtes wat sedert 1966 navore getree het, was professioneel en ekonomies vooruitstrewend. Hulle kon hulle nie meer met blatante rassisme en diskriminasie van apartheid vereenselwig nie en het op politieke regte vir al die ander etniese groepe in Suid-Afrika aangedring. So is die politieke ideologie van saambestaan uitgebou tot medeseëgenskap en medebesluitneming in die vorm van konsosiasie of magsdeling tussen blank, kleurling en Indiër met 'n konfederale verband met swart tuislande.³

Die verligtes het tydens die Vorster- en die Botha-era besef dat die tuislandbeleid en daarmee saam die apartheidbeleid misluk het. Hulle het op politieke assosiasie van al die etniese volke van Suid-Afrika,

2 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 128; C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes*, p. 302.

3 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 131.

insluitende die swartes, aangedring. Verligte meningsvormers soos Willem de Klerk het die Afrikaners op die mislukking van apartheid gewys, deur die volgende sewe punte te beklemtoon: die onwerkbaarheid van ordelikheid deur skeiding; die onmoontlikheid daarvan om 21 miljoen swartes (volgens 1980-statistieke) in 30% van Suid-Afrika se grondgebied weg te kanaliseer; die onbekostigbaarheid van dié beleid; die immoraliteit van die beleid; identifisering van rassisme as die wortel van apartheid; die ontkenning van die swartes se nasionalisme; en die feit dat dié stelsel se ingewikkeldheid 'n bewys van sy onwerkbaarheid was.⁴

Die verligtes het hulle vroeg in die tagtigerjare van die twintigste eeu vir onderhandelinge met al die etniese groepe van Suid-Afrika beywer om 'n demokratiese politieke bedeling te beding. Ten spyte van die NP-regering se weiering, tydens die Botha-era, om met die ANC te onderhandel voordat hy nie gewapende geweld afsweer nie, het verligte politici, besigheidlui en intellektueles reeds in 1985 die voortou geneem en agter die skerms gesprekke met die ANC gevoer. Louw erken dat Willem de Klerk en Willie Esterhuyse se geheime gesprekvoering met die ANC instrumenteel was om die politieke omwenteling van 1994 teweeg te bring. Volgens Esterhuyse het dié gesprekke gehelp om die klimaat vir onderhandelinge te skep en gesprekvoering tussen die regering en Nelson Mandela moontlik te maak. Dié gesprekke het op hulle beurt die weg vir die onderhandelinge voorberei.⁵

Geregverdigde kritiek en beskuldigings wat teen die verligtes ingebring kan word en ook self deur Willem de Klerk erken is, is dat hulle nie hulle saak altyd duidelik, dinamies en aggressief genoeg gestel het nie. Omdat die verligtes binne die NP wou bly en nie die uitsluiting vanuit die Afrikaner *establishment* wou waag nie, was hulle nie 'n georganiseerde en gestruktueerde drukgroep nie. Daar is nie in die geheim gekoukus nie en geen georkestreerde strategie het bestaan nie. Leiersfigure het nie in die verligte politiek navore getree nie. Elkeen het op sy eie manier en op sy eie gebied druk na binne op die NP uitgeoefen. Louw se beskuldigings teen Esterhuyse en Willem de Klerk dat hulle nuwe insigte wat hulle bekom het weens geheime gesprekke met die ANC geheim gehou het, is wel gegrond. Dit was onder meer dat 'n meerderheidsregering onafwendbaar was en dit nie noodwendig rampspoedig hoef te wees nie. Louw het egter vergeet dat die nuwe nattes in 1986 dieselfde verkondig het en dit is toe wyd en syd deur joernaliste in dagblaaië aan die klok gehang. Sommige van die verligte politici wat nou betrokke by die onderhandelinge sou wees, was alreeds aan die begin van die onderhandelinge tot dié siening oortuig gewees. Hulle het egter 'n groot fout begaan deur hulle aanvanklik met F.W. de Klerk se magsdeling

4 W.A. de Klerk, *Kroes, kras, kordaat*, pp. 31-34.

5 R. Harvey, *The fall of apartheid. The inside story from Smuts to Mbeki*, pp. 226-227.

en beskerming van minderhede te laat meesleur.⁶

Sampie Terreblanche, ekonoom van die Universiteit van Stellenbosch en politieke ontleder, het in 1992 gewaarsku dat magsdeling sonder oorheersing as “ ‘n onrealistiese pypdroom’ ”⁷ beskryf kan word. Hy het ’n beroep op De Klerk gedoen dat hy die implikasies van demokratisering vierkantig in die oë moes kyk, sy kieserskorps oor die onvermydelike opoffering daarvan moes inlig, en moes ophou om van een model na ’n ander te spring. Die ANC was van die begin af onwrikbaar oor ’n demokratiese bestel waarin die meerderheid die grootste sê moes hê. De Klerk het verkies om aan beperkte demokrasie vas te klou. Die NP het van een politieke model na die ander geskuif in ’n poging om die politieke oorheersende mag te behou. Die NP het van sy beleid om die ANC by ’n vergrote kabinet in te sluit verander na ’n veelpartykoalisiering wat die grondwet moes skryf. De Klerk se vasklou aan magsdeling het veroorsaak dat hy alle vetoreg vir minderhede by Kodesa 2 verspeel het. Buitelandse druk, dalende ekonomiese groei, die voortslepende geweld, en druk van die ANC met sy voortgesette massa-aksieprogram, het die verligtes in 1992 die paradigmaskuif laat maak wat tot die oorgang na totale aanvaarding van ’n meerderheidsregering aanleiding gegee het.⁸

NP-onderhandelaars se taak is voorts bemoeilik deur rugstekery en binnegevegte. Volgens amptenare was Roelf Meyer briljant in sy pogings om die proses op koers te hou, maar wat die inhoud van die onderhandelinge betref, het hy eenvoudig nie die nodige steun van sy eie span gekry nie. Daarby het die amptenare so onder mekaar begin baklei dat daar later van ’n strategie kwalik sprake was. Verligtes het weens onderhandelinge meer tyd met die teenpartye bestee. Dit het veroorsaak dat onderhandelinge op konsensus en kompromieë berus het wat veroorsaak het dat hulle verwyderd van hulle eie kollegas geraak het. Kobie Coetzee, wat aanvanklik as verligte die voortou in onderhandelinge geneem het deur sy gesprekvoering agter die skerms met Mandela, het op daardie stadium die leier van die reaksionêre groep in die NP geword. Verligtes se getalle in die NP-kabinet het drasties gedaal. Hernus Kriel het baie stof opgeskop oor die “oorgawe” van onderhandelaars, maar terselfdertyd onderhandelinge rakende sy eie portefeuljies aan Roelf Meyer oorgelaat. Roelf Meyer benadruk dit dat hulle onder druk (buitelandse druk, swart geweld, verswakte ekonomie en druk uit blanke geleedere) moes onderhandel wat tot gevolg gehad het dat hulle uit ’n swak posisie onderhandel het. Hy verklaar dat hulle in dié omstandighede die beste gedoen het wat hulle kon. Hy voel dat dié omstandighede op die keper beskou daartoe bygedra

6 W.A. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p. 131.

7 *Vrye Weekblad*, 28 Februarie tot 5 Maart 1992 (Almal wat ja stem, moenie as jabroers beskou word nie), p. 6.

8 *Vrye Weekblad*, 28 Februarie tot 5 Maart 1992 (Almal wat ja stem, moenie as jabroers beskou word nie), p. 6; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, pp. 149-150 & 193 & 203 & 215.

het dat daar 'n beter bedeling vir die land beding is.⁹

Patty Waldmeir, joernalis van die Londense *Financial Times*, is van mening dat 'n beter grondwet met minder tekortkominge en gevolglike 'n beter toekoms vir die Afrikaners beding kon gewees het as die NP minder tyd en aandag bestee het om verskillende vorme van magsdeling te verseker en meer daarop gefokus was om van die begin af vir demokrasie en gelyke regte te veg. Die verligtes se flater om Afrikaners nie op die gevolglike en omvattende opofferinge en veranderinge wat 'n onderhandelde skikking tot gevolg kon hê, voor te berei nie, het die groot meerderheid Afrikaners onvoorbereid vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika in 1994 gelaat. Hulle het gestoei met die nalatenskap van apartheid en die spoed van verandering. Afrikaners was hoegenaamd nie voorbereid op die omvang, die intensiteit, en finaliteit van die magsoorgawe wat onderhandel is nie. Dit was sielkundig net onhoudbaar om emosioneel rigtingloos van een sekerheid na 'n totale nuwe staatkundige en sosiale wêreld oor te gegaan het, sonder om die omvang van die verlies te erken en te verwerk. Dáárom het die Afrikaners na 1994 toenemende geestesgesondheidsprobleme beleef. Duisende ontnugterde Afrikaners het die land verlaat grootliks weens geweld en regstellende optrede. Blankes in die staatsdiens het van 44% in 1994 tot 18% in 1999 gedaal. Afrikanerwerkloosheid het gevolglik met 'n snelle tempo toegeneem. Afrikaners het gevolglik ook 'n identiteitskrisis beleef, soos onder meer uit die Boetman-debat blyk en hulle moes weer hulle bestaansreg in Suid-Afrika vind. Die verligtes het dus nie net die politieke ontmagtiging van die Afrikaners in die hand gewerk nie, maar hulle ook onvoorbereid 'n emosionele ontgogeling laat beleef.¹⁰

Op die einde van die dag bepaal God alleen wie die land moet regeer:

.....God self het mag oor die koningkryke op aarde en
dat Hy dit gee aan wie Hy wil....¹¹

9 C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes*, pp. 273-274; P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 215; Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 2004-12-22.

10 P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*, p. 228; C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes*, pp. 303-304; A. Sparks, *Beyond the miracle. Inside the new South Africa*, p. 137; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 620; B.M. du Toit, Boers, Afrikaners, and diasporasi. Paper delivered at the History Commission of the South African Academy for Science and Art, 2002-01-30, pp. 28-29.

11 *Die Bybel. Nuwe vertaling*, Daniël 4:17, p. 921.


BYLAE I

**DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE DRIEKAMERPARLEMENT,
1984¹**

1 J.A. du Pisani (ed.), *Divided or united power*, pp. XVI-XVII.

BYLAE II

BUTHELEZI SE STREEKSVOORSTEL VIR KWAZULU-NATAL, 1986²




2 Beeld, 1986-12-01 (G'n gelyke magsdeling in Natal se plan), p. 2.

BYLAE III

FUNKSIONERING VAN KODESA EN SY WERKGROEPE³

3 *Sowetan*, 1992-05-15 (Everything you ever wanted to know about Codesa but were afraid to ask), p. 9.

HOW CODESA WORKS



BRONNE

I ARGIVALE BRONNE

GEPUBLISEER

Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein

LOUW, E.H., Persoonlike versameling 4, lêer 99: Mr. Louw reaffirms his criticism of professors. *The Argus*, 1955-05-31.

LOUW, E.H., Persoonlike versameling 4, lêer 99: Pretoria professors' protest on Senate Bill. *Cape Times*, 1955-05-15.

ONGEPUBLISEER

Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein

LOUW, E.H., Persoonlike versameling 4, lêer 99: Prof. W.H. Van der Merwe – E.H. Louw, 1955-06-07.

LOUW, E.H., Persoonlike versameling 4, lêer 99: E.H. Louw – W. van Heerden, 1955-06-07.

LOUW, E.H., Persoonlike versameling 4, lêer 99: Prof. W.H. Van der Merwe – E.H. Louw, 1955-06-07.

LOUW, E.H., Persoonlike versameling 4, lêer 99: E.H. Louw – W. van Heerden, 1955-06-07.

LOUW, E.H., Persoonlike versameling 4, lêer 99: E.H. Louw – W. van Heerden, Mei 1955.

MEYER, R., Persoonlike versameling 912, lêer 1/1/5/2, 1991.

WESSELS, L., Persoonlike versameling 883, Toesprake, lêer 4/1/6, 1991-1994.

WESSELS, L., Persoonlike versameling 883, lêer 1/V2/1, 1982-1990.

II REGERINGSPUBLIKASIES

PARLEMENTÊRE REGISTER, 1910-1981.

III PERIODIEKE PUBLIKASIES

KOERANTE

Die Afrikaner

1986-03-26.

1986-04-16.

1986-12-10.

1989-02-22.

The Argus

1987-01-27.

1987-01-26.

1987-02-02.

Beeld

1982-03-15.

1986-12-01.

Die Burger

1997-08-04.

1998-10-12.

1998-10-28.

The Cape Times

1987-02-23.

The Citizen

1986-04-12.

1986-12-01.

Evening Post

1986-09-15.

Natal Mercury

1986-10-31.

The Natal Witness

1990-08-15.

Rapport

1990-08-12.

1992-02-23.

Sunday Times

1986-09-14.

1987-01-25.

Sowetan

1992-05-15.

The Sunday Star

1986-04-13.

1987-02-01.

1987-01-25.

1987-02-08.

The Star

1986-04-18 .

1987-05-25.

Sunday Tribune

1987-01-25.

Die Vaderland

1986-03-24.

1986-12-01.

Vrye Weekblad

1990-08-10.

28 Februarie - 5 Maart 1992.

The Weekend Argus

1987-01-24.

1987-02-28.

IV TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

ANONIEM, Die African National Congress. *Maandoorsig van nuusgebeuresentrum vir die ondersoek na rewolusionêre bedrywighede*, 1987.

ANONIEM, Die politieke dilemma van die Afrikaner. *Finansies en Tegniek* 39(5), 1987-02-06.

ANONIEM, Dakar-safari verdrag oplossings. *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 1987-08-21.

ANONYM, National Party. Strange of Stoffel. *Financial Mail* 126(7), 1992-11-13.

ANONYM, The cabinet. Office of diminishing returns. *Financial Mail* 124(5), 1992-05-01.

ANONYM, Symbolic crossing of the Rubicon. *Financial Mail* 129(13), 1993-07-24.

ANONYM, Blacks and the bond. *Financial Mail* 103(7), 1987-02-13.

BRITS, J.P., An Afrikaner History of all times? Hermann Giliomee's *The Afrikaners: Biography of a people*. *Kleio* 36, 2004.

COETZER, J.A., Die Dakar-byeenkoms. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987.

COETZER, P., Perspektief op Kodesa 1. *Bulletin NP. Inligtingsdiens van die Nasionale party* (1), 1992.

DE SWART, S. & L. LOUW, Herskikking na die skudding. *Finansies & Tegniek* 38(6), 1986-02-14.

DU PISANI, J.A., B.J. Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: 'n oorsig en evaluering van die verlig-verkrampstryd. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986.

DU PISANI, J.A., B.J. Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat lei tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 9(2), Augustus 1984.

ESTERHUYSE, W., Kodesa en die referendum. *Finansies en Tegniek* 44(10), 1992-03-13.

GILIOMEE, H., Surrender without defeat: Afrikaners and the South African 'miracle'. *Daedalus: Journal of the American Academy of Arts and Science* 126(2), Spring 1997.

GILIOMEE, H., Presidential address. Liberal and populist democracy in South Africa: challenges, new threats to liberalism. *South African Institute of Race Relations*, 1996.

GILIOMEE, H., The making of the apartheid plan. *Journal of Southern African Studies* 29(2), June 2003.

INLIGTINGSKOMITEE VAN DIE NASIONALE PARTY VAN DIE VRYSTAAT, Die Wet op Verdere Vrywaring. *Inligtingstuk 4*, 1992.

MOUTON, A., 'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid. *Historia* 45(1), May 2000.

MOUTON, F.A., P.W. Botha – Reformer or 'Groot Krokodil'? *Kleio XXVIII*, University of South Africa, 1996.

MUNRO, W.A., Revisiting tradition, reconstructing identity? Afrikaner nationalism and political transition in South Africa. *Politikon* 22(2), December 1995.

NELSON, C., 'n Kritiese beskouing van die RSA se Oorgangsgrondwet. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Junie 1996.

SARAKINSKY, I., The impulse to reform: the South African state from Vorster to Botha. *Journal for Contemporary History* 17(1), June 1992.

VAN HEERDEN, D., The new nats. *Frontline* 6(2), 1986-03-31.

V LITERATUUR

ADAM, H. & H. GILIOMEE, *The rise and crisis of Afrikaner power*. Cape Town, 1979.

BARBER, J., *History of the Contemporary World. South Africa in the twentieth century*. London, 1999.

BEYERS, C.J. (eds), *Dictionary of South African biography V*. Pretoria, 1987.

CILLIÈ, P.J., *Baanbrekers vir vryheid. Gedagtes oor Afrikaners se rol in Suid-Afrika*. Kaapstad, 1990.

CEPTSA (samestellers), *Nuwerwetse politieke woordeboek. Terme, begrippe en gebruike in die politiek en politieke wetenskappe*. Departement Politiek en Regeerkunde, Randse Afrikaanse Universiteit, Auckland Park, 2006.

CHANDINHA, J.G., *Magsdeling en magsverdeling 'n vergelykende studie van beginselprogramme van blanke politieke partye in Suid-Afrika sedert 1948*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984.

CHHABRA, H.S., *New South Africa. Problems of democratic transition*. New Delhi, 1994.

COCK J. & L. NATHAN (eds), *War and society. The militarization off South Africa*. Cape Town, 1989.

DE KLERK, W., *Afrikaner: Kroes, kras, kordaat*. Kaapstad, 2000.

DE KLERK, W., *F.W. DE Klerk. Die man en sy tyd*. Kaapstad, 1991.

DE KLERK, F.W., *Die laaste trek – 'n nuwe begin*. Kaapstad, 1998.

DE VILLIERS, E. & J. DE VILLIERS, *PW*. Kaapstad, 1984.

D'OLIVEIRA, J., *Vorster – die mens*. Johannesburg, 1977.

DIE BYBEL, Nuwe Vertaling, 9de druk, Kaapstad, 1999.

DU PISANI, J.A. (ed.), *Divided or united power*. Johannesburg, 1986.

DU TOIT, A., *Die sondes van die vaders*. Kaapstad, 1983.

DU TOIT, B.M., Boers, Afrikaners, and diasporasi. Paper delivered at the History Commission of the South African Academy for Science and Art, 2002-01-30.

DU TOIT, P., *South Africa's brittle peace. The problem of post-settlement violence*. New York, 2001.

DU TOIT, Z.B., *Die nuwe toekoms. 'n Perspektief op die Afrikaner by die eeuwisseling*. Pretoria, 1999.

DU BRUÏN, H.J., *Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n Historiese ontleding*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994.

ESTERHUYSE, W.P., *Die pad van hervorming*. Kaapstad, 1982.

GILIOMEE, H., *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad, 2004.

GILIOMEE, H., *The Afrikaners. Biography of a people*. Cape Town, 2003.

GILIOMEE, H. & H. ADAM, *Afrikanermag: opkoms en toekoms*. Stellenbosch, 1981.

GILIOMEE, H. & L. SCHLEMMER, *From apartheid to nation-building*. Cape Town, 1993.

HAMANN, H., *Days of the generals*. Cape Town, 2001.

- HARVEY, R., *The fall of apartheid. The inside story from Smuts to Mbeki*. New York, 2001.
- HUMAN, J.J. & T. CAMERON *et al.* (reds.), *Hulle het ons eeu gevorm. Die invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu*. Kaapstad, 1999.
- JOHNSON, S. (ed.), *South Africa: no turning back*. London, 1988.
- KENNEDY, H., *Power, pride and prejudice*. Cape Town, 1991.
- KOTZÉ, D.J., *Positiewe nasionalisme*. Kaapstad, 1968.
- LE MAY, G.H.L., *The Afrikaners. An historical interpretation*. Massachusetts, 1995.
- LEON, T., *Hope and fear. Reflection of a democrat*. Johannesburg, 1998.
- LOUW, C., *Boetman en die swanesang van die verligtes*. Kaapstad, 2001.
- LIEBENBERG, B.J. & S.B. SPIES (eds), *South Africa in the 20th century*. Pretoria, 1993.
- MANDELA, N., *Long walk to freedom. The autobiography of Nelson Mandela*. Randburg, 1994.
- MARWICK, A., *The nature of history*. London, 1970.
- MOSTERT, J.P.C., *Blanke politieke partye met parlementêre verteenwoordiging 1910-1985*, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.
- MOUTON, A., *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar*. Kaapstad, 2002.
- MÜLLER, A.J.G., *Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993.
- PIENAAR, S., *Getuie van groot tye*. Kaapstad, 1979.

- PELZER, A.N., *Verwoerd aan die woord*. Johannesburg, 1963.
- POTTINGER, B., *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years*. Johannesburg, 1988.
- PRINSLOO, D., *Stem uit die wilderness. 'n Biografie oor oud-pres. P.W. Botha*. Mosselbaai, 1997.
- RICHARD, D., *Moedswillige die uwe. Perspersoonlikhede in die noorde*. Johannesburg, 1985.
- RIES, A. & E. DOMMISSE, *Leierstryd. Die dramas rondom die uittrede van president P.W. Botha*. Kaapstad, 1982.
- ROSS, R., *A concise history of South Africa*. Cambridge, 1999.
- SCHRIRE, R. (ed.), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk*. Cape Town, 1994.
- SCHOEMAN, B.J., *My lewe in die politiek*. Johannesburg, 1978.
- SECRETARY-GENERAL, *Progress made in the implementation of the declaration on apartheid and its destructive consequences in South Africa*. Second report A45(1052), United Nations, 1991.
- STEYN, J. C., *Penvegter Piet Cillié van Die Burger*. Kaapstad, 2002.
- SPARKS, A., *The mind of South Africa*. London, 1990.
- SPARKS, A., *Tomorrow is another country. The inside story of South Africa's negotiated revolution*. Johannesburg, 1994.
- SPARKS, A., *Beyond the miracle. Inside the New South Africa*. Johannesburg, 2003.
- TURTON, A.R., *Staturory instruments for the maintenance of ethnic minority interest in a multi-cultural community: The case of the Afrikaners in South Africa*. Paper. Institute of Ethnology and Anthropology at the Russian Academy of Science, August 1997.

VAN JAARSVELD, F.A., *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle*. Kaapstad, 1979.

VAN JAARSVELD, F.A., *Van Van Riebeeck tot PW Botha. 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid Afrika*. Johannesburg, 1969.

VAN ROOYEN, J., *Hard Right. The New White Power in South Africa*. London, 1994.

VAN VUUREN, D.J., N.E. WIEHAHN, N.J. RHOODIE & M. WIECHERS, *South Africa: The challenge of reform*. Pinetown, 1988.

VAN ZYL SLABBERT, F., *The last white parliament*. Johannesburg, 1985.

VAN DER ROSS, R.E., *The rise and decline of apartheid*. Cape Town, 1986.

WALDMEIR, P., *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa*. New York, 1997.

WESSELS A. & M.E. WENTZEL, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert uniewording op regeeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*. Verslag IGN.-T1, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1989.

WESSELS, L., *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner*. Kaapstad, 1994.

WILKINS, I. & H. STRYDOM, *The super-Afrikaners inside the Afrikaner Broederbond*. Johannesburg, 1978.

VI ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE

LOUW, P., Moderne liberale nasionalisme, <<http://www.praag.org/opstelle4.htm>>, s.a. Access: 2003-05-19.

<http://husky1.smu.ca/~wmills/course322/18End_Apartheid.html>, s.a. Access: 2004-03-04.

<<http://www.mweblibrary.com/nxt/gateway.d11/Newspapers/Beeld/Beeld1993/31v04482>>, s.a. Access: 2003-07-02.

<http://www.election.org.za/Elections_2004_Static.asp>, s.a. Access: 2005-02-29.

VAN NIEKERK, A., Afrikanerskap: ten slotte, of opnuut? Nabetraging van Andre du Toit se “Die sondes van die vaders”, *Suid Afrikaanse Joernaal vir Filosofie* 4(19), 2000, <<http://web12.epnet.com/citation.asp>, s.a. Access: 2002-08-12.

VII PERSOONLIKE MEDEDELINGS

MONDELING

MOUTON, dr. F.A., Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Desember 2004.

WAGENAAR, mnr. J., Pretoria, 2004-12-13.

MEYER, mnr. R., Pretoria, 2004-12-22.

OPSOMMING

Die andersdenkende Afrikanernasionaliste wat sedert 1949 in die NP hulle ontevredenheid met apartheid te kenne gegee het, het die bal vir die verligte politiek wat sou volg, aan die rol gesit. Die ontevredenheid oor die apartheidsideologie het in 1966 tot ontkieming gekom met die ontstaan van die “verligte-verkrampstryd” tydens die Vorster-era. Die verligtes het samewerking en saambestaan voorgestaan en daarom Vorster se “uitwaartse beleid” en hervormings ondersteun. Vorster se regeringstyl en die ekonomiese en politieke toestande (veral die Soweto-onluste) het bygedra om die steun vir verligte ideologiese denke te vergroot. Die verligtes kon daarin slaag om druk op die regering uit te oefen wat beslissende en gewigtige gevolge vir apartheid gehad het en tot die oopstelling van geriewe en die aanwysing van die Erika Theron-, Wiehahn- en Riekert-kommissies gelei het.

Tot en met 1984 het P.W. Botha die verligte politiek ondersteun en bevorder. Hy en die verligtes het saambestaan uitgebou tot medeseëgenskap en medebesluitneming met magsdeling (driekamerparlement) wat die swartes uitgesluit het. Die aanvanklike akkommodering van die verligtes het hulle invloed in die politiek gevestig. Hulle invloed het verstewig ten spyte van die toenemende verwydering tussen hulle en Botha. Hulle het nie meer soos Botha die Afrikaners alleen as die middelpunt van die politieke sfeer beskou nie. Hulle het geglo dat onderhandelinge met die swartes (die ANC) noodsaaklik was om ’n demokratiese bestel vir Suid-Afrika te beding. Weens die uitbreek van swart verset in 1984, die insinking van die ekonomie, en buitelandse druk het verligtes toenemend gefrustreerd met die pas van hervorming geword. Dit het tot die ontstaan van die nuwe nattes gelei wat hulle eise vir hervorming vir die eerste keer duidelik in die openbare media gestel het. Hulle sou in die toekoms indringende invloed op die politiek uitoefen. Nuwe Nattes het agter die skerms gesprekke met die ANC begin voer wat die weg vir onderhandelinge gebaan het.

F.W. de Klerk was ’n pragmatiese en kon nie die toenemende invloed van die verligtes en nuwe nattes om indringende hervorming ignoreer nie. De Klerk het daarin geslaag om die verligtes en die nuwe nattes saam te snoer. Hulle het sedertdien as verligtes gefunksioneer met die nuwe nattes se ideologiese politieke doelstellings. Die onderhandelingsdrama om ’n demokratiese politieke bestel vir Suid-Afrika te onderhandel, het sedert 1990 ontvou. De Klerk en die verligtes het nie dieselfde doelstellings vir die onderhandelinge gehad nie. De Klerk wou die oppergesag van die blankes verseker, terwyl die verligtes geglo het dat die ANC se groot getalle-oorwig noodwendig ’n meerderheidsregering tot gevolg sou hê. Die verligtes sou hulle aanvanklik deur De Klerk laat meesleur om magsdeling met die beskerming van minderhede na te jaag. Hulle is egter weens politieke, ekonomiese en demografiese druk tot ’n paradigmaskuif in hulle politieke denke gedwing. Dié uiteenlopende doelstellings het tot gevolg gehad

dat 'n demokratiese oorgangsgrondwet met vele tekortkominge totstandgekom het. Veral op laasgenoemde wyse het die verligtes in die NP tot die politieke ontmagtiging van die Afrikaners bygedra.

SUMMARY

Dissentient Afrikaner nationalist, who since 1949 expressed their dissatisfaction with the policy of apartheid, set the tone for the subsequent era of enlightened political thought. In 1966, during the Vorster-era, discontent with the apartheid ideology manifested with the battle between the *verkrampes* (ultra-conservative) and *verligtes* (enlightened) within the National Party. The *verligtes* favoured an approach of cooperation and co-existence and therefore supported the outward-policy and reforms of Vorster. Vorster's style of government, the political situation (Soweto-uprisings) and economic realities, contributed to increased support for the *verligtes*. This also strengthened their position and enabled them to apply pressure to the government that led to far-reaching consequences for apartheid, including the opening up of amenities and the appointment of the Erika Theron, Wiehahn and Riekert Commissions.

Up until 1984, P.W. Botha supported and promoted the ideals of the *verligtes*. He, together with the *verligtes* expanded on the idea of coexistence to also include elements of participation, joint decision-making and power sharing (tri-cameral parliament), all of which excluded blacks. The influence of the *verligtes* became more consolidated despite the increasing alienation between them and Botha. They no longer shared Botha's view of the Afrikaner as the sole centre of political influence and power. They believed negotiations with the blacks (ANC) to be an essential element of any process aimed at establishing a democratic dispensation in South Africa. Due to the eruption of black resistance in 1984, coupled with a slump in economy and increasing foreign pressure on the government, enlightened elements within the National Party became increasingly frustrated with the slow pace of reform. All of this led to the rise of the new nats who clearly stated their demands for reform in the media and who would henceforth have an indelible influence on politics. New nats engaged in behind-the-scenes discussions with the ANC which paved the way for negotiations.

As pragmatist, F.W. de Klerk could not ignore the increasing demands for comprehensive reforms by the *verligtes* and the new nats. He succeeded in unifying these two factions within the National Party, who subsequently adopted the ideological position and political aims of the new nats and were known as the *verligtes*. The 1990s heralded the era of negotiations for a new democratic political dispensation in South Africa. De Klerk and the *verligtes* did not share the same objectives in terms of the intended outcome of the negotiations. De Klerk wanted to ensure continued white political supremacy, while the *verligtes* believed that the ANC's numerical superiority would necessarily lead to a government dominated by the majority. Initially, the *verligtes* would allow themselves to be swept along by De Klerk in his efforts to ensure a power-sharing agreement, which made provision for protection of minority

rights. They were, however, forced to a paradigm shift due to pressure resulting from political, economic and demographic realities. These divergent goals resulted in a transitional democratic constitution characterised by many shortcomings. As a direct result of these, the *verligtes* contributed to the political disempowerment of the Afrikaner since 1994.

SLEUTELTERME

Afrikaners

andersdenkendes

apartheidsverbrokkeling

demokrasie

magsdeling

minderheidsgroepe

meerderheidsregering

nuwe nattes

onderhandelinge

oorgangsgrondwet

verligtes